UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Ontwikkeling van globale vaardighede

# in

# Afrikaans Eerste Addisionele Taal-handboeke vir hoërskoolleerders

deur

**Petronella Cornelia van der Berg**

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER EDUCATIONIS**

In die Fakulteit Opvoedkunde

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Studieleier: Prof. Alta Engelbrecht

September 2023

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ek, Petronella Cornelia van der Berg, studentenommer 22913442, verklaar hiermee dat die verhandeling wat ek hiermee inhandig vir die Magister Educationis aan die Universiteit van Pretoria, in alle aspekte van die navorsing aan die etiese vereistes vir hierdie navorsing voldoen.



P.C. van der Berg



© University of Pretoria

# ETIESE KLARING

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Make today matter
www.up.ac.za

**FACULTY OF EDUCATION**
Ethics Committee

5 December 2022

Dear Mrs PC van der Berg

The application for ethical clearance for the research project described below served before this committee on 16 November 2022:

| | |
|---|---|
| **Ethics Protocol No:** | **EDU188/22** |
| **Principal investigator:** | **Mrs PC van der Berg** |
| **Student/Staff No:** | **22913442** |
| **Degree:** | **Masters** |
| **Supervisor/Promoter:** | **Dr A Vos** |
| **Department:** | **Humanities Education** |

The decision by the committee is reflected below:

| | |
|---|---|
| **Decision:** | **Approved** |
| **Comments:** | |
| **Period of approval:** | **Two years** |

The approval by the Ethics Committee is subject to the following conditions being met:

1. The research will be conducted as stipulated on the application form submitted to the Ethics Committee with the supporting documents.
2. Proof of how you adhered to the Department of Basic Education (DBE) policy for research must be submitted where relevant.
3. In the event that the research protocol changed for whatever reason the Ethics Committee must be notified thereof by submitting an amendment to the application, together with all the supporting documentation that will be used for data collection namely; questionnaires, interview schedules and observation schedules, for further approval before data can be collected. The changes may include the following but are not limited to:
   - Change of investigator,
   - Research methods any other aspect therefore and,
   - Participants.

The Ethics Committee of the Faculty of Education does not accept any liability for research misconduct, of whatsoever nature, committed by the researcher(s) in the implementation of the approved protocol.

Best wishes

-----------------------------
Prof Funke Omidire
Chair: Ethics Committee
Faculty of Education

Room 3-63, Level 3, Aldoel Building
University of Pretoria, Private Bag X20
Hatfield 0028, South Africa
Tel +27 (0)12 420 5656
Email edu.ethicsadmin@up.ac.za
www.up.ac.za

Faculty of Education
Fakulteit Opvoedkunde
Lefapha la Thuto



© University of Pretoria

## ERKENNING

Die lewe is onvoorspelbaar! Wanneer mens met navorsing begin, het jy ’n “verbeelde prentjie” van hoe die proses gaan verloop. Die feit dat jy nie weet hoe dinge gaan eindig nie, is wel die grootste motiveerder om aan te hou en die uiteinde lyk nie altyd soos wat jy dit aanvanklik “verbeel” het nie. Daarom wil ek graag erkenning gee aan die mense wat deel van hierdie ongelooflike reis was.

- “*Treat a man as he is and he will remain as he is. Treat a man as he can and should be and he will become as he can and should be*.” (Stephen R. Covey).
  My opregte dank aan my studieleier, Prof. Alta Engelbrecht, wat my so onselfsugtig en met sorg leer vlieg het. Dit was ’n ongelooflike voorreg om hierdie pad saam te kon stap!
- My man Marinus, vir wie ek die wêreld se respek en liefde het, wat vir my die vlerke gegee en gegun het, en met liefde en geduld gewag het, terwyl ek hierdie proses deurvoer. Ek waardeer jou ongelooflik baie!
- My kinders, Leandri en Dian, wat my aangemoedig het om die uitdaging aan te pak en in my geglo het. Dankie vir die liefde en geduld waarmee julle na al my “stories” geluister het.
- My ouers en skoonma wat onwrikbaar in my deursettingsvermoë geglo het en elke mylpaal saam met my gevier het.
- Kollegas, familie en vriende wat my ondersteun het toe ek dit die nodigste gehad het.
- ADvTECH vir ’n ruim bydrae tot my studie-uitgawes.
- Dankie! Dankie! Dankie!




© University of Pretoria

## OPSOMMING

In die 21ste eeu, is daar drie uitdagings wat (wêreldwyd) vir onderwysers voorlê: leerders moet voorberei word om 'n werk te doen wat nog nie bestaan nie, om probleme op te los wat nog nie bestaan nie en om tegnologie te gebruik wat nog nie ontwikkel is nie. Die ontwikkeling van globale vaardighede soos kritiese en kreatiewe denke en vaardigheid in meer as een taal het krities belangrik geword sodat leerders hul identiteit as wêreldburgers kan ontwikkel en kulturele oortuigings en waardes oor etniese grense heen kan deel. 'n Kwalitatiewe inhoudsontleding is uitgevoer, eerstens om vas te stel wat die KABV ten opsigte van die ontwikkeling van globale vaardighede vereis en tweedens hoe dit in die eindeksamenvraestelle en goedgekeurde KABV-handboeke vir Afrikaans EAT neerslag vind. 'n Multigeletterdheidsbenadering is as teoretiese lens gebruik om die ontwikkeling van globale vaardighede in die tekste en vraagstelling van 'n veelgebruikte, goedgekeurde handboekreeks en NSS-eindeksamenvraestel (2018-2022) te ondersoek. Deur 'n interpretivistiese lens, is die geslaagdheid van die vier pilare van multigeletterdheid (*gesitueerde werklikheid, openlike onderrig, kritiese raamwerk* en *veranderde werklikheid*) op ’n deduktiewe wyse in die drie genoemde datastelle ontgin. Die drie VOO-handboeke wat vir meer as 10 jaar ’n topverkoper in die Afrikaans EAT mark is, is steeds beskikbaar as eerste uitgawes, waarvan die graad 11-weergawe byvoorbeeld reeds 43 keer herdruk is. Sedert die handboekkeuringsproses in 2011-2013, is geen temas, onderwerpe, tekste, of woordeskat bygewerk nie. Alledaagse realiteite soos kunsmatige intelligensie, beurtkrag, slaggate, die pandemie, fopnuus en *TikTok* word nêrens in die steekproef gemeld nie. Alhoewel daar enkele advertensies, nagebootste webblaaie en strokiesprente in die boeke voorkom, word visuele tekste eerder gebruik om grammatika te toets as vir die ontwikkeling van visuele geletterdheid wat omvattend in Vraestel 1 getoets word. Die studie bevind dus dat die voorgeskrewe handboekreeks leerders hoegenaamd nie vir die NSS-eksamenvraestel, waar globale vaardighede wel aangespreek word, voorberei nie. Die gevolgtrekking is dat die handboekreeks geensins rekening gehou het met die eise van die 21ste eeu nie en bevestig daarom die belangrikheid daarvan om taalhandboeke te ondersoek en te



© University of Pretoria

verbeter, en om handboeke se instrumentele rol in die ontwikkeling van globale vaardighede vir die 21ste eeu te erken.

Sleutelwoorde: 21ste-eeuse vaardighede; addisionele taal; Afrikaans Eerste Addisionele Taal; globale vaardighede; inhoudsontleding; multigeletterdheid

## ABSTRACT

In the 21st century, educators worldwide face three challenges: learners must be prepared to do work that does not yet exist, to solve problems that do not yet exist, and to use technology that has not yet been developed. The development of global competencies such as critical and creative thinking and proficiency in more than one language has become critically important to facilitate learners in developing their identity as global citizens and share cultural beliefs and values across ethnic borders. A qualitative content analysis was conducted, firstly to determine what the CAPS requires regarding the development of global competencies, and secondly, how it is reflected in the final examination question papers and approved CAPS textbooks for Afrikaans FAL. A multiliteracies approach was used as a theoretical lens to investigate the development of global competencies in the texts and questioning of a widely used, approved textbook series and NSC final examination papers (2018-2022). Through an interpretivist lens, the success of the four pillars of multiliteracies (*situated practice, overt instruction, critical framework, and transformed practice*) was explored deductively in the three mentioned datasets. The three FAL textbooks that have been top sellers in the Afrikaans FAL market for over 10 years are still available as first editions, of which the grade 11 version, for example, has already been reprinted 43 times. Since the textbook approval process in 2011-2013, no themes, topics, texts, or vocabulary have been updated. Everyday realities such as artificial intelligence, load shedding, potholes, the pandemic, fake news, and *TikTok* are not mentioned anywhere in the sample. Although there are some advertisements, simulated web pages, and cartoons in the books, visual texts are mostly



© University of Pretoria

used to test grammar rather than for the development of visual literacy, which is comprehensively tested in Paper 1. Therefore, the study finds that the prescribed textbook series hardly prepares learners for the NSC exam paper, where global competencies are addressed. The conclusion is that the textbook series has not taken the demands of the 21st century into account at all and therefore emphasises the importance of examining and improving language textbooks, as well as recognising the instrumental role of textbooks in the development of global competencies for the 21st century.

Keywords: 21st-century skills; additional language; Afrikaans First Additional Language; global skills; content analysis; multiliteracies; global competencies



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# TAALVERSORGING

Hiermee verklaar ek dat die volgende meestersverhandeling:

**Ontwikkeling van globale vaardighede in Afrikaans Eerste Addisionele Taal-handboeke vir hoërskoolleerders** (Petronella Cornelia van der Berg)

geproeflees het.

27 September 2023

Dr Estelle Kruger

PhD (Onderrig van Afrikaans); MA (Onderrig van Afrikaans as EAT); Hons BA (Psigologie); Hons BA (Afrikaans-Nederlands); BA; HOD (nagraads).

**ERVARING AS TAALPRAKTISYN**:

Hoërskoolonderrig van Afrikaans Huistaal - 5 jaar

Onderrig van Afrikaans as EAT by onderwyskolleges - 15 jaar

Onderrig van Afrikaans vir onderwysstudente by US - 10 jaar



© University of Pretoria

# BEGRIPSVERKLARING

| | |
|---|---|
| Afrikaans Eerste Addisionele Taal | In Suid-Afrikaanse skole word van skoolgaande leerders vereis dat hulle een taal as huistaal en ’n tweede taal as eerste addisionele taal neem. |
| Afrikaans Sonder Grense | Verwys na die lees- en kyk-gedeeltes uit die EAT-weergawe vir graad 10-12 wat in Afdeling A van die DBO se vraestel 1 NSS-eindeksamenvraestel getoets word. |
| Bloom se hersiene taksonomie | Die hersiene taksonomie word gebruik vir die ontwikkeling van leeraktiwiteite, toetsing van leerders, en die bevordering van hoër vlakke van denke. |
| Digitale geletterdheid | Digitale geletterdheid verwys na 'n leerder se vermoë om tegniese en kognitiewe vermoëns te kombineer om inligting te vind, te evalueer, en deur middel van digitale mediaplatforms te deel. |
| Globale geletterdheid | Die vermoë om boodskappe vanuit 'n wêreldperspektief te lees, te interpreteer, daarop te reageer en dit te kontekstualiseer. |
| Globale vaardighede | Globale vaardighede verwys na die kennis, vaardighede, houdings en gedrag wat leerders benodig om suksesvol deel te neem en in 'n toenemend onderling-verbonde en interafhanklike wêreld te presteer. |
| Globalisering | Globalisering is die toenemende verbinding en interafhanklikheid tussen lande en streke van die wêreld, wat die vloei van goedere, dienste, inligting, tegnologie, kultuur, en mense oor nasionale grense insluit, wat tot die homogenisering van kulture en die standaardisering van produkte en dienste kan lei. |
| Glokalisering | Glokalisering beklemtoon die vermenging van globale en plaaslike invloede en die aanpassing van globale verskynsels in plaaslike kontekste. Glokalisering erken dat plaaslike kulture, tradisies, en identiteite betekenisvol bly en 'n rol in globalisering speel. |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Handboek | ’n Handboek is ’n gids, handleiding, of verwysingsbron met aktiwiteite wat die gebruiker help om die inhoud daarvan te bemeester. |
| Hoërskoolleerders | Hoërskoolleerders verwys hier na leerders in die Verdere Onderwys en Opleiding-fase (graad 10-12). |
| Inligtingsgeletterdheid | Die vermoë om inligting te vind, te evalueer en saam te voeg. |
| KABV | Die Kurrikulum- en Assesseringbeleidsverklaring is 'n beleidsdokument wat in Suid-Afrika gebruik word om riglyne en beleide vir kurrikulum en assessering te bied. |
| Multigeletterdheid | Multigeletterdheid behels dat 'n persoon bedrewe is in die gebruik van verskeie geletterdhede, insluitend taal-, visuele-, digitale-, inligting-, media-, digitale, tegnologiese en kulturele geletterdheid. |
| NEET | Die akroniem word gebruik om na “persons who are **N**ot in **E**mployment, **E**ducation or **T**raining” te verwys. |
| NSS-eindeksamenvraestelle | Vir die doel van die studie word Afdeling A van Vraestel 1 (DBO) vir 2018-2022 ondersoek. |
| Tegnologiese geletterdheid | Die vermoë om rekenaars en ander tegnologie te gebruik om leer, produktiwiteit en prestasie te verbeter. |
| Vierde Industriële Rewolusie (4IR) | Die era van tegnologiese vooruitgang en verandering in die samelewing en ekonomie waar die samevloei van digitale, fisiese en biologiese tegnologieë 'n impak het op bykans alle aspekte van die samelewing, insluitend die manier waarop ons werk, kommunikeer, en leef. |
| Visuele geletterdheid | Visuele geletterdheid behels die vermoë om visuele inligting te ontleed, patrone en verhoudings te herken, en die betekenis en boodskap agter die beelde te begryp. Dit behels ook die vermoë om effektief met behulp van visuele elemente te kommunikeer. |



© University of Pretoria

**AKRONIEME**

| | |
|---|---|
| 4IR | Vierde Industriële Rewolusie |
| ACER | Departement van Hoër Onderwys en Opleiding |
| ASG | Afrikaans Sonder Grense |
| DBO | Departement van Basiese Onderwys |
| DHOO | Departement van Hoër Onderwys en Opleiding |
| EAT | Eerste Addisionele Taal |
| HNKV | Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring |
| KABV | Kurrikulum- en Assesseringbeleidsverklaring |
| KI | Kunsmatige Intelligensie |
| NEET | Persons who are Not in Employment, Education or Training |
| NLG | New London Group |
| NSS | Nasionale Senior Sertifikaat |
| OECD | Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling |
| PISA | Program for International Student Assessment |
| SACMEQ | Southern and Eastern Africa Consortium for Monitoring Educational Quality |
| SBA | Skoolgebaseerde Assessering |
| UNICEF | United Nations Children's Fund |
| WEF | Wêreld Ekonomiese Forum |



© University of Pretoria

**INHOUDSOPGAWE**


**HOOFSTUK 1** 1

**TOEPASLIKHEID, RASIONAAL EN MOTIVERING** 1

1.1 INLEIDING 1
1.2 KONTEKSTUALISERING 2
1.3 RASIONAAL EN MOTIVERING 4
1.4 TOEPASLIKHEID VAN DIE NAVORSING 7
1.5 NAVORSINGSVRAE 10
1.6 AANNAMES 10
1.7 FOKUS EN DOEL VAN DIE NAVORSING 11
1.8 VOORLOPIGE LITERATUURSTUDIE 12
1.9 TEORETIESE RAAMWERK 17
1.10 NAVORSINGSONTWERP 18
1.11 NAVORSINGSMETODOLOGIE 22
1.12 GEHALTEVERSEKERING, GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID 24
1.13 BEPERKINGS EN MOONTLIKE PROBLEME 26
1.14 ETIESE OORWEGINGS 26
1.15 SAMEVATTING 26

**HOOFSTUK 2** 27

**LITERATUURSTUDIE EN TEORETIESE RAAMWERK** 27

2.1 INLEIDING 27
2.2 GLOBALE VAARDIGHEDE 27
2.3 DIE 4IR EN GLOBALE VAARDIGHEDE 31
2.4 ONTWIKKELING VAN GLOBALE VAARDIGHEDE OP INTERNASIONALE VLAK 33
2.5 ONTWIKKELING VAN GLOBALE VAARDIGHEDE IN AFRIKA 35
2.6 ONTWIKKELING VAN GLOBALE VAARDIGHEDE IN SUID-AFRIKA 37
2.7 DIE BELANGRIKHEID VAN AFRIKAANS AS ’N EERSTE ADDISIONELE TAAL 41
2.8 DIE BELANGRIKHEID VAN HANDBOEKE 44
2.9 MULTIGELETTERDHEID AS TEORETIESE RAAMWERK 47
2.10 SAMEVATTING 50

**HOOFSTUK 3** 52

**METODOLOGIE** 52

3.1 INLEIDING 52
3.2 PARADIGMA 53
3.3 ONTOLOGIE 54
3.4 EPISTEMOLOGIE 55
3.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE 56
3.6 NAVORSINGSPROBLEEM 60
3.7 NAVORSINGSONTWERP 61
3.8 GEHALTEVERSEKERING, GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID 70
3.9 BEPERKINGS EN MOONTLIKE PROBLEME 73
3.10 ETIESE OORWEGINGS 73
3.11 SAMEVATTING 74




© University of Pretoria

**HOOFSTUK 4** **75**

**INHOUDSONTLEDING** **75**

4.1 INLEIDING 75
4.2 NAVORSINGSVRAAG 78
4.3 DATA-ONTLEDING 79
4.4 MIKROKONTEKS 86
4.5 SAMEVATTING 204

**HOOFSTUK 5** **205**

**EVALUERING EN AANBEVELINGS** **205**

5.1 INLEIDING 205
5.2 DIE SEKONDÊRE NAVORSINGSVRAE 207
5.3 AANBEVELINGS 216
5.4 VOORSTELLE VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING 227
5.5 SAMEVATTING 227



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 1

# TOEPASLIKHEID, RASIONAAL EN MOTIVERING

## 1.1 INLEIDING

Die wêreld waarin hedendaagse leerders as volwassenes sal leef en werk, verskil fundamenteel van die wêreld waarin hul ouers en onderwysers grootgeword het. Globalisering en digitalisering het ons individuele en gesamentlike potensiaal verhoog deur mense, stede, lande en kontinente te verbind. Die gevolg is ’n meer wisselvallige, komplekse, onseker en verwarrende wêreld waarin leerders ’n betroubare kompas en gereedskap benodig om die wêreld met selfvertroue aan te durf (Boix Mansilla & Schleicher 2022).

Goeie kwaliteit handboeke ondersteun beide leerders en onderwysers in die ontwikkeling van die nodige vaardighede en stel onderwysers in staat om op die verfyning van onderrig en die bevordering van betrekkende, effektiewe leer te fokus (Oates 2014). Ek sal in hierdie navorsing eerstens ŉ kontekstualisering gee wat betoog ten gunste van die ononderhandelbaarheid van die ontwikkeling van globale vaardighede op skoolvlak en meer spesifiek in Afrikaans Eerste Addisionele Taal (EAT). Die fokus, navorsingsvrae en doel van die navorsing sal dan die res van die navorsing rig.

Deur middel van ŉ literatuurstudie sal ek die belangrikheid van die ontwikkeling van globale vaardighede in verskillende omgewings bespreek, terwyl die rol wat handboeke in die ontwikkeling van globale vaardighede speel, ook aangespreek sal word. Die teoretiese raamwerk is op die multigeletterdheidsbenadering van die New London Group (NLG) gebaseer, wat die manier aanspreek waarop leerders die nodige vaardighede ontwikkel wat deur die besigheidswêreld en die samelewing in die 21ste eeu van hulle verwag word. Ek sal die navorsingsmetodologie, steekproef, data-ontleding en moontlike etiese kwessies bespreek, alvorens die bevindinge aangebied en bespreek word.



© University of Pretoria

## 1.2 KONTEKSTUALISERING

Tydens die COVID-19-pandemie het dit duidelik geblyk dat die welstand van lande toenemend afhang van mense se vermoë om saam te werk (Boix Mansilla & Schleicher 2022). Hoe meer interafhanklik die wêreld word, hoe belangriker word onderlinge samewerking en koördinering. Skole moet leerders voorberei om outonoom in hul denke te wees en bewus te wees van die pluralisme van die moderne lewe. Boix Mansilla en Schleicher (2022) beklemtoon die belangrikheid van 'n breë begrip van hoe ander in verskillende kulture en tradisies leef en dink. Intussen ervaar skoolstelsels groter druk en uitdagings om leerders met hierdie vaardighede toe te rus (Soland, Hamilton, & Stecher 2013).

Sumar, Sumar en Lamatenggo (2019) identifiseer drie uitdagings vir onderwys, naamlik dat leerders voorberei moet word vir loopbane wat nog nie bestaan nie, om probleme op te los wat nog nie bestaan nie, en tegnologie te gebruik wat nog nie ontwikkel is nie. Onderwysbeleidsmakers het dus die verantwoordelikheid om infrastruktuur en menslike hulpbronne beskikbaar te stel wat Millenniërs se kreatiewe denke, samewerking- en kommunikasievermoëns sal ontwikkel. Besigheidsbehoeftes is dinamies en tegnologiese vooruitgang en nuwe beroepstrukture, lei tot veranderde idees oor watter vaardighede noodsaaklik is. Verskillende ontwikkelingsvlakke vereis verskillende vaardighede in lande se spesifieke kontekste. Professor Yong Zhao (Kenworthy & Kielstra 2015) bevestig hierdie stelling deur te verduidelik dat ouers, leerders en regerings van ontwikkelende lande verskillende idees het oor watter vaardighede waardevol is.

Die *Future of Jobs Report* wat deur die Wêreld Ekonomiese Forum (WEF) gepubliseer word, identifiseer die belangrikste vaardighede wat werkgewers teen 2025 sal vereis as kritiese en analitiese denke, probleemoplossing en vaardighede in selfbestuur, aktiewe leer, veerkragtigheid, streshantering en buigsaamheid. Besighede voorspel dat ongeveer 40% van werkers kort kursusse sal moet voltooi om nuwe vaardighede aan te leer, terwyl 94% van besigheidsleiers van werknemers sal verwag om nuwe vaardighede in die werkplek aan te leer (WEF 2020). Dit sal doelbewuste en deurlopende pogings verg om



© University of Pretoria

die vaardighede te ontwikkel waardeur ons ervarings, idees en innovasie met ander kan deel, en ons vertroue in vreemdelinge en instellings kan vergroot. Hierdie oorwegings het daartoe gelei dat PISA (Program for International Student Assessment) die globale standaard vir die meting van die gehalte van die assessering van globale vaardighede in sy jongste evaluering van 66 skoolstelsels ingesluit het. Leerders moes tydens die evaluering demonstreer hoe hulle kennis van die wêreld met kritiese redenasie kan kombineer, en dat hulle hul gedrag en kommunikasie kan aanpas om met mense van verskillende tradisies en kulture te kommunikeer (Boix Mansilla & Schleicher 2022). Globale onderwys word op verskillende modelle soos interkulturele onderwys, ontwikkeling van globale burgerskap en onderwys vir demokratiese burgerskap gebaseer (UNESCO 2014). Alhoewel die fokus en omvang daarvan verskil, deel hierdie modelle die gemeenskaplike doel om leerders se begrip van die wêreld te ontwikkel, hulle te bemagtig om hulle sienings te deel, en om aktief in die gemeenskap deel te neem (OECD & Asia Society 2018).

Vaardigheid in ’n addisionele taal kan die leerder se loopbaan, toekoms, lewe en selfs identiteit beïnvloed. Cook (2016) beskou die vermoë om ’n addisionele taal meer effektief te gebruik as ’n belangrike taak vir die 21ste eeu. Hedendaagse veeltalige, transnasionale en globale gemeenskappe, vereis dat die meeste mense ’n addisionele taal magtig behoort te wees. Alonso (2018) verduidelik dat die vermoë om in ’n ander taal as jou huistaal te kommunikeer, vir miljoene mense regoor die wêreld, ’n daaglikse aktiwiteit word. Dit vorm die basis van internasionale kommunikasie – sosiaal en interpersoonlik. Tweetalige leerders kan konflik beter bestuur en nuwe inligting vinniger en makliker verwerk, hulle konsentrasievermoë beter, en die identifisering en ontleding van tersaaklike inligting word makliker (Phillips 2018).

Suid-Afrika se Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (DBO 2011) spesifiseer die kennis, vaardighede en waardes wat in Suid-Afrikaanse skole aangeleer behoort te word om leerders te bemagtig om betekenisvolle lewens te lei. Kennis van die plaaslike konteks behoort bevorder te word, terwyl dit terselfdertyd ook internasionale vereistes in ag neem (glokalisering). Globale vaardighede kan nie ontwikkel word deur bloot nuwe materiaal by



© University of Pretoria

die kurrikulum te voeg nie en nuwe materiaal sal nie noodwendig globale vaardighede ontwikkel indien dit nie deur praktiese toepassing ingeskerp word nie (OECD 2018a). Om leerders vir die uitdagings van die 21ste eeu voor te berei, vereis dus ’n doelgerigte benadering en ingesteldheid op die vaardighede wat leerders as suksesvolle volwassenes sal benodig. Vaardigheid in ’n addisionele taal speel ’n belangrike rol in die ontwikkeling van globale vaardighede. Ek sal vervolgens die rasionaal en motivering vir die navorsing uiteensit.

## 1.3 RASIONAAL EN MOTIVERING

### 1.3.1 Persoonlik

Die KABV is vanaf 2012 tot 2014 geïmplementeer. Om die proses te bestuur, is nasionale katalogusse van handboeke ontwikkel. Die doel was om te lei en te help met die verkryging van handboeke wat ingedien, goedgekeur en gebruik moes word. Nasionale katalogusse moes die jaar voor die implementering van die KABV in plek wees en is onderskeidelik in 2011, 2012 en 2013 goedgekeur. Geen hersiening van katalogusse het sedertdien plaasgevind nie (DBME 2017).

Ek het die afgelope paar jaar verskeie terloopse opmerkings gehoor wat onderwysers se frustrasies met voorgeskrewe taalhandboeke bevestig het. Handboeke is duur en by staatskole laat begrotings dit selde toe dat nuwe handboeke aangekoop word. Dit is goedkoper om eerder beskadigde handboeke te vervang en ’n paar ekstra te koop indien die leerdergetalle uitbrei. Nuwe onderwysers moet dikwels met ’n voorganger se keuses saamleef.

Die DBO (Departement van Basiese Onderwys) is baie betrokke by kwaliteitsbeheer van portefeuljes en doen drie keer per jaar formele moderering van skoolgebaseerde assessering (SBA) om te verseker dat onderwysers se assessering en merkwerk aan die voorgeskrewe standaarde voldoen. Die DBO identifiseer verder skole wat portefeuljes vir moderering op provinsiale vlak moet voorlê.



© University of Pretoria

Daar is distrikte waar vakfasiliteerders daarop aandring dat onderwysers slegs handboeke gebruik wat amptelik goedgekeur is, terwyl hierdie handboeke verouderd is en aktiwiteite gebaseer is op tekste wat selde relevant en/of lewensgetrou is. Tegnologie het sodanig ontwikkel dat leerders dikwels nie eens bewus is van sommige van die toepassings waarna verwys word nie.  Onderwysers het ook reeds met die dilemma te doen dat baie leerders Afrikaans met apartheid assosieer.

Om take toepaslik en lewensgetrou te hou, vereis dat onderwysers hul eie aktiwiteite vir klas- en huiswerk saamstel en veroorsaak dikwels dat leerders met los werkkaarte moet werk, wat die organisasie daarvan bemoeilik. Dit is algemeen bekend dat taalonderwysers baie fotostate moet maak omdat die voorgeskrewe gedigte en ander genres elke vyf jaar verander en die aktiwiteite in die bronne waarin dit verskyn baie beperk is.

’n Handboek vir die EAT-leerder behoort gebruikersvriendelik te wees en onnodige verwarring uit te skakel. Ek het onlangs gehoor hoe ’n leerder vertel dat een van die handboeke wat deur die DBO vir Afrikaans EAT voorgeskryf is, aan die begin van haar matriekjaar uitgedeel is, maar dat dit nooit gebruik is nie omdat eindeksamenvrae nie meer soos in die handboek gevra word nie en die inhoud verouderd is.

Dit laat beide onderwysers en leerders met die dilemma dat die beskikbare bronne onvoldoende is en los werkkaarte hul voorland bly. ’n Probleem wat ek persoonlik ondervind het, is dat die bladsye van ’n splinternuwe graad 12-handboek kort nadat ek dit aangekoop het, begin uitval het. Dit laat mens wonder oor die duursaamheid van die boeke en hoe dit na herhaaldelike gebruik (5-10 jaar) sal lyk.

Ek is die afgelope 29 jaar in die onderwys, waarvan ek die afgelope 19 jaar hoofsaaklik Afrikaans EAT vir Graad 10-12 leerders onderrig. Ek is die vakhoof vir Afrikaans EAT by ’n ADvTECH-skool. ADvTECH het die afgelope paar jaar al hul skole wat nog die DBO-eksamen geskryf het, geleidelik na die IEB-stelsel laat oorskakel sodat al die skole op



© University of Pretoria

dieselfde stelsel funksioneer en ek het daarom ook die geleentheid gekry om die manier van assessering in beide stelsels te ervaar en toe te pas.

Ek het doelgemaakte werkboeke vir Graad 8-12 EAT ontwikkel, wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat voorberei. In hierdie boeke word die inhoud volgens die afdelings van die drie vraestelle ingedeel sodat leerders presies weet waar om die inhoud vir elke vraestel te vind en tekste kan jaarliks aangepas word om toepaslik en prakties te bly. Onderwysers ervaar dat leerders nie altyd ewe positief oor Afrikaans EAT is nie, maar die gebruik van lewensgetroue tekste maak die leerervaring meer toepaslik tot hul leefwêreld en hulle raak daarom makliker betrokke wanneer die onderwerpe interessant is. My navorsing oor globale vaardighede en die ontwikkeling daarvan in ’n eerste addisionele taal, sal my as onderwyser beter toerus om hierdie vaardighede aan te spreek. Dit is ’n uitdaging wat ’n positiewe bydrae tot my persoonlike en professionele groei sal lewer.

### 1.3.2 Professioneel

Globale vaardighede en die ontwikkeling daarvan in skole behoort met groter erns aangepak te word. Ek gee onderrig by ’n skool wat deel vorm van ’n groep skole wat een van die leiers in privaatonderwys in Suid-Afrika is. Die groep streef na akademiese uitnemendheid, kurrikulumontwikkeling, ontwikkeling van digitale geletterdheid en globale burgerskap (ADvTECH 2022).

Die KABV vorm die basis van die kurrikulum, terwyl ontwikkeling van globale vaardighede en die belangrikheid van globale burgerskap geprioritiseer word. Indiensopleiding word gereeld gedoen en onderwysers moet formeel aan skoolbestuur verslag lewer oor die tipe aktiwiteite wat elke kwartaal gedoen is. Daar word ook weekliks tyd aan die ontwikkeling van globale burgerskap afgestaan, waar die belangrikheid van respek, diversiteit en inklusiwiteit ingeskerp word. Die skool beskik oor ’n STEAM-laboratorium (Science, Technology, Art, Mathematics) waar leerders die geleentheid kry om



© University of Pretoria

wetenskaplike konsepte toe te pas deur alledaagse uitdagings aan te pak. Verder is daar ook twee keer per week vir leerders in die senior fase die geleentheid om bordspeletjies te speel en aan ander fisiese aktiwiteite deel te neem. Dit gee leerders die geleentheid om sosiaal saam met ander leerders in spanne deel te neem.

Navorsing oor die ontwikkeling van kennis en vaardighede wat leerders in die 21ste eeu benodig, sal ’n bydrae lewer tot ’n meer doelgerigte benadering tot die ontwikkeling van hierdie vaardighede in nie net die Afrikaans EAT-klaskamer nie, maar ook in ander skoolvakke. Hoewel daar moeite gedoen word om globale vaardighede by leerders te ontwikkel, kan onderwysers daarby baat om ’n beter begrip van die moontlikhede wat binne elke vak opgesluit lê, te ontwikkel en veral hoe dit toegepas kan word.

## 1.4 TOEPASLIKHEID VAN DIE NAVORSING

In 'n multikulturele werkomgewing waar die dienstesektor groei, heg werkgewers waarde aan werkers met sterk spanwerk- en probleemoplossingsvaardighede wat idees wat oor dissiplines en kulture strek, kan inisieer en ontwikkel (Dunbar 2016).

Werkgewers benodig deesdae “T-vormige” werknemers wat in 'n wye reeks verwante velde bevoeg is, en kenners in hul spesifieke vakgebiede is. Die vertikale streep van die “T” verwys na 'n diepte van vaardigheid wat 'n werker in staat stel om tot die skeppingsproses by te dra. Die horisontale streep van die “T”, verwys na die ingesteldheid van samewerking met medewerkers en oor dissiplines heen, sowel as kennis, empatie en spanwerk vereis. Tans is daar 'n neiging om net op die vertikale deel te fokus, terwyl leerders en hul onderwysers nie noodwendig die waarde van 'n T-vormige werker in die arbeidsmark besef nie (Dunbar 2016). Onderwysers se kennis van wêrelddele, kulture en globale kwessies behoort sodanig te wees dat hulle verantwoordelik en effektief in ’n globale omgewing kan funksioneer sodat analitiese denke en kritiese bewustheid van wêreldbeskouings by leerders ontwikkel kan word en hulle, as etiese en verantwoordelike burgers, verskeie perspektiewe kan oorweeg (Longview Foundation 2008). Alhoewel globale en interkulturele vaardighede wyd in



© University of Pretoria

navorsingsliteratuur en onderwysbeleidsdokumente bespreek word, bly dit ’n uitdaging om dit sinvol in die voorbereiding en professionele ontwikkeling van onderwysers te integreer (Wojcik, Pieski & Espinetti 2021).

Die Organisation for Economic Cooperation and Development (OECD) beklemtoon die rol wat onderrig en leer in die ontwikkeling van globale vaardighede speel. Daar behoort geleenthede te wees waar leerders globale ontwikkelings en die invloed daarvan op hul eie lewens, krities kan ondersoek. Leerders moet digitale inligting en sosiale media platforms krities, effektief en verantwoordelik kan gebruik. Interkulturele sensitiwiteit en respek kan aangemoedig word en jongmense bemagtig om hul plek in die gemeenskap en die wêreld beter te verstaan. Hierdie leerders sal besluite makliker kan neem en deurvoer (OECD 2018b).

Die gedagte om die ontwikkeling van globale vaardighede te meet, is deur ANGEL (Academic Network on Global Education and Learning) ondersoek. Die meeste instrumente fokus op die leerder se kennis en vaardighede, en inligting word meestal deur vraelyste ingevorder (Conolly, Lehtomaki & Scheunpflug 2019). Die assessering wat PISA 2018 (OECD 2018a) gedoen het, sluit kognitiewe assessering en ’n vraelys in. Daar word oor die algemeen min assessering van leerprosesse in praktyk toegepas en die ontwikkeling van globale vaardighede in skole word skaars oorweeg, ten spyte van bewyse dat ’n heelskoolbenadering die effektiefste is (Conolly et al. 2019). Alhoewel my navorsing op Afrikaans EAT betrekking het, kan dieselfde proses op enige ander skoolvak toegepas word en betrokkenheid oor vakgrense (heelskoolbenadering) behoort sterk oorweeg te word, terwyl die rol wat taal- begrip- en leesvermoëns in hierdie proses speel, in gedagte gehou moet word.

’n Verslag deur die Departement van Hoër Onderwys (Businesstech 2020) verskaf kommerwekkende statistiek oor die stand van onderwys in Suid-Afrika. Slegs 6% van die bevolking beskik oor universiteitsgrade. ’n Verdere 6% het diplomas en 3,4% het tegniese en beroepsgerigte opleidingsertifikate. Die matriekklas van 2019 het ’n 81,3% slaagsyfer behaal. Dit is hoër as die 78,2% in 2018. Die verbetering moet egter binne konteks gesien



© University of Pretoria

word. In 2017 het 1 052 080 leerders vir Graad 10 ingeskryf, maar slegs 409 906 het uiteindelik matriek geslaag (DHOO 2019). Hierdie statistiek is kommerwekkend en kan volgens die Departement van Onderwys se Witskrif 6: Ontwikkeling van 'n Inklusiewe Onderwys- en Opleidingstelsel (DBO 2001) aan verskeie faktore toegeskryf word. Hierdie faktore sluit negatiewe houdings en stereotipering, 'n onbuigsame kurrikulum, onderrigtaal, ontoereikende kommunikasie, 'n onvoldoende omgewing en gebrekkige ondersteuningsdienste in. Dit lei tot verskille in behoeftes en kan uitsluiting tot gevolg hê. Dit hou uitdagings vir beide onderwysers en leerders in, terwyl onbetrokke ouers en onderwysers wat nie voldoende opgelei is nie, die uitdaging vergroot (DBO 2001).

In die Suid-Afrikaanse konteks behoort die KABV (DBO 2011) en voorgeskrewe handboeke 'n bydrae tot die ontwikkeling van globale vaardighede te lewer deur die nodige kennis, vaardighede en ingesteldhede in leerders te ontwikkel. Die mens behoort daarna te streef om die geheel te sien, en te leer wat toepaslik, sosiaal, veranderend en *in die wêreld* is. Hierdie vermoë beïnvloed daaglikse praktiese besluite en behoort tot die verkleining van die "geleentheidsgaping" by te dra, deur billike toegang tot die ontwikkeling van vaardighede, houdings en waardes vir minderbevoorregte leerders te verseker. Leerders moet die geleentheid kry om hul volle potensiaal te ontgin; om betrokke te raak by intensiewe, sosiale en transformerende leer, en om hul kulturele en linguistiese kundigheid te benut en te ontwikkel om werklike uitdagings aan te pak wat hul eie lewens en die res van die planeet raak (Boix Mansilla & Schleicher 2022).

Die omgewing is dinamies en indien rolspelers soos onderwysers en die gemeenskap daarna streef om leerders vir die toekoms voor te berei, is dit nodig dat die kurrikulum en die implementering daarvan ook by veranderende tye aanpas. Onderwysers met verskillende vlakke van ondervinding, maak daarop staat dat die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) en goedgekeurde handboeke die ontwikkeling van hierdie vaardighede sal aanspreek.



© University of Pretoria

## 1.5 NAVORSINGSVRAE

### 1.5.1 Inleiding

Die navorsingsvrae bepaal die fokus van die studie en beïnvloed die metodologie wat gevolg sal word om hierdie vrae te beantwoord (Joubert, Hartell, & Lombard 2016; Maree 2020). Daarom word die vrae in die oorkoepelende primêre navorsingsvraag en drie sekondêre navorsingsvrae verdeel.

### 1.5.2 Primêre navorsingsvraag

Hoe word globale vaardighede in Afrikaans Eerste Addisionele Taal-handboeke vir hoërskoolleerders ontwikkel?

### 1.5.3 Sekondêre navorsingsvrae

- Hoe word globale vaardighede in die KABV aangespreek?
- Hoe word globale vaardighede in die NSS-eindeksamenvraestel getoets?
- Hoe berei die handboekreeks leerders vir die assessering van globale vaardighede in die NSS-eindeksamenvraestel voor?

## 1.6 AANNAMES

Om die primêre en sekondêre navorsingsvrae soos uiteengesit in 1.5.2 en 1.5.3 aan te spreek, het ek bepaalde algemene aannames gemaak. Die ontleding van die KABV (DBO 2011) sowel as ’n goedgekeurde topverkoper-handboekreeks vir Afrikaans EAT, behoort ’n aanduiding te gee van die mate waarin globale vaardighede aangespreek word. Hoe die assessering van globale vaardighede plaasvind, behoort insiggewende inligting op te lewer, indien daar na die nasionale eindeksamenvraestel vir Afrikaans EAT gekyk sou word. Daar behoort immers in dieselfde mate aan die ontwikkeling van globale vaardighede in die KABV, die nasionale assesserings en die handboek wat leerders vir hierdie eksamen moet voorberei, aandag gegee te word. Engels is vir baie van die



© University of Pretoria

leerders in Engelsmedium-skole nie hul moedertaal nie en Afrikaans is dus vir die meeste van hierdie leerders nie 'n addisionele taal nie, maar eerder 'n derde of selfs vierde taal. Hierdie leerders moet dikwels die Afrikaansklas met leerders deel wat moedertaalsprekers van Afrikaans is. Die navorsing word op hierdie aannames gebaseer.

## 1.7 FOKUS EN DOEL VAN DIE NAVORSING

Die sosio-ekonomiese en politieke omgewing is dinamies en stel nimmereindigende eise aan enige onderwysstelsel en skoolkurrikulum. Van Oort (2018) ondersoek die veranderings in die skoolkurrikulum na 1994 en beskryf dit as simbolies, opvoedkundig en maatskaplik van aard. Alhoewel hierdie veranderings in die kurrikulum vir Afrikaans EAT weerspieël word, beskryf Reimers (2009) globale vaardighede as 'n driedimensionele begrip, wat die bevordering van 'n houding van vreedsame, respekvolle en produktiewe interaksie met mense uit diverse geografiese gebiede behels. 'n Positiewe gesindheid teenoor kulturele verskille en die aanvaarding van 'n raamwerk van waardes wat hierdie verskille omarm, is hiervoor nodig. Dit vereis 'n sterk sin vir identiteit en die empatie om individue met verskillende identiteite te verstaan.

Die doel van hierdie studie is om die ontwikkeling van globale vaardighede in die *Afrikaans Sonder Grense*-handboekreeks (*ASG*) in ooreenstemming met die eise en voorvereistes van die KABV en die daarmee gepaardgaande eindeksamenvraestelle te ondersoek. Kulturele verskille behoort dus as geleenthede vir konstruktiewe, respekvolle en vreedsame samewerking beskou te word en verg toewyding aan basiese gelykheid en die regte van alle mense. Dit behels verder die vermoë om in ander tale te dink, te kommunikeer en dit te verstaan (Reimers 2009). Vaardigheid in 'n addisionele taal verbreed die leerder se perspektief en bevorder begrip van en verbintenis met die wêreld.

Ek beoog dus om eerstens te bepaal wat die KABV ten opsigte van die ontwikkeling van globale vaardighede vereis. Daarna word gekyk hoe dit in die vraestelle en die goedgekeurde KABV-handboekreeks neerslag vind. Die beantwoording van die




© University of Pretoria

spesifieke navorsingsvrae behoort onderwysers, navorsers, skrywers en uitgewers aan te moedig om handboeke sodanig aan te pas dat die onderwyser die nodige hulpmiddels sal hê om hul taak suksesvol te kan uitvoer. Joubert et al. (2016) beskryf die beantwoording van die navorsingsvrae as die praktiese waarde van die navorsing wat tot praktykverbetering kan bydra en mense se denke oor die bepaalde onderwerp kan beïnvloed.

## 1.8 VOORLOPIGE LITERATUURSTUDIE

’n Voorlopige literatuurstudie gee ’n oorsig oor begrippe waarop in die literatuurstudie in Hoofstuk 2 uitgebrei word. Die doel hiermee is om ’n bydrae tot die beantwoording van die navorsingsvrae te lewer (Maree 2020). Voorbereiding van leerders vir die 21ste eeu vereis insig in vaardighede wat die vierde industriële revolusie (4IR) vereis, huidige vlakke van ontwikkeling van globale vaardighede en die belangrike rol wat ’n addisionele taal en Afrikaans EAT-handboeke in die proses speel. Figuur 1.1 gee ’n uiteensetting van die belangrikste aspekte wat tydens die literatuurstudie aangespreek sal word.




**Figuur 1.1: Uiteensetting van die voorlopige literatuurstudie**



© University of Pretoria

### 1.8.1 Die 4IR en globale vaardighede

Die 4IR is ’n samesmelting van digitale, biologiese en fisiese wêrelde en die toenemende gebruik van onder andere tegnologie – soos kunsmatige intelligensie, wolkrekenaars, robotika, 3D-drukwerk, die Internet van Dinge en gevorderde draadlose tegnologie – het ’n nuwe era van ekonomiese ontwrigting ingelei, wat onseker sosio-ekonomiese gevolge vir Afrika inhou (Hichilema 2022). Die Wêreld Ekonomiese Forum het in 2016 komplekse probleemoplossing, kritiese denke, kreatiewe denke, bestuur van mense, samewerking met ander, emosionele intelligensie, goeie oordeel- en besluitnemingsvermoë, dienslewering, onderhandelingsvermoë en kognitiewe aanpasbaarheid as die tien vaardighede geïdentifiseer wat deur die 4IR genoodsaak word (Gray 2016).

Die leerder se konteks (leefwêreld) en die ontwikkelingsvlak van die gemeenskap speel ’n belangrike rol in die identifisering van noodsaaklike en toepaslike vaardighede. Verskeie organisasies in Asië, die VSA en internasionaal, fokus op drie breë kategorieë van vaardighede, naamlik kognitiewe, inter- en intrapersoonlike vaardighede (Soland et al. 2013). Kognitiewe vaardighede sluit die bemeestering van akademiese inhoud, kritiese denke en kreatiwiteit in. Interpersoonlike kommunikasie vereis samewerking, leierskap en globale bewustheid, terwyl intrapersoonlike vaardighede probleemoplossing behels en ’n invloed het op hoe leerders hulself in die skool en die werksomgewing laat geld. Dit vereis ’n groei-ingesteldheid, intrinsieke motivering, deursettingsvermoë en die vermoë om te “leer hoe om te leer” (Yenawine 2013).

Die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OECD) en die Sentrum vir Globale Onderwys (CGE) beskryf die globaal vaardige leerder as iemand wat die wêreld buite sy onmiddellike omgewing ondersoek deur meer oor kwessies van plaaslike, globale en kulturele belang uit te vind; ander se perspektiewe en wêreldbeskouings te erken, verstaan en waardeer; idees effektief aan diverse gehore te kommunikeer, deur aan oop, geskikte en effektiewe interaksie oor kultuurgrense deel te neem; en in die gemeenskaplike belang en vir volhoubare plaaslike en globale ontwikkeling op te tree (OECD & Asia Society 2018). Kennis, vaardighede, begrip, ingesteldhede en waardes



© University of Pretoria

word gekombineer om met ander saam te werk om relevante globale probleme op te los vir die kollektiewe welstand van hedendaagse en toekomstige generasies. Hul besluite en dade dra dus tot vreedsame, inklusiewe en volhoubare gemeenskappe by (OECD 2018a). Alhoewel sosiale en emosionele vaardighede reeds van ’n jong ouderdom af ontwikkel word, bly die verwerwing van globale vaardighede ’n lewenslange proses en geen mens is op enige gegewe tydstip ten volle vaardig nie (Deardorff 2014).

Daar is verskeie definisies vir die term globale vaardigheid en vir die doel van die OECD se 2018 Programme of International Student Assessment (PISA) is die volgende definisie gebruik: Globale vaardigheid is die vermoë om plaaslike, globale en interkulturele kwessies te ondersoek en die perspektiewe en wêreldbeskouings van ander te verstaan en te waardeer; in oop, gepaste en effektiewe interaksie met mense van verskillende kulture betrokke te raak, en volhoubaar in die kollektiewe belang op te tree. (Asia Society & OECD 2018).

### 1.8.2 Ontwikkeling van globale vaardighede op internasionale vlak

Alhoewel baie lande reeds aandag aan die ontwikkeling van globale vaardighede gee, is dit interessant om te sien hoe die benaderings en fokus verskil. Care, Anderson en Kim (2016) se studie van 102 lande, het bevind dat slegs 36 lande na 21ste eeu-vaardighede in hul visie- en missieverklarings verwys, terwyl 76 lande spesifieke vaardighede identifiseer. Sekere lande het groter fokus op die ontwikkeling van globale vaardighede begin plaas en Conolly et al. (2019), klassifiseer die verskillende benaderings as die Neo-liberale benadering, globale bewustheid, die kritiese benadering en die voorspraakbenadering.

### 1.8.3 Ontwikkeling van globale vaardighede in Afrika

Die 4IR hou groot uitdagings vir Afrika in. Baie regerings is skepties oor die integrasie van tegnologie omdat hulle van mening is dat dit die snelgroeiende jeug van



© University of Pretoria

werksgeleenthede kan ontneem. Afrika-regerings moet in onderwys en die ontwikkeling van nuwe vaardighede belê om te verseker dat arbeid deur tegnologie ondersteun word sonder om dit te vervang. Kubersekuriteit en die ontwikkeling van fisiese en digitale infrastruktuur is noodsaaklik (Ndung'u & Signé 2020). Walters, Yang en Roslander (2014) se studie oor beleidsoorwegings om lewenslange leer in spesifieke Afrikalande te bevorder ondersoek bestaande beleide en die vordering wat ten opsigte van stelsels vir lewenslange leer gemaak is. Afrika wil graag ten volle met die een-en-twintigste eeu integreer en dring op beter digitale dienste aan, want Afrika kan beslis nie bekostig om agtergelaat te word nie (Travaly & Muvunyi 2020).

### 1.8.4 Ontwikkeling van globale vaardighede in Suid-Afrika

Suid-Afrika is ’n multi-etniese gemeenskap met ’n wye verskeidenheid kulture, tale en gelowe. Daar is 12 amptelike tale wat wetlik gelyke status het. Alhoewel Engels meer algemeen in die openbaar en in die besigheidswêreld gebruik word, is daar volgens Galal (2022) in 2018 bevind dat die tale wat die meeste deur mense in Suid-Afrikaanse huishoudings gepraat word, Zulu (25,3%), Xhosa (14,8%) en Afrikaans (12,2%) respektiewelik is. Engels (8,1%) is slegs sesde op die lys van tale wat mees algemeen in huishoudings gepraat word, maar dit is die taal wat tweede meeste (16,6%) buite huishoudings gepraat word.

Die KABV vir Graad R-12 vorm die basis van die Suid-Afrikaanse skoolstelsel en gee uitdrukking aan die kennis, vaardighede en waardes wat in Suid-Afrikaanse skole geleer behoort te word. Hierdie kurrikulum het ten doel om te verseker dat leerders kennis en vaardighede ontwikkel wat betekenisvol in hul eie lewens sal wees. Die kurrikulum bevorder kennis van plaaslike kontekste, terwyl dit sensitief vir die globale konteks is (DBO 2011).



© University of Pretoria

### 1.8.5 Die belangrikheid van Afrikaans as ’n eerste addisionele taal

Een van die vereistes om die Nasionale Senior Sertifikaat te verwerf, sluit ’n addisionele taal in. Volgens die Minister van Onderwys, Angie Motshekga (Businesstech 2020), is 6482 Suid-Afrikaanse skole Engels-enkelmedium skole. Die meeste van hierdie skole bied Afrikaans EAT aan. Volgens die KABV (DBO 2011) behoort ’n eerste addisionele taal leerders in staat te stel om gepas en akkuraat, met inagneming van die teikengroep, doel en konteks, te kan kommunikeer. Die taal kan vir akademiese leer gebruik word en die leerder behoort met vertroue en genot te kan luister, praat, lees en skryf. Dit vorm dus die grondslag vir lewenslange leer en kan as ’n instrument vir kritiese en kreatiewe denke dien. Dit kan help om opinies oor etiese kwessies en waardes uit te druk (DBO 2011).

### 1.8.6 Die belangrikheid van handboeke

Goeie kwaliteit handboeke ondersteun beide leerders en onderwysers – dit maak dit moontlik vir onderwysers om op die verfyning van onderrig en die bevordering van betrekkende, effektiewe leer te fokus (Oates 2014; Maley & Tomlinson 2017). Die handboek dien dus as verwysingspunt en onderwysers gebruik dit op verskillende maniere. ’n Studie deur Reynolds en Farrell het in 1996 bevind dat die onderwysers met die beste resultate die gebruik van goed-ontwerpte handboeke ondersteun (Oates 2014). Die rede hiervoor is die betroubaarheid daarvan, die samehang met kurrikulumdoelwitte en die waarde van goeie formatiewe assesserings. Dit stel die onderwyser in staat om op individuele leerders se vordering, eerder as op die ontwikkeling van leermateriaal, te fokus.

Die feit dat Suid-Afrika 12 amptelike tale het, maak die onderrig van ’n eerste addisionele taal meer uitdagend en dit is belangrik om die teoretiese onderbou vir leer te verstaan (Dreyer 2017). Wanneer ’n handboek geëvalueer word, moet die egtheid daarvan in verskillende kontekste ondersoek word (Maley & Tomlinson 2017). Vir die onderrig van ’n eerste addisionele taal word tekste dikwels vereenvoudig om sekere uitkomste te bevorder, terwyl dit eintlik teorieë oor die aanleer en die realistiese gebruik van die taal



© University of Pretoria

buite die klaskamer weerspreek. Die egtheid van die taalgebruik kan leerders motiveer om meer positief te wees en daardeur hul kommunikasievaardighede te verbeter, mits die inhoud relevant en interessant is. Maley en Tomlinson (2017) verwys na heelwat navorsing waar die teenargument is dat sommige leerders juis sukkel om die oorpronklike tekste te verstaan.

## 1.9 Teoretiese raamwerk

### 1.9.1 Inleiding

Die teoretiese raamwerk het ten doel om die oorsprong van navorsing te verduidelik, die teorie te toets en op my eie navorsingstrategie van toepassing te maak. Die doel van die teoretiese raamwerk is dus om konsepte en beginsels met mekaar te verbind (Maree 2020). Die pilare van multigeletterdheid vorm die ideale raamwerk vir die interpretasie van die data en sal vervolgens bespreek word.

### 1.9.2 Multigeletterdheid

’n Groep internasionale onderwysers in geletterdheid het in 1996 in New London, New Hampshire, in die Verenigde State van Amerika ontmoet, om vas te stel hoe onderrig op die toenemend sosiale en kulturele diversiteit moes reageer, terwyl die wêreld kleiner en meer mobiel word en taal maar net een van baie kommunikasiekanale was. Die feit dat tegnologie meer gesofistikeerd en toeganklik geword het, het geïmpliseer dat geletterdheid dus nie meer net deur taal gedomineer word nie, maar dat dit multimodaal is en ook deur gebare, beelde, klank en ruimte oorgedra word. Die taalvaardige leerder moes dus elkeen van hierdie modusse verstaan en gebruik om film, beelde en klank te kon interpreteer en skep.

Die New London Group (NLG) se multigeletterdheidsbenadering (NLG 2000; Anstey & Bull 2018) is reeds in 1996 as ’n komplekse integrasie van vier faktore beskou en dien as die teoretiese raamwerk vir hierdie studie:



© University of Pretoria

- *Gesitueerde werklikheid* stel leerders bloot aan die ervaring en gebruik van beskikbare diskoers uit hul eie leefwêreld en simulasies van verhoudings in die werkplek en in die openbaar;
- *Openlike onderrig* vereis die bekendstelling van eksplisiete metatale wat die ontwerpelemente van verskillende betekenisse beskryf en interpreteer en behels sistematiese, analitiese en doelbewuste verstaan;
- *Kritiese raamwerk* is sensitief vir sosiale en kulturele kontekste en verbind betekenisse met hul sosiale kontekste en doel;
- *Veranderde werklikheid* vereis dat leerders betekenis van een konteks na die volgende aanpas.

Ek gebruik hierdie raamwerk om vas te stel of die KABV multigeletterdheid bevorder, of dit in handboeke ontwikkel word en of dit in die NSS-eindeksamenvraestel getoets word.

### 1.10 NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingsontwerp word deur die navorsingsvrae bepaal (Joubert et al. 2016). Akhtar (2016) beskryf navorsingsontwerp as die konseptuele bloudruk waarbinne navorsing uitgevoer word en gee ’n uiteensetting van die soort studie wat onderneem word (Joubert et al. 2016). 'n Aksieplan word voorberei, wat die uiteensetting van die versameling, meting en ontleding van data behels. Die navorsingsontwerp word nie met enige spesifieke tegniek van data-insameling of enige spesifieke tipe data geassosieer nie (Joubert et al. 2016; Maree 2020). Die tipe bewyse wat nodig is om die navorsingsvraag op 'n redelike wyse te beantwoord, moet geïdentifiseer word (Akhtar 2016). Alle gevallestudie-navorsing poog om 'n noue of diepgaande begrip van 'n enkele of klein aantal "gevalle" binne hul werklike konteks te kry sodat nuwe kennis oor werklike gedrag en die betekenis daarvan ontgin kan word.



© University of Pretoria

Kwalitatiewe metodologie voorsien die navorser van die dokumente om komplekse verskynsels binne hul kontekste te bestudeer en verseker dat die saak deur 'n verskeidenheid lense ondersoek word (Joubert et al. 2016), wat veelvuldige fasette van die verskynsel onthul en verklaar (Maree 2020). Net soos enige ander kwalitatiewe studie, vind die insameling en ontleding van data gelyktydig plaas (Maree 2020). Eerstens word die steekproef gedefinieer en tweedens moet besluit word of die gevallestudie 'n enkele of meervoudige gevalle sal ondersoek. Drie stelle dokumente vorm deel van hierdie steekproef. Dit hou die voordeel in dat dit soortgelyke resultate voorspel óf teenstrydige resultate oplewer, maar vir voorspelbare redes.

Die doel van hierdie navorsing is om die potensiaal en geleenthede vir die ontwikkeling van globale vaardighede deur multigeletterdheid, in ’n veelgebruikte handboekreeks vir Afrikaans EAT, te identifiseer en te verstaan, eerder as om oplossings daarvoor te vind. Die navorsing sal dus op ’n inhoudsontleding van ’n spesifieke handboekreeks binne die konteks van ’n eerste addisionele taal fokus. Sentraal tot hierdie ondersoek is my doel om verdere begrip van die verband tussen die ontwikkeling van multigeletterdheid, die KABV, en die praktiese ontwikkeling daarvan in die handboekreeks te ontgin. Die mate waarin hierdie vaardighede in eindeksamenvraestelle getoets word, word ook ondersoek. Navorsing sal geldig wees wanneer 'n gevolgtrekking akkuraat of waar is.

### 1.10.1 Steekproef

Given (2012) beskou dokumente as geleiers van kommunikasie tussen die skrywer en die leser. Hierdie geleiers bevat betekenisvolle boodskappe wat in woorde, kaarte, foto’s, ensovoorts, vervat kan wees. Die steekproef sluit die KABV vir Afrikaans EAT vir graad 10-12 (DBO 2011) en ’n veelgebruikte handboekreeks vir Graad 10-12 Eerste Addisionele Taal in. Die handboekreeks is op die KABV gebaseer en daarom word die inhoud van beide ondersoek vir voorbeelde wat globale vaardighede ontwikkel en assesseer. Vraestel 1 van die NSS-eindeksamen vir Afrikaans EAT sal gebruik word om vas te stel hoe globale vaardighede of multigeletterdheid daarin geassesseer word.



© University of Pretoria

### 1.10.2 Data-insameling

Die meeste kwalitatiewe studies hanteer data-insameling en data-ontleding nie as twee afsonderlike prosesse nie, maar sien dit as 'n deurlopende, sikliese en herhalende proses (Maree 2020) wat impliseer dat die data getoets en hersien word, terwyl leemtes geïdentifiseer word. Die proses is dus probleemgedrewe en behels volgens Krippendorff (2019) die formulering van navorsingsvrae, identifikasie van meetbare ooreenkomste en die identifikasie van relevante tekste. Die resultate word in ’n narratiewe formaat beskryf en fokus op die diepte van die probleem, eerder as die wydte daarvan (Joubert et al. 2016).

Die interpretivistiese lens (sien 1.11.1) sal hier gebruik word om ’n lewenswerklike situasie (die ontwikkeling van globale vaardighede in handboeke) te verstaan (Joubert et al. 2016).

Die steekproef moet dan verteenwoordigend wees en die navorser moet besluit hoe die ontleding gedoen sal word. Afrikaans EAT-handboeke, die KABV en NSS-eindeksamenvraestelle sal ondersoek word vir data wat met die ontwikkeling van globale vaardighede en multigeletterdheid verband hou. Handboeke dien as ’n noodsaaklike verwysingsbron in die onderrig en leer van enige skoolvak. In die Suid-Afrikaanse konteks word hierdie handboeke op die KABV gebaseer. Dit bevat die riglyne vir die onderrig van elke vak sodat leerders voldoende vir die NSS-eindeksamen voorberei word. Die NSS-eindeksamenvraestelle van 2018-2022 behoort verteenwoordigend te wees van die standaard en metode van assessering wat gebruik word om vas te stel of leerders aan die minimumvereistes vir elke afdeling voldoen.

### 1.10.3 Data-ontleding

Die steekproef moet geïdentifiseer word alvorens die data-ontleding kan plaasvind en dit moet so objektief moontlik gedoen word (Leedy & Ormrod 2020). Vervolgens word die kenmerke of eienskappe wat ondersoek moet word in presiese, konkrete terme gedefinieer. Elke item word dan in klein, hanteerbare segmente verdeel, wat afsonderlik



© University of Pretoria

ontleed word. Die finale stap behels dat die materiaal vir gevalle van elke geïdentifiseerde eienskap of kwaliteit ondersoek word. Die lees-en-kyk-afdeling in die handboekreeks word in Afdeling A van die DBO se Vraestel 1 geassesseer en die teenwoordigheid van visuele tekste in hierdie afdeling vereis bepaalde geletterdheidsvaardighede. Hierdie afdeling word dus in die vraestel en die handboek geïdentifiseer en getoets aan die geletterdhede waaroor die globaal vaardige leerder behoort te beskik.


’n Gehaltebeoordelingsrubriek sal vir die kwalitatiewe handboekontleding ontwikkel word om vergelykbare data uit die verskillende afdelings van die boeke in te samel sodat patrone vasgestel kan word. Die handboek se voldoening aan die vereistes van die KABV, word in terme van kurrikuluminhoud, aktiwiteite en assessering getoets. Die potensiaal van die KABV om multigeletterdheid te bevorder, word ook ondersoek. Die data wat dus uit die dokumentontleding verkry word, word stelselmatig volgens voorafbepaalde kategorieë (sien Tabel 4.1), wat die vereistes vir goeie handboeke en die ontwikkeling van globale vaardighede insluit, ingedeel. Daarna sal die teenwoordigheid van elkeen van hierdie kategorieë geëvalueer word.



© University of Pretoria

## 1.11 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Leedy en Ormrod (2020) beskryf metodologie as 'n navorsingstrategie wat ontologiese en epistemologiese beginsels kombineer om te wys hoe die navorsing gedoen gaan word. Figuur 1.2 gee 'n visuele voorstelling van die metodologie en die kenmerke van elkeen van die elemente wat op hierdie studie van toepassing is.




**Figuur 1.2: Uiteensetting van die navorsingsmetodologie**

### 1.11.1 Paradigma

Die paradigma verwys na die verwysingsraamwerk waarvolgens die studie gerig gaan word. Ek sal kwalitatiewe navorsing binne 'n interpretivistiese paradigma uitvoer. Die interpretivistiese paradigma onderneem om die aard van die werklikheid te ondersoek en die navorser moet bewus wees van die subjektiewe aard daarvan (Joubert et al. 2016). Die fokus is dus op die interpretasie van die werklikheid (epistemologie) en hoe dit verkry kan word (metodologie) (Joubert et al. 2016; Maree 2020). Kwalitatiewe navorsing sal in hierdie konteks subjektief en evaluerend wees. Leedy en Ormrod (2020) beskryf dit as 'n manier waardeur die doeltreffendheid van bepaalde beleide, praktyke of uitvindings beoordeel kan word. Dit sal verder deduktief wees en gerig op 'n dieper begrip van die navorsingsprobleem in sy unieke konteks. Khaldi (2017) beskryf die beginpunt as 'n algemene stelling (eerste uitgangspunt), gevolg deur 'n meer spesifieke stelling wat



© University of Pretoria

hieruit afgelei word (waargenome verskynsel) om deur logiese redenasie tot 'n spesifieke gevolgtrekking te kom. Dit is noodsaaklik dat die uitgangspunt geldig sal wees sodat die gevolgtrekking waarop dit gebaseer is ook geldig is (Krippendorff 2019).

### 1.11.2 Ontologie

Leedy en Ormrod (2020) verduidelik dat "realiteite" wat geïdentifiseer word, niks meer as menslike skeppings is wat nuttig kan wees om subjektiewe betekenisse uit data te kry nie. Interpretivisme se vrae fokus op mense se subjektiewe persepsies en interpretasies van verskeie verskynsels, insluitend leerders se gedrag, groepsprosesse en kulturele praktyke. Daar is verskillende realiteite, en bevindings sal deur die konteks sowel as die leerder se wêreldbeskouing beïnvloed word. Daar is dus meer as een waarheid. Alhoewel drie moontlike ontologiese posisies, naamlik realisme, idealisme en materialisme bestaan, is dit nie altyd moontlik om duidelik tussen die drie te onderskei nie, en daar mag soms oorvleueling wees (Maree 2020). Idealisme is die posisie wat deur ’n interpretivistiese teorie ondersteun word. Die realiteit word deur die menslike verstand beïnvloed en bestaan uit sosiaal gekonstrueerde betekenisse (Maree 2020). Dit is dus nie objektief nie. Hier word die teks vanuit 'n hermeneutiese perspektief beskou. 'n Teks word dus as 'n interpretasie beskou wat nooit as reg of verkeerd beoordeel kan word nie. Die teks is slegs een van baie moontlike interpretasies. Die betekenis van 'n teks word dus deur 'n gemeenskap van interpreteerders onderhandel. Vanuit 'n hermeneutiese perspektief skep 'n navorser 'n "werklikheid" met sy of haar interpretasies van 'n teks en ander navorsers met verskillende agtergronde kan tot totaal ander gevolgtrekkings kom (Nayak & Singh 2015).

### 1.11.3 Epistemologie

Epistemologie hou verband met wat ons oor die werklikheid weet en hoe ons dit weet. Dit het volgens Nayak en Singh (2015) sy oorsprong uit die Griekse woord "episteme", wat "kennis" beteken. Dit sluit vrae in oor *wat* kennis is, *hoe* dit verwerf word, hoe ek *seker*



© University of Pretoria

van my kennis kan wees en wat die *grense* van menslike kennis is (Joubert et al. 2016). Ontologiese afleidings word gebaseer op die aard van die werklikheid, terwyl epistemologie poog om vas te stel hoe ons dinge weet (Maree 2020). Ritchie en Lewis (2003) beskryf epistemologie as die maniere waarop kennis ontwikkel en leer aangaande die sosiale werklikheid plaasvind.

Leedy en Ormrod (2020) identifiseer ses metodes vir kwalitatiewe navorsing: gevallestudies, begronde teorie, etnografie, diskoersontleding, fenomenologiese studie, en gedetailleerde en sistematiese ondersoek van die inhoud van 'n bepaalde liggaam van materiale met die doel om patrone, temas of vooroordele te identifiseer. Khaldi (2017) voeg hierby dat die inhoudsontleding nie-interaktief is. Dit bestudeer verskeie vorme van menslike kommunikasie, insluitend boeke. Inhoudsontleding is ontwerp om spesifieke kenmerke, soos verbale, visuele, en gedragspatrone, temas of vooroordele te identifiseer, en sal dus uiters geskik wees vir die doel van hierdie navorsing, waar 'n handboekreeks ontleed word en 'n stelsel voorgestel word om spesifieke aspekte van die inhoud daarvan aan te dui. Dit word beskryf as 'n nie-reaktiewe metode, omdat voorafkennis volgens Khaldi (2017) nie beskikbaar is nie, maar die ondersoek sal fokus op hoe globale vaardighede of multigeletterdheid in hierdie handboekreeks (*ASG*) en die KABV ontwikkel word.

## 1.12 GEHALTEVERSEKERING, GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID

Kwalitatiewe navorsers moet verseker dat hul navorsing betroubaar is, dat data eties en akkuraat ingesamel word en dat bevindinge geloofwaardig, bevestigbaar en oordraagbaar is (Shenton 2004; Krippendorff 2019; Maree 2020). Dokumentontleding kan moontlik objektiwiteit verhinder (Joubert et al. 2016), maar het die voordeel dat ek as navorser ’n instrument is wat onderliggende patrone kan onderskei wat 'n gestandaardiseerde, kwantitatiewe assesseringsinstrument nie kan identifiseer nie. In teenstelling hiermee, kan die menslike verstand bevooroordeeld wees en sodoende die kwaliteit van die data nadelig beïnvloed. Gevolgtrekkings moet dus sover moontlik, op werklike data gebaseer word. Interne geldigheid beïnvloed die waarnemer se oortuiging



© University of Pretoria

dat die resultate betroubaar is. Die navorsing het eksterne geldigheid wanneer die resultate op die regte wêreld en op soortgelyke programme en benaderings toegepas kan word (Krippendorff 2019; Maree 2020). Die eksterne geldigheid beïnvloed die waarnemer se vermoë om die navorsingsresultate te kan veralgemeen, gebaseer op die prosedures wat gevolg is.

Vier internasionaal erkende morele etiese beginsels behoort as grondslag vir die navorsing te dien (Joubert et al. 2016). Dit moet die outonomie van die betrokkenes respekteer, ’n positiewe bydrae tot die navorsingsveld lewer, nie die betrokkenes benadeel nie en regverdig wees. Shenton (2004) bevestig dat ’n reeks dokumente as bronmateriaal gebruik kan word om ondersteunende data te verkry wat inligting kan verifieer. Vir hierdie doel word die handboekreeks teen die agtergrond van die doelstellings van die KABV ondersoek. Die pilare van multigeletterdheid, noodsaaklike globale vaardighede, en kenmerke van kwaliteithandboeke sal in ag geneem word.

Benjamin Bloom het in 1956 'n raamwerk vir leer ontwikkel om hoër vorme van denke in leerders te bevorder. Die hersiene weergawe van hierdie raamwerk, bekend as Bloom se hersiene taksonomie, beskryf 'n reeks toenemend gesofistikeerde leerdoelwitte en leergedrag. Dit bepaal hoe leerders met kennis omgaan en dus hoe hulle dink. Dit is 'n kontinuum wat begin by die eenvoudige en konkrete, en vorder na die komplekse en abstrakte. Wanneer leerders dus van laerorde- na hoërorde-denkvaardighede beweeg, kan hulle toenemend gesofistikeerde leerdoelwitte bereik. Hierdie taksonomie beskryf 'n verskuiwing in wat ons van leerders verwag – van wat hulle weet, na wat hulle daarmee kan doen (Winthrop & McGivney 2017). Bloom se hersiene taksonomie sal gebruik word om vas te stel of daar voldoende geleentheid vir die ontwikkeling van hoërorde-denkvaardighede is, aangesien dit een van die fundamentele vaardighede vir die 21ste eeu is wat leerders in staat stel om die uitdagings van die wêreld die hoof te bied.



© University of Pretoria

## 1.13 BEPERKINGS EN MOONTLIKE PROBLEME

Die navorsing word beperk tot die ontleding van die NSS-eindeksamenvraestelle, die KABV en die *ASG*-handboekreeks vir Afrikaans EAT wat in die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase (VOO) gebruik word. Dit word verder beperk deur dit aan die hand van die genoemde vier pilare van multigeletterdheid te toets. Die keuse om op die ontwikkeling van globale vaardighede en multigeletterdheid te fokus, sluit ook ander verwante terme uit. Beperkings word in meer besonderhede in Hoofstuk 3 bespreek.

## 1.14 ETIESE OORWEGINGS

‘n Navorser moet die integriteit en kennis van etiese kwessies hê om ingeligte besluite te maak. Enige gevolgtrekkings moet geregverdig, regverdigbaar, deurdag en verdedigbaar wees (Krippendorff 2019; Maree 2020). In die tersaaklike studie is die handboekreeks vrylik in die handel beskikbaar en die KABV is gratis op die Departement van Basiese Onderwys se webwerf beskikbaar. Die navorsing vereis dus nie toestemming van enige persoon nie. Die handboekreeks het ook reeds deel van ’n studie deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO 2019c) gevorm.

## 1.15 SAMEVATTING

Hoofstuk 1 gee ’n oorsig oor die proses wat gevolg sal word om te bepaal of die handboekreeks wat op die KABV gebaseer is tot die ontwikkeling van globale vaardighede sal bydra, en in watter mate hierdie vaardighede in die NSS-eindeksamenvraestel getoets word. Die proses oorweeg dus die relevansie en toepaslikheid van die navorsing, aannames, die vrae wat beantwoord moet word, en die manier waarop die navorsing uitgevoer sal word. Daarna word metodes oorweeg waarvolgens die gehalte, geldigheid en betroubaarheid van die navorsing verseker kan word. Hoofstuk 2 het ten doel om ’n oorsig oor die literatuurstudie te gee, wat die navorsingsproses sal rig.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 2

# LITERATUURSTUDIE EN TEORETIESE RAAMWERK

## 2.1 INLEIDING

Leerders - ons toekomstige leiers, denkers en bewaarders van ons brose planeet, en van die mensdom - benodig relevante hoë kwaliteit onderwys om diverse vaardighede aan te leer wat nodig is om suksesvolle wêreldburgers te wees. Leerders behoort dus nuuskierigheid, empatie en waagmoed te ontwikkel sodat hulle oor die kognitiewe, sosiale en emosionele hulpbronne beskik om tot optrede oor te gaan (Brookhart 2010; OECD 2021; Boix Mansilla & Schleicher 2022). Besighede en regerings is bewus van die noodsaaklike vaardighede wat glokalisering, tegnologie, migrasie, internasionale mededingendheid en veranderende markte deesdae vereis (Soland et al. 2013).

## 2.2 GLOBALE VAARDIGHEDE

Die begrip globale vaardigheid is vir die OECD se 2018 *Programme of International Student Assessment* (PISA) gedefinieer as die vermoë om plaaslike, globale en interkulturele uitdagings te ondersoek; die perspektiewe en wêreldbeskouings van ander te verstaan en te waardeer, in oop, gepaste en effektiewe interaktiewe gesprekke met mense van verskillende kulture betrokke te raak en volhoubaar, in die gesamentlike belang, op te tree (OECD & Asia Society 2018).

Die *Organisasion for Economic Cooperation and Development* (OECD) en die *Centre for Global Education* (CGE) het vier sleutelaspekte van globale vaardigheid geïdentifiseer. Globaal vaardige leerders ondersoek die wêreld buite hulle onmiddellike leefwêreld en wys belangstelling deur meer oor uitdagings van plaaslike, globale en kulturele belang uit te vind; erken, verstaan en waardeer uiteenlopende perspektiewe en wêreldbeskouings; kan idees effektief aan diverse gehore kommunikeer; en tree in die gemeenskaplike belang op om volhoubare plaaslike en globale ontwikkeling te bevorder. Hierdie



© University of Pretoria

kommunikasie kan van aangesig tot aangesig sowel as virtueel en oor landsgrense heen geskied (OECD & Asia Society 2018). Relevante globale probleme word vir die gesamentlike welstand van hedendaagse en toekomstige generasies aangespreek deur kennis, vaardighede, begrip, ingesteldhede en waardes sinvol te kombineer. Dit dra tot vreedsame, inklusiewe en volhoubare gemeenskappe by (OECD 2018a; Boix Mansilla & Schleicher 2022).

*Global Competency for an Inclusive World* (GCIW) bevat die OECD se konseptualisering van vereiste kennis, vaardighede, houdings, waardes en bevoegdhede vir die lewe in 2030 (OECD 2018a). Ledger, Thier, Bailey en Pitts (2019) som die onderliggende voorskrifte vir die ontwikkeling van globale vaardighede soos volg op:

- Die tradisionele dissiplinêre kurrikulum moet modern wees en daarom rekening hou met kennis en begrip van die 21ste eeu.
- Diskriminerende houdings en waardes wat by skole en binne gesinne of gemeenskappe aangeleer word en menslike gedrag vorm, moet teengewerk word.
- Vermoëns vir reflektiewe prosesse moet deur die leerproses bevorder word sodat die leerder so effektief moontlik kan leer.
- Elke leerder moet daarna streef om sleutelvaardighede te ontwikkel wat die vermoë insluit om kennis, vaardighede, houdings en waardes te gebruik om sinvol by die wêreld betrokke te raak en op te tree.

Die OECD se interpretasie van globale vaardighede fokus op die individuele leerder en die mens se verantwoordelikheid, en erken dus die verband tussen interpersoonlike verhoudings en globale vaardighede. Ledger et al. (2019) se studie onthul egter dat die globaal vaardige leerder as ’n jong lid van 'n sosio-ekonomiese elite beskou word en oor die nodige hulpbronne beskik om te reis en uiteenlopende kulture te beleef en wat gemaklik voel met 'n kosmopolitiese leefstyl. Boonop lê die filosofiese onderbou wat in GCIW ingebed is, die verantwoordelikheid op jongmense om deur hul besluite en dade meer regverdige, vreedsame, inklusiewe en volhoubare samelewings te bou. Die navorsers identifiseer moontlike tekortkominge in die definisie deurdat die klem nie



© University of Pretoria

noodwendig op die verkryging van 'n *globale wêreldbeskouing* met mededingende voordeel in globale markte behoort te wees nie, maar dat die verwante idee van *globale burgerskap* die leerder beter in staat sal stel om te leer, te werk en vreedsaam in 'n toenemend onderling verbonde wêreld te leef, te leer en te werk (Anderson, Thier, & Pitts 2017; Zembylas 2023). Nie-Westerse skrywers behoort ook by debatte oor definisies, metings en kwessies van sosio-kulturele diversiteit betrokke te raak sodat die OECD-beskrywing van PISA as 'n "samewerkende poging" kan realiseer. Zembylas (2023) ondersteun bestaande kritiek op die OECD se globale bevoegdheid-benadering en stel voor dat verskillende sosio-politieke omgewings ook die emosionele aspek moet insluit sodat globale en interkulturele bevoegdhede kan ontwikkel.


Globale vaardighede spreek kulturele vooroordele en stereotipes aan en moedig effektiewe kommunikasie, verantwoordelike aanlyngebruikers en besorgdheid oor globale kwessies aan (Choo 2020). Dit spreek ook sosiale, politieke, ekonomiese en omgewingsuitdagings aan. Dit stem ooreen met die *Ubuntu*-benadering en kan ’n sinvolle bydrae in ’n multi-etniese gemeenskap lewer. Engelbrecht en Genis (2019) beveel die verbetering van leerders se leerervarings aan deur ongelyke geleenthede deur kultuur, taal en geslagsverskille aan te spreek en sodanig te hanteer. Van der Merwe (Engelbrecht & Genis 2019) verduidelik dat die direkte verband tussen multigeletterdheid en multimodaliteit, daartoe bydra dat ’n wye verskeidenheid tegnologie en kommunikasiekanale deesdae tot leerders en onderwysers se beskikking is om betekenis te skep en te herskep. Daar is dus ook ’n duidelike verband met “nuwe geletterdhede” wat tydens die ontwikkeling van multigeletterdheid ingespan word. Figuur 2.1 verwys na die geletterdhede wat deur Churchill (2009) geïdentifiseer is en ook wat elkeen van hierdie geletterdhede behels.

Uiteindelik is "nuwe geletterdhede" belangrik vir die voorbereiding van leerders op die beste moontlike manier vir 'n wêreld waarin daar min konstantes is en die nabye toekoms artefakte, sosiale verhoudinge, roetines, prosesse en praktyke behels wat nou ondenkbaar is. Die bestudering van nuwe geletterdhede bied nuttige ankerpunte om na te dink oor hoe en waarom bestaande geletterdheidspraktyke verander en nuwes



© University of Pretoria

ontstaan, waarom ander konstant bly, en wat daaraan gedoen kan word (Knobel & Lankshear 2014).




**Figuur 2.1: Nuwe geletterdhede, aangepas uit Churchill (2009)**

Skole en organisasies moet dus die verband tussen die OECD se verwagtinge en hul plaaslike realiteite kan raaksien (Anderson et al. 2017). In die proses behoort die verantwoordelikheid vir verandering van leerders af terug na skole te verskuif. Skoolgebaseerde professionele persone kan sinvolle voorstelle maak oor hoe om dit te doen, en die verband tussen die OECD, PISA en die realiteit van skole bevestig. Hiersonder is dit onwaarskynlik dat leerders die ontwikkeling van globale vaardighede as belangrik sal ag (Ledger et al. 2019).

Verskeie organisasies in Asië, die VSA en internasionaal, fokus op drie breë kategorieë van vaardighede, naamlik kognitiewe, inter- en intrapersoonlike vaardighede (Soland et al. 2013). Kognitiewe vaardighede sluit die bemeestering van akademiese inhoud, kritiese denke en kreatiwiteit in. Interpersoonlike kommunikasie vereis samewerking, leierskap en globale bewustheid, terwyl intrapersoonlike vaardighede probleemoplossing behels



© University of Pretoria

en beïnvloed hoe leerders hulself in die skool en die werksomgewing laat geld (Soland et al. 2013). Die ontwikkeling van hierdie vaardighede noodsaak intrinsieke motivering, die behoefte om te groei, deursettingsvermoë en die gewilligheid om te leer hóé om te leer. Globale vaardighede is daarom noodsaaklik vir oorlewing tydens die 4IR.

## 2.3 DIE 4IR EN GLOBALE VAARDIGHEDE

Die 4IR is ’n tydperk wat gekenmerk word deur die samesmelting van digitale, biologiese en fisiese wêrelde en die toenemende gebruik van tegnologie soos kunsmatige intelligensie, wolk-rekenaars, robotika en 3D-drukwerk. Die Internet van Dinge en gevorderde kabelvrye tegnologie, het ’n nuwe era van ekonomiese omwenteling ingelei, met onseker sosio-ekonomiese gevolge vir Afrika (Hichilema 2022).

Die Wêreld- Ekonomiese Forum (WEF) het in 2016 die tien globale vaardighede geïdentifiseer wat deur die 4IR genoodsaak word: komplekse probleemoplossing, kritiese denke, kreatiewe denke, bestuur van mense, samewerking met ander, emosionele intelligensie, kognitiewe aanpasbaarheid, onderhandelingsvermoë, dienslewering, en goeie oordeel- en besluitnemingsvermoë (Gray 2016). Nie alle navorsers stem saam oor die spesifieke vaardighede wat van leerders vereis word nie en kreatiwiteit en entrepreneurskap word nie noodwendig oral as noodsaaklik beskou nie. Die leerder se konteks (leefwêreld) en die ontwikkelingsvlak van die gemeenskap, speel wel ’n belangrike rol in die identifisering van noodsaaklike en relevante globale vaardighede. Wêreldwyd word daar voorspel dat die 4IR gekenmerk sal word deur tegnologiese vooruitgang (Mariaye & Samuel 2018). Daar word voorspel dat die 4IR baie mense werkloos sal laat, omdat tegnologie die pligte van mense sal oorneem. Die meeste ontwikkelde nasies het daarom begin om vir hierdie tydperk voor te berei en onderwys is die instrument waarmee landsburgers gehelp word om hulself vir die rewolusie te posisioneer. Daarteenoor is baie ontwikkelende en onderontwikkelde nasies nog besig om aan die derde industriële rewolusie (3IR) aandag te gee (Lewin & Mawoyo 2014; Uleanya & Gamede 2018). Dit blyk uit die soort onderrig wat voorsien word, die leerplanne wat sodanige onderrig ondersteun, en die kwaliteit van menslike, sowel as materiële



© University of Pretoria

geriewe en hulpbronne wat beskikbaar is. Volgens die WEF word nasies soos die VSA, China en Nigerië, met groot bevolkings, waarskynlik die meeste deur die 4IR beïnvloed. Die VSA en China word egter op grond van die beskikbaarheid van 'n hoë vlak van tegnologiese geriewe en tegniese kennis, as voorbereid vir die onvoorsiene 4IR gereken, terwyl Nigerië en ander Afrika-gemeenskappe in 'n benadeelde posisie is as gevolg van die gebrek daaraan (Uleanya & Ke 2019).


Die nuutste *Future of Jobs Report* (WEF 2023) voorspel dat die impak van die meeste tegnologieë oor die volgende vyf jaar 'n netto positiewe uitwerking op werksgeleenthede sal hê. Grootdata-ontleding, klimaatsverandering- en omgewingsbestuurstegnologieë, sowel as enkripsie en kubersekerheid sal na verwagting die grootste drywers van werkskepping wees. Landboutegnologieë, digitale platforms en programme, e-handel en digitale handel, en KI (Kunsmatige Intelligensie) sal waarskynlik beduidende versteurings in die arbeidsmark veroorsaak deurdat die vraag na arbeid sal verander. Daar word egter voorspel dat byna alle tegnologieë, behalwe twee (mensagtige en nie-mensagtige robotte), binne die volgende vyf jaar netto werkskeppers sal wees. Die verslag voorsien verder dat ongeveer 23% van werksgeleenthede teen 2027 sal verander, met 69 miljoen nuwe poste wat geskep sal word en 83 miljoen wat geëlimineer sal word. Die oorgang na groener prosesse en die lokalisering van voorsieningskettings sal werkskepping bevorder. Tegnologie en verbeterde digitale toegang sal ook netto werkskepping tot gevolg hê, terwyl vinniger ekonomiese groei, voorsieningstekorte en inflasie die grootste risiko's vir werksgeleenthede inhou. Werksgeleenthede in spesialisvelde soos KI- en masjienleer, volhoubaarheid, besigheidsintelligensie en inligtingsekuriteit sal die vinnigste groei, terwyl die grootste absolute groei in onderwys, landbou en digitale handel verwag word.

'n Heelmensbenadering tot globale bevoegdheid erken die interafhanklikheid van sfere van menslike ontwikkeling. Sukses is nie beperk tot die ontwikkeling van kognitiewe vaardighede nie, maar kyk ook na die soort persone wat ons jongmense word – leerders met selfkennis, wat hul emosies kan beheer en waardes kan handhaaf (Boix Mansilla en Schleicher 2022).



© University of Pretoria

Die ontwikkeling van globale vaardighede word nie oral dieselfde benader nie en daarom sal die vaardighede (soos aangedui in figuur 2.2 vanaf internasionale vlak tot op eie bodem (meer spesifiek) ondersoek word.




**Figuur 2.2: Globale vaardighede op verskillende vlakke**

## 2.4 ONTWIKKELING VAN GLOBALE VAARDIGHEDE OP INTERNASIONALE VLAK

Alhoewel baie lande reeds aandag aan die ontwikkeling van globale vaardighede gee, is daar verskille in die benaderings en fokus. Care, Kim, Vista en Anderson (2018) het ’n studie van 102 lande gedoen, en bevind dat slegs 36 lande na noodsaaklike vaardighede vir die 21ste eeu in hul visie- en missieverklarings verwys, terwyl 76 lande spesifieke vaardighede identifiseer. Slegs 51 lande verwys na die spesifieke vaardighede in kurrikulumdokumente en slegs 11 lande lewer bewyse van vordering ten opsigte van die ontwikkeling van hierdie vaardighede in verskillende ouderdomsgroepe en vakke. Conolly et al. (2019), identifiseer verskeie benaderings tot die onderwys van globale vaardighede. Die *neo-liberale benadering* beskou onderwys as ’n belegging wat tot ekonomiese groei bydra; *globale bewustheid* streef na die gemeenskaplike doel van geregtigheid en vrede; die *kritiese benadering* fokus op oordrag, eerder as op verandering, en die *voorspraakbenadering* poog om sosiale ongeregtigheid, armoede en omgewingskade te bestry.



© University of Pretoria

Conolly et al. (2019) klassifiseer die Europese en Kanadese onderwysraamwerke se fokus as die globale bewustheidsbenadering, met die klem op inklusiewe burgerskap, die bevordering van sosiale kohesie en die aanvaarding van minderheidsgroepe. Die VSA en Asië verkies die neo-liberale benadering met die klem op die ontwikkeling van werkverwante vaardighede en globale mededingendheid, terwyl sekere laer-inkomste streke globale onderwys gebruik om vir leerders ’n eie stem te gee. Die aanleer van Engels word aangemoedig ten einde veelsydigheid te bevorder (Williams-Guarandi 2015). In 2008 het Australië 'n nuwe nasionale kurrikulum geïmplementeer om leerders beter vir die toekoms voor te berei. Die kurrikulum fokus op sewe vaardighede wat onderrig en leer in skole rig: geletterdheid, numeriese vaardigheid, tegnologiese vaardigheid, kritiese en skeppende denke, persoonlike en sosiale verantwoordelikheid, etiese- en interkulturele begrip. Hierdie vaardighede word dalk nie almal in afsonderlike skoolvakke weerspieël nie, maar rig die onderrig- en leerproses sodat leerders "selfversekerde en skeppende leerders" en "aktiewe en ingeligte landsburgers" sal word (Winthrop & McGivney 2017) en poog om interkulturele begrip en respek te bevorder sodat ’n waardering vir die eie kultuur, taal en gelowe, sowel as dié van ander ontwikkel kan word (Williams-Guarandi 2015).

Oos-Asiese skoolstelsels poog om die ontwikkeling van die leerder, interpersoonlike verhoudings, denkvaardighede, goeie burgerskap en sosiale deelname te ontwikkel om ’n bydrae tot die globale wêreld te lewer, terwyl basiese en nuwe kennis ontwikkel. Die begrip "vaardighede" word telkens deur die plaaslike kultuur beïnvloed, maar daar is 'n tendens binne die begrip van vaardighede om "kennis en vaardighede" van "houdings en/of eienskappe" te onderskei. Die laasgenoemde word dikwels in die Weste as "sagte vaardighede" of "nie-kognitiewe vaardighede" beskou. Verder beklemtoon die jurisdiksies 'n bygevoegde dimensie van waardes, wat beslis buite vaardighede strek, maar byna al die raamwerke van hierdie stelsels insluit. Die dimensie van waardes het egter twee uiteenlopende benaderings. In Singapoer is die waardes dit wat die vaardighede onderlê (Cheng 2017). In Hongkong is waardes die dinge wat leerders deur die verloop van hul opvoeding verwerf. Korea se kurrikulum sluit keusevakke in, wat internasionale begrip, volhoubare ontwikkeling en interkulturele onderrig bevorder (UNESCO 2014).



© University of Pretoria

UNESCO se *Incheon Declaration and Framework for Action* (UNESCO 2015) skets hoe om die verbintenis wat in *Incheon* gemaak is, op lands-, streeks- en wêreldvlak in die praktyk te interpreteer en beoog om alle lande en vennote te mobiliseer rondom die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD) vir onderwys. Maniere word voorgestel om VOD4-Onderwys 2030 te implementeer, te koördineer, te finansier en te monitor om inklusiewe en billike kwaliteitonderwys en lewenslange leergeleenthede vir almal te verseker. Die raamwerk stel ook strategieë voor wat lande kan gebruik om gekontekstualiseerde planne en strategieë te ontwikkel, met inagneming van verskillende nasionale realiteite, vermoëns, vlakke van ontwikkeling sowel as nasionale beleid en prioriteite (UNESCO 2015).

Die tien belangrikste vaardighede wat van die werknemer in 2023 verwag word, fokus op kognitiewe vaardighede, selfdoeltreffendheid, bestuursvaardighede, tegnologiese vaardighede en die vermoë om saam met ander te werk. Samewerking met ander vereis empatie, aktiewe luister, leierskap en sosiale invloed, terwyl selfdoeltreffendheid eienskappe soos veerkragtigheid, aanpasbaarheid, selfmotivering, nuuskierigheid, betroubaarheid en aandag aan detail insluit (WEF 2023).

## 2.5 ONTWIKKELING VAN GLOBALE VAARDIGHEDE IN AFRIKA

Die 4IR hou groot uitdagings vir Afrika in (Ndung'u & Signé 2020). Baie ontwikkelende en onderontwikkelde nasies sukkel steeds met die derde industriële rewolusie (3IR), wat beteken dat hulle nie voorberei het vir die 4IR nie. Baie Afrika-nasies soos onder andere Niger, Togo, Lesotho, Nigerië, Ghana en Ethiopië, word beskou as deel van die groep nasies wat nie voorbereid is nie (Ndung'u & Signé 2020), terwyl Zambië maniere prioritiseer om die werklose jeug deel van die ekonomie te maak (Hichilema 2022). Nuwe beleggings sal help om vaardighede te ontwikkel sodat die jeug volwaardig aan die ekonomie kan deelneem (Hichilema 2022). 'n Goeie, stabiele en kwaliteit onderrigstelsel is dikwels sinoniem met ontwikkeling, en groot bedrae geld word jaarliks vir onderrig begroot. Die Verenigde Nasies se opvoedkundige, wetenskaplike en kulturele



© University of Pretoria

organisasie (UNESCO), beskou onderrig as een van die vernaamste instrumente vir sosiale en ekonomiese ontwikkeling.

Die bevordering van positiewe sosiale/kulturele waardes, omgewingsdiversiteit en geslagssensitiwiteit is aspekte van kwaliteitonderwys wat in die Keniaanse konteks beklemtoon word (ACER 2013). Tanzanië het geslagsensitiwiteit ook is as 'n aanwyser van kwaliteitonderwys begin ingesluit (ACER 2013), en het in 2005 die paradigmaskuif gemaak van kennisgebaseerde-, na vaardigheidsgebaseerde onderrig (Michael, Ndijuye, & Ephrem 2021). Hierdie paradigmaskuif sluit ’n pedagogiese skuif na leerdergesentreerde kurrikulumprosesse in. Die verwagting was om nie-formele sekondêre skoolverlaters te hê wat oor die bevoegdhede van die vyf ingesteldhede vir die toekoms beskik en suksesvol met die uitdagings van die 21ste eeu kan meeding (Gardner 2008). Die vaardighede behels nie net ’n gedissiplineerde gees nie, maar ook ’n sintetiserende, skeppende, respekvolle en etiese gees. Die leerdergesentreerde kurrikulum bevestig dat al die belangrike bevoegdhede wat uit die vyf ingesteldhede vir die toekoms voortspruit, teenwoordig is (Michael et al. 2021).

Uleanya en Ke (2019) beveel daarom aan dat die kurrikulums wat die aktiwiteite van onderrig en leer in opvoedkundige instellings in Afrika rig, hersien en aangepas moet word om by die behoeftes van die gemeenskappe te pas deur nuwe en relevante kursusse te ontwikkel wat probleemoplossers sal kweek en werkloosheid sal beperk. Opvoedkundige beleide moet hersien word om onderwysers en belanghebbendes vir die eise van hul gemeenskappe voor te berei. Leerders moet relevante gespesialiseerde onderwys met al die nodige fasiliteite kry in 'n poging om plaaslike behoeftes en eise te bevredig, terwyl globale standaarde in ag geneem word. Dit sal glokalisering, wat een van die komponente van die 4IR is, bevorder. Alle onderwysinstellings het hul eie institusionele en kulturele omgewings, en dit is belangrik om alle leerders te betrek om die kurrikulum en inhoud relevant vir hul persoonlike lewens te maak. Dit vereis byvoorbeeld 'n globale perspektief en geleenthede vir leerders om plaaslike voorbeelde van globale vraagstukke te identifiseer, deur alle gemeenskapslede in te skakel om dit op te los (Yu & Duchin 2022). Alle globale veranderinge begin dus by plaaslike optrede, en



© University of Pretoria

die erkenning dat daar altyd 'n onderliggende verband tussen plaaslike en globale prosesse is. Die idee van glokalisering vestig dus die aandag op die mate waarin die plaaslike en die globale omgewings mekaar beïnvloed (Sklad, Friedman, Park, & Oomen 2016).

Gehalte en verpligte basiese onderwys moet verseker word sodat alle burgers vir hulself sowel as vir die samelewing nuttig sal wees, eerder as om op ander mense en maatskaplike toelaes staat te maak. Innovasie-onderrig kan aangemoedig word deur navorsing wat poog om oplossings vir plaaslike behoeftes te bied, terwyl globale standaarde gebruik word en sodoende glokalisering in landelike gemeenskappe bevorder (Sklad et al. 2016). Digitale vaardighede, entrepreneurskap en ander relevante vaardighede sal werknemers bemagtig om nie net vir die 4IR relevant te wees nie, maar veral in hul gemeenskappe. Lewenslange leer help jou om relevant te bly en voorbereid te wees op hedendaagse sowel as toekomstige rewolusies (Sklad et al. 2016). Solank as wat die onderwyssektor van Afrika-lande daarop fokus om aan die eise van die 3IR te voldoen, bly die vasteland agter met betrekking tot die 4IR (Uleanya & Ke 2019).

Die integrasie van tegnologie word met versigtigheid benader aangesien baie regerings van mening is dat tegnologie die jeug van werksgeleenthede kan ontneem. Afrika-regerings moet egter juis nuwe vaardighede ontwikkel, wat sal verseker dat arbeid deur tegnologie ondersteun, eerder as vervang word. Kubersekuriteit en die ontwikkeling van fisiese en digitale infrastruktuur is noodsaaklik (Ndung'u & Signé 2020). Walters et al. (2014) ondersoek onderwysbeleidsoorwegings wat lewenslange leer in spesifieke Afrikalande sal bevorder. Die jeug van Afrika wil graag ten volle in die 21ste eeu integreer en benodig beter digitale dienste om te verhoed dat Afrika agtergelaat word (Travaly & Muvunyi 2020).

## 2.6 ONTWIKKELING VAN GLOBALE VAARDIGHEDE IN SUID-AFRIKA

'n Verslag deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO 2022) oor die vaardigheidsbehoeftes in Suid-Afrika, lewer bewyse dat die Suid-Afrikaanse arbeidsmark



© University of Pretoria

deur 'n hoë vlak van vaardigheidsongelykheid gekenmerk word. Die werkloosheidsyfer in Suid-Afrika is reeds die afgelope 15 jaar een van die hoogste in die wêreld (DHOO 2023). In kwartaal 3 van 2022 was die algehele werkloosheidskoers 32,9%, wat herstel het vanaf 34,9% in 2021 toe die impak van die Covid-19-pandemie ekonomiese aktiwiteit steeds beïnvloed het. Die kommerwekkende feit is dat meer as 'n derde (3,5 miljoen van jongmense tussen 15-24 jaar tans nie werk, onderwys of opleiding ontvang nie (NEET). Die meeste van hierdie jongmense bevind hulself in benadeelde gebiede, insluitend plattelandse gemeenskappe, waar werksgeleenthede beperk is (DHOO 2023).

Die hoë vlak van werkloosheid word deur vaardigheidstekorte vererger en lei tot ’n strukturele wanbalans tussen arbeidsaanvraag en -aanbod (DHOO 2022). Hierdie tekort kan aan opvoedingsvlakke toegeskryf word. Belangrike beleidsdokumente, soos die Nasionale Ontwikkelingsplan, die Menslike Hulpbronontwikkeling-strategie vir Suid-Afrika, die Witskrif vir Naskoolse Onderwys en Opleiding en die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingsplan, bevestig dat 'n verbetering in die kwaliteit van vaardighede krities is vir ekonomiese groei, en die grondslag lê vir die rasionalisering van vaardigheidsontwikkeling met planne om in strategiese industriële sektore te belê.

Dit is in hierdie konteks van wanbalanse tussen vraag en aanbod van vaardighede, dat die regering en sy vennote die skakeling tussen opvoeding en die arbeidsmark moet verstaan, en hoe om die aanbod van vaardighede en hulpbronne doelgerig te verbeter om op die behoeftes van die arbeidsmark te kan reageer (DHOO 2022). Die volgehoue hoë getalle Suid-Afrikaners wat NEET is, illustreer 'n sosiaal-plofbare situasie. Aangesien die jeug 'n fundamentele bate vir Suid-Afrika is, is dit van kritieke belang om hulle die vaardighede te bied wat nodig is vir gesonde ekonomiese en sosiale ontwikkeling, en vir die toekomstige volhoubaarheid van die land (DHOO 2023).

Die KABV vir Graad R-12 vorm die basis van die Suid-Afrikaanse skoolstelsel en gee uitdrukking aan die kennis, vaardighede en waardes wat in Suid-Afrikaanse skole geleer behoort te word. Hierdie kurrikulum het ten doel om te verseker dat leerders kennis en vaardighede ontwikkel wat betekenisvol in hul eie lewens sal wees. Die kurrikulum



© University of Pretoria

bevorder kennis van die plaaslike kontekste, terwyl dit sensitief vir die globale konteks is (DBO 2011), en skakel dus direk met die begrip “glokalisering” waarna Sklad et al. (2016) verwys.

Khosa (2011) beskou *Ubuntu* as Suid-Afrika se fokus op die ontwikkeling van globale vaardighede. *Ubuntu* is ’n Zoeloe-slagspreuk wat beteken dat ’n persoon ’n persoon is, as gevolg van ander en kan help om ’n gesamentlike identiteit, sowel as verbondenheid, deernis, empatie, nederigheid en aksie te beskryf.

In 2013 het ACER (The Australian Council for Educational Research), in opdrag van UNICEF en die DBO ’n verslag vrygestel nadat ondersoek ingestel is na die mate waarin Suid-Afrikaanse handboeke maatskaplike waardes weerspieël. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika beskerm die fundamentele waardes van menswaardigheid, gelykheid, menseregte en vryhede, nie-rassigheid, nie-seksisme, die regstaat en demokrasie, in sy stigtingsbepalings. Menseregte word uitvoerig beskryf en deur Hoofstuk 2 van die Grondwet beskerm. Die Manifes oor Waardes, Opvoeding en Demokrasie identifiseer demokrasie, sosiale geregtigheid en billikheid, nie-rassigheid en nie-seksisme, *Ubuntu* (menswaardigheid), 'n oop samelewing, verantwoordelikheid (aanspreeklikheid), respek, die regstaat en versoening as die fundamentele waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (HNKV) van 2002 erken veral die belangrike rol wat opvoeding en die kurrikulum speel om hierdie doelwitte te verwesenlik (ACER 2013).

Brian Schreuder, superintendent-generaal van die Wes-Kaapse onderwysdepartement, redeneer in Kenworthy en Kielstra (2015) dat Suid-Afrika se baie spesifieke uitdagings entrepreneurskap noodsaak vir diegene wat ’n oorlewingsbestaan voer. Die werkloosheidskoers vir werksoekende jongmense tussen 15 en 24 was in die laaste kwartaal van 2022 soveel as 61% (Trading Economics 2023). “Young people need streetwise skills, entrepreneurial skills, the ability to move in and out of work.” (Kenworthy & Kielstra 2015). Butler-Adam (2018) beklemtoon dat groter belangstelling in die 4IR in Suid-Afrika, onderwys in die algemeen, en veral op tersiêre opleiding behoort te



© University of Pretoria

beïnvloed. Die feit dat KI die grense tussen fisiese, digitale en biologiese domeine laat vervaag, impliseer dat mense nuwe tegnologie moet kan bemeester. In die Suid-Afrikaanse omgewing is die term digitale boorlinge slegs op ’n klein en uitgelese groep leerders van toepassing aangesien die meerderheid van Suid-Afrikaners ’n ernstige gebrek aan ervaring het en Czerniewicz en Brown (2010) verwys na hierdie leerders as digitale vreemdelinge. Die gemiddelde Suid-Afrikaner se digitale geletterdheid is sowat tien jaar agter die van ontwikkelde lande en dit is problematies, aangesien die meeste beroepe digitale vaardighede vereis (Engelbrecht & Genis 2019).

Kreatiwiteit, samewerking, innovering en entrepreneurskap vereis die vermoë om binne die werksomgewing te kan konseptualiseer, ontleed en toe te pas. Leerders moet aanpasbare probleemoplossers wees, hulself in die geskrewe en gesproke woord kan uitdruk, en etiese en morele besluite neem wat kunsmatige intelligensie nie binnekort sal kan doen nie. Belanghebbendes soos onderwysbeleidmakers, werkgewers, ouers, leerders en onderwysers moet bewus wees van die veranderende werksplek en die uitdagings wat dit inhou (Czerniewicz & Brown 2010). Reimers (2009) beweer dat gewone burgers nie voldoende deur skole en universiteite wêreldwyd voorberei word om die aard van globale uitdagings soos terrorisme, aardverwarming, die interaksie tussen mens en natuur, wêreldhandel, demografiese veranderings en globale konflik te verstaan nie. Gebrek aan globale vaardighede dra by tot groeiende konflik en dit ondermyn die ekonomiese mededingendheid van nasies waar hierdie vaardighede minder ontwikkel is. In die verlede is slegs ’n uitgesoekte groep leerders aangemoedig om vreemde tale te bemeester en belangstelling en dieper kennis van globale kwessies te ontwikkel. Hierdie kennis en vaardighede is deesdae noodsaaklik vir die meerderheid van die wêreldbevolking, eerder as net vir sekere leerders en daarom behoort dit nou die doel van massa-onderwys, eerder as van elite-onderwys te wees (Reimers 2009). Indien ons leerders werklik gaan voorberei om wêreldburgers te wees, moet ons die kritieke rol wat onderwys in wêreldburgerskap speel, in ag neem. Skole en onderwysers is agente om die onderrig van globale burgerskap te bevorder, en daarom moet beide leerders en onderwysers op plaaslike en globale maniere dink en optree (Putman & Byker 2020).



© University of Pretoria

Onderrig vir globale vaardighede kan indiensneming bevorder. Werkgewers poog toenemend om werknemers aan te stel wat maklik aanpas en in staat is om hul vaardighede en kennis toe te pas en na nuwe kontekste oor te dra. Werkgereedheid in 'n onderling verbonde wêreld vereis van jongmense om die komplekse dinamika van globalisering te verstaan, bereid te wees om mense van verskillende kulturele agtergronde te aanvaar, vertroue onder diverse spanlede te bou en respek vir ander te hê (Putman & Byker 2020; DHOO 2022; WEF 2023). Om ongelykheidsvlakke te verminder, behoort besighede 'n belangrike rol in kwalifikasiekurrikula en loopbaanrigtings te speel. Dit sal verseker dat leerders die vaardighede verwerf wat deur die arbeidsmark vereis word, wat hulle in staat sal stel om ’n langdurige en produktiewe loopbaan na te streef (DHOO 2022).

## 2.7 Die belangrikheid van Afrikaans as ’n eerste addisionele taal

Een van die vereistes om die Nasionale Senior Sertifikaat te verwerf, behels vaardigheid in minstens een addisionele taal. Volgens die minister van onderwys, Angie Motshekga (Businesstech 2020), is 6482 Suid-Afrikaanse skole Engels enkelmedium skole. Die meeste van hierdie skole bied Afrikaans EAT aan. Volgens die KABV (DBO 2011) behoort ’n eerste addisionele taal leerders in staat te stel om gepas en akkuraat, met inagneming van die teikengroep, doel en konteks, te kan kommunikeer. Op hierdie vlak kan die taal vir akademiese leer gebruik word en die leerder behoort met vertroue en genot te kan luister, praat, lees en skryf.

Lees word toenemend deel van 'n vinniger digitale- en skermgebaseerde kultuur. Nuus is 24/7 beskikbaar en sosiale media-terugvoer versprei binne sekondes wêreldwyd. Terselfdertyd kan disinformasie en fopnuus die oningeligte mens mislei. Alhoewel dit nie tot digitale inligting beperk is nie, word soveel meer inligting vinniger digitaal versprei. Leerders moet krities kan dink, die akkuraatheid van inligting kan assesseer en dit dan sinvol gebruik (OECD 2021). In die verlede moes leerders inligting in 'n ensiklopedie opsoek en kon op die akkuraatheid en betroubaarheid daarvan vertrou. Deesdae bied *Google* miljoene antwoorde sonder om die akkuraatheid daarvan te bevestig. Hoe meer



© University of Pretoria

kennis ons deur tegnologie kan bekom, hoe belangriker is die ontwikkeling van ’n dieper begrip, en die vermoë om dubbelsinnighede te hanteer, standpunte te vergelyk, en sin uit inhoud te maak. Geletterdheid in die 21ste eeu vereis dat die leser implisiete leidrade kan verstaan en oor die leesvaardigheid beskik om feite van menings te kan onderskei. Die internet versprei en versterk die impak van disinformasie. Leerders moet daarom leer om krities te dink en die akkuraatheid van inligting te beoordeel sodat hulle hul eie probleme kan oplos (OECD, 2021).

Terwyl woorde dikwels vertaling nodig het, en verskillend geïnterpreteer word, vereis beelde geen vertaling nie. Beelde praat oor landgrense en taalgrense, en oor tyd heen. Ons kan sukkel om die geskrewe taal, van vorige geslagte te interpreteer, terwyl die beelde wat teen grotmure geverf is, steeds diep in ons siele resoneer. Beelde dra betekenis oor op maniere waarmee woorde sukkel (Jake 2020). Daar is 'n toenemende neiging om inligting deur visuele middele oor te dra. Kaarte en grafieke toon die verband tussen stelle statistiese data; die geografie en topografie van ons landskap; en vloeidiagramme word gebruik om gesofistikeerde algoritmes visueel te demonstreer. Daarom speel beeldmateriaal 'n toenemend belangrike rol om inligting aan jongmense te kommunikeer. Iemand met 'n goeie vermoë om inligting uit grafika af te lei, kan inhoud uit 'n reeks lande en kulture verstaan, ongeag sy aanleg in die betrokke taal. Dit word 'n besonder belangrike vaardigheid vir internasionale kommunikasie wanneer jy byvoorbeeld die behoefte aan internasionaal herkenbare padtekens en verstaanbare naamborde by lughawens in ag neem. Grafiese inligting kan idees oor grootte en perspektief gee, wat lesers nie net in staat stel om iets te verstaan nie, maar ook visueel te ervaar (Jake 2020).

Kurrikulumontwerp en -ontwikkeling in die 21ste eeu, moet sekere beginsels, prosesse en produkte volg om betekenisvolle leer te skep. Hava (2018) identifiseer sewe beginsels wat ’n rol in kurrikulumontwerp behoort te speel: konstruktivisme, interdissiplinariteit, vaardighede vir die 21ste eeu, gemengde leer wat tegnologie insluit, onderrig-leerstrategieë en sosiale verantwoordelikheid. Die laaste stap, waar al die elemente gekombineer word, lei tot globale vaardigheid. VanPatten en Benati (2010) verduidelik



© University of Pretoria

dat mense en die meganismes wat hulle gebruik om tale aan te leer, nie van een konteks na die volgende verskil nie. Konteks kan egter wel die tempo van aanleer van die taal en die vlak van vaardigheid beïnvloed, maar die prosesse om ’n eerste addisionele taal aan te leer, bly dieselfde.

Geletterdheid verwys tradisioneel na die ontsyfering- en koderingsvaardighede wat nodig is om te lees en te skryf, deur gebruik te maak van alle letters en karakters van 'n vreemde alfabet of skryfstelsel binne die konteks van vasgestelde, reëlgedrewe, monomodale en statiese linguistiese elemente, maar die koms van die internet en digitale platforms het daartoe gelei dat geletterdheid in terme van gebruikerspraktyke binne spesifieke domeine en media, en binne breër sosiale, institusionele en historiese verhoudinge beskou word. Digitale geletterdheid sluit dus volgens Elola en Oskoz (2017) ook ander geletterdhede soos rekenaargeletterdheid, tegnologiese bevoegdheid, inligtingsgeletterdheid en hul ideologiese doeleindes in. Baie kontemporêre sosiale toepassings (bv. *wikis*, sosiale netwerke, blogs, ensovoorts) behels die inherente gebruik van skryfwerk. Elola en Oskoz (2017) identifiseer dit as 'n uitdaging vir tradisionele onderrigbenaderings wat geneig is om op linguistiese ontwikkeling te fokus. Leerders se skryfpraktyke is op maniere uitgebrei wat 'n dekade gelede onvoorstelbaar was en bied die geleentheid om nuwe skryfgenres te verken. Onderwysers eksperimenteer dalk af en toe met die gebruik van *wikis* vir die ontwikkeling van argumenterende opstelle, maar skryfonderrig behoort volgens die skrywers geherdefinieer te word om 'n 21ste-eeuse herwaardering van geletterdheid, skryfgenres en geassosieerde onderrigpraktyke in te sluit (Elola & Oskoz 2017).

Vaardigheid in ’n addisionele taal vorm dus die grondslag vir lewenslange leer en kan dien as ’n instrument vir kritiese en kreatiewe denke wat ’n rol kan speel om opinies oor etiese uitdagings en waardes uit te druk. Choo (2020) ondersteun hierdie stelling deur ’n holistiese taalkurrikulum te beskryf as ’n kurrikulum wat kritiese teksontleding en -betekenis ontwikkel, wat fokus op hoe stylmiddele betekenis deur taal oordra, maar ook met etiese betrokkenheid kyk na wie in die teks uitgebeeld word en hoe dit help om ander te verstaan, met hulle te empatiseer en by hulle betrokke te raak. Phillips (2018) fokus



© University of Pretoria

eerder op die holistiese bydrae wat vaardighede soos probleemoplossingsvaardighede, fokus en aanpasbaarheid tot die ontwikkeling van globale vaardighede kan lewer.

### 2.8 DIE BELANGRIKHEID VAN HANDBOEKE

Onderwysers en leerders gebruik handboeke daagliks as riglyn in die klaskamer. Daarom behoort handboeke toepaslik gebruik te word om bepaalde doelwitte te bereik. Muhammad Affan, Opik Dwi en Suhardi (2019) verduidelik dat handboeke eerstens 'n permanente rekord is wat dit moontlik maak om te meet wat geleer is. Daarbenewens dien die handboek as aanvulling tot onderrig in die klaskamer en kan vir onervare onderwysers idees oor die soort materiaal en tegnieke gee, terwyl materiaal sistematies georganiseer word. Die handboek behoort onderwysers en leerders dus te dien, maar nie hul meester te wees nie (Muhammad Affan et al. 2019). Mahmood, Iqbal en Saeed (2009) beklemtoon die invloed wat die inligtingsera op handboeke het en dat hersiening, toetsing en navorsing in die ontwikkeling van goeie kwaliteit handboeke noodsaaklik is, aangesien dit in ontwikkelende lande dikwels die enigste beskikbare leermateriaal is en onderwysers selde tyd het om self leermateriaal te ontwikkel.

Wanneer ’n handboek geëvalueer word, moet die toepaslikheid daarvan in verskillende kontekste ondersoek word (Maley & Tomlinson 2017). ACER (2013) se verslag in 2013 is in opdrag van die DBO en UNICEF vrygestel nadat Suid-Afrikaanse handboeke en werkboeke geëvalueer is. Alhoewel net die handboeke en werkboeke vir graad 3,6,9 en 10 geëvalueer is, is die kriteria steeds op alle handboeke van toepassing en die aspekte wat op hierdie studie van toepassing is, sal dus ook in ag geneem word. Die kriteria daarvoor is dus spesifiek op die Suid-Afrikaanse konteks gerig.

Vir die onderrig van ’n eerste addisionele taal word tekste dikwels vereenvoudig om sekere onderriguitkomste te bevorder, terwyl dit eintlik teorieë oor die aanleer en die realistiese gebruik van die taal buite die klaskamer, weerspreek. Die toepaslikheid van die taalgebruik in handboeke, kan leerders motiveer om meer positief te wees en daardeur hul kommunikasievaardighede te verbeter, mits die inhoud relevant en



© University of Pretoria

interessant is. Maley en Tomlinson (2017) verwys wel verder na navorsing waar die teenargument is dat sommige leerders juis sukkel om die oorspronklike tekste te verstaan.

Goeie kwaliteit handboeke is belangrik vir sowel leerders as onderwysers – dit maak dit vir onderwysers moontlik om op die verfyning van onderrig en die bevordering van betrekkende, effektiewe leer te fokus (Oates 2014; Muhammad Affan et al. 2019). Die handboek kan dus as verwysingsbron dien en word op verskillende maniere deur onderwysers gebruik. ’n Studie deur Reynolds en Farrell in 1996 (Oates 2014), het bevind dat onderwysers met die beste resultate, die belangrikheid van kwaliteithandboeke besef. Die rede hiervoor lê in die betroubaarheid daarvan, die samehang met kurrikulumdoelwitte en die waarde van goeie formatiewe assesserings. Dit stel die onderwyser in staat om op individuele leerders se vordering, eerder as op die ontwikkeling van leermateriaal, te fokus. Verder maak die feit dat Suid-Afrika 12 amptelike tale het, die onderrig van ’n eerste addisionele taal meer uitdagend en is dit belangrik om die teoretiese onderbou vir leer te verstaan (Richards 2014; Dreyer 2017).

Die meeste onderwysers maak staat op voorspellende evaluering en is nie eers bewus van die belangrikheid van retrospektiewe (deurlopende) evaluering nie (Laabidi & Nfissi 2016). Basiese kriteria vir evaluering vereis dat inligting akkuraat, regverdig en sonder vooroordele teenoor verskillende groepe in die gemeenskap sal wees om leerders aan te moedig om hul menings uit te spreek, terwyl dit kritiese denke ontwikkel.

’n Verskeidenheid interessante tekste (volledig, of as uittreksels) behoort ingesluit te word. Opdragte moet die inhoud ondersteun en die visuele tekste moet by die inhoud aansluit.

Inhoud moet sistematies ontwikkel word (toenemend meer uitdagend) en lewendig en vol persoonlike ervarings wees, met voldoende verwysing na die oorspronklike bronne (Laabidi & Nfissi 2016; Maley & Tomlinson 2017). Doelgerigte kommunikasie en debatte moet bevorder word en leerders motiveer om effektiewe lesers te word. Inligting oor



© University of Pretoria

eiesoortige kulture kan leerders help om die taal met die daaglikse lewe (lewensgetrou) in verband te bring en kognitief en affektief te betrek (Tarman & Kuran 2015). Skryftake behoort sinvol te wees en die prosesbenadering te volg. Gemiddeld een uit elke vier leerders (23%) in die OECD-lande voel dat hul onderwysers selde help om die verband tussen die stories wat hulle gelees het en hul lewens te identifiseer (OECD 2021). Luister-aktiwiteite is outentiek en uiteenlopend en kan leerders help om verskillende luistervaardighede te ontwikkel.

Die belangrikste grammatika-items is gepas vir die leerders se ontwikkelings- en leesvlak, word induktief aangebied, en is leerdergesentreerd . Tarman en Kuran (2015) voel dat leerders gelei moet word om self te ontdek sodat hulle kan leer om die taal so akkuraat, gepas en vlot moontlik te praat, terwyl Laabidi en Nfissi (2016) vlotheid belangriker as akkuraatheid ag. Bereikbare uitdagings help leerders om te dink, te voel en selfvertroue te ontwikkel (Tarman & Kuran 2015). Die woordeskat moet voldoende wees en geleentheid bied om praat en die uitspraak van woorde te oefen (Laabidi & Nfissi 2016).

Aktiwiteite behoort aktiewe betrokkenheid by die leerproses te vereis en met die kurrikulum te integreer (Mahmood 2011). Leerders behoort inligting te kan ontleed en krities daaroor te dink; dit wil sê deur te reflekteer, hipoteses te vorm, te ontleed, verifieer en te sintetiseer. Leerders behoort oor die inhoud te kan debatteer, terwyl daar vir formele en informele assessering voorsiening gemaak word (Mahmood 2011; Laabidi & Nfissi 2016). Tomlinson (2008) argumenteer dat taalhandboeke misluk in die doel om basiese vaardighede in ’n addisionele taal baas te raak en dat die fokus op linguistiese items geplaas word, eerder as op geleenthede om die taal aan te leer en te gebruik. Dit is die gevolg van eise wat deur gesagstrukture, ouers, uitgewers en leerders gestel word (Tarman & Kuran 2015).

Brookhart (2010) verdeel hoërorde-denkvaardighede in drie kategorieë, naamlik oordrag, kritiese denke en probleemoplossing, terwyl Conklin (2012) dit meer spesifiek as kritiese denke en kreatiewe denke beskryf. Beide Brookhart (2010) en Conklin (2012) erken die skakel tussen hierdie denkvaardighede en Bloom se hersiene taksonomie. Hierdie



© University of Pretoria

taksonomie kan ’n sinvolle bydrae lewer tot die evaluering van die denkvaardighede wat in ’n handboek ontwikkel word. Handboeke behoort onderwysers van onderrigidees en -planne te voorsien en leerders te help om hoërorde-denkers te word (Tarman & Kuran 2015). In hierdie navorsing sal ek Bloom se hersiene taksonomie gebruik om die vraagstelling te ondersoek wat hoërorde-denke behoort te ontwikkel. ’n Multigeletterdheidsbenadering kan ’n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van globale vaardighede lewer en die teoretiese lens wees by die ondersoek na die ontwikkeling van globale vaardighede in ’n handboekreeks vir leerders in die Afrikaans EAT-klas.

Hierdie benadering sal vervolgens as die teoretiese onderbou vir hierdie ondersoek na die ontwikkeling van globale vaardighede, in ’n Afrikaans EAT-handboekreeks, bespreek word.

## 2.9 MULTIGELETTERDHEID AS TEORETIESE RAAMWERK

In hoofstuk 1 word agtergrond oor die NLG se ontstaan gegee. Hier word die belangrikheid en relevansie van die raamwerk bevestig terwyl die gebruik daarvan in my navorsing verduidelik word.

Met geletterdheid wat voortdurend groei en uitbrei, is daar 'n behoefte om materiaal aan onderwysers beskikbaar te stel, wat hulle opvattings en begrip van multigeletterdheid sal ondersteun. Die NLG (NLG 1996) het geargumenteer dat die instandhouding van geletterdheid-gebaseerde onderrig in klaskamers 'n beroep doen op die komplekse integrasie en interaksie van vier pedagogiese komponente wat nie hiërargies of liniêr is nie, en soms kan oorvleuel (Warner & Dupuy 2018).

*Gesitueerde werklikheid*, steun op ervaring van betekenisgewing in spesifieke kontekste. Hierdie betekenisgewing is uniek en outentiek vir elke leerder. *Gesitueerde werklikheid*-aktiwiteite lei leerders om hul ervarings aan te wend, terwyl hulle betrokke is by regte aktiwiteite wat met tekste verband hou (Warner & Dupuy 2018). Die tweede komponent,



© University of Pretoria

*openlike onderrig*, ontwikkel 'n eksplisiete metataal vir aktiewe steierwerk. In *openlike onderrig*-aktiwiteite ontwikkel leerders, deur die aktiewe betrokkenheid van die onderwyser, 'n metataal van ontwerp sodat hulle beter in staat is om vorm-betekenisverbande te herken, te verstaan hoe tekste saamgestel is, en raak te sien hoe idees aangebied word (Warner & Dupuy 2018). Die *kritiese raamwerk* maak sin uit *gesitueerde werklikheid* en *openlike onderrig* deur die sosiale kontekste en doeleindes wat met betekenisgewing verband hou te interpreteer. *Kritiese raamwerk*-aktiwiteite help leerders om betekenisse aan hul sosiale kontekste en doelwitte te verbind, om konstruktiewe kritiek op dit wat hulle leer, te lewer, en om die implikasies daarvan in ag te neem (Warner & Dupuy 2018). Die doel is om *veranderde werklikheid* in werking te stel, waar leerders (as betekenismakers) ontwerpers word en nie net gebruikers bly nie en onderwysers nie meer net dikteerders is van wat leerders moet dink en doen nie (Boche 2014). In *veranderde praktyk*-aktiwiteite demonstreer leerders hul vermoë om die kennis wat hulle deur *openlike onderrig* en *kritiese raamwerk*-aktiwiteite ontwikkel het, reflektief op ’n nuwe en kreatiewe wyse (met hul eie doelwitte en waardes in gedagte) toe te pas.

Die ondersoek en aanpassing van beskikbare en toepaslike tegnologieë en die skep van hersiene tekste deur 'n proses van kritiese refleksie, is dus noodsaaklik. Geletterdheid behels meer as ’n stel reëls wat aangeleer moet word. Geletterdheid stel mense eerder in staat om sin uit dinge te maak (Leland & Kasten 2002). Die NLG beskou multigeletterdheid as ’n voortdurende en aanvullende proses wat die verbetering of aanpassing van gevestigde geletterdheidsonderrig, eerder as die vervanging van tradisionele praktyke voorstel (Rowsell, Kosnik, & Beck 2008). Multigeletterdheid erken beide die toenemende kulturele en linguistiese diversiteit in die nuwe geglobaliseerde samelewing en die nuwe verskeidenheid tekssoorte van veelvuldige kommunikasietegnologieë. Daar is ’n dringende behoefte aan nuwe vaardighede om suksesvol in die veranderende geletterde en toenemend gediversifiseerde sosiale omgewing te funksioneer. Die NLG voer aan dat om relevant (toegerus met 21ste eeuse vaardighede) te wees, spesifieke vaardighede vereis. Leerders moet ook op die verskillende mediums en modusse in hul leefwêreld kan reageer. Onderwysers het nuwe



© University of Pretoria

kennis nodig wat hierdie wisselende en veelvuldige diskoerse weerspieël. Hierdie groot verskuiwing van tradisionele geletterdheid (gedrukte media) na 21ste eeuse multigeletterdheid weerspieël die impak van kommunikasietegnologieë en multimedia op tekste, sowel as die vaardighede en ingesteldhede wat met die gebruik, produksie, evaluering en verspreiding van hierdie tekste geassosieer word (Borsheim, Merritt, & Reed 2008).

Die groep argumenteer verder dat die fundamentele doel van onderwys is dat alle leerders voordeel uit leer trek sodat hulle ten volle in die openbaar, gemeenskap en ekonomie kan deelneem. Benaderings verwys dan na onderrig- en leerverhoudings wat die potensiaal vir leer skep en tot volle en gelyke sosiale deelname behoort te lei. Die multigeletterdheidsraamwerk maak dus voorsiening vir die ontwikkeling van globale vaardighede wat die leerder in die 21ste eeu benodig (NLG 2000).

Die multigeletterdheidsraamwerk (NLG 1996; Cope & Kalantzis 2009), 'n teoretiese benadering wat ideologiese, sosiaal-georiënteerde modelle van geletterdheid weerspieël, kan toegepas word in die konteks van ’n eerste addisionele taal. Menke en Paesani (2019) identifiseer drie dimensies van geletterdheid. Die *taaldimensie* behels begrip van taalvorme en konvensies en hoe dit gebruik word om betekenis oor te dra; die *kognitiewe dimensie* sluit die vermoë in om afleidings te maak, krities te dink en op die leerproses te reflekteer; en die *sosio-kulturele dimensie* behels bewustheid van die sosiaal- en kultureel-situasionele aard van taal en kommunikasie. Multigeletterdheid is een benadering om hierdie dimensies van geletterdheid in die werklikheid te toets en bied 'n struktuur vir beplanning van onderrig en assessering (Menke & Paesani 2019). Anstey en Bull (2018) verwys na studies wat poog om onderwysers te help om diversiteit en ongelykheid aan te spreek; om leerders van multimodale tekste te leer, wat deur tradisionele, nuwe en veranderende tegnologie gelewer word; en te bepaal hoe multigeletterdheid op die kurrikulum van toepassing is en spesifieke maniere waarop dit beplan en onderrig kan word. Genis verwys byvoorbeeld in Engelbrecht en Genis (2019) na die omgekeerde klaskamer, waar multigeletterdheid prakties toegepas word deurdat leerders voorbereid na die klas kom en geletterdheid sodoende buite die klaskamer



© University of Pretoria

bevorder word. Leerders word dus vir die toekoms voorberei deurdat hulle sosiaal en kultureel aktief kan deelneem en hul werk, burgerlike en private lewens as ontwerpers van hul eie sosiale toekoms kan bestuur (Anstey & Bull 2018).

Multigeletterdheid is dus 'n algemene teoretiese lens waardeur multimodale geletterdheid bestudeer word (Anderson 2013), met inagneming van die NLG en ander (Cope & Kalantzis 2009) wat argumenteer dat tekste en betekenisskepping vloeibaar is, sosio-histories gevorm is, en binne ’n bepaalde konteks saamgestel is. Gestandaardiseerde, vaardigheidsgeoriënteerde assesserings wat wêreldwyd in skole voorkom, kan dikwels nie leerders se begrip en vermoë om betekenis uit veelvuldige modusse te skep toets nie, aangesien assesserings dikwels eerder kodering en dekodering toets (Towndrow, Nelson, & Yusuf 2013) en aspekte soos patrone in, assosiasies met, en interpretasie van verskillende betekenisse en kontekste afgeskeep word (Bickmore & Christiansen 2010). Hierdie verouderde vorme van assessering gee nie erkenning aan die tipe hulpbronne wat gebruik word, betekenis gee en komplekse vorme van multimodale samestelling wat moontlik is nie. Kritiek teen die ontoereikendheid van tradisionele assesserings om prosesse en uitkomste vanuit 'n multigeletterdheidsperspektief te verstaan (Curwood 2012), word bevestig. Vir die doel van hierdie navorsing word die raamwerk van multigeletterdheid gebruik wanneer die ontwikkeling van globale vaardighede in ’n veelgebruikte handboekreeks (gebaseer op die KABV) ondersoek word. Hierdie vaardighede en geletterdheid word met tegnologieë en leerders se buiteskoolse vermoëns geassosieer en vereis “genuanseerde en kritiese begrip van hierdie tegnologieë en die geletterdheid waarmee hulle geassosieer word” (Swenson, Young, McGrail, Rozema, & Whitin 2006, p. 353).

## 2.10 Samevatting

Die NLG se werk is vandag selfs meer relevant en die uitdagings soveel groter. Baie van die werksgeleenthede wat tans bestaan, gaan verdwyn en nuwes sal ontwikkel. Dit is daarom belangriker as ooit vantevore om leerders vir die toekoms voor te berei. Anstey



© University of Pretoria

en Bull (2018) brei dus die oorspronklike twee doelwitte met geletterdheid uit, deur by te voeg dat dit in ’n wêreld gaan gebeur, wat ons ons nie eens kan voorstel nie. Daar is dus ’n nou verband tussen multigeletterdheid, die veranderende werklikheid in die werkplek en die implikasies daarvan op onderwys. Onderwysers moet leerders met die nodige vaardighede toerus om suksesvol as agente van verandering aan die ontwerpproses deel te neem. Die ondersoek van hierdie werklikhede is dus van kardinale belang om die onderrig en bydrae van ’n addisionele taal in ’n veranderende wêreld te verstaan.

| Literatuurstudie | |
|---|---|
| | Globale vaardighede in verskillende omgewings |
| | Die 4IR en globale vaardighede |
| | Globale vaardighede in Afrikaans EAT |
| | Globale vaardighede in Afrikaans EAT-handboeke |
| | Multigeletterdheidsraamwerk |

**Figuur 2.3 Raamwerk van die literatuurstudie**

Figuur 2.3 voorsien ’n raamwerk waarvolgens die literatuurstudie gedoen is. In Hoofstuk 3 word ’n uiteensetting van die navorsingsproses en -metodologie gegee.




© University of Pretoria

# HOOFSTUK 3

# METODOLOGIE

## 3.1 INLEIDING

Die definisies en die bydrae wat handboeke tot die ontwikkeling van globale vaardighede in die Afrikaans EAT-klaskamer speel, is in Hoofstuk 2 vasgelê. In hierdie hoofstuk sal ek die navorsingsproses en die paradigmatiese aannames wat my denkprosesse gelei het, beskryf. Die navorsingsontwerp, die metodologie wat toegepas is en hoe die data vasgelê en ontleed is, word bespreek, waarna die etiese oorwegings en kwaliteitsversekering verduidelik word. Figuur 3.1 gee 'n visuele voorstelling van die navorsingsproses wat gevolg word. Die navorsingsproses het ten doel om vas te stel tot watter mate ’n handboekreeks vir Afrikaans EAT ’n bydrae tot die ontwikkeling van globale vaardighede lewer. Die ontwikkeling van hierdie vaardighede word deur die KABV vereis en word daarom ook in die NSS-eindeksamen getoets. Die paradigmatiese en epistemologiese perspektiewe wat die konseptualisering en metodologie van hierdie ondersoek vorm, word bespreek, waarna die inhoudsontleding aangespreek word. Daarna word die navorsingsmetodologie en die rol van die navorser in hierdie proses bespreek. Die betroubaarheid van die data en toepaslike etiese oorwegings word daarna in oënskou geneem.




**Figuur 3.1 Die navorsingsproses**



© University of Pretoria

## 3.2 PARADIGMA

Paradigmas verteenwoordig dit wat ons van die wêreld dink, maar nie kan bewys nie. Daarom word ons navorsing op hierdie paradigmas gebaseer en dit dien dus as die lens waardeur die realiteit geïnterpreteer word (Joubert et al. 2016). Alhoewel die gevolgtrekking betekenisvol en funksioneel uiteengesit word, beskou Maree (2020) dit as kultureel subjektief. Dit beteken dat mense uit verskillende kulture tot verskillende gevolgtrekkings mag kom. Die filosofiese onderbou van navorsing sal die ontleding van die data bepaal en dit is dus noodsaaklik dat die paradigmatiese aannames reeds voor die aanvang van die navorsing bepaal word (Joubert et al. 2016; Maree 2020) en as raamwerk tydens die navorsingsproses sal dien. Kwalitatiewe navorsing word op woorde en betekenis, eerder as op statistiese data gebaseer (Joubert et al. 2016; Cohen, Manion, & Morrison 2018) en behels ’n indiepte-ondersoek na die verskynsel (Joubert et al. 2016). Dit is dus prosesmatig en nie ’n eksakte meting van veranderlikes nie, maar gerig op die sosiale en kultuur-historiese agtergrond waarin die data ingebed is (Joubert et al. 2016). Deesdae word visuele data ook gebruik, aangesien visuele beelde ook met betekenis gelaai is. Maree (2020) wys verder daarop dat navorsers dikwels die konsepte interpretivisme en kwalitatiewe navorsing uitruilbaar gebruik. Alhoewel alle vorme van navorsing interpretasie vereis, is alle navorsing nie interpretivisties nie (Cohen et al. 2018).

In Hoofstuk 1 het ek die gebruik van die interpretivistiese paradigma as my navorsingsontwerp gemotiveer. Aangesien gedrag deur sosiale konvensies beïnvloed word, is interpretasie nodig; die feite spreek nie vanself nie (Maree 2020). Die interpretivistiese lens veronderstel dat individuele interpretasies en betekenisse van die wêreld rondom hulle die grondslag van die sosiale realiteit vorm. Hierdie benadering beklemtoon die belangrikheid van kwalitatiewe navorsing, wat probeer om te verstaan en te beskryf hoe mense hul wêreld sien en hoe hul betekenis aan hul ervarings gee (Cohen et al. 2018; Maree 2020). Die interpretivistiese benadering beklemtoon die belangrikheid van sosiale konteks en subjektiewe interpretasie en word deduktief gedoen deur by ’n



© University of Pretoria

hipotese te begin wat voorspellings oor die spesifieke situasie maak en dit daarna deur logiese en gestruktureerde data-insameling te toets (Joubert et al. 2016). Deduktiewe navorsing volg dus voorafbepaalde stappe om objektiwiteit sover moontlik te verseker (Maree 2020).

## 3.3 Ontologie

Ontologiese veronderstellings lei tot epistomologiese veronderstellings, wat weer tot metodologiese oorwegings lei. Die "werklikhede" wat geïdentifiseer word, is niks meer as mensgemaakte konstrukte wat nuttig kan wees om subjektiewe betekenisse uit data te verkry nie (Joubert et al. 2016; Leedy, Ormrod, & Johnson 2021). Interpretiviste fokus op mense se subjektiewe persepsies en interpretasies van verskeie verskynsels, insluitend hulle gedrag, groepprosesse en kulturele praktyke. Aangesien daar verskillende werklikhede bestaan, sal bevindinge deur beide die konteks en die mens se wêreldbeskouing beïnvloed word. Ontologie bestudeer dus die bestaan, aard en wese van hierdie werklikhede (Joubert et al. 2016; Cohen et al. 2018; Maree 2020). Dit ondersoek die fundamentele aard van werklikhede en stel vrae oor wat bestaan, hoe dinge bestaan, en hoe hulle met mekaar verband hou. Vanuit 'n hermeneutiese (kuns van verstaan) perspektief skep 'n navorser 'n "werklikheid" met sy of haar interpretasies van 'n teks wat verskaf word deur die onderwerpe van die navorsing; navorsers met verskillende agtergronde kan tot merkwaardig verskillende gevolgtrekkings kom (Cohen et al. 2018; Maree 2020).

'n Kwalitatiewe benadering impliseer dat die inhoudsontleding van voorgeskrewe handboeke, NSS-eindeksamenvraestelle en die KABV, subjektiewe gevolgtrekkings tot gevolg kan hê wat nie as die enigste waarheid gesien kan word nie, maar wel iets wat deur my eie konteks, ervaring en wêreldbeskouing beïnvloed kan word (Joubert et al. 2016). Dit beteken egter nie dat sekere waarhede nie deur die navorser getoets en geverifieer kan word nie (Maree 2020).



© University of Pretoria

## 3.4 EPISTEMOLOGIE

Terwyl ontologiese afleidings die soort realiteit ondersoek, het epistemologie te make met hoe hierdie waarhede vasgestel kan word (Joubert et al. 2016; Maree 2020). Inhoudsontleding is volgens Khaldi (2017) nie-interaktief. Dit bestudeer verskeie vorme van menslike kommunikasie, insluitend boeke. Inhoudsontleding is ontwerp om spesifieke kenmerke, soos verbale, visuele, gedragspatrone, temas of vooroordele te identifiseer en moet voortdurend aan die literatuurstudie gekoppel word om sin van die data te maak (Joubert et al. 2016).

Inhoudsontleding is ’n baie aanpasbare metode wat op ‘n verskeidenheid media van toepassing gemaak kan word. Hierdie metode is dus uiters geskik vir die doel van hierdie navorsing waar ’n handboekreeks ontleed word en ’n model voorgestel word om spesifieke aspekte van die inhoud daarvan op te teken. Teks en visuele elemente word in beheerbare eenhede opgebreek en gesintetiseer deur patrone te identifiseer wat sinvol tot die beantwoording van die navorsingsvraag sal bydra (Joubert et al. 2016). Dit word beskryf as 'n nie-reaktiewe metode omdat voorafkennis volgens Khaldi (2017) nie beskikbaar is nie, maar ondersoek ingestel sal word oor hoe globale vaardighede of multigeletterdheid in hierdie handboekreeks en die KABV ontwikkel en vervolgens in die NSS-eindeksamenvraestelle getoets word. Data word dus gekodeer en verbind om kategorieë te vorm wat tot die identifisering van temas lei (Joubert et al. 2016). Figuur 3.2 gee ’n samevatting van my persoonlike epistemologieë.

| Realiteit is subjektief en veelvuldig | Kwalitatiewe data deur interpretasie | Geldigheid |
|---|---|---|
| • persoonlike ervaring en interpretasie<br>• veelvuldige gevolgtrekkings | • handboeke, KABV en vraestelle<br>• tydens data-ontleding vorm 'n idee<br>• vooroordele en selfrefleksie | • multigeletterdheid<br>• globale vaardighede<br>• Bloom se hersiene taksonomie |

**Figuur 3.2: Bepaling van persoonlike epistemologieë**



© University of Pretoria

## 3.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Metodologie is 'n navorsingstrategie wat ontologiese en epistemologiese beginsels kombineer om te wys hoe die navorsing gedoen gaan word (Leedy & Ormrod 2020; Maree 2020). Die metodes vorm die instrumente waarmee die navorser inligting oor die sosiale realiteit van individue, groepe, visuele media, artefakte, tekste, sosiale media en die internet insamel (Joubert et al. 2016). Die metodologie het daarom ten doel om die teorie of paradigma met die metode van data-insameling te versoen en sluit die insameling, ontleding, beskrywing en verduideliking van die fenomeen in (Maree 2020).

Om die effektiwiteit van ’n handboek in ’n bepaalde konteks te bepaal, vereis spesifieke kriteria. ’n Studie deur Laabidi en Nfissi (2016) ondersoek spesifieke vrae in terme van die fisiese voorkoms en formaat, bykomende materiaal, effektiwiteit en relevansie van die inhoud en aktiwiteite, sowel as die insluiting van verskeie kulture. Verder word aspekte soos taalvaardighede wat ontwikkel word, grammatika sowel as taalonderrigmetodes, oorweeg. Vir die doel van hierdie studie sal die steekproef op spesifiek geïdentifiseerde kriteria fokus wat die navorsingsvrae sal beantwoord.

Alhoewel ek nie deelnemers gebruik nie, sal die leergeleenthede vanuit 'n leerder se perspektief geëvalueer word. Die toepaslikheid van die insameling, ontleding, beskrywing en verduideliking van die fenomeen sal vervolgens bespreek word.

### 3.5.1 Inhoudsontleding

Deduktiewe inhoudsontleding word meestal met die positivistiese paradigma geassosieer (Maree, 2020), terwyl interpretivisme in natuurlike omgewings uitgevoer word om die probleem op die beste moontlike manier te verstaan. Hier word ’n inhoudsontleding gedoen deur die ontleding van taaldata as voorbeelde van sosiale verskynsels, waar taal as kommunikasie, praktyk of selektiewe konstruksies beskou word, wat uit aangeleerde sosiale betekenisse voortvloei (Taylor 2013). Taylor (2013) identifiseer verder drie



© University of Pretoria

benaderings tot betekenis, naamlik die verkenning van sosiale betekenisse as stelsels wat oor tyd ontwikkel het; die studie van betekenisvolle praktyke, soos uitnodigings, verklarings, dreigemente, ensovoorts; en derdens die gebruik van taal vir die kommunikasie van betekenisse.

Interaksioniste (Angermuller, Maingueneau & Wodak 2014) fokus op die manier waarop mense, deur interaksie met ander, betekenis aan hul omgewing gee. Hulle beklemtoon die sosiale konstruksie van realiteit en hoe dit deur sosiale interaksie gevorm word. Die betekenis van sosiale situasies is dus nie objektief of vasgelê nie, maar word eerder deur die interpretasie en onderlinge verstaan tussen mense bepaal. Interaksioniste ondersoek die rol van kommunikasiepatrone, rolle, norme en gemeenskaplike interpretasies binne sosiale kontekste. Gebare, verbale en geskrewe taal word gebruik om die situasie te definieer, naamlik wie die deelnemers is, hoe hulle met mekaar verbind is, asook die spesifieke betekenis daarvan (Angermuller et al. 2014). Daarom dui diskoerspraktyke die simbolies bemiddelde aktiwiteit van voortdurende konstruksie van die sosiale orde aan. Dit kan nooit heeltemal vooraf gedefinieer word nie en moet dus in werklike tyd verwerk word. Die sosiale orde ontstaan dus as 'n produk van diskoerspraktyke wat nie gereduseer kan word tot enige gegewe kode, struktuur of grammatika nie (Angermuller et al. 2014).

Die verband hiervan met die pilare van multigeletterdheid is voor die hand liggend. Hyland en Paltridge (2011) verduidelik dat inhoudsontleding na die eienskappe van natuurlike taalgebruik deur ware taalgebruikers kyk, eerder as na abstrakte taalsisteme en vervaardigde voorbeelde. Die fokus is op groter eenhede, soos teks, diskoers, gesprekke, spraakhandelinge of kommunikatiewe gebeure, eerder as geïsoleerde woorde en sinne. Die uitbreiding van taalkunde sluit aksie en interaksie in, asook nie-verbale aspekte van interaksie en kommunikasie, soos gebare, beelde, flieks, die internet en multimedia. Die funksies van sosiale, kulturele, situasionele, en kognitiewe kontekste van taalgebruik word bestudeer (Hyland & Paltridge 2011).



© University of Pretoria

In hierdie studie sal deduktiewe inhoudsontleding met interpretivisme gekombineer word wanneer die multigeletterdheidsraamwerk as ’n maatstaf vir die ontwikkeling van globale vaardighede gebruik word. Die patrone van taalgebruik, insluitend die manier waarop sprekers taal gebruik om hulself en ander te posisioneer, die kulturele en ideologiese aannames wat taalgebruik onderlê, en die magsverhoudings wat in kommunikasie bestaan, word in spesifieke tekste nagespeur. Spesifieke gedeeltes uit die handboekreeks en NSS-eindeksamenvraestelle word ondersoek om vas te stel hoe leerders se globale vaardighede ontwikkel en getoets word. In die handboekreeks word gekyk na visuele geletterdheid (strokiesprente, advertensies en grafika) sowel as temas en inhoud van begripstoetse wat in Afdeling A van Vraestel 1 van die NSS-eindeksamenvraestel geassesseer word. Alle voorbeelde van visuele data met die spesifieke doel om die interpretasie daarvan te toets, word in die graad 10-12 EAT-handboekreeks geïdentifiseer en die verband daarvan met multigeletterdheid, word aangedui. Die relevansie en lewensgetrouheid van temas in begripstoetse, vir leerders in die 21ste eeu, word ondersoek. Tekste behoort relevant en interessant te wees, terwyl dit lewensgetrou bly. Ek besef dat daar meer as een realiteit is (Maree, 2020), en dat die interpretasie van beide die visuele en die geskrewe teks deur die spesifieke konteks sowel as my persoonlike *gesitueerde werklikheid* beïnvloed word.

### 3.5.2 Raamwerk

Die NLG het in 1994 reeds die onderrig van geletterdheid in ’n snelveranderende gemeenskap begin ondersoek om vas te stel hoe onderrig op die toenemend sosiale en kulturele diversiteit moes reageer, terwyl die wêreld kleiner en meer mobiel word en taal maar net een van baie kommunikasiekanale was (Anstey & Bull 2018; Warner & Dupuy 2018).

Die feit dat tegnologie meer gesofistikeerd en toeganklik geword het, het geïmpliseer dat geletterdheid nie meer net die verwerwing van taalvaardighede behels nie, maar dat inligting ook deur gebare, beelde, klank en ruimte oorgedra word. Die taalvaardige leerder



© University of Pretoria

behoort dus elkeen van hierdie modusse te verstaan en te gebruik om die teks wat tegnologie produseer (film, beelde en klank) te kan "lees" en skep (Anstey & Bull 2018). Ten spyte van tegnologiese vooruitgang en die internet, is die beduidende rol van handboeke in onderrig egter nie beïnvloed nie. Handboeke kan as 'n sillabus en inhoud vir onderrig dien sodat onderwysers aan ander aspekte van onderrig aandag kan gee (Tomlinson 2008; Richards 2014; Yu 2018). Tomlinson (2008) beklemtoon die belangrikheid van handboeke in taalonderrig en -leer deur te beweer dat handboeke leerders kan help om kommunikasievaardighede te ontwikkel. Materiaal moet dus lewensgetrou aangebied word sodat leerders emosioneel en kognitief betrek word. Handboeke kan verder ook 'n balans bring tussen taal- en ander vaardighede wat onderrig moet word, terwyl dit die kurrikulum ondersteun en onderwysers help om oor die beplanning en onderrig van hul lesse te besluit (Richards 2014).

Alhoewel die NLG se raamwerk feitlik drie dekades gelede reeds ontwikkel is, is hul werk vandag selfs meer relevant en die uitdagings soveel groter. Die toekoms is onvoorspelbaar en leerders behoort daarom juis vir hierdie uitdaging voorberei te word (Anstey & Bull 2018). Daar is dus 'n nou verband tussen multigeletterdheid, die veranderende praktyke in die werkplek en die implikasies daarvan op onderwys.

Die pilare van multigeletterdheid word daarom as raamwerk gebruik om die ontwikkeling van globale vaardighede te ondersoek en die navorsing beoog om nie net vas te stel hoe die KABV leerders vir die ontwikkeling van multigeletterdheid of globale vaardighede voorberei nie, maar ook hoe en of hierdie vaardighede in die eindeksamenvraestel getoets word. Daarmee saam, is dit nodig om vas te stel hoe 'n veelgebruikte goedgekeurde handboekreeks vir Afrikaans EAT, leerders vir hierdie vraestel voorberei. Die navorsingsprobleem sal 'n beter oorsig oor die fokus van die studie gee en dus die navorsingsvrae beïnvloed.



© University of Pretoria

## 3.6 NAVORSINGSPROBLEEM

Die 21ste eeu het 'n toenemende behoefte aan globale vaardighede meegebring, as gevolg van die impak van tegnologie en die komplekse aard van sosiale, ekonomiese en akademiese lewens. Skole behoort op die ontwikkeling van hierdie vaardighede te fokus, wat verder as die tradisionele inhoudsgerigte benadering strek. In die konteks van die KABV en die NSS-eindeksamen is daar 'n behoefte om te bepaal hoe globale vaardighede in Afrikaans EAT-handboeke vir hoërskoolleerders ontwikkel word. Hierdie handboeke speel 'n kritieke rol in die voorbereiding van leerders vir die eksamen, wat assessering van die nodige vaardighede vir die suksesvolle deelname aan die wêreld daarbuite behels. Handboeke en werkboeke word al lank as 'n kritieke uitdaging binne die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel beskou. Besorgdheid oor die kwaliteit en doeltreffendheid van die handboeke wat deur onderwysinstellings gebruik word, word deur die Handboekontwikkelingsinstituut beskryf as die mees verwaarloosde en onderskatte faktor wat die kwaliteit van onderwys in Suid-Afrika beïnvloed. Onderwysers word dikwels vir die swak standaard van onderwys in die land blameer. Min aandag word egter aan die swak standaard of kwaliteit van hulpbronne, veral handboeke, waarmee onderwysers moet werk, gegee (ACER 2013).

Die navorsing het ten doel om die inhoud en benadering van die handboeke te ontleed en te bepaal hoe globale vaardighede geïntegreer word, en of dit die leerders effektief vir die NSS-eindeksamen voorberei. Die studie fokus ook op die belangrikheid van selfgerigte leer en die leerder se verantwoordelikheid om tot volhoubaarheid by te dra.

Geletterdheid is noodsaaklik vir deelname aan die moderne wêreld en Hanemann (2017) identifiseer die uitdagings as die verskeidenheid tale en die multikulturele aard van die Suid-Afrikaanse bevolking. In 2006 het Suid-Afrikaanse leerders die laagste tellings in die *Progress in International Reading Literacy Study*, wat leesvaardigheid in Graad 4 toets, behaal. In 2007 was Suid-Afrika agtste uit 15 deelnemende lande in ’n studie deur SACMEQ (Southern and Eastern Africa Consortium for Monitoring Educational Quality),



© University of Pretoria

met ’n laer telling as Botswana, Tanzanië, Zimbabwe en Namibië. Suid-Afrika se eie 2011 *Annual National Assessment* (ANA) dui daarop dat slegs 31% van Graad 3 en 15% van Graad 6-leerders ’n telling bo 50% behaal. Hierdie toetse is in leerders se huistaal afgelê. Hanemann (2017) is van mening dat leerders se vaardigheid in ’n addisionele taal selfs swakker sou wees.

Handboeke speel ’n belangrike rol in die ontwikkeling van die vaardighede wat die leerder benodig om sinvol in die gemeenskaplike belang op te tree. Aktiwiteite in handboeke behoort dus multigeletterdheid te bevorder deur dinamies en in voeling met die nuutste werklikheid te wees. Hieruit is dit moontlik om die navorsingsprobleem te verfyn sodat vasgestel kan word hoe die ontwikkeling van globale vaardighede in Afrikaans EAT-handboeke vir hoërskoolleerders in die konteks van die KABV en die NSS-eindeksamen neerslag vind.

## 3.7 NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingsontwerp identifiseer die stappe wat 'n navorser tydens die navorsingsproses neem, en beïnvloed die logika wat die ontwerp tot ’n eenheid bind (Joubert et al. 2016; Cohen et al. 2018; Maree 2020). Die logika beïnvloed beide die doeltreffendheid van die stappe en die objektiwiteit van dataverwerking. Die ontleder kan daarom verantwoording doen oor hoe die navorsing uitgevoer is. Die navorsingsontwerp behoort nie net verstaanbaar te wees nie, maar ook herhaalbaar (Leavy 2017; Krippendorff 2019) en daarom moet die navorser se beskrywende weergawe van die ontleding volledig genoeg wees om as 'n stel instruksies aan kodeerders, medenavorsers en kritici te dien (Krippendorff 2019; Maree 2020).

Navorsing is geldig wanneer 'n gevolgtrekking akkuraat of waar is en die navorsingsontwerp vorm daarom die konseptuele bloudruk waarbinne navorsing uitgevoer word (Akhtar 2016; Maree 2020). 'n Aksieplan word voorberei, wat die uiteensetting van die versameling, meting en ontleding van data vorm.



© University of Pretoria

Navorsingsontwerp word nie geassosieer met enige spesifieke tegniek van data-insameling of enige spesifieke tipe data nie, maar identifiseer die tipe bewyse wat nodig is om die navorsingsvraag op 'n redelike wyse te beantwoord (Joubert et al. 2016; Krippendorff 2019; Maree 2020).

Die doel van my navorsing is om die potensiaal en geleenthede vir die ontwikkeling van globale vaardighede deur multigeletterdheid, in ’n veelgebruikte goedgekeurde handboekreeks vir Afrikaans EAT te verken. Die ondersoek sal dus op ’n inhoudsontleding ontleding van ’n spesifieke handboekreeks, binne die konteks van Afrikaans EAT fokus. Sentraal tot hierdie ondersoek is die verband tussen die ontwikkeling van globale vaardighede in die tersaaklike handboekreeks, watter globale vaardighede deur die KABV vereis word, en hoe die eindeksamen-assessering globale vaardighede assesseer. Hierdie studie is dus kwalitatief en daar word deur die interpretivistiese paradigmatiese lens na ’n bepaalde verskynsel (globale vaardighede) gekyk (Joubert et al. 2016; Maree 2020). Daarom is dit ’n instrumentele gevallestudie wat geensins probeer veralgemeen nie, maar ’n kwalitatiewe vermoede ondersoek (Joubert et al. 2016), naamlik dat die handboekreeks (*ASG*) wat in die meeste graad 10-12 EAT-klaskamers gebruik word, die leerders nie voldoende vir die eindeksamen voorberei nie. Ervarings en gevolgtrekkings word dus nie gekategoriseer nie, maar in plaas daarvan sal ek my eie inhoudsontleding en hersiening van die handboekreeks en vraestelle uitvoer om die navorsingsvrae van die studie te beantwoord. Die elemente van datagenerering en die toepaslikheid daarvan in hierdie navorsing sal vervolgens aangespreek word.

### 3.7.1 Steekproef

In die meeste steekproeftegnieke word tekste volgens hul bronne, situasies, tydperke, genres en intertekstualiteite gekies (Maree 2020). Relevansie-steekproefneming het egter ten doel om alle tekstuele eenhede wat tot die beantwoording van gegewe navorsingsvrae bydra, te kies en te ontleed. Die steekproef word dus deur die navorsingsvrae gedefinieer (Krippendorff 2019; Diamantopoulos, Schlegelmilch, Halkias,



© University of Pretoria

& Edward Elgar 2023). Die steekproef in hierdie navorsing poog dus nie om verteenwoordigend te wees van alle soortgelyke tekste nie, maar kies eerder spesifieke relevante tekste en sluit tekste, of gedeeltes daarvan, uit wat nie oor relevante inligting beskik nie. Daar kan dus vrae oor akkurate voorstelling ontstaan, maar slegs relatief tot die relevante eenhede waaruit die steekproef getrek is en nie relatief tot die hele populasie van moontlike tekste nie (Diamantopoulos et al. 2023) .

Vir die doel van hierdie navorsing sluit die steekproef die KABV, ’n goedgekeurde handboekreeks vir Graad 10-12 Afrikaans EAT, en die NSS-eindeksamenvraestelle van 2018-2022 in, wat leerders se vaardighede in die taal assesseer. Die *ASG*-handboekreeks is op die KABV gebaseer en daarom word die inhoud van hierdie dokumente ontleed deur dit aan die vier pilare van multigeletterdheid te meet.

Die handboeke wat tans in die stelsel gebruik word, is gebaseer op die KABV wat in 2010 aanvaar is. Die KABV verskaf besonderhede oor wat onderwysers in elke graad en vir elke vak moet onderrig en beoordeel om leerders se akademiese vaardighede te ontwikkel. Die KABV is ontwerp om die administratiewe las op onderwysers te verminder en om te verseker dat hulle duidelike riglyne het (DBO 2011). Dit het ook die konsekwentheid van wat in die stelsel geleer word, verbeter. Die KABV is oor ’n tydperk van drie jaar geïmplementeer (2012-2014). Om die implementering van die KABV te ondersteun, is nasionale katalogusse van handboeke ontwikkel om onderwysers te help met die keuse van geskikte handboeke. Die katalogusse moes in die voorafgaande jaar in plek wees en nasionale katalogusse is onderskeidelik in 2011, 2012 en 2013 goedgekeur. Daar was egter sedertdien geen hersiening van die katalogusse nie (DBO 2019c), en daarom is dit moontlik dat sommige van die handboeke wat tans gebruik word, nie meer volledig aan die vereistes van die KABV voldoen nie.

As gevolg van herhaalde gevalle van rassisme in Suid-Afrikaanse skole, het die vraag ontstaan oor wat die land se leerders in hul klaskamers in hierdie verband leer (DBO 2019c). Daar moes vasgestel word of die handboeke wat leerders gebruik, hulle help om krities oor sosiale verskille te dink en of handboeke die nodige instrumente bied om



© University of Pretoria

vooroordele, haat en diskriminasie as gevolg van ras, geslag, seksualiteit, klas, godsdienstigheid, taal en ouderdom, te verstaan. Dit was verder nodig om te bepaal of die handboeke leerders help om uitdagings oor meerder- en minderwaardigheid aan te pak (DBO 2019c). Die Direktoraat: Sosiale Samehorigheid en Gelykheid in Onderwys in die DBO het gevolglik 'n mini-evaluering van 'n steekproef van skoolhandboeke en leer- en onderrigmateriaal onderneem. Hierdie evaluering het aangedui dat, hoewel keuring plaasvind, handboeke steeds diskriminerende inhoud bevat. Dit is hierdie uitdaging wat die Minister van Basiese Onderwys gelei het om 'n ministeriële komitee te stig om rassisme, seksisme en ander vorme van diskriminasie in handboeke te ondersoek. Die opdrag van die Komitee is in die Staatskoerant van 12 Februarie 2016 gepubliseer. Die *ASG*-handboekreeks is gekies, aangesien dit goedgekeur is en algemeen gebruik word. Dit het ook reeds deel van ’n studie deur die ministeriële taakspan uitgemaak (DBO 2019c). Die data sal terugvoer gee oor die teenwoordigheid van inhoud en aktiwiteite wat multigeletterdheid sal bevorder.

Die NSS-eindeksamenvraestelle van die afgelope vyf jaar (2018-2022) behoort ’n realistiese idee te gee van hoe vraestelle met die verwagtings van die KABV verband hou. Vir die doel van hierdie navorsing sal Afdeling A van Vraestel 1 van die NSS-eindeksamenvraestelle – in ooreenstemming met die klem wat op temas en visuele geletterdheid in die 21ste eeu geplaas word – gebruik word. Afdeling A bestaan uit twee vrae. Die eerste vraag is ’n begripstoets van 24 punte, terwyl die tweede vraag van ses punte uit tekste soos diagramme, advertensies, ensovoorts bestaan – waar visuele geletterdheid ’n groter rol speel en grafiese interpretasie vereis word. Saam vorm dit 30 uit die 80 punte van Vraestel 1.

’n Dokumentontleding (in hierdie geval ’n inhoudsontleding) word eerstens van die KABV gedoen, om die vereistes ten opsigte van die ontwikkeling van globale vaardighede in die kurrikulum vas te stel. Die Afrikaans EAT Vraestel 1 van die NSS-eindeksamenvraestelle van die afgelope vyf jaar word daarna ontleed vir spore en patrone van multigeletterdheid. Laastens word die departementeel-goedgekeurde handboekreeks op dieselfde wyse ontleed om die ontwikkeling van globale vaardighede daarin te verken. Die rol van die



© University of Pretoria

KABV-goedgekeurde handboekreeks om leerders vir vrae in die eindeksamenvraestel voor te berei, sal in die graad 10-12-handboeke nagespeur word. Alle tekste uit koerante of tydskrifte of tekste wat spesifiek vir gebruik in die handboeke geskep is, sal ondersoek word om die lewensgetrouheid daarvan te oorweeg, aangesien dit as onontbeerlik vir multigeletterdheid beskou word. Janks en Dixon (2014, p.115) verwys na koerante as "everyday texts", en sluit koerantopskrifte, spotprente, artikels, foto's, asook tegnologiese inligtingstekste soos *SMS*'e en *Twitter*-boodskappe in. Die EAT-weergawe van die handboekreeks word ondersoek, aangesien die meeste Engels-enkelmediumskole die vak op hierdie vlak aanbied. Alhoewel die handboekreeks van graad 10-12 ondersoek word, word slegs na die graad 12-vraestelle gekyk, aangesien die graad 12-vraestelle nasionaal geskryf word en vraestelle vir graad 10-11 intern, deur 'n vakgroep of deur die distrik opgestel word en nie vrylik beskikbaar is nie. Dit word egter wel op die formaat van die eindeksamen gebaseer. Tabel 3.2 gee 'n uiteensetting en volledige besonderhede van die dokumente wat deel van die steekproef uitmaak.

**Tabel 3.2 Dokumente wat deel van die steekproef uitmaak**

| **Teks** | **Outeurs** | **Uitgewers** | **ISBN** |
|---|---|---|---|
| Afrikaans Sonder Grense<br>Graad 12 EAT<br>Eerste uitgawe 2013 | R. Gouws<br>S. Gouws<br>M. Lätti<br>I. Grobler<br>K. Grobbelaar<br>M. Smit<br>M. Peacock<br>S. Pretorius | Maskew Miller Longman | 978-0-6361-4253-4 |
| Afrikaans Sonder Grense<br>Graad 11 EAT<br>Eerste uitgawe 2012 | M. Lätti<br>S. Gouws<br>R. Gouws<br>S. Pretorius<br>M. Smit<br>K. Grobbelaar | Maskew Miller Longman | 978-0-636-13509-3 |
| Afrikaans Sonder Grense<br>Graad 10 EAT<br>Eerste uitgawe 2011 | M. Lätti<br>S. Gouws<br>R. Gouws,<br>M. Peacock<br>S. Pretorius<br>M. Smit | Maskew Miller Longman | 978-0-636-12665-7 |
| KABV Afrikaans EAT<br>VOO 2011 | DBO | DBO | 978-1-431-50544-9 |
| NSS-eindeksamenvraestelle<br>Afrikaans EAT<br>Vraestel 1 2018-2022 | DBO | DBO | Die vraestelle het nie ISBN-nommers nie |



© University of Pretoria

### 3.7.2 Data-insameling

Dokumente is geleiers van kommunikasie tussen die skrywer en die leser en bevat betekenisvolle boodskappe wat in woorde, kaarte, foto's, ensovoorts vervat kan wees (Given 2012). Soos in Hoofstuk 2 gemeld is, speel handboeke steeds 'n belangrike rol in die onderrig van 'n addisionele taal en in die 21ste eeu behoort dit ook 'n bydrae tot die ontwikkeling van globale vaardighede te lewer.


In kwalitatiewe navorsing is dit algemeen vir data-insameling en data-ontleding om gelyktydig plaas te vind (Joubert et al. 2016; Maree 2020). Data-ontleding moet so objektief moontlik gedoen word en Leedy en Ormrod (2020) beveel aan dat die steekproef eers geïdentifiseer moet word. 'n Duidelike en spesifieke verduideliking van hoe data ingesamel of saamgestel word, hoe die temas en kategorieë geïdentifiseer is en wat die redes vir hierdie keuses is, behoort vroegtydig vasgestel te word, aangesien hierdie data sinvol tot die beantwoording van die navorsingsvrae behoort te lei (Maree 2020). Vervolgens word die kenmerke of eienskappe wat ondersoek moet word in presiese, konkrete terme gedefinieer.

McGrath (2016) onderskei drie basiese metodes vir handboekevaluering, en hierdie metodes op die evaluering van enige onderrig- en leermateriaal toegas word. Hierdie metodes staan bekend as die indruk-metode, die kontrolelys-metode en die indiepte ondersoek-metode. Die nadeel van hierdie klassifikasie is egter dat sekere kategorieë oorvleuel. Die indiepte ondersoek-metode kyk verder as die uitgewer en skrywer se bewerings, deur te kyk na die soort taalbeskrywing, onderliggende aannames oor leer of waardes waarop die materiaal gebaseer is, of in 'n breër sin, of die materiaal aan die bewerings wat gemaak word, voldoen (McGrath 2016). Daar moet op spesifieke kenmerke gefokus word deur 'n noukeurige ontleding te doen van een of meer uittreksels, of 'n deeglike ondersoek van twee of meer eenhede met voorafbepaalde vrae (McDonough, Shaw, & Masuhara 2013). Die indiepte ondersoek-metode is dus funksioneel vir die evaluering van spesifieke gedeeltes uit die vraestelle en die handboekreeks wat op hierdie studie en die spesifieke navorsingsvrae van toepassing is.



© University of Pretoria

Elke item word dan in hanteerbare segmente verdeel, wat afsonderlik ontleed word. Die finale stap behels dat die materiaal vir gevalle van elke geïdentifiseerde eienskap of kwaliteit ondersoek word. Onderwerpe in die Afrikaans-handboek wat tot die ontwikkeling van globale vaardighede en multigeletterdheid leen, word geïdentifiseer. ’n Gehalte-beoordelingsrubriek sal vir die kwalitatiewe handboekontleding ontwikkel word om vergelykbare data uit die verskillende afdelings van die boeke in te samel sodat geleenthede vir die ontwikkeling van multigeletterdheid ondersoek kan word. Die handboek se voldoening aan die vereistes van die KABV, sowel as die potensiaal van die KABV om multigeletterdheid te bevorder, word in terme van kurrikuluminhoud, aktiwiteite en assessering ondersoek.




**Figuur 3.3: Toepaslikheid van steekproef en data-insameling**

Figuur 3.3 gee ’n visuele uiteensetting van die prosesse wat deel van die identifisering van die steekproef en die uiteindelike data-insameling uitmaak. Identifikasie van die terrein, en die metode waarop die steekproef geïdentifiseer word, sal ’n direkte invloed op die insameling van die data hê. Die ingesamelde data moet weer volgens bepaalde standaarde ontleed word.



© University of Pretoria

### 3.7.3 Data-ontleding


Data-ontleding behels die sistematiese herhaalbare ontleding van die inhoud van geskrewe, gesproke of visuele kommunikasie (Maree 2020). Dit fokus daarop om spesifieke kenmerke van die teks te identifiseer en te kategoriseer – soos die frekwensie van sekere woorde of frases, die teenwoordigheid van sekere temas of onderwerpe, of die onderliggende toon van die taalgebruik – om gevolgtrekkings te maak deur gespesifiseerde eienskappe van boodskappe objektief en sistematies te identifiseer. Die tegniek is nie beperk tot teksontleding nie, maar kan byvoorbeeld die kodering van artefakte of waargenome aksies in visuele data insluit (Maree 2020).

Krippendorff (2019) beklemtoon dat dit belangrik is om te verduidelik waarop oordele gebaseer is sodat die resultate vir toekomstige ontledings gebruik kan word. Inhoudsontleding, aldus Krippendorff (2019), ondersoek hoe die beskikbare teks ontstaan het, wat dit beteken, op wie dit gerig is, asook die huidige omstandighede en die omstandighede wat dit voorafgaan. Dit ondersoek ook of die ontleder geldige antwoorde op vrae in hul spesifieke konteks sal kry. Die konteks waarin die teks ontleed word, moet dus ook verduidelik word en die indeling van die databespreking in ’n makro- en mikrokonteks word daarom verduidelik.

Die doel van die kwalitatiewe gehaltebeoordelingsrubriek is om inligting in te samel, wat neigings en patrone kan identifiseer, wat kan help om te bepaal hoe globale vaardighede in die vier kategorieë van multigeletterdheid – naamlik *gesitueerde werklikheid*, *openlike onderrig*, *kritiese raamwerk* en *veranderde werklikheid* – ontwikkel word. Vir elke kategorie word eienskappe aangedui, wat vir die ontwikkeling van die gehaltebeoordelingsrubriek gebruik word. Figuur 3.4 gee ’n oorsig oor die verskillende elemente wat tydens die navorsing ondersoek sal word. Die verband tussen die pilare van multigeletterdheid en elkeen van die elemente van die steekproef word dus duidelik uiteengesit. Die teenwoordigheid van elkeen van die pilare van multigeletterdheid word dus in elkeen van die dokumente nagespeur.



© University of Pretoria




**Figuur 3.4 Elemente van die ondersoek**

Figuur 3.5 gee 'n kriptiese oorsig oor wat elkeen van die pilare van multigeletterdheid behels. Hierdie pilare lewer 'n bydrae tot die ontwikkeling van vaardighede wat leerders genoegsaam vir sowel die eindeksamenvraestel as die eise van die 21ste eeu sal voorberei. 'n Oorsig oor die verskillende elemente wat tydens die navorsing ondersoek word, sal gegee word voordat die navorsingsmetodologie aangespreek word.


Die data wat uit hierdie proses sal voortspruit, sal terugvoer gee oor die teenwoordigheid van inhoud, vereistes en aktiwiteite wat die ontwikkeling van globale vaardighede sal bevorder. Hoe die KABV die ontwikkeling van globale vaardighede bevorder, word met assesserings in die NSS-eindeksamenvraestel vir Afrikaans EAT (2018-2022) vergelyk, asook hoe die *ASG*-handboekreeks met voorbereiding vir die eindeksamenvraestel help.

Globale vaardighede sal in die tekste en aktiwiteite in die handboeke geïdentifiseer word deur na die vier pilare van multigeletterdheid, naamlik *gesitueerde werklikheid*, *openlike onderrig, kritiese raamwerk* en *veranderde werklikheid*, in die handboeke se tekste en



© University of Pretoria

vraagstelling, te soek. Vir elke kategorie word eienskappe aangedui wat vir die ontwikkeling van die gehaltebeoordelingsrubriek gebruik sal word. Deur spore van die multigeletterdheidsmodel (in figuur 3.5 uiteengesit) in die data te soek, word die data dus deduktief ondersoek deur figuur 3.3 as riglyn te gebruik. Dit kan 'n baie effektiewe benadering wees om te verseker dat navorsingsresultate so objektief moontlik en herhaalbaar is (Maree 2020).




**Figuur 3.5 Die pilare van multigeletterdheid (Van der Berg & Engelbrecht 2023)**

Die multigeletterdheidsbenadering beywer hom vir die ontwikkeling van globale vaardighede deur die grondslag vir onderrig en leer in die 21ste eeu, soos in figuur 3.5 (Van der Berg & Engelbrecht 2023) voorgestel, daar te stel. Die bevindings sal beskryf word na aanleiding van die kenmerke (pilare) se teenwoordigheid in die data, al dan nie.

## 3.8 GEHALTEVERSEKERING, GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID

Kwalitatiewe navorsers moet verseker dat hul navorsing betroubaar is, dat data eties en akkuraat ingesamel word en dat bevindings geloofwaardig, bevestigbaar en



© University of Pretoria

oordraagbaar is (Shenton 2004). Vervolgens sal die toepaslikheid van hierdie vereistes op my navorsing bespreek word.

### 3.8.1 Geloofwaardigheid

Geloofwaardigheid van die studie word versterk deur die ooreenkoms tussen die bevindings en die navorsingsmetodes, 'n navorsingsontwerp wat die navorsingsvraag aanspreek en 'n teoretiese onderbou wat verband hou met die vraag en die metodes (Maree 2020). In hierdie studie dra 'n goed-gedefinieerde, doelgerigte steekproefneming, en gedetailleerde data-insamelingsmetodes ook tot die geloofwaardigheid by. Gereelde gesprekke met my studieleier, die publikasie van ’n verkennende studie wat met die onderwerp verband hou, sowel as die voorlegging van gedeeltes van die navorsing tydens die 2023 EASA-kongres, het daartoe bygedra dat ek reeds vroeg in die proses terugvoer van kenners op die vakgebied ontvang het, waarna deeglike refleksie gedoen is.

### 3.8.2 Oordraagbaarheid

Kwalitatiewe navorsing behoort nie te veralgemeen nie (Maree 2020). Alhoewel die gevolgtrekkings binne ’n spesifieke konteks gemaak word, behoort die oordraagbaarheid daarvan moontlik te wees (Joubert et al. 2016). Anders as met veralgemening, behels oordraagbaarheid nie veralgemeende bewerings nie, maar nooi lesers van navorsing uit om verbande tussen elemente van 'n studie en hul eie ervaring of navorsing te identifiseer (Maree 2020). Om oordraagbaarheid te verhoog, sal ek fokus op hoe die steekproef tipies is vir die konteks wat bestudeer word, sowel as die konteks waarop die bevindinge van toepassing is. Die gekose handboekreeks behoort dus tipies te wees vir die fenomeen (multigeletterdheid) wat bestudeer word en ’n deeglike beskrywing van die konteks (EAT-handboeke) word gegee sodat die lesers die studie kan verken en kan bepaal of die bevindinge na hul eie omgewing oorgedra kan word. Dit is belangrik om 'n volledige prentjie van die konteks te skets en die leser toe te laat om te bepaal of die navorsing na hul eie konteks oordraagbaar is en of dit die hele gemeenskap van inligting wat bestudeer word, verteenwoordig (Maree 2020).



© University of Pretoria

### 3.8.3 Betroubaarheid

Betroubaarheid word volgens Maree (2020) deur die aanvanklike navorsingsontwerp, die implementering daarvan en nuwe databronne en insamelingstegnieke versterk. Rekordhouding van die navorsingsproses sal my redenasieproses uiteensit. Die ontledingsproses sal gedokumenteer word sodat die leser besluitnemingsprosesse, die ontledingsprosesse en die interpretasie daarvan kan volg.

### 3.8.4 Bevestigbaarheid

Bevestigbaarheid verwys volgens Maree (2020) na die mate van neutraliteit of objektiwiteit van die bevindinge van 'n studie. Om bevestigbaarheid te verhoog, moet vooroordele in ag geneem word. As navorser moet ek dus my eie vooroordele erken, want hoe meer ek by die studie betrokke raak, hoe groter is die risiko dat vooroordele die bevindinge kan beïnvloed (Joubert et al. 2016). Sekere inligting wat nie aan my verwagtinge voldoen nie, mag dus nie geïgnoreer word nie. Deurlopende terugvoer van my studieleier asook insette van kenners op die vakgebied (tydens publikasie van die verkennende studie) spreek hierdie probleem aan. Dit is verder noodsaaklik dat die dokumentasie wat die leser in staat stel om die verloop van die navorsing te volg, die besluite wat geneem is en die prosedures wat beskryf is, beskikbaar sal wees. Alle tekste wat ondersoek is, word dus ingesluit.

Dit is noodsaaklik dat die vertrekpunt geldig is sodat die gevolgtrekking waarop dit gebaseer is ook geldig is (Khaldi 2017). Die waarde van bevestigbaarheid deur die ontleding van data aan die hand van die KABV, eindeksamenvraestelle, pilare van multigeletterdheid, en Bloom se hersiene taksonomie te doen, is reeds in 1.12 aangespreek.



© University of Pretoria

## 3.9 BEPERKINGS EN MOONTLIKE PROBLEME

Die navorsing word beperk tot die ondersoek van die ontwikkeling van globale vaardighede in die KABV en die *ASG*-handboekreeks vir Eerste Addisionele Taal wat in die Verdere Onderwys en Opleidingsfase (graad 10-12) gebruik word. Wat die assessering van leesbegrip en visuele geletterdheid betref, sluit die steekproef slegs Afdeling A van Vraestel 1, vir die tydperk van 2018-2022, in.

Die handboeke en KABV wat vir ander fases voorgeskryf word, word dus nie ingesluit nie. Ander voorgeskrewe handboeke word nie ondersoek nie en kan moontlik tot ’n ander gevolgtrekking lei.

In die handboek sal die fokus op visuele geletterdheid en leesbegrip wees, wat beteken dat ander elemente van die taal uitgesluit word. Die bydraes wat praat, luister en skryf tot die ontwikkeling van globale vaardighede lewer, word nie in ag geneem nie. Daar word wel lukraak na tekste gekyk wat die potensiaal sou hê, maar nie vir die spesifieke doel benut is nie.

Die studie word verder beperk deur die vereistes van die KABV in ag te neem, terwyl die multigeletterdheidsbenadering as raamwerk vir die ondersoek gebruik word. Die keuse om op die ontwikkeling van globale vaardighede deur die lens van multigeletterdheid te fokus, sluit dus ander moontlike benaderings uit.

## 3.10 ETIESE OORWEGINGS

Elke fase van navorsing het potensiële etiese implikasies. Dit begin reeds by die beplanning, data-insameling en interpretasie en beïnvloed ook die opskryf en verteenwoordiging van die data. Hierdie implikasies moet tydens elke stadium oorweeg, heroorweeg en aangespreek word (Atkins, Wallace, & British Educational Research 2012; Krippendorff 2019; Maree 2020). As navorser moet ek dus die integriteit en kennis



© University of Pretoria

van etiese kwessies hê om ingeligte besluite te neem sodat gevolgtrekkings geregverdig, regverdigbaar, deurdag en verdedigbaar is (Maree 2020). Die etiese navorser is ook deurlopend bewus van moontlik vooroordele tydens die beantwoording van die primêre navorsingsvraag (Creswell & Poth 2018; Maree 2020). Ek het in Desember 2022 etiese klaring (EDU 188/22) gekry, op voorwaarde dat alle navorsing op handboeke, vraestelle en die KABV gedoen word en geen deelnemers betrokke sal wees nie.

Die handboekreeks is vrylik in die handel beskikbaar en die KABV en eindeksamenvraestelle van die afgelope vyf jaar is gratis op die Departement van Basiese Onderwys se webwerf beskikbaar. Die navorsing vereis dus nie toestemming van enige deelnemers nie. Die handboekreeks is deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) goedgekeur as ’n handboek wat aan die vereistes van die KABV voldoen en het ook reeds deel van ’n studie deur die (DBO 2019c) gevorm (sien 3.6.1) – dit is daarom geskik vir die doel van die navorsing. Oorweging van moontlike vooroordele sal deurlopend in gedagte gehou word om objektiwiteit van die resultate sover moontlik te verseker.

## 3.11 SAMEVATTING

Die navorsingsontwerp en -metodologie, waarna in die inleidende hoofstuk verwys is, is in hierdie hoofstuk in terme van die beoogde datagenerering en -ontleding bespreek. Die kriteria vir gehalteversekering is ook onder die loep geneem. In die volgende twee hoofstukke sal die bevindinge van die navorsing uiteengesit word. Die insameling en ontleding van data word vervolgens in Hoofstuk 4 aangebied en die bydrae van die handboekreeks, sowel as die KABV tot die ontwikkeling van globale vaardighede deur die multigeletterdheidsbenadering te gebruik, word daarna in Hoofstuk 5 bespreek. Afdeling A van die NSS-eindeksamenvraestel word ook geëvalueer om te bepaal tot watter mate die assessering van globale vaardighede plaasvind.




© University of Pretoria

# HOOFSTUK 4

# INHOUDSONTLEDING

## 4.1 INLEIDING

Hoofstuk 2 en 3 bevat 'n gedetailleerde literatuurstudie oor globale vaardighede sowel as die teoretiese onderbou van die navorsing wat die metodologieë en paradigmas insluit. Figuur 4.1 gee 'n visuele voorstelling van die siklus van data-insameling, ontleding en die hersieningsproses wat gevolg is om die resultate te finaliseer. Fase A verwys na die aanvanklike insameling, ontleding en refleksie waartydens tekortkominge soos te min of oorbodige inligting geïdentifiseer word, sowel as struikelblokke in terme van die uiteensetting van die data.




**Figuur 4.1: Sikliese proses van data-insameling en -ontleding**

**Aangepas uit: Kayes, Stavric, Channon, Kersten, McPherson en Mudge (2013)**

Om te verseker dat die data op 'n gestruktureerde wyse beskryf, geïnterpreteer en geëvalueer word, is voorlopige kodes tydens die insameling van data gebruik. Hierdie kodes het in Fase B tot meer spesifieke temas gelei, wat in hierdie hoofstuk gebruik word om logiese struktuur aan die data te gee. In Hoofstuk 5 word die ontleding en die



© University of Pretoria

literatuurstudie geïntegreer deur dit te verbind aan hoe die navorsingsvrae beantwoord is.

Tabel 4.1 dui aan hoe die kodes tot temas gelei het. Die temas hou verband met die oorspronklike sekondêre navorsingsvrae en sal die data-ontleding lei. Die inhoudsontleding en persoonlike bevindings het deurgaans die beskrywende fase van Hoofstuk 4 gestruktureer. Tabel 4.1 gee 'n opsomming van kodes en temas wat gebruik is om data in te samel en te ontleed.

**Tabel 4.1: Kodes en temas wat gebruik is om data in te samel en te ontleed**

| | **Voorlopige kodes** | **Temas** |
|---|---|---|
| 1 | Goeie formatiewe assesserings | Realistiese assesserings |
| 2 | Bereikbare uitdagings wat met denke, gevoel en selfvertroue help | |
| 3 | Balans tussen taalaktiwiteite en ander vaardighede | |
| 4 | Realistiese/lewensgetroue taal | Verskeidenheid lewensgetroue tekste |
| 5 | Outentieke materiaal | |
| 6 | Relevante en interessante inhoud | |
| 7 | Realistiese persoonlike ervarings | |
| 8 | Inhoud ontwikkel sistematies-meer uitdagend | |
| 9 | Dialoë, rolspel, ens. berei leerders voor vir lewensgetroue situasies | |
| 10 | Relevante temas | |
| 11 | Kritiese denke deur refleksie, hipoteses, ontleding en sintese | Globale vaardighede |
| 12 | Hoërorde denkvaardighede: oordrag, kritiese denke en probleemoplossing | |
| 13 | Kritiese teksontleding | |
| 14 | Probleemoplossing, fokus en aanpasbaarheid | |




© University of Pretoria

| | **Voorlopige kodes** | **Temas** |
|---|---|---|
| 15 | Aktiewe betrokkenheid by leer | Leerdergedrewe aktiwiteite |
| 16 | Konstruktivisme | |
| 17 | Geleentheid tot meningsvorming | |
| 18 | Om algoritmes visueel te demonstreer | Visuele geletterdheid |
| 19 | Verband tussen statistiese data; geografie en topografie van die Suid-Afrikaanse landskap; vloeidiagramme | |
| 20 | Grafiese inligting gee perspektief en bevorder visuele ervarings | |
| 21 | Illustrasies, tabelle, figure, grafieke, ens. is relevant en funksioneel | |
| 22 | Inligting oor eiesoortige kulture | Kultuursensitiwiteit |
| 23 | Akkurate, regverdige inligting sonder vooroordele | |
| 24 | Geen konflik met leerder se kultuur en tradisies nie | |
| 25 | Geskik vir leerders se huidige kennis en kultuur | |
| 26 | Onderrig oor kulture wakker nuuskierigheid oor eie kultuur aan | |
| 27 | Etiese betrokkenheid by karakters, begrip, empatie en betrokkenheid | |
| 28 | Geleenthede om die taal aan te leer en te gebruik | Taalvaardigheid |
| 29 | Fokus op stylmiddele en betekenis | |
| 30 | Integrasie van taalvaardighede | |
| 31 | Verskillende kontekste | Interdissiplinariteit |
| 32 | Verband met kurrikulumdoelwitte | Kurrikulumdoelwitte |
| 33 | Integrasie met die kurrikulum | |

Die kodes in tabel 4.1 het gelei tot die identifisering van temas wat die sekondêre navorsingsvrae sou beantwoord. Die temas het die data-ontleding gelei en die beskrywende fase van Hoofstuk 4 tot gevolg gehad. Die temas word vervolgens in figuur 4.2 uiteengesit.



© University of Pretoria




**Figuur 4.2 Temas vir die data-insameling en -ontleding**

## 4.2 NAVORSINGSVRAAG

Die primêre navorsingsvraag het ten doel om vas te stel hoe globale vaardighede in handboeke vir Afrikaans EAT ontwikkel word. Die sekondêre navorsingsvrae dien nie net as riglyn om die primêre navorsingsvraag te beantwoord nie, maar hou ook direk verband met die temas wat uit die aanvanklike kodering voortgespruit het.

### 4.2.1 Primêre navorsingsvraag

Hoe word globale vaardighede in Afrikaans Eerste Addisionele Taal-handboeke vir hoërskoolleerders ontwikkel?

### 4.2.2 Sekondêre navorsingsvrae

- Hoe word globale vaardighede in die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring aangespreek?
- Hoe word globale vaardighede in die NSS-eindeksamenvraestel getoets?
- Hoe berei die handboekreeks leerders vir die assessering van globale vaardighede in die NSS-eindeksamenvraestel voor?

Die handboekreeks wat in die steekproef gebruik word, is spesifiek geskryf om aan die vereistes van die KABV te voldoen. 'n Algemene beskrywing van die KABV en hoe die



© University of Pretoria

handboeke poog om dit aan te spreek, sal vervolgens gedoen word. Die toepaslikheid van hierdie inligting hou verband met die makro-konteks, naamlik die begrip van die doel van die handboek. Wanneer die doel van die handboek gedefinieer is, kan die doeltreffendheid van die inhoud en die sukses van die handboek as 'n nuttige hulpbron bepaal word. Hierdie kontekstualisering is noodsaaklik vir die beantwoording van die primêre navorsingsvraag.

## 4.3 DATA-ONTLEDING

### 4.3.1 Makrokonteks


Die Nasionale Kurrikulumverklaring vir graad R–12 poog om leerders in staat te stel om probleme te kan identifiseer en op te los; besluite deur kritiese en kreatiewe denke te kan neem; doeltreffend in ’n span, groep, organisasie en gemeenskap te kan saamwerk en hulself te kan organiseer en bestuur; en inligting vir kritiese evaluasie te kan versamel, ontleed en organiseer (DBO 2011). Verder moet hulle doeltreffend kan kommunikeer, wetenskap en tegnologie verantwoordelik kan gebruik en veral verstaan dat die wêreld se probleme nie in isolasie opgelos word nie. Die KABV beskryf taal as 'n kulturele en estetiese instrument vir denke en kommunikasie wat mense help om die wêreld beter te verstaan. Dit stel leerders in staat om te leer, hulle identiteit, gevoelens en idees uit te druk, in interaksie met ander te tree, en hul eie leefwêreld te bestuur. Leerders kan die ryk en kragtige beelde en idees gebruik om hul wêreld te verander en te verbeter. Taal gee uitdrukking aan kulturele diversiteit en bou sosiale verhoudings wat deur taal aangepas, verbreed en verfyn word (DBO 2011).

### 4.3.2 Bloom se hersiene taksonomie

Die KABV vereis dat assesserings voorsiening gemaak vir vrae wat die verskillende denkvlakke toets. Bloom se hersiene taksonomie (Figuur 4.3) beskryf elke vlak as ’n handeling.



© University of Pretoria




**Figuur 4.3: Bloom se hersiene taksonomie**

*Kennis* vereis byvoorbeeld van die leerder om te definieer, onderskei, identifiseer, hersien en herroep. Daarom is kennis op vinnige feite gebaseer. *Verstaan* verwys na die betekenis van inligting en vereis vertaling, klassifikasie en verduideliking, terwyl toepassing *(toepas)* die vermoë behels om kennis te illustreer en in werklike situasies toe te pas of te verander. Wanneer die leerder inligting moet kategoriseer, ondersoek en onderskeid moet kan tref, word die inligting ontleed. Inligting of besluite word tydens evaluasie (*evalueer*) beoordeel of gekritiseer, terwyl die proses van sintese (*skep*) vereis dat inligting herrangskik, gekombineer en in ’n nuwe formaat herskryf word. ’n Nuwe patroon of struktuur word dus uit ’n verskeidenheid elemente ontwikkel (Omar, Haris, Hassan, Arshad, Rahmat, Zainal, & Zulkifli 2012).

Onderwysers, beleidmakers en kurrikulumontwerpers behoort onderrig so te ontwerp dat leerders in staat stel om inhoud effektief te verstaan, te onthou en toe te pas. Die klassifikasie van inligting in 'n presies voorgestelde volgorde in 'n persoon se geheue, kan leerders help om feite effektief te stoor, te onthou en te gebruik sodat die leerproses nie belemmer word nie (Köksal, Ulum, & Yürük 2023). Dit is dus noodsaaklik dat leerders die basiese kennis bemeester voordat hulle poog om nuwe inligting te interpreteer om betekenisvolle kennis te ontwikkel (Darwazeh 2017).



© University of Pretoria

Daar is ook ’n nou verband tussen Bloom se hersiene taksonomie en die ontwikkeling van multigeletterdheid. Om te onthou, skakel met die *gesitueerde werklikheid*, terwyl om te verstaan deel van die *kritiese raamwerk* vorm. *Openlike onderrig* hou verband met toepassing, terwyl *veranderde werklikheid* met evalueer en skep op die hoogste vlak verbind word. Die KABV verwys spesifiek na die taksonomie en identifiseer die persentasie wat tydens assesserings aan elke vlak toegewys moet word. Die Nasionale Kurrikulumverklaring se doelstellings kan ook met die pilare van multigeletterdheid verbind word en sal vervolgens aangespreek word.

### 4.3.3 Die Kurrikulum en assesseringsbeleidsverklaring (KABV)

Die doel van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12, is om leerders toe te rus vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing, toegang tot hoër onderwys te bied, die oorgang na die werkplek te fasiliteer en werkgewers 'n voldoende profiel van leerders se vermoëns te verskaf. Verder verseker dit sosiale transformasie deur gelyke onderwysgeleenthede vir alle bevolkingsgroepe te bied. Dit bevorder aktiewe en kritiese leer, stel hoë kennis- en vaardigheidsstandaarde, bevorder progressie van eenvoudige tot komplekse inhoud, en bevorder menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid. Dit respekteer ook inheemse kennissisteme, en streef na geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid in die onderwys volgens internasionale standaarde (DBO 2011). Multigeletterdheid spreek dus die ontwikkeling van hierdie 21ste eeuse vaardighede aan. Leerders moet probleme identifiseer en oplos deur kritiese en kreatiewe denke (*veranderde werklikheid*), effektief saamwerk in verskillende kontekste (*kritiese raamwerk*), hulself en hul aktiwiteite verantwoordelik organiseer en bestuur (*veranderde werklikheid*), inligting versamel en ontleed (*kritiese raamwerk*), doeltreffende kommunikasievaardighede gebruik (*openlike onderrig* en *veranderde werklikheid*), wetenskap en tegnologie verantwoordelik benut (*veranderde werklikheid*) en begryp dat die wêreld ’n netwerk van verwante stelsels is waarin probleme holisties aangepak moet word (*veranderde werklikheid*).



© University of Pretoria

Eerste Addisionele Taal verwys na die vlak waarop die taal onderrig word. 'n Graad 10-leerder behoort, interpersoonlik sowel as kognitief-akademies, redelik bedrewe in hul eerste addisionele taal te wees. Die realiteit is egter dat baie leerders steeds nie vlot in hul addisionele taal kan kommunikeer nie. Die uitdaging lê daarin om hierdie leerders te ondersteun en terselfdertyd 'n kurrikulum te bied wat hulle in staat stel om aan die vereiste standaarde van Graad 12 te voldoen. Leerders behoort hul addisionele taal sodanig te kan gebruik dat dit toegang tot verdere studies en hoër onderwys gee en binne die werksomgewing gebruik kan word (DBO 2011). Die KABV vir Afrikaans EAT beskryf die kommunikatiewe, teksgebaseerde en prosesgeoriënteerde benaderings waar die onderwyser ’n fasiliteerder is, en die taalgebruik só onderrig word, dat dit ooreenkom met die manier waarop dit in die buitewêreld gebruik word. Volgens Van der Berg en Engelbrecht (2023) word die wêreld dus in die klaskamer ingebring, en integrasie tussen taalonderrig en ander vakke vind plaas. Taalonderrig kan nie sonder teksontsluiting plaasvind nie; en leerders se taalvaardighede behoort ontwikkel te word deur oorredende inligting en literêre, transaksionele en narratiewe tekste te gebruik, terwyl visuele aspekte van tekste beklemtoon word. Die prosesbenadering poog om leerders eerstens op tekste voor te berei (bv. prelees en preskryf), tweedens om te luister, praat, lees, skryf en aan te bied, en laastens om deur byvoorbeeld postlees-, postluister- en postskryf-aktiwiteite en -vrae te reflekteer (Van der Berg & Engelbrecht 2023).

Die spesifieke doelstellings vir die addisionele taal behels dat die leerder dit kan gebruik om inligting te verkry en te bestuur vir leer oor die kurrikulum heen en in ’n wye verskeidenheid ander kontekste. Inligtingsgeletterdheid is ’n noodsaaklike vaardigheid in die inligtingsera en vorm die grondslag vir lewenslange leer. Dit behoort ook as ’n instrument te dien vir kritiese en kreatiewe denke; om opinies oor etiese kwessies en waardes uit te druk; om krities in interaksie te tree met ’n wye verskeidenheid tekste en perspektiewe; om waardes en magsverhoudings in tekste te herken en te bevraagteken, en om tekste vir ’n wye verskeidenheid doelwitte soos genot, inligting en navorsing krities te lees. Die KABV is volgens taalvaardighede en inhoud georganiseer. By postlees word van die leerder verwag om die teks as geheel te interpreteer deur die gebruik van strategieë soos die skep van sinteses, opsomming, vergelyking en kontrastering, die



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maak van afleidings en gevolgtrekkings, evaluering en die uitspreek van opinies (DBO 2011). Die toepassing hiervan sal daartoe bydra dat leerders besef dat hulle die teks uit verskillende perspektiewe kan benader en dit daardeur ook beter verstaan.

Kritiese geletterdheid behels dat die leser verby die letterlike betekenis van ’n teks kyk om te bepaal wat teenwoordig is en wat ontbreek sodat die teks se volledige betekenis en die outeur se bedoeling daarmee vasgestel kan word (Ontario Ministry of Education 2019). Deur mediaboodskappe te bevraagteken, is dit moontlik om verskuilde betekenis, verskillende perspektiewe en die doel wat die skrywer met die teks wil bereik te openbaar. Kritiese geletterdheid is gekoppel aan “regverdigheid, billikheid en sosiale geregtigheid” en daarom is dekodering vir betekenis noodsaaklik. Krities-geletterde leerders neem ’n kritiese standpunt in en vra watter siening van die wêreld deur die teks bevorder word en of hulle hierdie siening aanvaarbaar vind, wie by die teks baat, en hoe die leser beïnvloed word (Ontario Ministry of Education 2019). Die konteks van die boodskap word dus deurgaans ondersoek. Toenemende globalisering vereis ook dat Suid-Afrika internasionale neigings volg om te verseker dat leerders meer aanpasbare denkprosesse ontwikkel (Lombard & Grosser 2008).

Die NSS-eindeksamen is ontwerp om vas te stel of leerders die vaardighede wat deur die KABV ontwikkel behoort te word, bemeester het. Dit word in drie afsonderlike vraestelle gedoen, terwyl die mondelingaktiwiteite wat deur die jaar voltooi is, as ’n vierde vraestel bygereken word. Die afdelings wat in die NSS-eindeksamen getoets word, word in figuur 4.4 uiteengesit.




**Figuur 4.4: Eindeksamenvraestelle**



© University of Pretoria

### 4.3.4 Afrikaans sonder grense (*ASG*)

Die outeurs van *ASG* vir EAT beskryf die handboekreeks as ’n bron wat aan al die vereistes van die KABV voldoen. Die graad 10-leerderboek dek 17 temas en die doel van die lesreekse is om taalvaardighede te ontwikkel sodat leerders in ’n multikulturele land ook in Afrikaans kan kommunikeer. Sterk klem word op begrip- en leesvaardighede gelê (Lätti 2011; Lätti, Gouws, Gouws, Pretorius, Smit, Grobbelaar en Grobler 2012; Gouws 2013). Hierdie stelling dien as verdere motivering om spesifiek leesbegrip in die vraestelle en die handboekreeks te ondersoek. Minister Angie Motshekga het in 2016 ’n taakspan aangewys om sosiale veranderlikes soos rassisme, seksisme en ander vorme van diskriminasie in handboeke te ondersoek (DBO 2019b). As KABV-goedgekeurde handboek, het *ASG* ook deel van die ondersoek gevorm (DBO 2019c).

Die handboeke wat tans in die stelsel gebruik word, is gebaseer op die KABV vir graad R–12 wat in 2010 aanvaar is. Dit verskaf besonderhede oor wat onderwysers moet onderrig en assesseer op ’n graad-vir-graad- en vak-vir-vak-basis. Die KABV is ontwikkel as gevolg van die behoefte om die administratiewe las op onderwysers te verminder en om te verseker dat hulle toegang tot duidelike leiding in hul onderrig het. Dit poog ook om konsekwentheid van wat geleer word, te verbeter (DBO 2019b). Die Direktoraat vir Leer- en Onderrigondersteuningsmateriaal is verantwoordelik vir die koördinering van die proses om handboeke vir die Nasionale Katalogus goed te keur. Handboeke moet aan die volgende riglyne voldoen: sosiale transformasie, aktiewe en kritiese leer; hoë kennis en hoë vaardighede; progressie van eenvoudig na kompleks; menseregte, inklusiwiteit en geregtigheid; waardering van inheemse kennisstelsels en geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid. Dit behoort, volgens die verslag, onderwys te verskaf wat vergelykbaar is in kwaliteit, breedte en diepte met dié van ander lande (DBO 2019b).

Die skrywers van die *ASG*-reeks is reeds meer as 20 jaar betrokke by een van die vernaamste voorgeskrewe handboeke in die EAT-klaskamer en het kommunikatiewe werkswinkels vir leerders en onderwysers aangebied. Een van die vroegste uitgawes is reeds in 1997 (Lätti, Gouws, & Smith 1997) gepubliseer. Sedert 2005, toe handboeke



© University of Pretoria

aan goedkeuring vir die nuwe Kurrikulum 2005 onderworpe was, is hierdie reeks die voorloper en dit het sedertdien van krag tot krag gegaan – tot so ’n mate dat die graad 11-weergawe tans in sy 43ste druk is, terwyl die graad 12-leerderboek reeds 23 keer herdruk is. Die Graad 10-leerderboek is ook reeds vyf keer herdruk. Die reeks is egter sedert 2011 sonder enige aanpassings herdruk (Van der Berg & Engelbrecht 2023).

Tydens die ministeriële ondersoek (DBO 2019c), waar die reeks in terme van sosiale veranderlikes soos rassisme, seksisme en ander vorme van diskriminasie ondersoek is, het die reeks die groen lig gekry. Die boeke is reeds ’n geruime tyd algemeen in gebruik, maar geen van die temas, onderwerpe, tekste, woordeskat, vraagstelling en aanpassings in die kurrikulum is sedertdien bygewerk nie. Daar is geen sprake van hedendaagse realiteite soos KI, virtuele realiteit, beurtkrag, die pandemie, fopnuus, slaggate in paaie, *TikTok*, *Instagram* en soortgelyke toepassings wat eers na 2011 deel van ons alledaagse bestaan geword het nie.

Voorgeskrewe letterkunde word minstens elke vyf jaar aangepas en dit is waarskynlik die rede waarom daar geen sprake van die jongste voorgeskrewe gedigte en ander genres in die handboekreeks is nie. Die gedigte en kortverhale wat wel verskyn kan vir hersiening van letterkundige konsepte gebruik word, maar addisionele bronne moet vir die onderrig van voorgeskrewe letterkunde aangeskaf word. Dit beteken dat hierdie handboeke hoofsaaklik vir die doel van taalonderrig en kreatiewe skryf gebruik word. Skole met beperkte begrotings het hierdie boeke dus met die implementering van die KABV aangekoop en dit word steeds gebruik.

Advertensies, webblaaie en strokiesprente kom wel in die reeks voor, maar visuele tekste word eerder gebruik om grammatika te toets as vir die ontwikkeling van visuele geletterdheid, wat in Vraestel 1 getoets word. Die ontwikkeling van taalvaardighede (luister en praat, lees en kyk, en skryf en aanbied) word afgeskeep. Visuele geletterdheid word bloot geïgnoreer of omseil (Van der Berg & Engelbrecht 2023).



© University of Pretoria

Vir die doel van hierdie studie het ek die KABV, eindeksamenvraestelle en die handboekreeks vir voorbeelde van relevante tekste wat ’n bydrae tot die ontwikkeling van globale vaardighede kan lewer, verken.

## 4.4 MIKROKONTEKS

### 4.4.1 November 2022-vraestel

Afdeling A van Vraestel 1 van die November 2022-eindeksamenvraestel (DBO 2022) is reeds tydens ’n voorlopige studie (Van der Berg & Engelbrecht 2023) onder die loep geneem en die bespreking wat volg is dus gedeeltelik op hierdie studie gebaseer. **Teks 1** is logies uiteengesit en interessant en handel oor ’n onderwerp waarmee enige tiener kan identifiseer. Die teks is in maklik leesbare eenhede verdeel. Die woordeskat in die leesstuk is soms uitdagend. Uitdrukkings soos “klop-aan-die-deur-en-hardloop-weg-speletjie” en woorde soos “toep”, kan uitdagend wees. Die tegnologiese wêreld word deur Engels as wêreldtaal beheer en daarom is “toep” (meer algemeen bekend as *app*) selfs nie vir ’n Afrikaanssprekende leerder ’n bekende woord nie. Die titel en die *TikTok*-logo berei die leser op die Afrikaanse teks voor deur die klanknabootsende effek van ’n staanhorlosie as titel - wat tipografies langs die *TikTok*-logo geplaas is. Die klank en die visuele beeld word dus onmiddellik met mekaar verbind (Van der Berg & Engelbrecht 2023). Vir die ontwikkeling van multigeletterdheid, is dit belangrik dat die teks met die leerder se eie leefwêreld (*gesitueerde werklikheid*) verband moet hou. *TikTok* is ’n baie gewilde sosiale media-toepassing waarmee leerders sonder twyfel kan identifiseer. Die COVID-19-pandemie word ook genoem en sluit by die gedwonge tegnologiese borrel aan wat van 2019-2021 deel van matrikulante se lewens geword het. Die leesstuk verskaf verder positiewe en toekomsgerigte sienings uit die leerders se veranderende wêreld.

*Openlike onderrig*, die hoeksteen wat konstruktivistiese steierwerk as ’n onderrigstrategie fasiliteer (Anker & Cox 2018; Van Oort 2018; Strauss, Vos, & Van Oort 2019), is struktureel identifiseerbaar. Die voorspellingswaarde van die titel en die *TikTok*-logo, lê in die leser se assosiasie en konnotasies (die staanhorlosie en die toktokkie-speletjie) om



© University of Pretoria

die *TikTok*-verskynsel te definieer. Die ontstaan, groeiende gewildheid en unieke kenmerke van die toepassing word bespreek. Die verband met die pandemie word ook genoem, mense se suksesstories word gedeel en voorbeelde word gegee van hoe gemeenskappe (plaaslik en wêreldwyd) deur die "Jerusalema"-danspassies op *TikTok,* verryk is. Suid-Afrikaanse leerders se sienings word weer eens beïnvloed, wanneer *TikTok* gebruik word vir 'n godsdienstige byeenkoms en om matriekleerders vir die eksamen te motiveer en is 'n voorbeeld van glokalisering soos in 2.5 bespreek is. Leerders moet in staat wees om tussen feitelike inligting en fopnuus te onderskei, en die artikel sluit af met die idiomatiese uitdrukking "dink voor jy doen". Die bespreking oor fopnuus hou verband met die *kritiese raamwerk*. Leerders moet gevolglik verder as ooglopende veralgemenings en vooroordele kyk, na wat 'n teks tot gevolg kan hê wanneer daar nie met 'n kritiese lens gekyk word nie. Die gebruik daarvan in advertensies en die gevaar om propaganda blindelings te glo, word ook uitgewys en herinner die jong volwassene om 'n ingeligte tegnologiese gebruiker te wees. Die voorbeelde van *veranderde werklikheid*, blyk uit die matriekseun uit die Karoo wat sy maats deur *TikTok* motiveer om vir die eindeksamen te leer en die prettige manier waarop die "Jerusalema"-danspassies deur mense vertolk word. Die rymkletser wat die onderwyser se *WhatsApp*-aantekeninge vertolk het, is 'n voorbeeld van *veranderde werklikheid*. Dit is duidelik dat vrae op verskillende vlakke gevra word en leerders moet tussen feite en menings kan onderskei en besef dat die oormatige gebruik van *TikTok* nadelig is. Verder moet inligting chronologies gerangskik word en tussen letterlike en figuurlike gebruik van taal onderskei word.



© University of Pretoria

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: ARTIKEL**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

**TIKTOK, TIKTOK ...**

1 Praat jy van die rustige klank van 'n staanhorlosie? Of van die klop-aan-die-deur-en-weghardloop-speletjie? Nee! Ek praat van TikTok, die toep op sosiale media wat 'n mens kan gebruik om kort video's saam met musiek en ander klankeffekte te maak.

2 TikTok is in September 2016 deur die Chinese maatskappy, ByteDance, begin. Vanaf 2018 het dit globaal só gewild geraak dat dit maklik met ander sosialemediareuse soos *Facebook* kan kompeteer. Walloroo Media se navorsing het bewys dat TikTok aan die begin van 2021 meer as 1 miljard aktiewe gebruikers gehad het. Die toep is ook ten minste 200 miljoen kere afgelaai. Op die oomblik is dit in 75 tale beskikbaar.

3 Die naam, TikTok, dui op die kort formaat van die video's. Aan die begin was dit net 15 sekondes lank. Nou kan 'n TikTok-video tot 3 minute lank wees. Die doel is hoofsaaklik om te vermaak, daarom is die aanbieding gewoonlik lig en grappig. Inhoud sluit grappe, toertjies of dansroetines in. Die musiek wat daarmee saamgaan, maak dit net meer aanloklik vir mense.

4 TikTok is veral onder jongmense gewild. Eers was net sowat 7,1% van gebruikers 50 jaar en ouer. Verder is daar bevind dat 90% van gebruikers elke dag met TikTok besig is. Jy loop gevaar om aan TikTok "verslaaf" te raak. Jongmense se vermoë om te konsentreer soos hulle moet, word ook beïnvloed.

5 Soos met byna alle ander dinge het die Covid-19-pandemie ook die gebruik van TikTok op verskillende maniere verander. Teen die einde van April 2020, toe Suid-Afrika op Vlak 5 van die inperking was, het die aantal TikTokkers baie gestyg. Oud en jonk het dit gebruik om besig te bly en om hulle aandag van die probleme rondom die pandemie af te lei.

6 Die suksesverhale van TikTok maak 'n mens opgewonde. Net toe mense regoor die wêreld wou moed opgee, het 'n groep jongmense van Angola almal met hulle dansroetine op die maat van "Jerusalema" geïnspireer. Almal wou net dans! Mense is uitgedaag om self die dansroetine op te voer en het nie op hulle laat wag nie. Van die Kaap tot in Kuba het groepe mense met hulle eie Jerusalema-danspassies die boodskap van hoop aan die deurmekaar wêreld gebring.

7 TikTok het ook op die pienk kerkie op Lambertsbaai 'n effek gehad. Toe die kerkie nie sy deure kon oopmaak nie, het die jong dominee, Farren White, TikTok gebruik om die Woord aan haar gemeente te bring. Dit was 'n nuwe manier van doen en nie almal het daarvan gehou nie. Uiteindelik was haar digitale boodskappe egter so gewild dat hulle vier ekstra kameras in die kerk moes installeer. En haar gemeente het gegroei!

8 Terwyl leerders nie skool toe kon gaan nie, het 'n graad 12-leerder op 'n klein Karoodorpie begin TikTok om sy vriende te motiveer. Hy het gedans en gerymklets! 'n Ander leerder wou die lesse wat sy onderwysers op WhatsApp geplaas het 'n bietjie lewe gee. Hy gebruik toe rymklets om die notas wat sy onderwyser vir Lewenswetenskappe gestuur het, op te vrolik. Sy broer het 'n TikTok-video daarvan gemaak en vir sy klasmaats gestuur. Húlle het dit vir ander vriende gestuur en so het dit soos 'n veldbrand versprei. Dit het hom aangemoedig om nóg sulke rymklets-notas te maak. Nie net het dit graad 12-leerders gemotiveer nie, maar ook bewys dat leer lekker pret kan wees!

9 Alhoewel TikTok nie vir gewone advertensies bedoel is nie, is daar mense wat dit gebruik om produkte te adverteer of om tendense te bevorder. Dit word veral rondom skoonheid, modes, persoonlike finansies en kook gedoen. Dikwels word bekendes en *celebrities* hiervoor gebruik.

10 TikTok kán van waarde wees. Ongelukkig is daar ook mense wat dit misbruik, soos mense wat fopnuus die wêreld instuur of propaganda of negatiewe inhoud versprei. Dit is waarom TikTok in sekere lande verbied word.

11 Uiteindelik geld die goue reël wat op alle sosiale media van toepassing is: Dink voor jy doen!

[Verwerk uit Wikipedia, *Huisgenoot*, 10 Februarie 2022, e.a.]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Waarvoor kan jy TikTok-video's gebruik? (Paragraaf 1) (2)

1.2 Hoekom is ByteDance in paragraaf 2 as een woord geskryf? (1)

1.3 Skryf EEN woord uit paragraaf 2 neer wat vir ons sê dat TikTok oor die hele wêreld gebruik word. (1)

1.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Net soos *Facebook*, is TikTok ook een van die "sosialemedia**reuse**" omdat dit (op kommunikasie tussen mense fokus/miljoene gebruikers het). (1)

1.5 Volgens Walloroo Media het TikTok aan die begin van 2021 meer as 1 miljard gebruikers gehad.

Waarom kan ons sê dat hierdie 'n FEIT en nie 'n mening is nie? (1)

1.6 Watter inhoud word in TikTok-video's gebruik om mense te vermaak?

Noem TWEE. (2)

1.7 Lees paragraaf 4.

1.7.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Indien jongmense TikTok te veel gebruik, kan dit (voordelige/nadelige) gevolge vir hulle hê. (1)

1.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.7.1. (1)

1.8 Lees paragraaf 7.

1.8.1 Waarom, dink jy, het party mense nie van Farren White se nuwe manier van doen gehou nie? (1)

1.8.2 Waarom kan ons sê dat Farren se digitale boodskappe wel suksesvol was? Noem TWEE redes. (2)

1.9 TikTok het vinnig gegroei.

Kies 'n beskrywing in KOLOM B wat by die datum in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.9.1 tot 1.9.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| 1.9.1 2016 | A | Meer as 200 miljoen mense het die toep afgelaai. |
| 1.9.2 2018 | B | TikTok het mense in moeilike tye gehelp. |
| 1.9.3 2020 | C | TikTok is aan die wêreld bekendgestel. |
| 1.9.4 2021 | D | Party lande het die gebruik van TikTok verbied. |
| | E | Binne twee jaar het TikTok 'n sterk mededinger op sosiale media geword. |

(4 x 1) (4)

1.10 Watter musiekgenre het die twee leerders van wie ons in paragraaf 8 lees, gebruik om ander matrieks te motiveer? Skryf EEN woord neer. (1)

1.11 "Húlle het dit vir ander vriende gestuur en so het dit soos 'n veldbrand versprei." (Paragraaf 8)

1.11.1 Word hierdie sin LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.11.1. (1)

1.12 Waarom kan 'n mens verstaan dat dit sinvol is om bekendes in TikTok-advertensies te gebruik? (1)

1.13 Lees weer paragraaf 6.

Watter TWEE lewenslesse wat jóú in alle omstandighede kan help om moeilike situasies te hanteer, kry jy uit hierdie paragraaf?

Begin jou antwoord met: Ek het geleer dat … (2)

1.14 Lees die slotparagraaf.

Waarom, dink jy, is dit 'n goue reël op sosiale media om eers te dink voor jy doen? (1)



**Teks 1: Teks A 2022**

© University of Pretoria

**Teks 2** beeld die tien beste nuwejaarsvoornemens vir 2023 van mense tussen die ouderdomme van 16 en 30 jaar uit. Die inligting word dus binne 'n spesifieke kritiese raamwerk geplaas en die gewoonte om nuwejaarsvoornemens te hê, word hier aangespreek. Nuwejaarsvoornemens het gewoonlik 'n positiewe uitkoms ten doel, maar die teks maak ons ook bewus van die realiteit dat mense nie almal ewe toegewyd by hierdie voornemens bly nie. *Gesitueerde werklikheid* maak op die leerders se voorkennis staat, deur die gebruik van toepaslike, identifiseerbare simbole wat met hierdie voornemens geassosieer kan word. Hierdie prentjies/simbole sal verskillend in verskillende kontekste geïnterpreteer word. Die *kritiese raamwerk* plaas die simbole dus in die konteks van tipiese nuwejaarsvoornemens van mense in die spesifieke ouderdomsgroep en wat in 'n spesifieke tydperk (2023) toepaslik sal wees. Die ooreenkoms in die voornemens van mense van verskillende ouderdomsgroepe, kulture en geslagte word ook geïmpliseer. *Veranderde werklikheid* kom ter sprake waar daar van die leerder vereis word om die simbole/prentjies te gebruik om self te bepaal wat die verband met hul eie realiteit is. Die redelike persoon met 'n basiese taalvaardigheid behoort dus die volgende moontlike voornemens daaruit af te lei:

A Doen beter tydsbeplanning

B Help jou medemens

C Beskerm diere / help ander om dit te doen

D Werk spaarsaam met omgewingsbronne

E Spandeer minder tyd op sosiale media

F Spandeer meer tyd saam met familie en vriende

G Werk meer spaarsaam met jou geld

H Hou op rook/staak slegte gewoontes

I Verbeter jou kennis / leer iets nuuts


J Kry meer oefening

Die feit dat slegs 8% van mense in hierdie ouderdomsgroep dit regkry om by hul voornemens te hou, word met 'n regmerkie bevestig, terwyl dit terselfdertyd impliseer dat die meeste mense (92%) dit nie regkry om by hul voornemens te hou nie. Die vrae vereis ook terugvoer op verskillende vlakke, naamlik die afleiding dat prentjie A met tydsbestuur te doen het, terwyl iemand wat oefen (prentjie J), graag meer aktief wil wees of gesonder wil leef. Prentjie C kan impliseer dat dieresorg of betrokkenheid by organisasies wat verantwoordelikheid daarvoor neem, noodsaaklik is. *Openlike onderrig* maak daarop



© University of Pretoria

staat dat die leerder sal besef dat hy/sy self ook voornemens vir 2023 kan hê, maar dat dit nodig is om te besef dat nuwejaarsvoornemens nie altyd deurgevoer word nie en toewyding verg (Van der Berg & Engelbrecht 2023).




1.15 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.15) neer.

Uit PRENTJIE A lei ons af dat mense in 2023 graag …

A meer wil oefen.
B met ander wil kompeteer.
C hulle tyd beter wil gebruik.
D vinniger by die werk wil kom. (1)

1.16 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

PRENTJIE B impliseer dat mense in 2023 (meer aktief wil wees/ander mense wil help). (1)

1.17 Wat sê die mense se nuwejaarsvoornemens in PRENTJIE C vir jou? (1)

1.18 Noem EEN ding wat mense nie meer in 2023 wil doen nie. (1)

1.19 Die meeste mense slaag daarin om by hulle nuwejaarsvoornemens te hou.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.20 Waarom sou jy respek kon hê vir mense (PRENTJIE J) wie se voorneme dit is om te oefen? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**Teks 2: Teks B 2022**

### 4.4.2 November 2021-vraestel

Taal speel 'n belangrike rol in die begrip van die wêreld, die verwerwing van kennis, en die uitdrukking van identiteit, gevoelens en idees (DBO 2011). Dit stel mense in staat om in interaksie met ander te tree en hul eie leefwêreld te bestuur. Dit is presies wat **Teks 3** probeer bereik. Dit is ’n oproep tot optrede (*kritiese raamwerk*). Leerders sal reeds weet dat die uitroepteken ’n oproep tot optrede bevat (*openlike onderrig*). Die skrywer gaan van die standpunt uit dat mense deesdae meer bereid is om self te gee en te doen en bespreek drie persone wat hierdie motto hul eie gemaak het (*veranderde werklikheid*).
Die leerder met globale vaardighede toon belangstelling in die uitdagings van plaaslike, globale en kulturele belang (*kritiese raamwerk*) en gaan verder as sy of haar direkte omgewing (Asia Society 2018) en hier het elkeen op hul eie manier ’n verskil in hul eie wêreld gemaak, deur mense van klimaatsverandering bewus te maak, minderbevoorregte kinders van klere te voorsien en plastiekbesoedeling deur herwinning te verminder (*veranderde werklikheid*).



© University of Pretoria

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: ARTIKEL**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

**MOENIE NET PRAAT NIE; DOEN IETS!**
Stil-stil maak Suid-Afrikaners 'n verskil

1 Max Lucado, 'n geestelike skrywer, glo dat elke mens 'n begeerte het om 'n verskil op aarde te maak en om iets vir iemand te beteken. Maar om dit te doen, moet mense moue oprol. Gelukkig sien ons deesdae al minder "julle moet"-mense en meer "ons moet"-mense. Dit is mense wat bereid is om self te doen en te gee.

2 Ayakha Melithafa, Donalene Johanessen en Candice Mostert is maar net drie Suid-Afrikaners wat besluit het om deel te wees van die "ons moet"-mense wat 'n verskil in SA wíl maak.

3 **Ayakha Melithafa** se familie is boere wat erg deur die droogte in SA getref is. Ayakha het navorsing gedoen en agtergekom dat die verandering in klimaat die oorsaak van die droogte was. Sy het besef dat nog swaarder tye op hulle wag. Toe het sy geweet dat sy mense sal moet bewus maak van klimaatsverandering en die negatiewe gevolge daarvan. Daarom het sy by verskillende organisasies aangesluit.

4 Een van hierdie organisasies is Projek 90 teen 2030, wat koolstof teen 2030 wêreldwyd met 90% wil verminder. Die tweede een is die Afrika Klimaat Alliansie. Hulle maak mense bewus van klimaatsverandering. Deur hierdie Alliansie het Ayakha ander jong oorsese omgewingsaktiviste leer ken, onder andere Greta Thunberg van Swede.

5 Ayakha wil 'n stem vir die omgewing wees. Sy wil graag sien dat politieke leiers aandag aan die probleme rondom klimaatsverandering gee. Hulle moenie dink dat sy dinge uit haar duim suig nie. Hulle moet mense wat niks daarvan weet nie, inlig. Hulle moet die jeug en gemeenskappe inspireer om die omgewing beter te bewaar. Mense moet weet wat hulle kan doen om klimaatsverandering te keer.

6 In 2013 het **Donalene Johanessen** Royal Kidz gestig. Dit is 'n nie-winsgewende organisasie wat minderbevoorregte kinders op verskillende maniere help. Die Marriotts Hotelgroep het ook by hierdie projek betrokke geraak en besluit om lakens wat hulle nie meer gebruik nie, vir haar te skenk. Die lakens is van 'n goeie kwaliteit; daar is selfs lakens van Egiptiese katoen.

7 Donalene en haar werkers gebruik hierdie lakens om skoolhemde en warm baadjies vir minderbevoorregte kinders te maak. Uit een koningsgrootte laken kan 5 skoolhemde gemaak word. Dis hoe die Sheets for Shirts-projek ontstaan het.

8 2019 was 'n goeie jaar. 'n Donasie van 300 skoolhemde is aan Graad R–1-leerders aan die Primêre Skool Eastville gegee. Vir Mandeladag is meer as 1 000 skoolhemde, winterbaadjies en skoene aan leerders van verskillende skole geskenk.

9 Dit was nog altyd Donalene se droom om 'n vaste werkplek vir plaaslike naaldwerkers te hê. Marriotts het toe R1,2 miljoen vir Donalene gegee om Restore SA Pty Ltd te begin. Dit is haar eie besigheid. Sy het 11 vroue en 2 mans in diens, 'n permanente fabriek in Parow en 'n aanlyn winkel. Sy gebruik 40% van haar besigheid se wins vir Royal Kidz se projekte.

10 Uiteindelik strek Donalene se projek verder as om net skoolklere te voorsien. Hierdie projek het ook haar werkers se lewens positief verander. Hulle verdien nou 'n vaste inkomste, voel goed oor hulleself en het 'n doel in die lewe. Die kinders wat deur haar projek gehelp word, woon nou gereeld skool by.

11 Donalene pak ook die plastiekprobleem in ons land aan. Sy maak wasgoedsakke vir hotelle uit die ou lakens. Nou hoef hotelle nie meer plastieksakke daarvoor te gebruik nie.

12 Nog iemand wat iets omtrent die enorme plastiekprobleem probeer doen, is **Candice Mostert**. Sy ondersteun die idee van ekostene. Ekostene help om plastiekafval te verminder.

13 Vir 'n ekosteen het 'n mens 'n 2 ℓ-koeldrankbottel nodig. Jy vul die bottel met skoongewaste plastiek soos penne, plastieksakkies en plastiekbakkies wat nie weer gebruik kan word nie. Hierdie ekostene word dan vir verskillende dinge gebruik, bv. om vloere en mure op te vul en bankies vir skoolterreine te bou.

14 Candice se organisasie, Waste-Ed, werk saam met gemeenskappe in die Wes-Kaap. In 2019 het hulle 20 ton plastiek van vullishope af verwyder en in ekostene gebruik. Daar is 37 skole wat saam met haar werk. Sy sê ekostene is 'n goeie manier om kinders te leer om die omgewing te bewaar.

15 Dit is maar drie Suid-Afrikaners wat in die "ons moet"-span speel. Vir watter span draf jý uit?

[Eie teks]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Watter skrywer glo dat alle mense 'n verskil aan ander se lewens wil maak? (1)

1.2 "Gelukkig sien ons deesdae al minder 'julle moet'-mense en meer 'ons moet'-mense." (Paragraaf 1)

Waarom kan ons sê dat hierdie stelling 'n MENING is en nie 'n feit nie? (1)

1.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Julle moet"-mense is mense wat graag (eise stel/verantwoordelikheid aanvaar). (1)

1.4 Waarom het Ayakha se familie swaargekry? (1)

1.5 Ayakha het by verskillende organisasies, wat op klimaatsverandering fokus, aangesluit.

1.5.1 Noem TWEE organisasies waarby Ayakha aangesluit het. (2)

1.5.2 Waaruit kan 'n mens aflei dat hierdie organisasies nie nét in klimaatsverandering **in Suid-Afrika** belangstel nie? (1)

1.6 "Hulle moenie dink dat sy dinge **uit haar duim suig** nie." (Paragraaf 5)

1.6.1 Word "uit haar duim suig" hier LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.6.1 deur te verduidelik wat "uit haar duim suig" beteken. (1)

1.7 Sê watter hotelgroep entrepreneurs se drome waar maak en motiveer jou antwoord met 'n bewys uit die leesstuk. (2)

1.8 Hoeveel skoolhemde kan uit een koningsgrootte laken gemaak word? (1)

1.9 Wat was in 2019 Donalene se projek vir Mandeladag? (1)

1.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.10) en die letter (A–D) neer.

Die kinders wat deur Donalene se Sheets for Shirts-projek gehelp word, woon nou gereeld skool by. Hieruit lei ons af dat ...

A party kinders nie van hierdie projek sal hou nie.
B alle leerders nou hierdie hemde behoort te dra.
C hierdie projek onderwys in ons land indirek ondersteun.
D ander hotelle ook by hierdie projek betrokke gaan raak. (1)

1.11 Watter tipe houer gebruik Candice om ekostene te maak? (1)

1.12 Die skrywer se doel met hierdie teks is om vir die leser presies te verduidelik wat klimaatsverandering is.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.13 Daar is verskillende organisasies waarvan ons in hierdie teks lees, elk met sy eie funksie.

Kies die beskrywing in KOLOM B wat by die organisasie in KOLOM A pas. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.13.1 tot 1.13.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.13.1 Projek 90 teen 2030 | A maak die jeug van herwinning bewus |
| 1.13.2 Restore SA Pty Ltd | B fokus net op klimaatsverandering in Afrika |
| 1.13.3 Royal Kidz | C laat volwassenes menswaardig voel |
| 1.13.4 Waste-Ed | D fokus op 'n gesonder toekoms vir die wêreld |
| | E laat ander projekte ontwikkel wat op kinders fokus |

(4 x 1) (4)

1.14 Hou die hele teks in gedagte.

Waarom is die sin hieronder 'n goeie samevatting van die inhoud?

"Maar om dit te doen, moet mense moue oprol." (Paragraaf 1) (2)

1.15 In hierdie teks lees ons van drie mense wat 'n verskil gemaak het.

Kies EEN van die drie wat jy sou ondersteun. Sê wat hierdie persoon se grootste bydrae tot SA is en hoe jý hierdie persoon op 'n praktiese/werkbare manier sal ondersteun. (2)




© University of Pretoria

Wat **Teks 3** lewensgetrou en relevant maak, is die feit dat dit spesifiek na Suid-Afrikaanse tieners verwys en dat hulle die behoeftes in hul eie omgewing geïdentifiseer en aangespreek het (*veranderde werklikheid*). Die fundamentele doel van onderwys is om alle leerders toe te rus om volledig in die openbaar, gemeenskap en ekonomie deel te neem (DBO 2011), soos wat hierdie mense dit gedoen het. Hulle het uitdagings ondersoek, die perspektiewe en wêreldbeskouings van ander verstaan en waardeer, en effektief en betekenisvol by mense en kwessies in hul onmiddellike omgewing betrokke geraak (*kritiese raamwerk*). In die proses is ander skole en dus ook tieners by die projekte betrek en word die idee versterk dat 'n mens reeds as tiener 'n groot verskil in jou direkte omgewing of die wêreld kan maak (*veranderde werklikheid*).

Leerders vind dus uit van bestaande projekte waarby hulle betrokke kan raak (*veranderde werklikheid*). Daar is vrae wat hoërorde-denke vereis. Die leerder moet tussen feite en menings, en tussen letterlike en figuurlike betekenisse kan onderskei (*kritiese raamwerk*), maar ook sy eie betrokkenheid by verandering in die wêreld in oënskou neem (*veranderde werklikheid*).

**TEKS B: SOVEEL MENSE IS VIR VERKEERSOORTREDINGS GEVANG**




[Verwerk uit Grafika24]

1.16 Vir watter oortreding op die pad word die meeste mense gevang? (1)

1.17 Hoe word roekelose bestuur visueel in die grafiek voorgestel? (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.18) neer.

'n Voorbeeld van roekelose bestuur is om ...

A met 'n gesteelde voertuig te ry.
B die motor se toeter te veel te blaas.
C jou bestuurderslisensie by die huis te los.
D 'n ander voertuig om 'n draai verby te steek. (1)

1.19 Hoekom, dink jy, behoort voertuie wat in 'n swak toestand is, nie op paaie toegelaat te word nie? (1)

1.20 Haal EEN woord uit die teks aan om die volgende sin te voltooi.

Dit is ... om 'n voertuig te bestuur wat nie gelisensieerd is nie. (1)

1.21 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die inligting in hierdie grafiek leer ons om (te kyk waar die verkeersmanne die paaie patrolleer/bewus te wees van verkeersreëls). (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**Teks 4: Teks B 2021**



© University of Pretoria

**Teks 4** (DBO 2021) gee ’n visuele voorstelling van die hoeveelheid mense wat vir verkeersoortredings gevang word. Verkeersoortredings word hier in vier kategorieë verdeel (*kritiese raamwerk*). Buiten vir die opskrifte by elke afdeling, word verteenwoordigende simbole by elke kategorie gebruik. Vir die leerder in die EAT-klas, of enige ander leser wat sukkel om te lees of getalle te interpreteer, vereenvoudig die visuele simbole (*openlike onderrig*) die statistiese inligting en maak dit interessanter. Die simbole word boonop binne ’n spesifieke konteks (*kritiese raamwerk*) gebruik en beïnvloed die interpretasie daarvan. Behalwe vir die getalle wat verskaf word, ondersteun die staafgrafiek (*openlike onderrig* lei tot *veranderde werklikheid*) die interpretasie van die getalle. Die oorsake van verkeersoortredings sowel as die aantal oortredings as gevolg van alkoholmisbruik het van 2018 na 2019 afgeneem. Dit is egter kommerwekkend dat voertuie wat weens hul swak toestand nie op die pad mag wees nie en oortredings weens roekelose bestuur, toegeneem het.

Die meeste leerders wat die matriekeksamen skryf, het reeds ’n bestuurderslisensie of beoog om dit binnekort te verkry. Dit vorm dus deel van die leerders se *gesitueerde werklikheid* en verskaf relatief nuwe inligting (*kritiese raamwerk*) wat die leerder se toekomstige besluite en optrede mag beïnvloed (*veranderde werklikheid*). Alhoewel die grafika inligting verskaf, het dit ook ten doel om die leerders te help om sosiale kontekste korrek te interpreteer (*kritiese raamwerk*) en moontlike selfrefleksie te doen (*veranderde werklikheid*). Die gebruik en interpretasie van die staafgrafiek en simbole (*openlike onderrig*) word in hierdie *veranderde werklikheid* toegepas en behoort die leerder aan te spoor om onverantwoordelike gedrag en die gevolge daarvan in die toekoms te deurdink.

Die inligting is dus werklikheidsgetrou en relevant. Die vrae word op verskillende denkvlakke gestel. Die opsies waaruit die leerder in vraag 1.21 moet kies is nie noodwendig realisties nie. Die “korrekte” antwoord dui aan dat die grafiek ’n mens leer om “bewus te wees van verkeersreëls”, terwyl dit eerder bewustheid wil kweek van die tipiese oortredings waarvoor mense vasgetrek word en hoe dit van een jaar na die volgende verander het (*kritiese raamwerk*).



© University of Pretoria

### 4.4.3 November 2020-vraestel

Enige sokkermal-tiener sal **Teks 5** (DBO 2020) interessant vind. Kylian Mbappé het sedert sy kinderdae 'n droom gehad (*gesitueerde werklikheid*) en sy pad na roem word kortliks uiteengesit. Hy het hom toe alreeds verbeel dat hy suksesvol gaan wees en sy helde nageboots (*kritiese raamwerk*).

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

**KYLIAN MBAPPÉ**
**Die sokkerspeler met die goue voet én 'n goue hart!**

1 Kylian Mbappé is nie net die duurste tienersokkerspeler ter wêreld nie; hy is ook by FIFA se 2018 Wêreldbeker-sokkertoernooi in Rusland as die Jong Speler van die Toernooi aangewys.


[Bron: World Soccer Images]

2 Kylian het in 'n sportmal gesin in Bondy, 'n voorstad van Parys, Frankryk, grootgeword. Sy pa was 'n sokkerafrigter by AS Bondy waar Kylian se sokkerloopbaan begin het. Sy ma was 'n handbalspeler.

3 Sokker was van kleintyd af Kylian Mbappé se passie. Hy onthou dat hy as kind miniatuur-doelhokke in die huis opgestel het. Hy het ook sy kop kaal laat skeer, soos die speler, Zinedine Zinedane, s'n. Sy kamermure was vol foto's van sy held, Cristiano Ronaldo, en hy het daarvan gehou om FIFA se videospeletjie te speel.

4 Die sokkerwêreld het voor 2018 al van Kylian se bestaan geweet. Dit was voor sy sewentiende verjaardag in 2015 toe hy sy debuut in Monaco se eerste span gemaak het. Nadat hy sy eerste doel aangeteken het, het hy Thierry Henry se plek as die klub se jongste doelskieter ingeneem. In die twee seisoene daarna het hy nog 40 doele aangeteken. Dit het Paris Saint-Germaine (PSG) se aandag getrek en hulle wou Kylian hê.

5 Dié skatryk Franse klub het vir Monaco groot geld vir die doelskopper, wat toe 18 was, aangebied. Die hele proses om Kylian van Monaco na PSG oorgeplaas te kry, het amper R2,8 miljard gekos. Dit maak Kylian die duurste tienersokkerspeler ter wêreld. Dit het ook beteken dat Kylian weer na sy geboorteland kon teruggaan.

6 In 2018 het Kylian as 'n jong speler na die Wêreldbeker-sokkertoernooi in Rusland gegaan. Hy was opgewonde om teen die bestes in die sokkerwêreld te speel. Baie mense het gesê dat die bloedjong Kylian Mbappé 'n speler was om dop te hou en hulle was in die kol! Hy het vier doele in die toernooi aangeteken: een teen Peru, twee teen Argentinië en die laaste doel in die finale wedstryd. Dit is hoekom FIFA hom as die Jong Speler van die Toernooi aangewys het.

7 Toe Kylian die bal tydens die eindstryd verby die Kroasiese doelwagter tot agter in die net skop, het hy maar die tweede tiener in sokkergeskiedenis geword wat 'n doel in 'n Wêreldbekereindstryd aanteken. Só het hy Frankryk gehelp om Kroasië met 4–2 te wen en het hy Rusland as 'n súperster verlaat!

8 "Welkom in die klub," het Brasilië se Pelé ná Frankryk se oorwinning getwiet. Pelé was ook maar net 18 toe hy twee keer in 1958 se Wêreldbekereindstryd 'n doel aangeteken het. "Dis lekker om geselskap te hê. As Kylian so aanhou om my rekords te ewenaar, sal ek my stewels moet afstof …," het Pelé verder getwiet.

9 Dié jong Franse speler word nou die tiener-met-die-wêreld-aan-sy-voete genoem. Hy word reeds met die legende van Argentinië, Lionel Messi (31), en die Portugese ster, Cristiano Ronaldo (33), vergelyk. 'n Mens kan amper nie dink dat 'n 19-jarige dit kon regkry nie.

10 Om op só 'n jong ouderdom reeds soveel sukses te behaal, hou nie nét voordele in nie. Byvoorbeeld, Kylian is nog aan die begin van sy loopbaan, maar hy het reeds die top bereik. Hy kan ook nêrens meer gaan nie, of die mense hardloop na hom toe. Derdens was Kylian ook nog so besig om 'n wêreldsuperster te word, dat hy nie eens tyd gehad het om 'n rybewys te kry nie. Sy familie moet hom steeds vat waar hy wil wees.

11 Vir die wêreld is hy die volgende Lionel, Cristiano, Thierry of selfs Zinedine. Vir die kinders van Bondy is hy iets veel meer. Die buurt was bekend vir sy geweld en dwelmmisbruik, maar Kylian het gehelp om hierdie beeld te verander. Vir die kinders van Bondy is Kylian die lewende bewys dat enige iets moontlik is as jy hard genoeg oefen.

12 Kylian sal nie net vir sy sokkerprestasies onthou word nie, maar ook vir sy vrygewige hart. Hy het al die geld wat hy tydens die Wêreldbekertoernooi gekry het (baie meer as R4 miljoen), vir 'n organisasie wat siek en gestremde kinders gratis afrig, gegee.

13 Kylian Mbappé verdien dit om die tiener met die goue voet én 'n goue hart genoem te word.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 26 Julie 2018]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Waar is die 2018 Wêreldbeker-sokkertoernooi gehou? (1)

1.2 Waarom word Kylian se gesin "sportmal" genoem? Gee TWEE feite uit die leesstuk. (2)

1.3 Wie was Kylian se TWEE groot sokkerhelde uit sy kinderdae? (2)

1.4 Waarom onthou mense Kylian se debuut in Monaco se eerste span? (1)

1.5 Hoe weet ons dat Monaco Kylian nie maklik laat gaan het nie? (1)

1.6 "In 2018 het Kylian as 'n jong speler na die Wêreldbeker-sokkertoernooi in Rusland gegaan." (Paragraaf 6)

1.6.1 Baie mense het gedink dat Kylian goed sou speel. Skryf DRIE OPEENVOLGENDE woorde uit die teks neer wat vir ons sê dat hierdie mense nie verkeerd was om so te dink nie. (1)

1.6.2 Hoeveel doele het Kylian in 2018 in Rusland aangeteken? (1)

1.7 Kylian word reeds met Argentinië se Lionel Messi en Portugal se Cristiano Ronaldo vergelyk. (Paragraaf 9)

1.7.1 Vir watter land het Kylian in FIFA se 2018 Wêreldbeker-sokkertoernooi gespeel? (1)

1.7.2 Waarom is dit moeilik om te glo dat hy met Messi en Ronaldo vergelyk word? (1)

1.7.3 Watter prestasie het Kylian behaal wat Messi en Ronaldo nie kon regkry nie? (1)

1.8 Lees weer paragraaf 8.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

As Pelé sê: "Welkom in die klub" (erken hy Kylian se prestasies/probeer hy Kylian na 'n ander sokkerklub lok). (1)

1.9 Dit is moontlik dat Pelé in die toekoms saam met Kylian in 'n Wêreldbeker-toernooi sal kan speel.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.10 Kylian is reeds as 'n tiener 'n superster. Noem TWEE nadele wat dit vir hom inhou. (2)

1.11 "Vir die wêreld is hy die volgende Lionel, Cristiano, Thierry of selfs Zinedine." (Paragraaf 11)

Waarom is dit 'n MENING en nie 'n feit nie? (1)

1.12 Noem EEN sosiale probleem wat die kinders van Bondy in Frankryk beleef. (1)

1.13 Wat kan die kinders van Bondy uit Kylian se sukses leer? (1)

1.14 Waarom is dit gepas dat mense sê dat Kylian 'n "goue hart" het? (1)

1.15 Waarom is daar 'n foto by die artikel? (1)

1.16 Gee TWEE redes waarom Kylian ná die 2018 Wêreldbekertoernooi onthou sal word. (2)


1.17 Na jy hierdie artikel gelees het, hoe voel jy oor sokkerspelers? (1)

**Teks 5: Teks A 2020**



© University of Pretoria

Wat sy sukses uitsonderlik maak (*veranderde werklikheid*) is dat hy die duurste tienersokkerspeler is en slegs die tweede tiener wat ’n doel tydens die wêreldbekereindstryd aangeteken het. Hy word verder met die topspelers ter wêreld vergelyk. Sy sport het hom so besig gehou dat hy nie eintlik tyd gehad het vir die dinge wat die gemiddelde tiener doen nie (*kritiese raamwerk*). Wat Mbappé se storie uitsonderlik maak, is die feit dat hy ten spyte van moeilike omstandighede sukses behaal het, maar ook na sy tuisdorp teruggegaan het (*veranderde werklikheid*) om die beeld van geweld en dwelmmisbruik daar te verander. Hy het ’n verskil gemaak deur sy prysgeld vir die wêreldbekertoernooi vir ’n organisasie te gee wat siek en gestremde kinders gratis afrig (*kritiese raamwerk*). Hy dien dus as ’n voorbeeld van iemand wat sy *gesitueerde werklikheid* verander en tot ander se voordeel gebruik het (*veranderde werklikheid*). Vraagstelling verwag dat die leerder tussen feite en menings moet onderskei, weet waarna sosiale probleme verwys (*openlike onderrig*), en watter lesse die kinders van Bondy uit Kylian se sukses kan leer. Verder het die gebruik van ’n foto spesifieke waarde vir die teikengroep (*kritiese raamwerk*) en die leerder moet ’n opinie oor sokkerspelers vorm.




.18 Waarvoor staan die mense in die tou en wag? (1)

.19 Hoe beeld die spotprenttekenaar visueel uit dat die studente al baie lank in die tou staan? (1)

.20 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.20) en die antwoord (A–D) neer.

Die man agter die tafel gebruik die aanspreekvorm "Boet", want ...

A hy is familie van die jongman wat voor hom sit.
B hy ken die jongman wat voor hom sit, persoonlik.
C só spreek Afrikaanse mense 'n jongman dikwels aan.
D die jongman het nie sy aansoekvorms volledig ingevul nie. (1)

.21 "Boet, wag vir die dag dat jy vir werk aansoek doen."

1.21.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.21.1) en die antwoord neer.

Die boodskap wat die man aan die jongman oordra, is (positief/negatief). (1)

1.21.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.21.1. (1)

.22 Waarom, dink jy, praat die twee dames wat in die kantoor werk, glad nie? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**Teks 6: Teks B 2020**

**Teks 6** (DBO 2020) handel oor universiteitsregistrasie. Baie matriekleerders het reeds by universiteite aansoek gedoen of is besig met die registrasieproses (*gesitueerde werklikheid*). Indien hulle nog nie geregistreer het nie, behoort hierdie spotprent hulle ’n idee te gee van die omstandighede waaronder die registrasieproses soms geskied



© University of Pretoria

(*kritiese raamwerk*). Vraagstelling vereis visuele geletterdheid van die leerder (*veranderde werklikheid*). Die leerder moet aflei dat die mense in die ry staan om by die universiteit te registreer. Die studente se liggaamstaal en gesigsuitdrukkings skep die indruk dat hulle reeds lank wag en moeg is (*kritiese raamwerk*). Hulle leun teen die muur en hul skouers hang. Gesigsuitdrukkings dui aan dat sommige van hulle geïrriteerd, moeg en selfs benoud is dat hulle dalk nie die geleentheid sal kry om te registreer nie.

Aan die kleredrag en maniere, is dit duidelik dat hierdie mense voornemende studente is. Die oorfone op die kop en die ontspanne kleredrag help om die mense as deel van ’n spesifieke ouderdomsgroep te identifiseer (*kritiese raamwerk*). Die personeel wat vir die administrasie van die proses verantwoordelik is, het almal streng gesigte en lyk baie gefokus. Die man lyk onsimpatiek met die studente se frustrasie en asof hy die studente ’n guns doen, eerder as om ’n diens te lewer (*kritiese raamwerk)*. *Veranderde werklikheid* impliseer dat die leerder dalk sekere planne vir die toekoms het en voorbereid by die registrasiesentrum sal opdaag.

Die leerder behoort dus die sosiale konteks te kan interpreteer en sinvol daarop te kan reageer. Die vermoë om gesigsuitdrukkings te interpreteer is iets wat deur *openlike onderrig* gedoen kan word. Die leerder gebruik die *kritiese raamwerk* om die konteks in sy eie realiteit te identifiseer en besluite te neem wat sy toekoms kan beïnvloed. Om vrae oor hierdie kontekste te kan beantwoord, vereis dat onderwysers geleenthede skep wat tot sosiale verandering lei.

### 4.4.4 November 2019-vraestel

In **Teks 7** (DBO 2019a) sal die EAT-leerder aanklank by die karakter vind wat demografies baie van die EAT-leerders verteenwoordig. Tumi is vroulik en word as ’n rolmodel beskou wat ten spyte van moeilike omstandighede (*gesitueerde werklikheid*) haar drome bewaarheid het. Sy word ook as ’n baanbreker beskou nadat sy die eerste swart vrou geword het wat ’n helikopter vir die Suid-Afrikaanse Weermag gevlieg het (*veranderde werklikheid*). Sy was ten spyte van moeilike omstandighede vasberade om die boonste sport te bereik en het met die hulp van borge haar handelslisensie voltooi (*kritiese raamwerk*). Sy is ook as die topstudent in haar klas aangewys.



© University of Pretoria

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

**EN NOU VLIEG TUMI REGTIG!**



1 Boitumelo (Tumi) Katisi van Pimville in Soweto het bewys dat drome waar kan word as jy hard werk. Die pad wat sy gestap het om haar droom waar te maak, was moeilik. Sy het egter aangehou totdat sy suksesvol was.

2 Tumi sê haar mentor of rolmodel was Phetogo Molawa. In 2007 het Phetogo die eerste swart vrou geword om 'n helikopter in die Suid-Afrikaanse Lugmag te vlieg. Hierdeur het sy gewys dat vroue enige werk kan doen wat hulle graag wil doen en nie vir mans hoef terug te staan nie. Tumi was daardie jaar 'n graad 9-leerder aan Hoërskool Bryanston.

3 In graad 10 moes Tumi-hulle 'n taak vir Lewensoriëntering doen. Hulle moes 'n werk kies wat hulle graag eendag wil doen en 'n dag by so 'n werksplek deurbring. Op daardie stadium wou Tumi 'n argitek word, maar sy kon nie 'n werksplek kry waarheen sy kon gaan om haar taak te voltooi nie. Haar tante het as administrasieklerk by die OR Tambo Lughawe gewerk en het toe maar vir Tumi na haar werk toe gevat.

4 Hierdie besoek aan die lughawe het Tumi se lewe in 'n heel nuwe rigting gestuur. Daar was drie redes daarvoor. In die eerste plek het sy vir die eerste keer 'n vliegtuig van naby gesien inkom om te land. Sy het daardie dag ook die kans gekry om die vlieëniers persoonlik te ontmoet. Sy kon met hulle gesels oor waarom daar so min vroulike vlieëniers was. Sy moes hoor dat die meeste vroue verkies om die passasiers in die vliegtuig te bedien. Hierdie drie dinge het Tumi laat besluit dat sý 'n vlieënier wou word!

5 Dit was moeilik om haar nuwe toekomsdroom waar te maak. Tumi se ma, 'n enkelouer, kon nie vir vlieglesse ná matriek betaal nie. Tumi het besef dat sy self planne vir haar toekoms moes maak. By 'n lugskou wat sy in 2012 bygewoon het, het sy die kans gekry om aansoek te doen vir 'n beurs om ontspanningsvlugvaart ('recreational aviation') te studeer. Sy was toe gelukkig genoeg om die beurs te kry. Tumi het die opleiding in 6 maande voltooi.

6 In 2013 het Tumi by die vliegskool in Germiston aangesluit om haar private vlieglisensie te kry. Sy moes kort-kort haar opleiding stop om te wag dat haar ma eers genoeg geld bymekaar maak om vir haar lesse te betaal. Vir Tumi was dit nie goed genoeg nie. Sy het besluit om 'n borg ('sponsor') te soek. Sy het self briewe aan verskillende besighede geskryf. Een so 'n besigheid was die Switserse horlosiemakers, Breitling. Hulle het besluit om vir Tumi te help. In Julie 2014 kon Tumi met die hulp van hierdie borg vir haar private vlieglisensie kwalifiseer. Sy is ook aangewys as die vliegskool se hardwerkendste student. Maar al het Tumi nou haar vlieglisensie gehad, het sy steeds nie 'n permanente werk gehad nie.

7 Tumi wou 'n permanente werk as vlieënier hê, maar dan moes sy eers 'n handelsvlieënier word. Nog 'n verdere kwalifikasie! Vriende en Hoëveld Stereo het vir Tumi 'n borg gekry sodat sy haar opleiding as handelsvlieënier ('commercial pilot') kon ontvang. Aan die einde van hierdie kursus is sy as Student van die Jaar aangewys. Dit het dus jare van vasbyt en baie harde werk gekos, maar Tumi het uiteindelik in 2018 haar goue vlerkies gekry. Dit beteken sy het as vlieënier gekwalifiseer.

8 Vlieg bly Tumi se passie. Wanneer sy nie vlieg nie, hou sy daarvan om tuis tyd saam met familie deur te bring, televisie te kyk, na musiek te luister, te lees of te kook. Haar groot droom is om eendag die kaptein van een van SAL se grootste vliegtuie te wees. Sy sê om 'n goeie vlieënier te wees, moet jy nie net goed in Wiskunde en Wetenskap wees nie, maar jy moet ook goed kan kommunikeer en in 'n span kan saamwerk.

9 Tumi tree gereeld as motiveringspreker ('motivational speaker') by skole op. Sy sê die belangrikste rede waarom mense nie hulle drome waar maak nie, is omdat hulle te bang is om nuwe dinge te doen. Mense is dus bang om te waag, want hulle dink hulle sal misluk. Maar wie nie waag nie, wen nie!

[Verwerk uit *Rapport*, 11 November 2018, sci4ubuntu, e.a.]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Waar het Tumi grootgeword? (1)

1.2 Phetogo Molawa was vir Tumi 'n rolmodel.

1.2.1 Watter groot prestasie het Phetogo in 2007 behaal? (1)

1.2.2 Watter les kon Tumi, volgens paragraaf 2, by Phetogo leer? (1)

1.3 Aan watter hoërskool het Tumi studeer? (1)

1.4 Tumi wou nie van die begin af 'n vlieënier word nie.

1.4.1 Watter werk wou Tumi eers gedoen het? (1)

1.4.2 Hoekom het sy dan saam met haar tante lughawe toe gegaan om haar taak te kon doen? (1)

1.5 Waarom kan 'n mens sê dat dit vir Tumi goed was om daardie dag na haar tante se werk toe te gaan? (1)

1.6 Noem DRIE dinge wat Tumi daardie dag by haar tante se werk laat besluit het dat sy 'n vlieënier wou word. (3)

1.7 Tumi het nie gewag dat ander mense dinge vir haar doen nie. Sy het self dinge gedoen om haar drome waar te maak.

Kies 'n gevolg ('effect') in KOLOM B wat by die oorsaak ('cause') in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.7.1 tot 1.7.4) neer, bv. 1.7.5 E.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1.7.1 | Daar was net een ouer wat vir Tumi se studies kon betaal. | A | Tumi kon as handelsvlieënier kwalifiseer. |
| 1.7.2 | Tumi het om 'n beurs aansoek gedoen. | B | Breitling het vir Tumi ondersteun. |
| 1.7.3 | Tumi het dringend 'n borg gesoek om haar studies te kon voltooi, sonder om dit kort-kort te stop. | C | Tumi kon haar eerste kursus binne 6 maande voltooi. |
| 1.7.4 | Hoëveld Stereo het vir Tumi gehelp. | D | Tumi kon nie dadelik ná matriek vlieglesse neem nie. |

(4 x 1) (4)

1.8 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Tumi moes opgelei word om as handelsvlieënier te kwalifiseer sodat sy (voltyds/deeltyds) as vlieënier kon werk. (1)

1.9 2018 was 'n suksesvolle jaar vir die jong Tumi Katisi.

Gee TWEE redes uit die teks om hierdie stelling WAAR te maak. (2)

1.10 Hoekom, dink jy, is dit gepas dat vlieëniers "goue vlerkies" ontvang as hulle kwalifiseer? Verwys na beide woorde in jou antwoord. (2)

1.11 Waaruit kan ons aflei dat Tumi in haar vrye tyd nie baie uitgaan nie? (1)

1.12 Wat sal vir Tumi die hoogtepunt van haar loopbaan as vlieënier wees? (1)

1.13 Hoekom, dink jy, is dit belangrik dat 'n vlieënier in 'n span kan saamwerk? (1)

1.14 Waarom kan 'n mens sê dat Tumi 'n motiveringspreker is na wie jongmense gerus kan luister? (1)

1.15 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.15) neer.

"Maar wie nie waag nie, wen nie!" (Slotparagraaf)

Tumi het dit in haar eie lewe bewys, want sy het ...


A nie vir die groot vliegtuie geskrik nie.
B baie vriende gemaak wat haar kon help en ondersteun.
C aangehou om probleme te hanteer en suksesvol op te los.
D seker gemaak dat sy Wiskunde en Wetenskap goed verstaan. (1)

**Teks 7: Teks A 2019**



© University of Pretoria

**Teks 7** verduidelik ook die omstandighede waarin Tumi hard moes werk en met deursettingsvermoë uiteindelik haar doelwit bereik het. Sy was ook nie net tevrede om te slaag nie, maar was student van die jaar en wil die kaptein van een van SAL se grootste vliegtuie wees. Sy het steeds drome en gee erkenning aan die gemeenskap (*kritiese raamwerk*) vir hul betrokkenheid om dit moontlik te maak. Sy gee ook terug aan die gemeenskap deur leerders by skole aan te moedig om groot te droom (*veranderde werklikheid*). Vraagstelling fokus op die belangrikheid van spanwerk en die leerder moet ’n opinie vorm en dit motiveer. Die simboliek van die “goue vlerkies” moet ook afgelei word.



TEKS B: TYDLYN

Bestudeer die tydlyn oor die geskiedenis van flieks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE GESKIEDENIS VAN FLIEKS

1880: ’n Apparaat wat ’n filmkamera en ’n projektor was, het swart-witfilms opgeneem.

1891: Die eerste stilfilm verskyn.

1897: Die eerste dokumentêre film verskyn.

1906: Die eerste vollengte film, *The Story of Kelly Gang*, verskyn.

1918: Die eerste film in kleur, *Cupid Angling*, verskyn.

1927: *The Jazz Singer* was die eerste film waarin die akteurs gepraat het.

Walt Disney Produksies

1937: *Snow White and the Seven Dwarfs* verskyn. Dit was die eerste ware animasiefilm.

2008: *Iron Man*, die eerste Marvel-fliek, verskyn.

[Verwerk uit Wikipedia]

1.16 Watter EEN woord in die teks pas by die prentjie hieronder? (1)

1.17 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Die eerste vollengte film was ’n (swart-witfilm/kleurfilm). (1)

1.18 Waarom was *Cupid Angling* ’n hoogtepunt in die geskiedenis van flieks? (1)

1.19 Hoekom kan ons sê dat daar in 1927 ’n nuwe fase vir akteurs begin het? (1)

1.20 Wie het die eerste animasiefilm gemaak? (1)

1.21 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Die (prentjies/datums) sê hoe flieks deur die jare heen ontwikkel het. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**Teks 8: Teks A 2019**

Die tydlyn in **Teks 8** (DBO 2019a) gee ’n opsomming van die geskiedenis van films *(gesitueerde werklikheid*). Films is deesdae baie meer algemeen as toe dit die eerste keer bekendgestel is. Die industrie het sedertdien geweldig ontwikkel. Dit is waarskynlik vir leerders ondenkbaar dat films eers net swart-en-wit was en nie klank gehad het nie (*kritiese raamwerk*). Die teks gee dus ’n tydlyn vir die ontwikkeling van films vanaf 1880-2008 en simbole word gebruik om die verskillende fases te verteenwoordig. Leerders bekyk die ontwikkeling van films vanuit die hedendaagse werklikheid. Dit maak staat op die leerder se ervaring van flieks in die hede (*gesitueerde werklikheid*) en verskaf dan die geskiedenis daaragter (*kritiese raamwerk*).



© University of Pretoria

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

**HUGH MASEKELA**

**"My grootste obsessie is om vir die mense van Afrika en die wêreld te wys wie die mense van Afrika regtig is." – Hugh Masekela**



[Bron: albertonrecord.co.za]

1 Hugh Ramapolo Masekela is op 4 April 1939 op Witbank in Mpumalanga gebore. Sy pa was 'n beeldhouer en sy ma was 'n maatskaplike werkster. Hugh het egter by sy ouma grootgeword. Toe hy 14 jaar oud was, het hy die film *Young Man with a Horn* gesien. Dit het hom gemotiveer om te begin trompet speel. As kind het hy toe reeds daarvan gehou om te sing en klavier te speel.

2 Aartsbiskop Trevor Huddlestone het vir Hugh sy eerste trompet gegee en gereël dat hy trompetlesse neem. Hugh het dié instrument sommer gou baasgeraak. Sy vriende het toe ook begin belangstel om musiekinstrumente te speel en dit het gelei tot die begin van Suid-Afrika se eerste jeugorkes, die Huddlestone Jazz-orkes.

3 Hugh was aan die begin van 1959 deel van die orkes vir die musiekblyspel *King Kong*. Dit was een van Suid-Afrika se suksesvolste musiekvertonings en vir 'n jaar lank was elke vertoning uitverkoop. Miriam Makeba het die vroulike hoofrol gespeel. Hugh en Miriam is later getroud, maar hulle huwelik het net twee jaar geduur.

4 Hugh het Suid-Afrika in 1960 as gevolg van politiek verlaat. Weer was dit Trevor Huddlestone wat hom gehelp het – hierdie keer om die land te verlaat. Hugh was eers in Londen waar hy musiek studeer het. Toe ontvang hy 'n beurs en hy verhuis na die VSA. Daar het hy tussen 1960 en 1964 verder studeer.

5 Hierdie jare was die goue jare vir jazzmusiek regoor die wêreld. Jazzmeester Louis Armstrong het vir Hugh aangemoedig om nie Amerikaanse jazz te speel nie, maar om sy eie unieke styl – eie aan Afrika – te ontwikkel. Dit was goeie raad, want sy debuutalbum *Trumpet Africane* (1963) was 'n groot sukses. Vyf jaar later, in 1968, het hy die nommer 1-posisie op die Amerikaanse treffersparade met sy solosnit *Grazing in the Grass* behaal. Meer as 4 miljoen kopieë is wêreldwyd verkoop. Dit het van Hugh Masekela 'n internasionale ster gemaak.

6 Hugh se trompetspel en sy passie vir musiek het mense wat lief was vir jazz, regoor die wêreld na sy konserte laat stroom. In Suid-Afrika het Hugh geweier om meer as 'n minimale toegangsfooi vir sy konserte te vra. Hy wou hê elke Suid-Afrikaner moes sy vertonings kon bywoon.

7 Hugh was 'n man met baie talente. Buiten trompet kon hy ook tromboon speel. Hy was onder andere deel van die span wat die musiek vir *Sarafina* geskryf het en hy was ook in die dokumentêre film *Amandla*. Sy groot liefde was egter altyd om jazzmusiek te maak en in sy loopbaan van sestig jaar het hy meer as veertig jazz-albums uitgegee. Hy was 'n mentor vir baie jong kunstenaars. Sy hart het warm geklop vir projekte om minderbevoorregtes te help. Hy was die direkteur van die *Lunchbox Fund* wat kos vir leerders by skole in Soweto gegee het.

8 Hugh Masekela het nie net in Suid-Afrika jazz bevorder nie. Hy het ook in verskeie Afrikalande gewerk. Hy het byvoorbeeld in Botswana 'n internasionale musiekskool gestig waar hy werkswinkels aangebied het. Hierdie werkswinkels word steeds elke jaar gehou.

9 Hugh se outobiografie, *Still Grazing: The Musical Journey of Hugh Masekela*, is in 2004 uitgegee. In hierdie boek leer ons die mens, Hugh Masekela, ken. Hy skryf oor sy swaarkry onder apartheid, hoe hy moes stry teen alkoholisme en sy passie vir Afrika.

10 In 2010 was Hugh saam met sy seun, Selema, in 'n reeks video's wat tydens die FIFA-Wêreldbekertoernooi in Suid-Afrika vertoon is. *Umlando – Through My Father's Eyes* het oor Hugh en Selema se reise deur Suid-Afrika gehandel. Hugh het vir sy seun die plekke gaan wys waar hy grootgeword het.

11 Hugh het deur die jare verskeie pryse en toekennings ontvang. Een hiervan is die Orde van Ikhamanga. Dit word toegeken aan 'n Suid-Afrikaanse burger wat op kuns-, kultuur-, of musiekgebied uitblink. Hy het ook eredoktorsgrade van verskeie universiteite ontvang.

12 Bra Hugh, internasionale ster en die vader van Suid-Afrikaanse jazz, is op 28 Januarie 2018 oorlede. Hy het prostaatkanker gehad. Met sy dood het sy trompet stil geraak, maar as kunstenaar sal hy voortleef in die harte van die mense van Suid-Afrika.

[Verwerk uit *Wikipedia*, Maart 2018]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Op watter dorp is Hugh Masekela gebore?

1.2 Watter tipe kuns het Hugh se pa beoefen? (1)

1.3 Waarom kan die film *Young Man with a Horn* gesien word as die begin van groot dinge vir Hugh Masekela? (1)

1.4 Na wie is Suid-Afrika se eerste jeugorkes vernoem? (1)

1.5 Hugh het gesukkel om trompet te leer speel.

Haal EEN sin uit paragraaf 2 aan om hierdie stelling ONWAAR te maak. (1)

1.6 Hugh Masekela het nie op sy eie sukses behaal nie.

1.6.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Uit paragrawe 2 tot 5 lei ons af dat Trevor Huddlestone (een van die persone/die enigste persoon) was wat 'n positiewe bydrae tot Hugh se sukses gelewer het. (1)

1.6.2 Motiveer jou antwoord met 'n feit of feite uit die leesstuk. (1)

1.7 "Hierdie jare was die goue jare vir jazzmusiek ..." (Reël 20)

1.7.1 Watter jare vorm, volgens die leesstuk, die "goue jare" van jazz? (1)

1.7.2 Wat is die figuurlike betekenis van "goue" in die aanhaling hierbo? (1)

1.8 Waaruit lei 'n mens af dat dit vir Hugh se musiekloopbaan goed was om na Louis Armstrong se raad te luister? (1)

1.9 Waarom kan 'n mens sê dat dit nooit Hugh se doel was om geld uit sy bewonderaars in sy eie land te maak nie? (1)

1.10 Haal TWEE agtereenvolgende woorde uit paragraaf 7 aan wat aandui dat Hugh Masekela verskillende dinge goed kon doen. (1)

1.11 Hoe verskil Hugh se rol in die musiekblyspel *King Kong* van sy rol in *Sarafina*? (2)

1.12 Hugh Masekela het prostaatkanker gehad. Watter ander probleem het Hugh se gesondheid beïnvloed? (1)

1.13 Wat beteken dit as 'n mens sê dat Hugh 'n mentor vir jong kunstenaars was? (1)

1.14 Is die titel *Umlando – Through My Father's Eyes* gepas vir die reeks video's oor Hugh en Selema se reise deur Suid-Afrika?

Motiveer jou antwoord. (1)

1.15 Dink jy Hugh het verdien om die Orde van Ikhamanga te ontvang?

Motiveer jou antwoord. (1)

1.16 Die skrywer sê dat Hugh Masekela ná sy dood in die harte van mense sal bly voortleef.

Wat kan Suid-Afrikaners doen om seker te maak dat Hugh nie vergeet word nie? (1)

1.17 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.17) neer.

Uit paragraaf 11 kan ons aflei dat Hugh Masekela se goeie werk in SA ... is.

A erken
B vergeet
C vergoed
D gekritiseer (1)

1.18 Hugh Masekela se lewe was vol hoogtepunte.

Kies 'n gebeurtenis in KOLOM B wat by die datum in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.18.1 tot 1.18.3) neer, bv. 1.18.4 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.18.1 1959 | A Hugh se boek oor sy eie lewe verskyn. |
| 1.18.2 1963 | B Hugh gaan in Londen studeer. |
| 1.18.3 2004 | C Hugh se eerste album word vrygestel. |
| | D Hugh is deel van 'n baie suksesvolle musiekblyspel. |

(3 x 1) (3)

1.19 Lees weer die subopskrif.

Het Hugh Masekela aan hierdie woorde getrou gebly?

Motiveer jou antwoord. (1)

**Teks 9: Teks A 2018**



© University of Pretoria

### 4.4.5 November 2018-vraestel

Hugh Masekela (**Teks 9**) was 'n legendariese musikant met sy wortels in Afrika (*gesitueerde werklikheid*). Die artikel (DBO 2018b) vier sy lewe deur te verwys na sy grootwordjare en die nederige begin van sy musiekloopbaan. Deur die belangstelling en betrokkenheid van mense soos Trevor Huddlestone (*kritiese raamwerk*), het hy die geleentheid gekry om die trompet te leer speel, en sy vriende se belangstelling het gelei tot die ontstaan van Suid-Afrika se eerste jeugorkes (*veranderde werklikheid*). Hy het sy talent verder ontwikkel as deel van die musiekblyspel *King Kong*. Die leser kry insig in die invloed van politiek op sy loopbaan, veral die rol wat Trevor Huddlestone in sy lewe gespeel het (*kritiese raamwerk*).

In Londen kon hy musiek studeer en met behulp van 'n beurs kon hy verder in die VSA studeer. Sy interaksie met Louis Armstrong het hom laat besef dat hy sy eie styl kan ontwikkel wat tipies Afrikaans is. Sy unieke styl het van hom 'n internasionale ster gemaak. Ten spyte van sy sukses het hy nederig gebly en wou hy hê dat alle Suid-Afrikaners toegang tot sy vertonings sou hê. Hy was betrokke by groot musiekprojekte, hy was die direkteur van die "Lunchbox Fund," en 'n mentor vir jong kunstenaars. Hy het ook 'n internasionale musiekskool in Botswana gestig. Ten spyte van die uitdagings wat hy tydens apartheid en met alkoholisme ervaar het, het hy 'n groot liefde vir sy mense en Afrika gehad.

Hy het tyd saam met sy seun deurgebring en hom aan sy geboorteplek bekendgestel (*veranderde werklikheid*). Hy het die *Orde van Ikhamanga* vir sy bydrae tot kultuur, kuns, en musiek ontvang, en het eredoktersgrade van verskeie universiteite ontvang. Hy word beslis beskou as 'n persoon wat 'n verskil in ander se lewens gemaak het en wat ten spyte van terugslae vasberade en veerkragtig was (*kritiese raamwerk*). Dit wil voorkom asof hy ’n voorbeeld kan wees van iemand wat suksesvol in die 21ste eeu gefunksioneer het. Die vrae vereis dat die leerder besluit of Hugh Masekela die *Orde van Ikhamanga* verdien het, maar vereis ook refleksie oor wat Suid-Afrikaners kan doen om sy nalatenskap lewendig te hou (*veranderde werklikheid*).



© University of Pretoria

Verder moet die leerder onderskeid tref tussen die letterlike en figuurlike betekenis van die teks. Die teks is lewensgetrou en word in ’n konteks aangebied wat Suid-Afrikaanse tieners mag aanspoor om op soortgelyke maniere ’n verskil in die gemeenskap te maak. Die leerder word subtiel daaraan herinner dat sukses dikwels ’n nederige oorsprong het.




[Verwerk uit *Die Burger*, 17 Januarie 2018]

| | | |
|---|---|---|
| 1.20 | Wat bedoel die seuntjie as hy sê dat hulle eerste skooldag nie juis 'n groot tranedal agterlaat nie? | (1) |
| 1.21 | Op watter TWEE maniere versterk die ma die seuntjie se woorde? | (2) |
| 1.22 | Gee EEN rede waarom ons kan sê dat hierdie kinders heel moontlik nie hulle dae voor die TV omsit nie. | (1) |
| 1.23 | Die kinders se pa voel nie soos die ma oor die kinders se eerste skooldag nie. | |
| | Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. | (1) |
| 1.24 | Is dit korrek om die afleiding uit die spotprent hierbo te maak dat kinders gewoonlik na die begin van 'n nuwe skoolkwartaal uitsien? | |
| | Motiveer jou antwoord. | (1) |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

**Teks 10: Teks B 2018**

Die *gesitueerde werklikheid* in die spotprent in **Teks 10** (DBO 2018a) verwys na omstandighede waarmee elke ouer en leerder kan identifiseer. Ouers is dankbaar dat die lang skoolvakansie verby is omdat dit baie tyd en energie verg om hul kinders heeldag by die huis besig te hou. Daar is heelwat leidrade in die prentjie dat die kinders waarskynlik in ’n middelklas woonbuurt bly (*kritiese raamwerk*) en dat hulle baie tyd buite spandeer het, maar nie opgeruim het nadat hulle klaar gespeel het nie. Die leser kan aflei dat die binnekant van die huis nie veel beter lyk nie.

*Kritiese raamwerk* plaas die gebeure binne ’n spesifieke tyd. Die spotprent is in die middel van Januarie gepubliseer wat beteken dat dit die einde van die Desember-skoolvakansie is. Die ma is dankbaar dat hulle skool toe gaan en die leser kan dit uit haar gesigsuitdrukking en liggaamstaal aflei en *openlike onderrig* word in die *veranderde werklikheid* toegepas. Sy het ’n wye glimlag om haar mond en haar duime wys na bo. Die stofwolk onder haar voete en haar hakke wat teen mekaar kap, dui daarop dat sy waarskynlik van blydskap dans. Hulle pa rook pyp, terwyl hy in die groentetuin werk en die kinders waaiend groet (*kritiese raamwerk*).



© University of Pretoria

Die kinders lyk nie opgewonde om skool toe te gaan nie. Die seun se ooglede en mondhoeke verklap dat hy teleurgesteld is dat die vakansie verby is. Die seun is ’n krieketspeler met ’n baie swaar tas. Tydens die vakansie het hulle onder andere fiets gery, rugby gespeel en legkaarte gebou (*kritiese raamwerk*). Die multimodaliteit van die teks blyk uit die feit dat die visuele daartoe bydra dat die leser afleidings kan maak oor die tyd van die dag, die tyd van die jaar, die finansiële posisie van die gesin, belangstellings, verantwoordelikhede en persoonlikhede (*kritiese raamwerk*). Leerders kan, ten spyte van die ouderdomsverskil, met die karakters identifiseer (*gesitueerde werklikheid*) aangesien hulle waarskynlik self ook al so gevoel het. Kennis van liggaamstaal en gesigsuitdrukkings (*openlike onderrig*) kan in die toekoms tot interpretasie van soortgelyke gebeure en omstandighede (*veranderde werklikheid*) in hul eie realiteit bydra.

### 4.4.6 Assessering van globale vaardighede in die NSS-eindeksamenvraestelle

Uit die tekste (**Teks 1, 3, 5, 7** en **9**) wat tydens die NSS-eindeksamenvraestelle vir leesbegrip gebruik is, blyk dit duidelik dat die eksaminatore moeite met die keuse van tekste gedoen het. Die tekste is lewensgetrou, toepaslik en op die vlak van die EAT-leerder geskryf. Die leerder kan dus met die tegnologie en die omstandighede waarbinne dit gebruik is, identifiseer. Die vraagstelling is gebalanseerd en toets verskillende denkvlakke.

Die visuele tekste (**Teks, 2, 4, 6 8, en 10**) vereis kritiese denke en interpretasie van aspekte soos gesigsuitdrukkings, liggaamstaal, simbole, ensovoorts, wat deur *openlike onderrig* aangeleer kan word, of uit die leerder se *gesitueerde werklikheid* kom, maar binne ‘n *kritiese raamwerk* beoordeel moet word. Die toepassing van kennis met inagneming van die konteks, lei dus tot die *veranderde werklikheid*. Die onderwerpe is relevant tot die leerder se leefwêreld en toets vaardighede wat die leerder vir oorlewing in die 21ste eeu nodig sal hê.



© University of Pretoria

### 4.4.7 Afrikaans sonder grense Graad 12

#### 4.4.7.1 Tekste vir leesbegrip

In die graad 12-handboek is slegs een teks gevind wat tematies vergelykbaar is met die teks oor *TikTok* in die 2022-vraestel. Die strokiesprent (**Teks 11**) waarin ’n ma en dogter ’n gesprek oor die dogter se “verslawing” aan *Facebook* voer (*kritiese raamwerk*), is visueel kleurvol en aantreklik. Die teks en die dialoog is maklik leesbaar. Die fondasie van *gesitueerde werklikheid* in hierdie teks bevat ’n herkenbare situasie van die leerder wat deur die ouer betig word, omdat hy/sy die wêreld net deur die *Facebook*-skerm beleef (*kritiese raamwerk*). Verdere identifiseerbare eienskappe is dat dit ooreenstem met die demografiese teikengroep van Afrikaans EAT, wat grotendeels Afrikataalsprekers is, en dit word ook deur die naamgewing bevestig: Die ma spreek die kind aan as Zandi, ’n bekende Zoeloe- en Xhosa-naam (Van der Berg & Engelbrecht 2023). Daar is egter nie ’n eietydse en moderne belewing van leerders se tegnologiese en multimodale belewing en “inkoop” in sosiale media soos in die *TikTok*-leesstuk in die November 2022-eindvraestel nie. *TikTok* is ’n moderne vergestalting van sosiale media, terwyl deesdae se jong tegnologie-entrepreneurs *Facebook* waarskynlik as verouderd beskou. Volgens die American Textbook Council behoort inhoud wat in handboeke aangebied word lewendig en vol persoonlike ervarings te wees (Mahmood 2011), soos waarvan die artikel oor *TikTok* wel getuig.

Wat *openlike onderrig* betref, word vorige ervarings wel aangespreek, aangesien daar geredeneer kan word dat die meeste leerders waarskynlik al deur ouers betig is omdat hulle nie hulle oë van die skerm kan afhou nie (*gesitueerde werklikheid*). Die klem wat op steierwerk en die konstruktivistiese manier van laag-op-laag-ontginning van die teks gelê moet word (New London Group 1996), ontbreek heeltemal in hierdie aktiwiteit. Geen aandag word aan die ontginning van die teks gegee nie. Daar word trouens nie ’n enkele vraag gevra om vas te stel of die leerders wel die visuele teks verstaan of die chronologiese gebeure in die raampies kan volg nie. Begrip van tekste word suksesvol gefasiliteer deur by die bekende te begin en die leerder dan stap vir stap na dieper vrae en ook hoërorde-vrae te begelei (Mahmood 2011). In hierdie vraagstelling word die teks



© University of Pretoria

bloot as voorbeeld van grammatikale strukture, naamlik sinstipes (bevelsinne, stelsinne, vraagsinne en uitroepsinne) gebruik. Die geleentheid om, vir die pret, met strokiesprente te identifiseer (en die gevolglike inkoop op die genre van strokiesprente, asook die positiewe/negatiewe gevolge van sosiale media) gaan verlore.




a) Watter soort sin is sin 1 in raam 1?
b) Gee 'n voorbeeld van 'n stelsin.
c) Gee 'n voorbeeld van 'n vraagsin.
d) Die twee sinne in raam 2 is dieselfde soort sin. Wat is dit?
e) Watter soort sin is **Eina!** in raam 3: 'n bevelsin of 'n uitroepsin? (5)

**Teks 11: Mama Taxi**

Volgens die *kritiese raamwerk* moet die kritiese vraag oor teks en tekstipes en die perspektiewe wat in die teks voorkom, gevra word: Tot wie se voordeel is hierdie teks / wie baat by hierdie teks? Is hierdie strokiesprent geskryf om sosiale media te kritiseer of te verdedig? En, volgens die hoeksteen van *veranderde werklikheid*, hoe kan hierdie teks daartoe bydra dat leerders dit deel van hulle *veranderende werklikheid* maak? Op watter positiewe wyse sou hierdie teks en vrae byvoorbeeld tot die ingeligte beantwoording van die *TikTok*-leesstuk in die eindeksamenvraestel kon bydra? Indien daar deurdagte steierwerk, 'n kritiese gesprek oor die rol van sosiale media, sowel as verwysing na leerders se vorige ervarings in die vraagstelling was, sou met reg beweer kon word dat die handboek leerders met vaardighede vir die 21ste eeu toerus en tot die ontwikkeling van wêreldwye vaardighede, soos wat in die KABV aanbeveel word, bydra.



© University of Pretoria


# Lees en kyk: 'n Outobiografie en twee biografieë

**Pre-lees:** Kyk na die buiteblaaie en sê wat julle sien.

**Het jy geweet?**

'n **Outobiografie** is 'n boek wat 'n skrywer oor sy of haar eie lewe skryf – dus, 'n lewensverhaal. Die persoon wat die storie vertel, is die ek-verteller.

**Lees:** Lees nou waaroor die boeke gaan.




***Victor: My reis – Victor Matfield***
Zebra Press, R220,00

Die ikoniese rugbyspeler Victor Matfield vat jou op 'n reis deur sy **ongelooflike** (*incredible*) rugbyloopbaan. Hy vertel van al die **oorwinnings** (*victories*) en **nederlae** (*defeats*) wat hy beleef het. Hy beskryf natuurlik ook sy persoonlike lewe, grootword en ontwikkeling – wat is nou interessanter as om uit te vind hoe 'n sportlegende ontstaan het?

Victor is **eerlik** (*honest*) en openhartig: dit is 'n lekkerlees-outobiografie wat in elke **rugbyliefhebber** (*rugby-lover*) se **smaak** (*taste*) sal val.

(Uit: *Taalgenoot*, Herfs 2012)

**Het jy geweet?**

'n **Biografie** is 'n lewensbeskrywing of -verhaal wat 'n skrywer oor iemand anders se lewe skryf.





***Charlize – ek leef my droom***
Chris Karsten
Tafelberg, R200,00

***Charlize – ek leef my droom*** is 'n **huldeblyk** (*tribute*) aan 'n **merkwaardige** (*amazing*) vrou. Chris Karsten ontleed die **geheim** (*secret*) van haar **vordering** (*progress*) van 'n plot op Putfontein naby Johannesburg tot 'n Hollywood-ster. Dat Charlize Theron beeldskoon is, het gehelp. Maar iets besonders is in haar raakgesien en sy het gróót gedroom. Charlize is bekend vir haar Oscarwenspel in *Monster* en ook in ander flieks soos *The Italian job*, *North country*, *Young adults* en *The burning plain*. Koop die boek teen R200,00 via Kalahari.net.



© University of Pretoria

***David Kramer: 'n Biografie***
Mathilda Slabbert en Dawid de Villiers
Tafelberg, R195,00




Daar is 'n mens agter die legende, 'n karakter wat nie noodwendig deur rooi velskoene en 'n kitaar gedefinieer word nie. Die boek ondersoek David se groodwordjare in Worcester, sy studies in Engeland en sy **terugkeer** (*return*) na Suid-Afrika, waar sy musiek hom "almal se pel" gemaak het. David het 'n baie belangrike impak gemaak op die musiek van Suid-Afrika, veral ook op plaaslike kunstenaars in die platteland. Verwag 'n eerlike, indiepte boek wat dié man se lewe en werk beskryf en die onskatbare waarde daarvan **beklemtoon** (*emphasise*).

(Uit: *Taalgenoot*, Herfs 2012)

**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die outobiografie en biografieë?**

1. Oor watter twee persone is biografieë geskryf?
2. Wie het 'n outobiografie geskryf?
3. Waarvoor is Victor Matfield bekend?
4. Wat is die prys van Victor Matfield se boek?
5. Wat is die titel van Charlize Theron se boek?
6. Waar het sy grootgeword?
7. Wie is die skrywer van haar biografie?
8. Vir watter film het Charlize die Oscar gewen?
9. Waar het David Kramer gestudeer?
10. Watter drie woorde sê dat alle mense vir David as 'n vriend beskou?

**Teks 12: Outobiografieë**

**Teks 12** skep die verwagting dat biografieë en outobiografieë as tekssoorte bekendgestel (*openlike onderrig*) gaan word en die leerders moet begin deur die voorblaaie daarvan te bestudeer en te bespreek. Daar word egter geen riglyne gegee oor die aspekte waarvoor leerders op die uitkyk moet wees nie (*kritiese raamwerk* en *openlike onderrig*). Gross en Latham (2017) verwys na die peritekstuele geletterdheidsraamwerk (PGR) as 'n instrument vir toegang tot, evaluering van en begrip vir die inhoud van media gee, deur die gebruik van elemente wat die werk omraam en die inhoud daarvan vir die gebruiker ontsluit. Dit is belangrik dat leerders kritiese peritekstuele ontleding doen omdat dit hulle bemagtig om die boodskappe te kritiseer wat deur die uitgewers as belangrik beskou



© University of Pretoria

word (Gross & Latham 2017). Uitgewers gebruik die geleentheid om die potensiële leser aan te spoor om die teks te lees of aan te koop deur subtiele boodskappe en visuele elemente strategies te gebruik. Leerders behoort die geleentheid te kry om boekomslae in spesifieke kategorieë te bestudeer sodat ’n bewustheid gekweek kan word van die moontlike doel waarmee die teks geskep is (*kritiese raamwerk*) en hoe dit die leser sou kon manipuleer of indoktrineer (*veranderde werklikheid*). Tabel 4.2 gee ’n raamwerk vir die ontleding van boekomslae, wat die leerder in staat sal stel om ’n meer ingeligte besluit oor byvoorbeeld teikengroepe en moontlike verskuilde agendas, te maak - ’n belangrike vaardigheid vir die 21ste eeu.

**Tabel 4.2 : Raamwerk vir ontleding van boekomslae**

| | |
|---|---|
| Titel | Wat kan oor die inhoud afgelei word deur na die titel te kyk?<br>Vir wie is die boek bedoel? |
| Boekomslag | Hoe word die inhoud op die agterblad opgesom en watter verwagting word by die leser geskep? |
| Outeur | Wie is die outeurs en hoe baat hulle by hierdie teks? |
| Inhoudsopgawe | Hoe is die teks georganiseer? |
| Indeks/woordelys | Is daar ’n woordelys of indeks en watter inligting verskyn daarin? |
| Ikonografie | Watter foto’s of simbole verskyn op die voor- en agterblad en wat word doelbewus geplaas of weggelaat?<br>Indien foto’s van mense op die voorblad verskyn, moet aandag aan demografie gegee word. |
| Kleurpalet | Word spesifieke kleure gebruik en in die boek herhaal?<br>Wat is die funksie daarvan? |

Hierdie geleentheid vir *openlike onderrig* gaan verlore, deurdat die teks uiteindelik uit drie resensies bestaan wat oor die boeke geskryf is (*kritiese raamwerk*). Die teks kom wel uit lewensgetroue bronne, maar die feit dat daar soveel Engelse woorde tussen hakies verskyn, staan in kontras met die aanvanklike doelwit. ’n Aparte lys met woordeskat sou waarskynlik ’n beter effek gehad het. ’n Graad 12-leerder behoort beslis nie meer



© University of Pretoria


vertalings in die teks te kry nie, maar leerders behoort dit eerder self op te spoor. Die postlees-aktiwiteit is eenvoudig en bestaan uit twee vrae oor die onderhoudvoerder en David Kramer se houding teenoor mekaar (*kritiese raamwerk*).

Volgens Best (2017) lok doeltreffende kleurgebruik 'n ingebore menslike reaksie uit. Die leser of kyker word dus subtiel gestimuleer, gekalmeer, raak betrokke of word deur die kleure van 'n ontwerp ingelig. Die reaksie van die menslike fisiologie op die teenwoordigheid van kleur bepaal die effek daarvan. Deur die verskillende reaksies wat met spesifieke kleure geassosieer word te identifiseer, kan die ontwerper die menslike reaksie daarop voorspel en sodoende 'n soortgelyke reaksie in ander omstandighede ontlok.

Die boekomslae van die handboeke wat deel van die steekproef uitmaak kan ook aan bogenoemde kriteria gemeet word. Die boekomslag (**Teks 13**) van die graad 12-handboek (R. Gouws, S. Gouws, M. Lätti, I. Grobler, K. Grobbelaar, M. Smit, M. Peacock, & S. Pretorius 2013b) is geel. Geel word dikwels met geluk, optimisme en sonlig geassosieer. Dit is dus nie verrassend dat hierdie kleur gereeld gebruik word op boekomslae vir lekkerlees-fiksie en nie-fiksie titels nie, aangesien dit jong lesers se aandag trek. Die mees algemene emosie wat oranje oproep, is opwinding. Die graad 11-handboek (**Teks 14**) se omslag is waarskynlik oranje omdat dit 'n baie stimulerende kleur is wat met geluk en pret geassosieer word. Daarom voorspel ’n boek met ’n oranje omslag dat die boek 'n genotvolle leeservaring sal verskaf. Ander emosies wat oranje kan oproep, sluit in warmte, vriendelikheid en ontspanning (Best 2017). Die graad 10-handboek (**Teks 15**) se groen omslag word meestal geassosieer met die natuur en vrede en Best (2017) verduidelik dat dit ook rykdom en voorspoed suggereer, wat dit 'n goeie keuse vir besigheidsboeke maak. Alhoewel dit nie by die beskrywing van die handboek pas nie, trek die helder kleur beslis die leser se aandag.



© University of Pretoria




**Teks 13: Graad 12-handboekomslag**


Uit die titel van die 12-handboek is dit duidelik dat die handboek vir 'n spesifieke teikengroep bedoel is. Die titel van die reeks is in groot hoofletters gedruk en die spesifieke handboek is vir leerders saamgestel wat die vak as 'n eerste addisionele taal in graad 12 neem. Die naam van die uitgewer en die skrywers verskyn onderaan en regs bo op die voorblad word duidelik aangedui dat die boek op die KABV gebaseer is. Die feit dat die boek deur 'n erkende uitgewer gepubliseer word, dra tot die geloofwaardigheid van die bron by. Die onderwyser wat die handboek vir gebruik in die klas oorweeg, word dus gerus gestel dat die boek aan die vereistes van die KABV voldoen.


Die foto-collage op die voorblad (ikonografie) voorspel iets van die verwagte inhoud van die boek. Foto's word dus gebruik om na spesifieke onderwerpe of afdelings binne die taal te verwys. Die prentjie van die handgetekende voëltjie met die noot, kan na kunste



© University of Pretoria

en musiek verwys. Die Afrika-kleipot plaas die boek in die spesifieke konteks van Afrika, terwyl die foto met die gesig na die mense van Afrika kan verwys, maar ook dat daar "stories oor mense" sal wees. Die swart-en-wit foto met die letters verwys moontlik na lees, wat 'n belangrike rol in die aanleer van taalvaardighede speel. Die koevert verwys na verskillende maniere van kommunikeer en meer spesifiek na elektroniese kommunikasie, terwyl die foto daaronder handgeskrewe kommunikasie en ook kreatiewe skryfwerk verteenwoordig. Die rotstekeninge herinner aan die geskiedenis, ons erfenis en waar ons vandaan kom, terwyl die sebra verteenwoordigend van die natuurlewe kan wees. Die paar seilskoene is iets wat tipies deur tieners gedra word en bevestig dat tieners beslis die teikengroep van hierdie boek is.





**Teks 14: Graad 11-handboekomslag**




© University of Pretoria

Op die graad 11-handboek word ’n tikmasjien as simbool vir skryf gebruik, ’n denimhemp en ’n foto van ’n tiener wat na musiek luister verwys na die teikengroep. Die twee foto’s in die tweede ry impliseer ’n liefde vir Suid-Afrika, terwyl die abstrakte kuns met kreatiwiteit verbind kan word. Die skoen kan waarskynlik op verskillende maniere geïnterpreteer word, maar verwys waarskynlik na tieners se modebewustheid, terwyl die fiets op buitelugaktiwiteite kan sinspeel.

Die voorblad van die graad 10-handboek verskil van die graad 11 en 12-handboek deurdat daar nie foto’s gebruik is nie, maar dit ’n kunstenaar se voorstelling is van die tipiese aktiwiteite waarmee tieners hulself besig hou. Die tienermeisie lê op die rusbank en luister na musiek deur oorfone en ’n mp3-speler. ’n Ander tiener lees boek en gesels met iemand op die selfoon, terwyl daar CD’s rondlê en ’n wegneemkoeldrank op die grond staan. Een van die karakters speel spontaan kitaar, terwyl twee ander op die vloer sit en waarskynlik met ’n skoolprojek op ’n skootrekenaar besig is. Die voorstelling beeld dus die tiener se alledaagse aktiwiteite uit.




**Teks 15: Graad 10-handboekomslag**



© University of Pretoria

Die teks in die inhoudsopgawe van al drie die handboeke is volgens temas ingedeel en elke tema maak voorsiening vir aktiwiteite wat onder andere praat, luister, skryf, lees en taal in konteks insluit. Elkeen van die handboeke het ’n indeks aan die einde, waar belangrike begrippe, sleutelwoorde en temas alfabeties georden is, en die bladsynommers in die handboek aandui. Die kleurpalet wat op die handboekomslae gebruik is, is helder en maak dit maklik om tussen die handboeke vir die verskillende grade te onderskei. Die uitleg op die voorblaaie van die handboeke is soortgelyk en versterk die idee dat dit deel van ’n reeks vorm.

Die inligting op die agterblaaie van al drie die handboeke wat by die steekproef ingesluit is, behoort veral vir die onderwyser wat ’n geskikte handboek vir klasgebruik moet identifiseer, die nodige inligting te gee van watter aspekte van die onderrig van Afrikaans EAT in die handboek aangespreek sal word. Die skrywers en uitgewer roem daarop dat die handboek aan al die vereistes van die KABV voldoen, dat die handboekreeks gebruikersvriendelik is en dat die inhoud interessant is. Die inhoud spreek verder taalvaardighede in die verskillende afdelings aan sodat leerders in ’n multikulturele ”opset” in die land ook in Afrikaans kan kommunikeer. Hierdie stelling impliseer dus dat die handboek Suid-Afrikaanse leerders uit verskillende agtergronde in ag neem en dat die handboek hierdie vaardighede “doeltreffend” ontwikkel. Die beskrywing gee aandag aan die tyd wat volgens die KABV binne ’n bepaalde siklus aan elke onderafdeling afgestaan behoort te word. Dit impliseer dus die nou verband tussen die KABV en die handboek en dat die aktiwiteite in die handboek hierby aansluit. Die onderwyser word ook gerus gestel dat daar ’n onderwysersgids vir die handboek beskikbaar is. ’n Foto van die twee hoofskrywers met vriendelike glimlagte probeer die leser oortuig dat hulle vertroue in hul produk het en self “tipiese” Afrikaansonderwysers is wat die onderwyser kan vertrou.

Die agterblad bevestig die skrywers se goeie voornemens met die handboek. Die feit dat ‘n woordeboek beskikbaar is en op die agterblad gemeld word, impliseer dat daar verdere aanvullende bronne is wat leerders met die aanleer van Afrikaans kan help. Die slagspreuk: “jou volledige klaskameroplossing”, impliseer dat hierdie handboek (en



© University of Pretoria

onderwysersgids vir die onderwyser) die leerder en onderwyser volledig vir hierdie uitdaging sal voorberei. Die enigste verskil tussen die agterblaaie, is die aanduiding van die graad waarvoor die spesifieke handboek bedoel is.

Dit is egter hier ook belangrik om terug te verwys na die evaluering van handboeke en die belangrikheid daarvan om nie ’n oordeel te fel wat slegs gebaseer is op die inligting wat deur die skrywers of uitgewers verskaf is nie (Gross & Latham 2017). Voorspellende evaluering van handboeke behoort vermy te word en evaluering behoort deurlopend of retrospektief plaas te vind (Laabidi & Nfissi 2016). Wat veral belangrik is, is om te kyk wanneer die handboeke gepubliseer is, hoeveel keer dit herdruk is, en wanneer die uitgawe aangepas is. Die feit dat die handboeke soveel keer herdruk is, is beslis ’n aanduiding dat die handboek algemeen gebruik word, maar beloftes van uitgewers en skrywers moet bevestig word, deur die inhoud, vraagstelling, ensovoorts, verder te ondersoek. Toe die handboeke oorspronklik gepubliseer is, was hierdie beloftes waar, maar die KABV is intussen aangepas en soveel dinge in die leerders se leefwêreld lyk anders as ’n dekade gelede, dat hierdie eis nie meer geregverdig kan word nie.

Leerders kan die onderhoud met David Kramer (**Teks 16)** as rolspel doen, wat hulle die geleentheid gee om hulself in die skoene van die karakters te plaas (*kritiese raamwerk*). As postlees-aktiwiteit, word daar slegs verwag dat twee vrae beantwoord moet word waar die leerder onderskeid tussen reaksies soos simpatie, aggressie en sarkasme moet tref en oor David Kramer se houding tydens die onderhoud moet besin (*veranderde werklikheid*). Ons werklike lewens vergelyk dikwels met ’n speletjie - 'n rolspel waarin ons kennis en ervaring gebruik om keuses te maak en dan die gevolge van daardie besluite moet dra. Ons leer uit daardie avonture en berei onsself beter voor op die volgende stel uitdagings (Garcia, Witte, & Dail 2020). Hierdie geleentheid vir rolspel gaan dus verlore.



© University of Pretoria

## Lees en kyk: 'n Gesprek met David Kramer

**Pre-lees:** Gesels oor die sanger David Kramer.

**Lees:** Lees die gesprek of onderhoud in pare en beantwoord daarna die taalvrae.

**Onderhoudvoerder:** David, baie mense dink jy is net die snaakse man met die blink kitaar en die rooi velskoene wat dans en liedjies sing. Is dit reg?

**David:** Ek het van kleins af met Charlie Chaplin geïdentifiseer. Aan die een kant is ek dié komieklike karakter, maar daaragter, agter dié masker, die ernstige regisseur, vervaardiger, skrywer en musikant. Baie mense assosieer my dikwels met my "almal se pel"-persona. Daar is altyd 'n *duality* in my, die ernstige kunstenaar teenoor die snaakse musikant met die rooi vellies en die blink kitaar.



**Onderhoudvoerder:** Hoe voel jy oor die Baxter-teater hier in Kaapstad?

**David:** Dis soos my "kerk" hierdie. Ek loop al 'n lang pad met die Baxter, sedert my eerste *show* in die laat sewentigerjare. My musiekproduksies, *District Six*, *Karoo kitaar blues*, *Ghoema* en *Some like it vrot*, is almal hier opgevoer. Dit voel ongelooflik.

**Onderhoudvoerder:** Hoe kom jy aan jou unieke liedjies?

**David:** My liedjies word meestal deur die visuele geïnspireer. Ek besoek veral kunsgalerye (altyd met my notaboek byderhand) op die plekke waar ek kom. Ek hoor nie dadelik die musiek in my kop nie. Ek sien eers die prentjie, dan kom die woorde en die wysie.

**Post-lees:** Wat is hulle **houding** (*attitude*) teenoor mekaar? Kies die regte antwoord.

1. Die houding van die onderhoudvoerder teenoor David is (**simpatiek/aggressief/sarkasties**).
2. David Kramer se houding wanneer hy antwoord, is (**onvriendelik en negatief/vriendelik en positief**).

**Teks 16: David Kramer**

Die twee artikels oor snuffelhonde (**Teks 17 en 18**) verduidelik hoe hierdie honde 'n bydrae lewer om kriminele vas te trek en beter as X-straalmasjiene werk om plofstof uit te snuffel (*openlike onderrig*). Bella spesialiseer weer daarin om dagga en roof-CD's op te spoor (*gesitueerde werklikheid*). Mense het deesdae toegang tot musiek op aanlyn platforms en CD-winkels bestaan nie regtig meer nie. Die kanse dat daar deesdae met CD's gesmokkel word, is waarskynlik skraal (*kritiese raamwerk*), terwyl begrippe soos roofkyk en die onwettige aflaai of stroming van musiek en films of reekse, besighede op groot skaal van inkomste beroof. Leerders behoort bewus te wees van die etiese en wetlike implikasies van hierdie tipe gedrag (*openlike onderrig* behoort tot *veranderde werklikheid* te lei).



© University of Pretoria

## Lees en kyk: 'n Artikel

**Pre-lees en lees:** Praat eers oor spesiale honde. Lees dan die artikel.

# Twee merkwaardige honde

## Niks kom hier verby as SNOWY snuf in neus kry nie

Sy pa, Snowy, het bekend gestaan as die "mine killer" en nou volg junior in die pakhuise van die O.R. Tambo Internasionale Lughawe buite Johannesburg in sy legendariese pa se pootspore.

Snowy Jr. help sorg dat geen plofstof aan boord van vliegtuie gelaai word nie.

Dié klein hondjie, 'n kruising tussen 'n foksterriër en Jack Russell, het sy pa se "neus" geërf – die enigste van Snowy Sr. se agt kinders wat in sy voetspore as werkende hond gevolg het. Snowy Sr. het twee jaar gelede ná 12 jaar se diens as landmynsnuffelhond by Mechem, 'n afdeling van Denel, die tuig neergelê. Eers ná sy aftrede het hy bietjie tyd af gehad om te sorg dat twee werpsels kleintjies die lewenslig aanskou. Verkalking van sy ruggraat het kort daarna veroorsaak dat hy hondehemel toe gehelp moes word. Snowy Jr. was in die tweede werpsel.

Snowy Jr. se ma was ook 'n snuffelhond en het nie veel erg gehad aan kinders grootmaak nie. Gevolglik is Snowy Jr. en sy sussie met 'n bottel deur mnr. Alistair Gibbons, bestuurder van Mechem se hondeskool, grootgemaak. Klein Snowy het van kleins af gewys hy is sy pa se kind met al die eienskappe wat nodig is om 'n snuffelhond te word. En nou, nog nie twee jaar later nie, is hy besig om 'n reputasie as gekwalifiseerde plofstofsnuffelaar op te bou.

Agt van Mechem se honde werk in die pakhuise by die lughawe. Dié soort deursoeking van vrag is volgens nuwe lugvaartregulasies sedert twee jaar gelede 'n vereiste. Volgens Gibbons kan dié proses óf met 'n X-straalmasjien gedoen word óf met honde. Laasgenoemde is egter doeltreffender en as dit boonop 'n klein buksie soos Snowy Jr. is, kan hy bo-op en tussen enige vraghouer sy lyf inwriemel om sy ruik te gaan ruik.

Hy is die enigste kleiner hondsoort tussen sy Duitse en Belgiese herdershondkollegas. Hulle soek onder rond en Snowy klim bo-op om alle kante van 'n vraghouer uit te ruik.

Volgens mnr. Godfrey Ntombela, een van Mechem se hondehanteerders, is dit 'n plesier om met Snowy Jr. te werk. "Hy is maats met almal en as hy nie werk nie, speel hy graag. Hy het persoonlikheid. Bedags as hy sy harnas aan het, is ons ernstig oor ons werk, maar saans as ons huis toe ry, mag hy in sy sagte stoeltjie voor in die bakkie sit. Dan is hy net 'n gewone hond.

"En as hy glimlag, lyk hy nes sy pa!"



© University of Pretoria

# Snuffelhond BELLA snuffel roof-CD's uit

Die snuffelhond Bella het met haar wakker oë en fyn neus die aartsvyand van smokkelaars van roof-CD's geword. Bella is 'n goue spanjoel en sy is vier jaar oud. Sy is die enigste snuffelhond in die Suidelike Halfrond wat opgelei is om CD's uit te snuffel.

Volgens me. Taryn Blyth van die Kommetjie Canine College, 'n uitstekende en ervare hondehanteerder en Bella se opleier, moes sy 'n jaar lank navorsing doen om Bella te kon oplei om CD's op te spoor. Nadat Bella drie maande lank opgelei is om dwelms (veral dagga) uit te snuffel, het haar drie maande lange opleiding met CD's begin.

"Voordat Bella se opleiding begin het, moes ons navorsing doen oor hoe CD's vervaardig word en watter reuk kenmerkend vir 'n hond sou wees. Nou ken Bella die reuk van CD's so goed dat sy dit op die lughawe in mense se hand- en ander bagasie kan uitken. CD's in posstukke en in CD-verpakkings word ook deur haar uitgesnuffel," sê me. Blyth.

Hierdie slim hond het al miljoene rande se roof-CD's uitgesnuffel.

Twee ander spanjoele, Sasha en Kleintjie, word nou ook opgelei om roof-CD's en ook DVD's uit te snuffel. In hierdie stadium lyk dit asof hulle uitstekende spanmaats vir Bella gaan wees. Omdat snuffelhonde se werk so intens is en hulle nie ure aan mekaar kan werk nie, is dit goed om meer as een hond beskikbaar te hê.

*(Deur skrywer)*

**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die artikel?**

1. Trek die volgende tabel in jou boek oor en vul dit in.

| | Snowy | Bella |
|---|---|---|
| a) Soort hond | | |
| b) Ouderdom | | |
| c) Soort werk | | |

2. Is die volgende stellings waar of onwaar? Gee 'n rede vir jou antwoord.
   a) Snowy aard na sy pa en ma.
   b) Snowy en sy kollegas is almal groot honde.
   c) Bella is een van baie snuffelhonde in die Suidelike Halfrond wat CD's uitsnuffel.
   d) Bella se neus is baie belangrik vir haar in haar werk.
3. Hoe verskil die inligting wat oor Snowy en oor Bella gegee word?
4. Waarom sal elkeen van die volgende groepe mense in die artikel belangstel?
   a) diereliefhebbers
   b) polisiebeamptes
   c) terroriste
   d) mense wat roof-DVD's en -CD's vervoer
5. Wat is die doel van die artikel?

**Teks 17: Snuffelhonde**



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Lees en kyk: 'n Artikel

Formele assessering

Verbeel jou jy is 'n radio-**omroeper** (*announcer*) en lees die volgende artikel oor Warren Buffett, 'n skatryk sakeman, hardop vir 'n punt uit 20.



Raadpleeg die rubriek op bl. 270. Jy gaan soos volg geassesseer word: toon begrip en dra betekenis oor (5 punte); stem- en leesvaardighede (5 punte), gebare en lyftaal (5 punte) en reaksie op vrae (5 punte).

**Pre-lees**

- Lees die artikel 'n paar keer deur sodat jy presies weet wat daarin staan.
- Slaan onbekende woorde in 'n woordeboek na.

**Terwyl jy lees**

- Maak seker dat jy letters en woorde reg uitspreek.
- Lees met gevoel – soms harder, soms sagter. Die belangrike woorde kan effens harder gelees word.
- Moenie woord vir woord lees nie. Verdeel die sinne in frases of sinsdele en lees vloeiend.

### Warren Buffett se goeie raad aan jongmense

Die Amerikaner Warren Buffett is een van die rykste mense ter wêreld. Daar is min mense in die ekonomiese wêreld wat hom nie ken nie. Beleggers sê Warren Buffett sien stukkies goud wanneer ons gewone mense soutpilare sien. Ons jongmense kan gerus na sy goeie raad luister.

Hy sê: Doen dit waarvoor jy lief is as jy klaar is met skool en moenie jou ouers se drome uitleef nie. Jy moet dus jou eie lewe beheer en jou ideale wat jy vir jou toekoms het, laat waar word.

Jy moet 'n passie ontwikkel vir dit waarvoor jy 'n talent het. Wanneer jy dol is oor wat jy doen, dra jy nie swaar daaraan nie. Jou werk moet jou passie wees, dan voel dit nie soos werk nie, maar soos 'n plesier.

Jou beste belegging is in jouself. Neem beheer van jou eie opvoeding en sorg dat jy alles navors wat daar te kry is oor die rigting waarin jy belangstel. Moenie dat ander jou hierin beïnvloed nie.

Om suksesvol te wees, moet jy jou kommunikasievaardighede ontwikkel. Om mondelings en deur die geskrewe woord te kommunikeer, word nie genoeg by skole en universiteite geleer nie. Jy moet kan sê of skryf waaroor jy sterk voel.

Leer soveel as wat jy kan oor die dinge rondom jou en lees koerante, tydskrifte en boeke. Hoe meer jy lees oor alles wat om jou gebeur, hoe meer sal jy nog wil leer.

Gaan elke aand bed toe met 'n klein bietjie meer kennis as waarmee jy die oggend opgestaan het, want intelligente mense kan nie aan die neus rondgelei word nie.



(Uit: *Wat sê die orakel, Sake 24*, 2 Junie 2012)

**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die artikel?**

1. Van watter land kom Warren Buffett?
2. Kies die korrekte woord: Warren Buffett is (**brandarm/skatryk**).
3. Buffett sien stukkies goud wanneer gewone mense soutpilare sien.
   a) Verduidelik wat die sin beteken.
   b) Is hierdie sin 'n voorbeeld van **denotasie** of **konnotasie**? Verduidelik.
4. Watter belangrike raad gee Buffett oor jou werkkeuse wanneer jy die skool verlaat?
5. Hoe pas die woorde "passie" en "talent" by mekaar, volgens Buffett?
6. Hoe moet jy oor jou werk voel? Haal **een woord** aan (paragraaf 3).
7. In wie moet jy die meeste belê?
8. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**? Motiveer jou antwoord.
   Jy moet jou opvoeding in ander se hande oorlaat.
9. Wat is die doel van goeie kommunikasievaardighede?
10. Waarom moet jy soveel moontlik lees?
11. Wanneer sal jy, volgens Buffett, nie aan die neus rondgelei word nie?
12. Voel jy dat Buffett se raad vir jou as jongmens belangrik is? Verduidelik.

**Teks 18: Warren Buffet**



© University of Pretoria

Jongmense kan 'n paar belangrike lewenslesse by Warren Buffet (**Teks 18**) leer. Jy as mens moet doen waarvoor jy lief is (*gesitueerde werklikheid*) en 'n passie vir jou talente hê (*veranderde werklikheid*). Belê in jouself en verbeter jou kommunikasievermoëns (*kritiese raamwerk*). Lees en hou aan leer (*openlike onderrig* word dan *veranderde werklikheid*). Indien jy hierdie wenke toepas behoort jy suksesvol te wees. In die proses kan 'n hele paar globale vaardighede ontwikkel word. Die leerder word uitgedaag om oor die voordele van lees en goeie kommunikasievaardighede na te dink en 'n mening oor die raad te vorm. Warren Buffet skep dus die konteks deur raad aan 'n spesifieke groep mense te gee (*kritiese raamwerk*), wat hul *gesitueerde werklikheid* in *veranderde werklikheid* kan omskep indien hulle sy raad sou volg.

### Lees en kyk: 'n Inligtingsteks

**Pre-lees:** Bestudeer eers die woordeskat.

**Woordeskat**

W

**angel:** *sting*; iets wat kan seermaak
**in die verleentheid stel:** *cause embarrassment*; jou skaam en sleg laat voel
**ontvangsklerk:** *receptionist*; persoon wat mense by 'n onderneming ontvang
**senuweeagtig:** *nervous*; bang en op jou senuwees
**voornemende:** *prospective*; moontlike
**werkgewer:** *employer*; iemand wat werk vir ander gee
**werknemer:** *employee*; iemand wat vir iemand anders werk

**Lees:** Lees die teks aandagtig deur om seker te maak jy verstaan die inhoud en kan die kerngedagtes identifiseer.

## Haal die angel uit 'n werksonderhoud

'n Onderhoud gee 'n voornemende werkgewer die geleentheid om 'n aansoeker beter te leer ken. Dit is belangrik om goed voor te berei vir 'n werksonderhoud aangesien dit die kandidaat se aanstelling kan beïnvloed. Dit is altyd baie voordelig vir die kandidaat om sy beste voetjie voor te sit omdat die voornemende werknemers dan 'n prentjie van hom of haar vorm. Jy wil tog 'n goeie prentjie by mense laat sodat jy beter as die ander voornemende kandidate lyk.

Caressa en Leon Goldschaggs gee in hul boek *Hot Tips on Job Hunting* raad oor werksonderhoude.

As 'n voornemende werknemer moet jy voor die onderhoud soveel moontlik van die instansie uitvind. Lees alle inligting wat beskikbaar is en bel die ontvangsklerk om haar of hom oor die maatskappy uit te vra. Dit is mos in elk geval baie lekker as jy meer weet van die instansie waar jy wil gaan werk! Doen moeite en gaan soek interessante brokkies inligting oor die werkplek wat jy in die oog het. Vind uit wanneer die maatskappy sy deure oopgemaak het en wat die doelwitte is. Vra ook wat die maatskappy se naam beteken.

Moet nooit laat by 'n onderhoud opdaag nie. Sorg dat jy genoeg reistyd toelaat om sowat 10 tot 15 minute voor die afspraak reeds daar te wees. Die Goldschaggs beveel aan dat jy presies moet gaan kyk waar die plek is om te verseker dat jy betyds vir die onderhoud opdaag. 'n Mens kan jou so maklik met rigting misgis en voor jy weet, het jy verdwaal en is jy laat vir jou onderhoud.

Jou kleredrag speel 'n groot rol. Die spreekwoord sê nie verniet "die vere maak die voël" nie. Dis baie belangrik dat jy nie anders as die ander kollegas by die werk lyk nie. Sit 'n paar dae voor jou onderhoud buite die gebou om te sien hoe mense aantrek sodat jy die tipe kleredrag kan navolg. Jy moet onthou jy is nie nou meer 'n tiener wat volgens die nuutste modegiere kan aantrek nie.

Moet nooit vriende of familielede na 'n onderhoud saamneem nie. Dit kan die indruk skep dat jy ondersteuning nodig het of nie jou eie besluite kan neem nie. Familie kan jou in elk geval soms in die verleentheid stel. Wat gaan jou werknemer van jou dink



© University of Pretoria

as jou ma jou 'n piksoentjie gee met trane in haar oë? Miskien dink hy dadelik dat jy nie vir jouself kan opstaan nie.

Wanneer jy vir die onderhoud geroep word, groet die persoon vriendelik met 'n stewige handdruk. Jou selfoon moet afgeskakel wees voor die onderhoud begin omdat dit ongeskik is om 'n oproep tydens die onderhoud te ontvang. Dit dui definitief ook daarop dat jy meer in jou persoonlike lewe belangstel as in jou werk.

Moenie paniekerig raak nie! Asem in. Diep. Asem ook uit. Hulle sê dat benoude katte benoude spronge maak. Jy is nie 'n benoude kat nie. Wees selfversekerd en glo in jouself! Wees kalm, glimlag vriendelik en kyk die wêreld in die oë.



Wys enige aanbiedinge van tee of koffie van die hand. Aangesien jy moontlik senuweeagtig kan wees, kan jy maklik mors en jouself in die verleentheid stel. Dit gaan glad nie goed lyk as jy met 'n groot koffievlek op jou hemp by die onderhoud instap nie.

Aan die einde van die onderhoud sal die onderhoudvoerder waarskynlik opstaan en jou vir jou tyd bedank. Sê vir die onderhoudvoerder dat jy daarna uitsien om van hom of haar te hoor.

Indien jy nie binne sewe dae van die instansie hoor nie, kan jy hulle gerus bel om die uitslag van die onderhoud vas te stel.

(Uit: *Hot Tips on Job Hunting*, Van Schaik, 1999)

**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die inligtingsteks?**

1. Hoekom moet 'n mens goed voorbereid wees vir 'n onderhoud?
2. Waar kan jy goeie raad oor werksonderhoude kry?
3. Noem **twee** maniere waarop jy inligting kan kry waar jy wil gaan werk.
4. Kies die **korrekte woorde**.
   Tydens 'n onderhoud stel 'n (**werkgewer/werknemer**) vrae aan 'n voornemende (**werkgewer/werknemer**).
5. Sê of die volgende stellings waar of onwaar is. Motiveer jou antwoord.
   a) Jy moet vroeg genoeg ry om net betyds by jou onderhoud aan te kom.
   b) Jy moet in jou skoolklere by die onderhoud opdaag.
6. Skryf die **ontbrekende woorde** neer.
   Dis nie a) ____ dat jy jou vriende saamneem na die onderhoud toe nie. Die mense sal dink jy kan nie b) ____ besluite neem nie.
7. Kies die **korrekte woord**.
   Dit is (**swak/goeie**) maniere om 'n selfoonoproep tydens die onderhoud te ontvang.
8. Wat kan jy tydens 'n onderhoud doen om kalm te voel?
9. Wat kan jou ma miskien doen waarvoor jy jou sal skaam?
10. Hoekom moet jy liewer nie tydens 'n onderhoud tee of koffie drink nie?
11. Hoe kan 'n aansoeker 'n onderhoud positief afsluit?
12. Wat dink jy sal die onderhoudvoerder van jou dink as jy volgens die jongste modegiere aantrek?

**Teks 19: Werksonderhoud**

Die teks oor die werksonderhoud (**Teks 19**), blyk 'n opsommende vertaling uit die boek *Hot tips for job hunting* te wees. Die teks bevat 'n lys wenke (*openlike onderrig*) wat die leerder kan help om suksesvol vir 'n werksonderhoud (*kritiese raamwerk*) voor te berei. Slegs een vraag laat die leser toe om kreatief oor die gevolge van sekere besluite te dink. Die res van die vrae vereis bloot dat die leerder die antwoorde in die teks opspoor.



© University of Pretoria

## Lees en kyk: 'n Artikel

# Die wêreld se nr. 1-natuurwonder




**Pre-lees:** Het jy geweet die Amasonereënwoud is die nr. 1-natuurwonder van sewe in die wêreld? Gesels daaroor.

**Lees:** Lees die artikel hardop.

**Die Amasone-reënwoud**

Die Amasone, 'n tropiese reënwoud van so 5,5 miljoen $km^2$, is een van die wêreld se grootste natuurlike hulpbronne.

Dit staan bekend as die aarde se longe. Sowat 20 persent van die wêreld se suurstof kom hiervandaan: Plante neem **koolstofdioksied** (*carbon dioxide*) vir fotosintese op en gee **suurstof** (*oxygen*) as 'n neweproduk af, en in dié woud is daar sowat 90 000 ton lewende plante per vierkante kilometer ($km^2$).

Die Amasone strek oor nege lande. Die grootste deel daarvan is in Brasilië (60 persent). Ander dele van die reënwoud is in Peru (13 persent), Colombia (10 persent), Venezuela, Ecuador, Bolivia, Guyana, Suriname en Frans-Guiana.

Die Amasone het die grootste verskeidenheid plant- en diersoorte van alle reënwoude ter wêreld. Meer as 2,5 miljoen insekspesies, tienduisende plantsoorte en 'n vyfde van al die voëlsoorte ter wêreld kom hier voor.

Meer as 20 persent van die Amasone is al **vernietig** (*destroyed*); teen die huidige tempo kan daar oor 40 jaar niks oor wees nie. Die grond word **ontbos** (*deforested*)vir beesboerdery, mynbou en landbou, veral vir sojabone.

Kenners is bekommerd oor dié ontbossing en glo dit dra by tot aardverwarming, want daar is te min plante om al die koolstofdioksied ('n kweekhuisgas) te absorbeer.

(Uit: *Huisgenoot*, 6 September 2012)

**Post-lees: Bespreek vrae**

1. Waarom word die Amasone die aarde se "longe" genoem?
2. Wat is die redes vir die **ontbossing** (*deforestation*) van die Amasone?
3. Is dit positief of negatief dat die Amasone as die eerste nuwe natuurwonder aangewys is?
4. Weet jy wat en waar die ander ses natuurwonders is? (Wenk: Een van die sewe nuwe natuurwonders is in Suid-Afrika!)

**Teks 20: Natuurwonder**

Die prelees-aktiwiteit oor die nr. 1 natuurwonder (**Teks 20**) kan moontlik 'n bietjie uitdagend wees en dit sou sin maak dat die leerders dalk vooraf navorsing daaroor doen. Dit sal 'n bydrae tot die *kritiese raamwerk* lewer. In 'n land soos Suid-Afrika is dit moontlik dat heelwat van die leerders nie oor die *gesitueerde werklikheid* beskik, om lukraak daaroor te gesels nie. Die onderwyser kan ook 'n video of ander visuele hulpmiddel oor



© University of Pretoria

die Amasone-reënwoud gebruik om te verseker dat leerders die basiese agtergrond het en nie tydens die bespreking uitgesluit voel nie (*gesitueerde werklikheid*). Die probleem met die Engelse woordeskat wat reeds in 'n vorige teks aangespreek is, is hier ook teenwoordig. Daar is heelwat woorde waarvan die Engelse vertaling in die teks verskyn. Geen lewensgetroue teks word so gepubliseer nie. Leerders kan ook baatvind deur by die proses betrokke te raak en self die vertalings te soek. Leerders moet krities oor die verband tussen die Amasone en longe dink en word aangemoedig om oor die ander natuurwonders uit te vind (*veranderde werklikheid*).

## Lees en kyk: Twee koerantberigte

**Pre-lees:** Wat is 'n miljard? Bespreek dié getal.
**Lees:** Lees die koerantberigte aandagtig.

**Berig 1**

### VN wil miljard bome plant

Elise Tempelhoff

1 JOHANNESBURG. – As die Verenigde Nasies (VN) se Omgewingsprogram (Unep) sy sin kry, gaan 'n miljard bome volgende jaar oor die wêreld heen geplant word om **klimaatsverandering** (*climate change*) te probeer stuit.

2 "Dit beteken 'n boom sal elke 32 sekondes iewers in die wêreld geplant word," het Unep in 'n verklaring gesê.

3 Die projek, Plant vir die Planeet, is deur Unep en prof. Wangari Maathai, wenner van die Nobelprys vir vrede, bekend gestel op die klimaatberaad wat in Nairobi, Kenia, gehou is.

4 Maathai, leier van die Groen Gordel-beweging in Kenia, het by die bekendstelling van die projek gesê: "Ons ken die wetenskap, ons het die statistiek. Maar wat belangrik is, is wat ons nóú aan klimaatsverandering doen. Enigeen kan 'n boom plant," het sy gesê.

5 Luidens Unep se verklaring is dit van groot belang dat 'n vrywillige, kollektiewe poging aangewend word om klimaatsverandering te probeer stuit.

6 Unep gaan binnekort sy projek wêreldwyd bekend stel. Alle sektore – van die gewone bekommerde mense tot die filantropiese multinasionale maatskappye – sal gemotiveer word om bome te plant.

7 "Mense en maatskappye moet aangemoedig word om klein, maar praktiese treë te gee in 'n poging om klimaatsverandering te probeer stuit. Dit hou waarskynlik die grootste **bedreiging** (*threat*) vir die mensdom in," lui die verklaring.

8 Mnr. Achim Steiner, uitvoerende direkteur van Unep, het gesê gesprekke tussen regerings oor hoe om klimaatsverandering aan te pak, is dikwels moeilik, uitgerek en frustrerend, "maar ons mag nie moed verloor nie.

9 "Aksie hoef nie tot konferensies beperk te wees nie. Met die projek om 'n minimum van een miljard bome te plant, kan elke mens 'n bydrae lewer om klimaatsverandering te stuit.

10 "Deur verlore woude te **herskep** (*recreate*) en nuwes te skep, kan ons terselfdertyd ander probleme, soos die verlies aan biodiversiteit, oplos."

11 Steiner het verder gesê nuwe bome sal die beskikbaarheid van water verhoog en verdere uitbreiding van woestyne en **gronderosie** (*soil erosion*) keer.

12 Almal wat bome plant, word gevra om dit op Unep se webtuiste by Unep.org/billiontreecampaign aan te teken sodat 'n databasis gehou kan word.

(Uit: *Die Burger*, 13 November 2006)

**Berig 2**

### Wêreld en sy mense plant 'n miljard bome om Aarde te red

NEW YORK. – Die teiken om een miljard bome te plant teen die begin van volgende maand se internasionale konferensie oor klimaatsverandering in Bali, Indonesië, is 'n maand vroeg bereik, het die Verenigde Nasies (VN) bekend gemaak.



© University of Pretoria

Mnr. Achim Steiner, uitvoerende direkteur van Unep, het gister gesê dié prestasie is 'n teken van die "asemrowende momentum" wat vanjaar verkry is om die uitdaging van klimaatsverandering – waardeur die hedendaagse geslag gekonfronteer word – die hoof te bied.

Die boomplantveldtog het bewys dat miljoene mense – selfs heelwat meer – kan saamstaan, hul moue oprol en werk om besoedeling en die agteruitgang van die omgewing te beveg, het Steiner gesê.

Die Nobelpryswenner me. Wangari Maathai, stigter van die Kenyan Green Belt en medebeskermvrou van die veldtog, het die sukses daarvan verwelkom en die deelnemers geprys. Maar sy het ook gesê die druk om die planeet te beskerm, moenie verslap word nie.

Unep het gesê die helfte van die mense wat deelgeneem het, was individue of huishoudings wat tussen een en drie bome geplant het. Die privaat sektor het 13% van die een miljard bome geplant.

Al die inligting is nog nie beskikbaar nie, maar dit blyk dat Ethiopië meer as 700 miljoen bome geplant het, Mexiko 217 miljoen, Turkye 150 miljoen, Kenia 100 miljoen, Kuba 96,5 miljoen, Rwanda 50 miljoen, die Republiek van Korea 43 miljoen, Tunisië 21 miljoen, Marokko 20 miljoen, Mianmar (Birma) 20 miljoen en Brasilië 16 miljoen.

Die bekendmaking kom terwyl duisende afgevaardigdes voorbereidings tref om binne dae in Bali by die VN se Raamwerkkonvensie oor klimaatsverandering oor dié saak by te woon.

(Uit: *Die Burger*, 29 November 2007)

**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die koerantberigte?**

Beantwoord hierdie vrae oor **berig 1**.

1. Waarna verwys die **afkorting** in die berig se titel?
2. Bespreek Unep se doel met die omgewingsprogram.
3. Haal **een woord** uit paragraaf 1 aan wat dieselfde as "stop" beteken.
4. Gee **twee redes** waarom "Plant vir die Planeet" 'n doeltreffende naam is.
5. Noem **twee redes** waarom prof. Wangari Maathai bekend is.
6. Watter **woord** in paragraaf 5 beteken: wat mense uit vrye wil doen?
7. Gee die Afrikaanse woord in paragraaf 7 vir *encouraged*.
8. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**? Gee 'n rede vir jou antwoord.
   Unep wil net hê groot maatskappye moet bome plant.
9. Watter **uitdrukking** in paragraaf 10 beteken dieselfde as "help"?
10. Verduidelik die volgende sinsdeel in paragraaf 9 in jou **eie woorde**.
    "Deur verlore woude te herskep en nuwes te skep …"
11. Kies die **regte** woorde tussen hakies.
    Nuwe bome gaan sorg dat daar (**meer/minder**) water beskikbaar is en dat daar (**meer/minder**) uitbreiding van woestyne en gronderosie is.
12. Waarom moet mense wat bome plant dit op Unep se webtuiste aanteken?

Beantwoord hierdie vrae oor **berig 2**.

13. Hoe lank ná berig 1 het berig 2 verskyn?
14. Vergelyk mnr. Achim Steiner en me. Wangari Maathai se reaksie op die suksesvolle veldtog.

**Teks 21: Klimaatsverandering**

**Teks 21** spreek 'n aantal omgewingsprobleme soos klimaatsverandering en gronderosie aan (*gesitueerde werklikheid*). Dit hou 'n bedreiging vir die mensdom in (*kritiese raamwerk*) en dit is daarom belangrik dat die gemeenskap daarvan bewus moet wees (*openlike onderrig*) sodat hulle die probleem kan aanspreek (*veranderde werklikheid*). Die leser word aangespoor om deel van die projek te word en dit eis dus gemeenskapsbetrokkenheid wat 'n belangrike globale vaardigheid is. 'n Prelees-gesprek



© University of Pretoria

oor die verwagtings wat die titel by die leser skep of waarna die afkorting *VN* verwys, sou beter met die onderwerp skakel as ’n gesprek oor ’n “getal” (*gesitueerde werklikheid*). Die eerste berig is dus ’n oproep tot aksie (*kritiese raamwerk*), terwyl die tweede berig terugvoer oor die uitkoms van die versoek gee (*veranderde werklikheid*). Die leser word ook daaraan herinner dat pogings om die aarde te beskerm ’n voortdurende proses moet wees (*openlike onderrig* en *kritiese raamwerk*). Daar is deesdae ook heelwat video’s wat die erns van die probleem onder leerders se aandag kan bring. Die berig en inhoud daarvan is dus lewensgetrou en hou sterk verband met die eise wat aan die globaal vaardige leerder gestel word om betrokke en verantwoordelik te wees. Vraagstelling is gebalanseerd en die vrae kom meestal ooreen met die tipe vrae wat leerders in die eindeksamenvraestel kan verwag.

**Toesprake**

Die uitdagings met dieremishandeling word in **Teks 22** en **23** binne ’n bepaalde konteks (*kritiese raamwerk*) bespreek. ’n Tradisie wat in die Middeleeue reeds begin is, behoort gestop te word, aangesien dit dieremishandeling (*gesitueerde werklikheid*) is en die persoon, as ’n buitestaander, voel dat ons ’n verantwoordelikheid het om hierdie diere te beskerm (*veranderde werklikheid*). Vraagstelling in die NSS-eindeksamenvraestelle is stelselmatig aangepas en leerders moet deesdae eerder verduidelik *waarom* ’n stelling waar/onwaar is en vrae word duideliker gevra, in terme van die verwagting wat dit aan die leerder stel.



© University of Pretoria

## Lees en kyk: 'n Toespraak

**Pre-lees: Woordeskat**
Lees die woordeskat op bl. 147 voordat jy die toespraak lees.
**Lees:** Lees hierdie toespraak deur 'n **kampvegter** (*campaigner*) vir diereregte. Die spreker het 'n ongewone soort perdewedren by die Palio-fees in Italië bygewoon.

*Perde word by Palio-fees mishandel*

*Ek het verlede week die beroemde Palio-fees, een van die interessantste feeste in Italië, bygewoon. Dit word op 'n plein in Siëna gehou. Laatmiddag op die vierde dag van die fees was ek 'n toeskouer by die perdewedren wat die hoogtepunt van die feesvierings vorm. Ek het op die dak gestaan van een van die ou huise wat oor die plein uitkyk waar die wedren plaasvind en het die kleurvolle skouspel wat die wedren voorafgegaan het, terdeë geniet. Ek, as dierliefhebber, kan egter nie dieselfde van die wrede perdewedren sê nie.*

*Die wedren duur nie lank nie – gewoonlik nie meer as 90 sekondes nie, maar ek is daarvan oortuig dat dit dieremishandeling is. Dit is 'n gevaarlike grondbaan met kort draaie rondom die halfsirkelvormige plein. Die perde moet drie keer in die rondte hardloop. Hulle kan maklik val of teen mekaar bots en ernstig beseer word.*

*Die tien perde word bloots gery en die jokkies het swepe waarmee hulle hul eie perd en selfs ander perde slaan, of ander jokkies hinder. Min dinge is vir die jokkies verbode. Hulle probeer selfs om hul mededingers van hul perde af te stoot of te trek. Dit is natuurlik gevaarlik vir die perde ook. Een van die jokkies hét afgeval en die perd het sonder hom voortgehardloop. Dit is 'n wonder dat die jaende perde hom nie vertrap het nie. Die organiseerder van die wedren het geen verskoning vir die voorval gemaak nie.*

*Ek het die aand ná die fees by 'n Italianer gehoor dat 48 perde die afgelope 40 jaar in Palio-wedrenne dood is. In 2004 het 'n perd gegly en die ander perde het bo-oor hom gehardloop. Die resies is nie gestaak nie en die perd is aan sy beserings dood. Volgens hierdie persoon word daar nie genoeg veiligheidsmaatreëls getref om perde en jokkies te beskerm nie. Hy sê aktiviste vir diereregte probeer al lank om die leiers van Siëna te oorreed om die wedren te verbied, maar tot dusver het al hul pleidooie op dowe ore geval.*

*Dit is 'n reël dat nege perde by die wegspringplek vir die tiende perd wag. Elke perd verteenwoordig 'n distrik van Siëna en dit is 'n passievolle kompetisie tussen die distrikte. Ek het gehoor daar word baie gekonkel voor hierdie wedren. Die jokkie van die tiende perd wag soms vir een van die ander perde om 'n slegte of goeie posisie in te neem voordat hy inkom omdat hy omgekoop is om dit te doen.*

*Die distrikte kan glo alles in hul vermoë doen om te keer dat 'n ander distrik wen.*

**Teks 22: Toespraak (Deel 1)**



© University of Pretoria

*Nouja, van skelmstreke het ek nog nooit gehou nie, veral nie tydens sulke roemryke gebeurtenisse soos hierdie fees in die pragtige historiese stad Siëna nie!*

*Wat my ook kwel, is dat hierdie wedren twee maal per jaar gehou word, want daar is ook só 'n fees in Augustus ter ere van 'n ander heilige. Verder word daar ook feeste in kleiner dorpe in Italië gehou waar wrede kompetisies plaasvind, onder andere een waar perde baie swaar karre oor slote moet trek. By 'n fees in Campania vind óók dieremishandeling plaas. Daar juig die skare glo as hulle ses uur lank 'n 25 meter lange pilaar 2 km ver moet trek.*

*Daar is mense wat reken die dood van 48 perde in 40 jaar is nie baie nie, veral omdat baie méér perde geslag en geëet word. Ek is nie 'n Italianer nie, maar ek voel daar moet druk uitgeoefen word op die munisipaliteit van Siëna sodat die wrede perdewedren van die Palio-fees gestaak kan word. Ons leef nie meer in die Middeleeue toe hierdie fees begin het nie. Diere kan nie vir hulself praat nie!*

*(Deur skrywer)*

**Woordeskat**

**bloots:** *bareback*; *sonder 'n saal*
**gekonkel:** *scheming*; agteraf planne gemaak
**omgekoop:** *bribed*; betaal om iets oneerliks te doen
**skouspel:** *pageant*; 'n kleurvolle vertoning
**toeskouer:** *spectator*: iemand wat kyk hoe iets gebeur
**verteenwoordig:** *represent*; namens iemand optree

**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die toespraak?**

1. Ongeveer hoe lank duur die Palio-fees?
2. Wat maak die renbaan gevaarlik, volgens die spreker?
3. Noem **twee** aspekte van die wedren wat volgens die spreker wreed is.
4. Sê of die volgende stellings **waar** of **onwaar** is en motiveer jou antwoord.
   a) Die spreker voel die Palio-fees behoort nie meer gehou te word nie.
   b) Die perdewedren duur minder as 'n minuut.
5. Kies die **korrekte** verduideliking.
   Die idioom "dit het op dowe ore geval" (paragraaf 4) beteken die mense het hom (**nie gehoor nie**/**geïgnoreer**).
6. Watter vorm van dieremishandeling, behalwe teenoor perde, word genoem?
7. Dink jy die spreker is **bevooroordeeld** (*prejudiced*) oor die wedren en dat hy 'n mening gevorm het sonder dat hy die saak deeglik ondersoek het? Bespreek.
8. Daar is mense wat nie met die spreker se standpunt saamstem nie. Watter redes voer hulle aan dat die Palio-wedren nie verbied moet word nie?
9. Stem jy saam met die spreker se houding? Motiveer jou antwoord.

**Teks 23: Toespraak (Deel 2)**



© University of Pretoria

By vraag 5 sal die instruksie byvoorbeeld insluit hoe die antwoord weergegee behoort te word, naamlik dat slegs die woord of frase neergeskryf moet word, of die volledige sin waarin die antwoord onderstreep is. Vraag 7 vereis hoërorde-denke wanneer die leerder 'n persoonlike mening oor die situasie moet vorm. Dit wil voorkom asof die skrywer navorsing oor die onderwerp gedoen het, maar daar is geen verwysing na geloofwaardige bronne nie. Die gebruik van woorde soos "glo" kan daarna verwys dat die inligting op hoorsê gebaseer kan wees. In die laaste vraag word 'n beroep op die leerder se etiese verantwoordelikheid gedoen en moet die leerder standpunt inneem (*veranderde werklikheid*).

**Koerantberigte**

## Lees en kyk: 'n Koerantberig

**Pre-lees:** Kyk na die opskrif (kop) en die foto en voorspel waaroor die koerantberig gaan. Bestudeer ook die woordeskat op bl. 183.
**Lees:** Lees die koerantberig aandagtig deur.

### Prins William kap renosterstropers

Leopold Scholtz



1 DEN HAAG. – Prins William het 'n skerp aanval gedoen op stropers wat renosters in Afrika in groot getalle afmaai.

2 Terwyl hy 'n renosterkoei in die Port Lympne-wildtuin in Kent gevoer het, het die prins in die BBC se ontbytprogram gesê die stropers is "uiters onkundig".

3 "Hulle is selfsugtig. Ek dink hulle is verkeerd, heeltemal en totaal verkeerd. Dit maak my uiters kwaad; dis 'n vermorsing."

4 William is beskermheer van die Tusk-trust, 'n organisasie wat die verlies van wild op die openbare agenda probeer plaas. Die Aspinall-stigting, wat die trust hanteer, het pas 'n program begin om drie swartrenosters wat in Brittanje in gevangeskap gebore is, in Tanzanië vry te laat.

5 William het in die program gesê renosters en olifante is die twee spesies wat op die oomblik die meeste onder stropers ly. "As ons niks daaraan doen nie, gaan dit 'n tragiese verlies vir almal wees."

6 Hy het gesê die oplossing lê in grootskaalse opvoedingsprogramme om mense te laat insien watter skade die wildstropers aan die natuur doen. Ook kan toerisme, waarvan Afrika-ekonomieë in 'n groot mate afhang, groot skade ly.

7 In die program het die kommentator syfers van die Wêreldnatuurlewefonds aangehaal waarvolgens daar nog sowat 13 500 wit- en 4 500 swartrenosters oor is. Van laasgenoemde is vanjaar reeds 245 deur stropers vir hul horings doodgemaak.

8 Die fyngemaalde horings haal tot £38 000 (meer as R500000) per kilogram in die **smokkelhandel** (*black market trade*).

9 Charlie Mayhew, uitvoerende hoof van die Tusk-trust, het in die program gesê waar slegs 13 swartrenosters in 2007 in Suid-Afrika doodgemaak is, was dit in 2011 reeds 434.

(Uit: *Die Burger*, 20 Junie 2012)



© University of Pretoria

**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die koerantberig?**

1. Verduidelik die berig se **opskrif** in jou eie woorde.
2. Watter **woord** in paragraaf 1 toon dat stropers renosters in groot getalle en gevoelloos doodmaak?
3. Waar was prins William toe die onderhoud met hom gevoer is?
4. Waarom was dit effektief dat die prins 'n renoster gevoer het terwyl hy die vrae beantwoord het?
5. Wat bedoel die prins as hy stropers "onkundig" (paragraaf 2) noem?
6. Haal **twee afsonderlike woorde** uit paragraaf 3 aan wat die prins se houding teenoor stropers beskryf.
7. Wat het renosters en olifante met mekaar gemeen, volgens die berig?
8. Na watter "verlies" verwys die prins in paragraaf 5?
9. Waaroor moet mense opgevoed word, volgens prins William?
10. Waarom is toerisme belangrik in Afrika?
11. Vergelyk die getalle renosters wat in 2011 en gedurende die eerste helfte van 2012 doodgemaak is.
12. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**? Gee 'n rede vir jou antwoord. Vanaf 2007 tot 2011 was daar 'n groot styging in die aantal renosters wat in Suid-Afrika doodgemaak is.

**Teks 24: Renosterstropery**

Die koerantartikel oor renosterstropery (**Teks 24**) begin deur die konteks (*kritiese raamwerk*), waarbinne die berig gelees moet word, te gee. Dit is belangrik dat persone in gesagsposisies ook standpunt teen ongeregtighede inneem (*veranderde werklikheid*). Wat opvallend is, is dat Prins William hier bloedjonk is. Hy is intussen getroud en het drie kinders. Dit beklemtoon dus die ontoepaslikheid van die teks (*gesitueerde werklikheid*). Leerders sal onmiddellik besef dat die teks verouderd is. Die implikasies van hierdie vernietigende gedrag (stropery) vir die ekonomie en toekomstige generasies word ook verduidelik en deur kenners met feite gestaaf. Die teks is lewensgetrou en toepaslik, maar die nuutste statistiek sou waarskynlik meer skokkend wees en 'n groter impak op die leerders hê. Postlees-vrae vestig die aandag op die interpretasie van die opskrif en die gebruik van woorde wat met emosie belaai is. 'n Woord soos "afmaai" beklemtoon die gevoelloosheid en die wreedheid waarmee die renosterhorings gestroop word. Die plasing van die foto trek nie net die aandag van die teikengroep (*kritiese raamwerk*) nie, maar wek ook simpatie by die leser. Vraagstelling is effektief gebruik, deurdat leerders vergelykings moet tref, die invloed op toerisme moet oorweeg en ook statistiek moet vergelyk (*kritiese raamwerk* lei tot *veranderde werklikheid*).



© University of Pretoria

**Teks 25** oor ongesonde kinders is op feite gebaseer en relevant en verwys na werklike statistiek en kommentaar deur kenners op die gebied (*kritiese raamwerk*). Die *gesitueerde werklikheid* word binne ’n *kritiese raamwerk* gestel. Leerders of lesers van die artikel behoort deur inligting, wat deel van *openlike onderrig* vorm, beïnvloed te word om tot optrede (*veranderde werklikheid*) oor te gaan. Die artikel wat in Rapport van 13 Februarie 2011 gepubliseer is, vorm deel van die voorbeeldvraestel en verskaf ook wenke aan kinders en ouers om gesonder te leef en stel voor dat snoepwinkels en spazas naby skole gesonder opsies beskikbaar moet stel. As deel van ’n vraestel word die vrae ook sodanig gevra, dat verskillende denkvlakke aangespreek word.

## Ons kinders is ongesond

1 “Die gemaklike manier waarop ons lewe, lei tot ongesonde kinders.” So waarsku dr. Ali Kamffer, raadgewer van die SureSlim-groep nadat Discovery Vitality ’n verslag wat almal geskok het, bekend gemaak het. Hierdie verslag gaan oor die Suid-Afrikaanse kinders se gesondheid. Volgens die verslag is een uit elke vyf kinders vet en eet hulle drie maal per week wegneemetes. Boonop rook en drink hulle straf.

2 Kamffer sê as gevolg van verkeerde eetgewoontes en ’n swak lewenstyl ly al hoe meer jongmense aan siektes soos diabetes, hoë cholesterol, hartprobleme en eetsteurnisse. Volgens die verslag kom van die siektes voor by vet kinders en tieners wat min of geen oefening doen nie. Baie kinders lê ook voor die televisie en bring hulle dae agter die skerm van ’n rekenaar deur.

3 Dr. Kamffer sê verder dat hierdie probleem deur man en muis in Suid-Afrika aangepak en opgelos moet word. Skole se leerplanne moet aandag aan hierdie probleem gee. Kinders moet van jongs af geleer word om eerder vrugte, groente en growwe brood te eet. Snoepies by skole moet aandag aan hulle spyskaarte gee en gesinne moet hulle eetgewoontes aanpas sodat kinders gesonder eet. As almal in ’n gesin help met die voorbereiding en kook van die kos, sal kosmaak nie ’n las vir die ma wees nie. Dit is duidelik dat daar geen maklike kitsoplossing vir hierdie probleem is nie.

4 Vir die verslag het ’n span navorsers wat uit lede van die regering, dokters, akademici en nie-regeringsorganisasies bestaan het, navorsing gedoen. Hulle het die eetgewoontes van kinders bestudeer.

5 Die verslag het gewys dat die regering ’n goeie beleid vir die gesondheid van kinders het, maar dat hulle dit nie uitvoer nie. Suid-Afrika het van die wêreld se beste wetgewing teen rook- en drankmisbruik en tog drink en rook ’n derde van Suid-Afrika se kinders.

6 ’n Bron van kommer vir dr. Shane Morris van die departement van pediatrie aan die Universiteit van die Witwatersrand is die min oefening wat van die kinders deesdae doen. Hy sê dat die oefening wat die kinders kry, beïnvloed word deur die ouers se sosiale en ekonomiese omstandighede. Hoe armer die ouers is en hoe swakker hulle opgelei is, hoe minder oefen die kinders. Hy voel dat kinders meer aktief by die skool moet wees en dat sport verpligtend moet wees. ’n Groot hulp sal ook wees as gesonde kos goedkoper en makliker gekoop kan word.



© University of Pretoria

7 Dr. Kamffer gee die volgende wenke aan kinders en ouers om gesonder te lewe:

- Moenie baie vrugtesap drink nie. Dit is versoet. Dit is baie beter om dit met water te verdun voordat jy dit drink.
- Pasop ook vir baie tee, koffie en Milo. Tee en koffie het baie kafeïen en Milo is baie soet. Drink liewer baie water, wat verniet is.
- Bly ook weg van kitskosse by restaurante en straatstalletjies. Die meeste van hierdie kos is die ene vet en suiker. Kinders sal baie rustiger by skole wees as hulle minder suiker inkry.
- Eet gereeld vrugte en groente. Neem dit ook in kosblikke saam skool toe. Koop liewer 'n appel of peer as 'n vetkoekie by die tannie buite die hekke van die skool.

8 Snoepwinkels en spazas naby skole kan ook gesonder kosse as skyfies, lekkers en vetkoekies verkoop. Eienaars van hierdie winkels kan slaaie, vrugteslaaie, gevulde tortillas en gesondheidsbroodjies verkoop. As gesonde kos oral te koop is, sal kinders leer om dit eet.

9 Miskien sal die volgende verslag oor die gesondheid van ons kinders beter lyk as ons na dr. Kamffer se raad luister.

(Uit: *Rapport*, 13 Februarie 2011)

1.1 Watter organisasie het navorsing oor die eetgewoontes van Suid-Afrika se kinders gedoen? (1)

1.2 Waarteen waarsku dr. Ali Kamffer grootmense? (1)

1.3 Noem twee bevindinge van die verslag. (2)

1.4 Watter twee redes gee dr. Kamffer vir hoë cholesterol in kinders? (2)

1.5 Kies die antwoord wat **nie** pas **nie**.
Kinders ly aan diabetes omdat hulle ...
A vet is.
B baie groente eet.
C geen aktiewe oefening doen nie.
D lank voor die rekenaar sit. (1)

1.6 Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**? Motiveer jou antwoord deur nege opeenvolgende woorde uit paragraaf 3 aan te haal.
Gesinne moet kinders help om gesonder te leef. (2)

1.7 Wat het die navorsers gedoen om die verslag saam te stel? (1)

1.8 Hoe weet ons Suid-Afrika se wette teen rook is nie baie suksesvol nie? (1)

1.9 Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**? Motiveer jou antwoord deur 'n sin uit paragraaf 7 aan te haal.
Hoe beter ouers se ekonomiese omstandighede, hoe meer oefen die kinders. (2)

1.10 Watter twee oplossings het prof. Morris vir die onfiksheid van kinders? (2)

**Teks 25: Ongesonde kinders**



© University of Pretoria

#### 4.4.7.2 Ander tekssoorte vir visuele geletterdheid

**Advertensies**

Drie advertensies word as teks in die graad 12-handboek gebruik. Die eerste een is ’n advertensie oor ’n GPS-toepassing (**Teks 26**) wat afgelaai kan word om die verbruiker as toeris in Suid-Afrika te help. Heelwat kritiek kan deur ’n multigeletterdheidslens teen hierdie advertensie gelewer word, aangesien dit visueel redelik ontoeganklik is. Eerstens is daar te veel leeswerk en tweedens is die lettertipe wat gebruik word om die onderafdelings te benoem, moeilik leesbaar. Volgens die KABV word die prosesbenadering ten opsigte van al die taalvaardighede met prelees, lees en postlees (of dan preluister, luister en postluister asook preskryf, skryf en postskryf) gevolg.

By hierdie advertensie word die prelees-fase afgeskeep deurdat geen voorkennis geaktiveer word nie en die opdrag bloot lees: “Lees eers die kop en dan die advertensie goed deur” (Gouws et al. 2013b). Geen voorspellings of visuele leidrade word gebruik om die leerder op die inhoud voor te berei nie. Die postlees-vrae verteenwoordig verskillende moeilikheidsgrade deurdat die feitelike vraag (’n *wat*-vraag) eerste gevra word, waarna daar na interpretasie, verduideliking, evaluering en die struktuur van die teks beweeg word. Die vraagstelling is egter onduidelik. In vraag 5 word daar byvoorbeeld nie leidrade verskaf om die leerder te help bepaal of die antwoord by “beplan” of “verken” gesoek behoort te word nie. In vraag 8 word oor die toepaslikheid van die foto in die advertensie gevra, maar die foto wat wys hoe die toepassing lyk, kom baie verouderd voor en is nie visueel treffend nie. Wat *gesitueerde werklikheid* betref, is daar dus nie ooreenstemming tussen ’n 2023-leerder se tegnologiese wêreld en hierdie 2012-advertensie nie (Van der Berg & Engelbrecht 2023).

Wat *openlike onderrig* betref, is die steierwerk van die vrae nie kundig gedoen nie en dit stem ook nie ooreen met die wyse waarop vrae in EAT dikwels gevra word (deur verskillende alternatiewe te gee waaruit die leerder slegs hoef te kies) nie. Vraag 7 se “waar of vals”-vraagstelling sluit egter wel by hedendaagse, konvensionele vraagwyses in EAT-vraestelle aan. Geen kritiese vrae word oor die doel, teikengroep en die



© University of Pretoria

geslaagdheid van die advertensie se boodskap gevra nie en daar is ook geen poging aangewend om leerders hul eie teks, soos ’n beter advertensie of ’n nuwer tegnologiese toepassing, te laat skep nie (Van der Berg & Engelbrecht 2023). Hierdie advertensie slaag nie as ’n oorredende teks nie en sou as wêreldvreemd eerder as lewensgetrou (Maley en Tomlinson 2017) beskryf kon word.

## Lees en kyk: ’n Advertensie

**Pre-lees en lees:** Kyk na die advertensie. Lees eers die kop en dan die hele advertensie.




**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die advertensie?**

1. Wat word in hierdie advertensie geadverteer?
2. Wat, dink jy, is dit?
3. Dink jy die reis-app het ’n goeie naam? Verduidelik.
4. Vir watter **drie dinge** kan ’n mens die reis-app gebruik? Skryf drie sinne.
5. Watter **twee dinge** in die reis-app gebruik ’n mens as jy wil uitvind wat jy in ’n sekere omgewing kan doen? Haal **twee afsonderlike woorde** aan.
6. Watter verblyfopsie sal jy kies as jy nie baie geld het nie? Gee **een woord**.
7. Is die volgende stellings **waar** of **onwaar**? Motiveer jou antwoord deur ’n sinsdeel aan te haal.
   a) As jy die reis-app gebruik, beplan jy altyd self die roete.
   b) As jy verblyf bespreek, moet jy ’n brief of e-pos aan die plek skryf.
   c) Die reis-app bevat inligting oor eetplekke.
8. Hoe pas die foto links by die produk wat geadverteer word?
9. Wat is die boodskap van die advertensie?

**Teks 26: Wegbreek-reis-*app***



© University of Pretoria

Die tweede advertensie (**Teks 27**) is ook nie visueel geslaagd nie, aangesien dit meer inligting bevat (te veel woorde) oor die proses wat leerders moet volg indien hulle in die studiebeurs van R5 000 sou belangstel. Daar is te veel inligting en detail oor hoe leerders moet aansoek doen, hoe die ontvangers aangewys gaan word en waarom die beurs toegeken word. Selfs waarvoor die geld aangewend mag word, word uitgestippel. Die advertensie voldoen dus nie aan die visuele konvensies van moderne advertensies waarvolgens soveel moontlik betekenis deur so min as moontlik woorde gegee word nie.

**Lees en kyk: 'n Advertensie**

**Pre-lees en lees:** Lees die volgende advertensie so goed deur dat jy presies weet wat jy alles moet doen om vir 'n beurs in aanmerking te kom. Gebruik 'n woordeboek as daar woorde is wat jy nie verstaan nie.




**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die advertensie?**

1. Wat is die doel van hierdie advertensie?
2. Waarom verskyn Jasmine Adams se foto in die advertensie?
3. Hoeveel leerders kan beurse wen?
4. Waarvoor kan die beursgeld gebruik word?
5. Watter noodsaaklike besonderhede moet in jou brief verskyn?
6. Verduidelik hoe die beurswenners gekies gaan word.
7. Hoe kan jy jou inskrywing instuur?
8. Jou pa is 'n joernalis by GeselsMedia. Mag jy aansoek doen om die beurs?
9. Is die stelling **waar** of **onwaar**? Verduidelik jou antwoord.
   Die toon van hierdie advertensie is simpatiek.
10. Waarom word daar verskillende groottes letters in die advertensie gebruik?

**Teks 27: Wen 'n beurs**



© University of Pretoria

Volgens die *kritiese raamwerk* trek dit dus nie aandag ("attention grabbing") nie (Janks en Dixon 2014). Alhoewel matriekleerders daarin sou belangstel om vir ’n beurs aansoek te doen, word die aantreklikheid daarvan beperk deur die idee van ’n R5 000-studiebeurs wat ’n magdom prosesse soos die skryf van ’n motiveringsbrief insluit. In 2023 is dit besonder finansieel aanloklik nie. Lesers van die dagblad sal oor die toekenning van die beurse besluit en die aansoek moet gepos (slakkepos!) word. Wat *gesitueerde werklikheid* betref, sal ’n matriekleerder in 2023 moeilik met hierdie teks identifiseer. Hier is (ten spyte van die opskrif wat boaan verskyn) geen prelees wat die prosesbenadering van die KABV ondersteun nie.

Die opdrag lees soos volg: "Lees die volgende advertensie so goed deur dat jy presies weet wat jy alles moet doen om vir hierdie beurs aansoek te doen" (Gouws et al. 2013b). Daar is dus geen aandag aan prelees gegee nie; inteendeel, die opdrag getuig van ’n ingewikkelde, veeleisende en vervelige aktiwiteit wat nie die kommunikatiewe benadering van die KABV ondersteun nie. Die tien postlees-vrae is inhoudgedrewe en verwag van die leerder om inligting soos die aantal leerders aan wie die beurs toegeken word in die advertensie te soek, asook hoe leerders daarvoor moet aansoek doen. Enkele vrae word wel oor die doel, die toon van die advertensie en die gebruik van die foto in die advertensie gevra, maar die vrae is so generies en verbeeldingloos dat hierdie advertensie leerders waarskynlik nie sal motiveer om opgewonde te raak oor ’n stokou beursaansoek wat nie hulle werklikheid weerspieël nie, wat nog te sê hulle globale vaardighede ontwikkel. Daar is dus geen sprake van ingrypings deur *openlike onderrig* en *veranderde werklikheid* in hierdie advertensie nie (Van der Berg & Engelbrecht 2023).



© University of Pretoria

**Lees en kyk: 'n Advertensie**




**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die advertensie?**

1. Wat is die doel van hierdie advertensie?
2. Dink jy dit is 'n goeie advertensie? Verduidelik.

**Teks 28: Vuurwerke**

Die derde en laaste advertensie (**Teks 28**) is 'n betoog teen vuurwerke, en alhoewel dit in sy doel slaag om bewuswording te skep oor die nadelige uitwerking wat vuurwerke op troeteldiere het, is dit nie werklik 'n advertensie wat 'n produk probeer verkoop of soos Janks en Dixon (2014) die advertensiegenre met die woord "buy.ology" beskryf nie. Tog word die genre duidelik as 'n advertensie onder lees en kyk aangedui. Hierdie keer word prelees en lees nie eers genoem nie. Daar is slegs twee postlees-vrae oor hierdie teks:

- Wat is die doel van die advertensie?
- Dink jy dit is 'n goeie advertensie? Verduidelik.

Geen vrae word oor die visuele simbool waarmee vuurwerke verbied word, of die gebruik van die hoofletters (NEE) om die betoog te beklemtoon, gevra nie. Volgens Janks en Dixon (2014) behoort beelde soos foto's of illustrasies altyd volgens drie vrae ontleed te word:

- Wie is in die foto (en wie nie)?
- Hoe word akteurs in die visuele beeld deur die kameraskoot, kamerahoek, kleur, oogkontak en lig voorgestel?
- Wat is die konteks waarbinne hierdie karakters uitgebeeld word?



© University of Pretoria


Nie die hond se dapperheid of weerloosheid óf kamerategnieke, soos dat die hond direkte oogkontak met die kyker maak, word in die vrae aangespreek nie. Daar word dus 'n waarde-oordeel en 'n verduideliking van die waarde-oordeel van die leerder verwag sonder enige steunpunte, visuele leidrade of idees na aanleiding waarvan die leerder die vraag moet beantwoord (Van der Berg & Engelbrecht 2023). 'n Gulde geleentheid vir die ontwikkeling van kritiese denkvaardighede gaan dus verlore. Alhoewel die teks oor die potensiaal beskik om leerders met die hond te laat identifiseer (*gesitueerde werklikheid*), word die ingrypingswaarde van die teks nie genoegsaam deur vraagstelling ontgin nie en is hier nie sprake van *openlike onderrig*, *kritiese raamwerk* of *veranderde werklikheid* nie (Van der Berg & Engelbrecht 2023).

**Diagramme**

Die kaart en sirkeldiagram (**Teks 29**) vereis slegs dat inligting op die kaart en in die sirkeldiagram geïdentifiseer en neergeskryf word. Daar word dus geen uitdagings gestel wat hoërorde-denke assesseer of ontwikkel nie. Slegs een van die diagramme in die graad 12-handboek stem ooreen met die tipe vrae wat in Teks B van die eindeksamenvraestel gevra word.

**Lees en kyk: 'n Kaart en 'n sirkeldiagram**


**Pre-lees en lees:** Kyk na die kaart. Soek die provinsies en lees die plekke en tale hardop.




Die sirkeldiagram hieronder wys die persentasie huistaalsprekers in die verskillende taalgroepe in Suid-Afrika.

**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die kaart en die sirkeldiagram?**

1. Watter taalgroep het die tweede meeste sprekers?
2. IsiZulu het die meeste sprekers. Watter persentasie Zulusprekendes is daar?
3. Watter taalgroep het die derde meeste sprekers?
4. Watter persentasie Sepedi-sprekendes is daar meer as Engelssprekendes?
5. Wat is die persentasie van jou eie huistaalsprekendes?




**Skryf en aanbied: Gee inligting op 'n kaart in 'n lys weer**

Skryf die elf tale onder mekaar neer. Kyk na die kaart hierbo en skryf die name van die provinsies waar elke taal gepraat word, langs elke taal.

**Teks 29: Kaart en sirkeldiagram**



© University of Pretoria

**Teks 30**, oor kinders se ongesonde eetgewoontes, verskaf 'n kleurvolle, visuele diagram wat die oorsaak van kinders se swak gesondheid uiteensit (*gesitueerde werklikheid*) asook hoeveel kinders daardeur beïnvloed word (*kritiese raamwerk*). Steierwerk lei die leerder van die eenvoudige vrae waar inligting gesoek en neerskryf word, tot by menings oor funksionaliteit en afleidings wat oor kinders se gesondheid gemaak kan word. Die diagram verg dus interpretasie deur aan die visuele aandag te gee (*veranderde werklikheid*).

**Vraag 2: Diagrammatiese voorstelling**

Lees die grafiese voorstelling van die bevindinge van die verslag oor kinders se eetgewoontes en beantwoord die vrae.

2.1 Hoeveel kinders en jongmense tussen 5 en 20 jaar is oorgewig? (1)

2.2 Hoekom kan ons sê dat Suid-Afrika se kinders nie baie aktief is nie? (1)


2.3 Die grafiese voorstelling toon dat ons Suid-Afrikaanse kinders baie gemorskos eet. Skryf een sin neer om die stelling te bevestig. (1)

2.4 Hoekom is die volgende sin funksioneel?

Ons kinders kry C– op hul rapport vir gesondheid. (1)

2.5 Skryf twee afleidings oor kinders se eet- en drinkgewoontes uit die grafiese voorstelling neer. (2)

**[6]**




**Teks 30: Ongesonde kinders**

Hierdie diagram verskyn egter eers in die voorbeeldvraestel aan die einde van die boek en leerders kry dus geen blootstelling aan hierdie tipe vrae voordat dit in die voorbeeldvraestel verskyn nie. In baie gevalle word voorbeeldvraestelle eers vir hersieningsdoeleindes kort voor die eindeksamen gebruik.



© University of Pretoria

## Kennisgewings

**Teks 31** bestaan uit ’n kennisgewing van ’n winterskool wat deur *Die Oggendstem* aangebied word. ’n Huistaal-leerder sou waarskynlik aanklank by die aanbieding in die kennisgewing kon vind, maar vir die EAT-leerder sal die feit dat die onderrigmedium Afrikaans is, nie juis aanloklik wees nie. Leerders wat Afrikaans EAT en Engels Huistaal neem, word nie geakkommodeer nie en vorm dus nie deel van die teikengroep van hierdie kennisgewing nie. Die vrae vereis geen hoërorde-denke nie en is beslis nie geslaagd as voorbereiding vir die NSS-eindeksamen nie.



**Vrae**

1. Wat is die afkorting vir **straat, selfstandige naamwoord** en **Sondag**?
2. Watter afkorting kom vóór **SA** – Suid-Afrika? Wat kom daarna?
3. Soek die drie **akronieme** in die lys op bl. 15. Skryf hulle neer.
4. Gee die verkorte vorm van **sy het** en **hier is**.

**Lees en kyk: ’n Kennisgewing**

Kyk na die kennisgewing. Lees dit en let op dat dit die aandag wil trek en inligting verskaf. Beantwoord eers die vrae.

1. Wat adverteer die kennisgewing?
2. Watter koerant bied dit aan?
3. Wie mag die vakansieskool bywoon?
4. Wanneer vind dit plaas?
5. Waar gaan die vakansieskool gehou word?
6. Hoe kan ’n mens vir die vakansieskool inskryf?



**Teks 31: Die Oggendstem**



© University of Pretoria

**Resensies**

*Semi-soet* (**Teks 32**) word as 'n suksesvolle komedie beskryf (*gesitueerde werklikheid*). Die visuele voorstelling (plakkaat) help om hierdie idee te versterk, Die leser weet nie net dadelik watter tipe film bespreek gaan word nie (*kritiese raamwerk*), maar dat die resensie moontlik tot optrede sal lei. Indien jy van komedie hou, sal jy die resensie beslis wil lees. Die verskillende elemente van 'n tipiese resensie word aan weerskante van die teks aangedui (*openlike onderrig*) en kan as raamwerk dien om *veranderde werklikheid* te aktiveer. Die leerder kan die resensie dus as voorbeeld gebruik wanneer 'n soortgelyke skryfopdrag gedoen moet word. Die leerder behoort met die beskikbare inligting self in die toekoms 'n soortgelyke teks te kan skep. Verder moet die leerder die effektiwiteit van die plakkaat evalueer en die nodige inligting uit die resensie identifiseer om die storielyn op te som.

**Lees en kyk: 'n Resensie** ★★★★★

**Pre-lees:** 'n Resensie word geskryf wanneer iemand byvoorbeeld 'n boek, restaurant of fliek beoordeel. Bespreek resensies wat jy al gelees het.

**Lees:** Lees die resensie deur Reney Warrington. Let veral op die kenmerke van 'n goeie resensie wat links en regs van die resensie aangedui is.

Titel wat eerste indruk gee →

**Semi-soet: Romantiese komedie wat werk**

*Semi-soet* is een van die beste Afrikaanse flieks en 'n moet vir fliekvlooie. ← Goeie inleiding

'n Kort opsomming van die fliek → Die werkoholis Jaci (Anel Alexander) moet die agentskap waar sy werk, red van 'n **oorname** (*takeover*) deur Amalgamated Media. Sy kan dit doen deur die Vrede en Lust-wynplaas naby Franschhoek se rekening te wen. Daarvoor moet Jaci, 'n alleenloper, 'n verloofde kry. Die gevolge in tonele op die wynplaas is histeries!

Inligting oor produksiehuis → Dié produksie van Scramble Productions beïndruk. *Semi-soet* kan kompeteer met internasionale films soos *Friends with benefits*.

Die taal → Die Afrikaans is gemaklik. Die humor is uit die boonste rakke en die karakters menslik. Die draaiboek is **vlymskerp** (*very clever*) en **dubbelsinnig** (*ambiguous*). Dit speel af in ← Die draaiboek

Die omgewing (milieu) → Johannesburg. Dié omgewing is stylvol en kontemporêr!

Die hele span akteurs was uitstekend, maar Nico Panagio en Louw Venter staan kop en skouers bo almal uit. Hulle komedievaardighede was foutloos. Die tema van die donker en lig van die liefde word deur die hele film gevleg. ← Die spel van die akteurs; ← Die tema

Kritiek → Die gillende meisies is ietwat laf en irriterend, maar regisseur Joshua Ross het gesorg dat hy 'n slim, deeglike film vol deernis skep. ← Die regie

Aanbeveling → *Semi-soet* is die eerste Afrikaanse film wat ek sonder twyfel vir absoluut almal kan aanbeveel.

(Uit: *Sarie*, April 2011)



© University of Pretoria

**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die resensie?**

1. Watter drie goeie kenmerke het die fliek *Semi-soet* volgens die resensent (paragraaf 3)?
2. Wie is die hoofkarakter in die fliek?
3. Wat is die storielyn van die fliek? Som dit in 'n paar sinne op.
4. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**? Motiveer jou antwoord met 'n sin uit die resensie.
   *Semi-soet* sal met internasionale flieks kan meeding.
5. Watter twee woorde gebruik die resensent om die draaiboek van die fliek te beskryf?
6. Noem twee plekke waar die fliek afspeel.
7. Noem twee akteurs wat baie goed in die fliek gespeel het.
8. Hoe weet jy dat die resensent die fliek baie geniet het?
9. Sou jy sê die plakkaat wat die fliek adverteer, help om die **tema** van die fliek vir kykers uit te beeld? Hoekom sê jy so?





**Teks 32: Resensie**

## Spotprente en strokiesprente

'n Spotprent uit *Beeld* van Januarie 2012 (**Teks 33**) beeld 'n renosterkoei en haar angstige kalfie (die kalfie huil) uit en die koei troos dat daar "darem hoop is" omdat daar 'n koerant teen 'n boom vasgespyker is wat aankondig dat heinings herstel gaan word (wat moontlik kan keer dat renosters vir die smokkelhandel van hul horings gejag word).

**Lees en kyk: 'n Spotprent**




(Uit: *Beeld*, 17 Januarie 2012)



© University of Pretoria

**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die spotprent?**

1. Verduidelik in een sin wat jy in die spotprent sien.
2. Wat kan jy aflei oor die omgewing waar die renosters hulle bevind?
3. Wat kan jy uit die renosterkalfie se liggaamstaal aflei?
4. Hoe weet ons dat die kalfie huil?
5. Verduidelik wat die renosterkoei met haar woorde bedoel.
6. Hoe weet 'n mens dat die renosterkoei die **slagoffer** (*victim*) van **stropers** (*poachers*) was?
7. Is die kat in die agtergrond optimisties of pessimisties oor die toekoms? Waarom sê jy so?
8. Hoe, dink jy, wil die spotprentkunstenaar hê moet ons oor renosters voel?

**Teks 33: Renoster**

Agt vrae, wat in moeilikheidsgraad toeneem, word oor die spotprent gevra en die vrae het almal te doen met die visuele ontleding van die spotprent. Daar word na die boodskap van die spotprent (die uitwissing van die renosterspesie), die fisiese konteks ('n wildpark), die doel van die spotprent (bewusmaking van renosterstroping) en liggaamstaal deur visuele leidrade (die kalfie se trane) in die vrae verwys. Satiriese kommentaar word ook deur die kat in die agtergrond gelewer ("die hoop beskaam nie") en dan word die uitdrukking onderaan die vrae verduidelik. Hierdie aktiwiteit sou leerders wel voorberei op die visuele vraag van ses punte wat jaarliks in die eindeksamen gevra word en wat vereis dat leerders visuele leidrade kan gebruik om betekenis aan tekste te verleen. Die vrae is nie volgens 'n taksonomie opgestel nie en bevat nie konvensionele werkwoorde soos *noem, verduidelik*, *vergelyk*, *skep*, ensovoorts, soos wat dit in die taksonomieë en nasienriglyne van die vraestel gegee word nie.

Tog is dit 'n sinvolle teks omdat dit leerders voorberei om visuele interpretasie te doen. Uit 'n multigeletterdheidsoogpunt kom die vraagstelling wel by die doel en betekenis van die satiriese teks uit; konstruktivistiese steierwerk vind wel in 'n mate plaas en die teks betoog wel vir sosiaal-ekologiese verandering en bewusmaking van die mens se verantwoordelikheid hierin (*veranderde werklikheid*). Eie ervaring en voorkennis (*gesitueerde werklikheid*) word ook wel deur 'n vraag oor empatie met die renosters aangespreek. Tog is hierdie teks kwantitatief sowel as kwalitatief gesproke nie besinnend



© University of Pretoria

genoeg om leerders voor te berei om soortgelyke tekste in die eksamen te verstaan, te interpreteer, te ontleed en te sintetiseer nie. Volgens Maley en Tomlinson (2017) behoort leerders voorberei te word om in die werklike wêreld te kan funksioneer. Vir ’n taak om lewensgetrou te wees, beteken dat leerders ’n opdrag met werklikheidswaarde, ’n kommunikatiewe doel en spesifieke uitkoms voltooi (Van der Berg & Engelbrecht 2023).

**Webblaaie**

Die enigste voorbeeld van ’n webblad (**Teks 34**) in die handboek, word as ’n klasbespreking gedoen. Leerders moet die webwerf bestudeer en ses vrae daaroor beantwoord. Die vrae verskyn nie in die handboek nie, maar wel in die onderwysersgids (R. Gouws, S. Gouws, M. Lätti, I. Grobler, K. Grobbelaar, M. Smit, M. Peacock & S. Pretorius 2013a).




**Teks 34: Webblad oor gidshonde**



© University of Pretoria

Leerders moet die leuse van *Helpende Honde* identifiseer, aandui hoeveel “afdelings” daar is, waar meer inligting bekom kan word en of die gebruik van illustrasies in die programvoorskou ’n goeie idee is. Die leerder moet ook die doel van die webblad identifiseer. Die leerder word deur steierwerk gelei vanaf laerorde-vrae tot by die laaste twee vrae waar die sinvolle gebruik van illustrasies en doel van die webblad oorweeg moet word. Hierdie aktiwiteit sou dus ooreenkom met die tipe vrae wat in Teks B in die eindeksamenvraestel geassesseer word. Die vrae vereis analitiese en kritiese denke (*veranderde werklikheid*). Die vraag is egter of ’n enkele voorbeeld van ’n webblad in ’n graad 12-handboek, leerders voldoende vir die eise van die NSS-eindeksamenvraestel sal voorberei. Sal leerders iewers aantekeninge maak en weer voor die eksamen daarna gaan kyk? As ’n geskrewe oefening waarvan die vrae in die handboek verskyn, sou leerders dit weer voor die eksamen kon deurwerk.

Daar is wel een teks in die graad 12-boek wat visuele teksontginning oefen. Verder word alle visuele tekste bloot gebruik as taal in konteks om grammatikale strukture aan te spreek, ’n gebruik waarteen Tomlinson reeds in 2008 waarsku.

Leerders moet in hul graad 11-jaar reeds voldoende vir die NSS-eindeksamenvraestelle voorberei word. Dit beteken dat leerders reeds van graad 10 af voldoende blootstelling aan al die afdelings sal kry, wat tydens die NSS-eindeksamen geassesseer word. In graad 12 behoort leerders reeds al die kreatiewe skryfformate en alle grammatika onder die knie te hê en word die meeste tyd aan letterkunde bestee. Dit is daarom belangrik om ook ondersoek in te stel na die handboeke wat in graad 10 en 11 ter voorbereiding vir graad 12 gebruik word. Vervolgens sal die leesbegrip- en visuele geletterdheidsaktiwiteite in die graad 11 boek ondersoek word.



© University of Pretoria

### 4.4.8 Afrikaans sonder grense Graad 11

#### 4.4.8.1 Tekste vir leesbegrip

Tekste vir leesbegrip behoort relevant, lewensgetrou en boeiend te wees, Elke teks (geskrewe/visueel) wat vir hierdie doel van begrip (lees en kyk) ingespan word, sal in terme van die teenwoordigheid van die pilare van multigeletterdheid ondersoek word, terwyl aktiwiteite vir die assessering van globale vaardighede ondersoek sal word. Die doel is dus om vas te stel of die vraagstelling vir die assessering van denkvaardighede op verskillende vlakke, maar veral hoërorde-denke voorsiening maak.

**Lees: Soeklees inligting**

Soek vinnig die antwoorde op die vrae in die inligtingsteks hieronder.

> **Onthou** Wanneer jy **soeklees**, fokus jy net op die inligting wat jy wil hê en ignoreer die res.

1. Watter kultuur beïnvloed die name van die meeste mense in ons land?
2. Wat beteken *Dikeledi*?
3. Uit watter taal kom die naam *Jean*?
4. Noem **twee** name wat van Arabiese oorsprong is.
5. Van watter **drie antieke** mitologieë kom baie name?
6. Hoeveel koppe het Briareus gehad?
7. Wie was Mars?
8. Waaroor handel hierdie inligtingsteks? Antwoord in **een woord**.

**Waar name vandaan kom**



1. Die meeste Suid-Afrikaners kry hul name uit die kultuur van Afrika. In die Afrika-kultuur word daar geglo dat die keuse van 'n naam die kind se hele lewe en ook die familie kan beïnvloed. Afrika-name weerspieël dikwels die dag van geboorte of die omgewing en omstandighede waarin die kind gebore is. Die Xhosa-naam *Dikeledi* beteken byvoorbeeld "trane" en *Sipho* beteken "'n geskenk".
2. Mense in Afrika se name is ook uit tale soos Frans, Portugees, Hollands of Engels afkomstig. Hierdie name is van Westerse oorsprong, byvoorbeeld *Jean* (Frans) en *Mary* (Engels), *João* (Portugees), *Inker* (Hollands).
3. Godsdienstige gebruike speel 'n belangrike rol wanneer name gekies word. Die Hebreeuse naam *Rachel*, wat "skaapooi" beteken, verwys moontlik na 'n offerande. Sommige name kom uit die Bybel, die Koran of die Joodse heilige skrifte, soos *Jacob*, *Ismail* en *Maria*. Moslem-name is dikwels weer van Arabiese oorsprong, soos *Naeem* en *Shamila*.



4. Baie van ons name kom uit die Germaanse, Griekse en Romeinse mitologie. Sulke name verwys soms na die Griekse en Romeinse gode van die antieke tyd, byvoorbeeld *Irene*, die Griekse godin van vrede. Sommige name verwys na ander mitologiese karakters,





© University of Pretoria

soos die naam *Brian*, afgelei van Briareus, volgens die Griekse mitologie 'n monster met honderd arms en vyftig koppe.



5. Wat 'n mens se naam ook al beteken, jyself bepaal die beeld wat jy aan die naam gee. As jou ouers jou byvoorbeeld die naam *Eros* (die Griekse god van liefde) gegee het en jy tree eerder op soos *Mars* (die Romeinse god van oorlog), moes jou naam eerder *Markus* gewees het!

## Hoe goed verstaan jy die inligting?

Lees die inligtingsteks aandagtig en beantwoord die volgende vrae.

1. Waarom is die keuse van 'n naam belangrik in die Afrika-kultuur?
2. Kies die korrekte antwoord tussen hakies: Ouers wat hulle kind *Sipho* noem, is (**hartseer, gelukkig**) oor hulle nuwe baba.
3. Dink jy die naam *Sipho* het 'n letterlike betekenis? Verduidelik.
4. Haal 'n sinsdeel aan wat verduidelik waar name soos *Jean* en *Mary* vandaan kom.
5. Watter voorbeeld van 'n godsdienstige gebruik word in paragraaf 3 genoem?
6. Watter twee heilige boeke word in paragraaf 3 genoem?
7. Verduidelik in een sin waarom 'n mens kan sê die name *Irene* en *Mars* het teenoorgestelde betekenisse.
8. Sou jy graag die naam *Brian* wou hê? Verduidelik.
9. Watter soort persoonlikheid, dink jy, sal by iemand met die naam *Markus* pas?

**Woordeskat**

**godsdienstige:** *religious*; wat met godsdiens te doen het
**mitologie:** *mythology*; verhale wat van geslag tot geslag oorgedra word
**offerande:** *sacrifice*; iets, byvoorbeeld 'n dier, wat in 'n ritueel geoffer word
**weerspieël:** *reflect*; reflekteer, wys

**Teks 35: Oorsprong van name**

**Teks 35** oor die oorsprong van name, bespreek die onderwerp vanuit verskillende perspektiewe (*kritiese raamwerk*). Daar is sekere name wat uit spesifieke tale voortspruit, terwyl ander deur mitologie geïnspireer is. Die artikel gee die leerder insig in die invloed wat kultuur (*gesitueerde werklikheid*) op naamkeuses het en verduidelik waarom naamkeuses in die Afrika-kultuur so belangrik. Dit fokus ook op die invloed van godsdiens op naamgewing, en hoe geloofstradisies soos die Koran en die Bybel 'n rol in naamgewing speel (*openlike onderrig*). Die artikel werp lig op die oorsprong van name,



© University of Pretoria

die assosiasies wat daarmee gepaard gaan, en die verskillende gebruike daarvan. Dit moedig die leerder aan om na te dink oor die verband tussen name en persoonlikhede, en om te reflekteer oor hoe hy of sy oor 'n spesifieke naam voel (*veranderde werklikheid*).

## Praat: Lees hardop

Verbeel jou jy is 'n radio-**omroeper** (*announcer*) en lees die volgende artikel oor Harry Adams hardop.

**Wenke vir hardoplees**

- Maak seker dat jy die volgende **letters** reg uitspreek: **v** (soos in **verkeerd** – nie soos in *very* nie), **w** (soos in **weet** – nie soos in *sewing* nie) **g** (soos in **begin** – nie soos in *beginning* nie, **j** (soos in **jong** – nie soos in *just* nie).
- Sorg dat jy die volgende **kombinasies letters** korrek uitspreek: **uu** (soos in **uur**), **eu** (soos in **akteur**), **ei** (soos in **eie**), **ui** (soos in **huis**), **oo** (soos in **skool**), **oe** (soos in **doen**) en **ou** (soos in **ouers**).
- Lees met **gevoel** – soms harder, soms sagter. Die belangrike woorde kan effens harder gelees word.
- Moenie woord vir woord lees nie. Probeer **vloeiend** lees.

# Harry los dwelms

Harry Adams (28) is 'n suksesvolle akteur van Mitchells Plain wat sy eie teatergroep vir jongmense gestig het. Die naam van die teatergroep is Energy Theatre. Met dié teater help hy jongmense om doelgerig besig te wees en nie dwelms te gebruik of misdaad te pleeg nie.

Op skool het Harry al begin toneelspeel, maar sy ouers het niks daarvan gehou nie en daarom het hy 'n rebel geword. "Ek het die skool verlaat en van die huis af weggeloop. Ek het dagga gerook en later ander dwelms begin gebruik. Ek het slegte dinge gedoen," vertel Harry.

Sy ma het uitgevind dat hy met verkeerde dinge besig is. Sy het hom gebel en gesê: "My seun, ek weet jy gebruik dwelms. Hou asseblief op!"

Hy het dit eers ontken en later erken dat dit waar is. Hy het reguit vir sy ma gesê: "Ma, ek wil 'n akteur wees. Met my hele hart." Sy ma het uiteindelik verstaan en gesê: "Harry, as jy dan so graag wil toneelspeel, is dit reg. Maar hou asseblief op om dwelms te gebruik. Dis baie sleg!"

Vandag gebruik Harry nie meer dwelms nie. Hy sê reguit: "As 'n mens dagga rook, verander jy. Jy word sleg. Jy kan nie by die skool konsentreer nie. Jy glimlag net en dink aan meisies. Mandrax is baie erg. Dit laat jou dink jy's 'n reus. Jy dink jy is groot en sterk en jy word dan gou kwaad en aggressief. As 'n mens vandag dwelms gebruik, het jy dit môre weer nodig. En meer en méér. Dit hou net nie op nie."

**Woordeskat**

W

**bendelid:** *gangster*; iemand wat deel van 'n bende is
**erken:** *admit*; sê dat iets waar is

24 Kwartaal 1




© University of Pretoria

## Hoe goed verstaan jy die artikel?

Lees weer die artikel oor Harry Adams en beantwoord dan die vrae hieronder.

1. Haal **een woord** aan wat sê dat Harry 'n toneelspeler is.
2. Watter **een woord** dui aan dat Harry die teatergroep self begin het?
3. **Drie** van die volgende antwoorde is **korrek**. Watter een is **nie korrek nie**?
   Met die teater help Harry jongmense ...
   a) om nie dwelms te gebruik nie.
   b) om nie toneel te speel nie.
   c) om doelgerig besig te wees.
   d) om nie misdaad te pleeg nie.
4. Sê of die volgende stelling **waar** of **onwaar** is.
   Gee 'n rede vir jou antwoord.
   Harry se ouers het daarvan gehou dat hy toneelspeel.



5. Hoekom, dink jy, het Harry dwelms begin gebruik?
6. Met watter **drie opeenvolgende woorde** smeek Harry se ma hom om nie meer dwelms te gebruik nie?
7. Haal **twee afsonderlike woorde** aan wat wys dat Harry eers nie vir sy ma wou sê dat hy dwelms gebruik nie, maar tog later die waarheid gepraat het.
8. Noem **ses dinge** wat met 'n mens kan gebeur as jy dagga of Mandrax gebruik.
9. Hoekom, dink jy, het Harry opgehou om dwelms te gebruik?

**Teks 36: Harry los dwelms**

**Teks 36** oor Harry wat dwelms los, verwys na 'n suksesvolle akteur van Mitchells Plain wat die teatergroep *Energy Theatre* vir jongmense gestig het (*gesitueerde werklikheid*). Wat hierdie teks relevant in die Suid-Afrikaanse konteks maak, is die feit dat Harry, as 'n rebelse tiener, slegte gewoontes aangeleer het omdat sy ma hom nie wou toelaat om sy droom na te streef nie (*openlike onderrig*). Sy gedrag het egter begin verander toe sy ma hom begin ondersteun het, en hy deel vandag sy verhaal oor die negatiewe invloed van dwelms op jou lewe, met tieners (*veranderde werklikheid)*. Alhoewel die artikel relevant is vir hedendaagse tieners, word geen spesifieke bron of tydperk wat tot die konteks (*kritiese raamwerk*) bydra, vermeld nie. Dit nooi die leerder egter uit om oor die redes agter Harry se aanvanklike gedrag te besin en ook oor wat daartoe gelei het dat dinge verander het (*veranderde werklikheid*).



© University of Pretoria

## Lees: 'n Inligtingstuk oor verkeersreëls

Weet jy dat verreweg die meeste ongelukke op paaie veroorsaak word deur mense wat alkohol drink en dan bestuur? Lees die inligtingstuk aandagtig deur en beantwoord die vrae skriftelik.

**Onthou** **Verkeersreëls** is *traffic rules* in Engels. Die meervoud van **pad** is **paaie**.

### Moenie drink en bestuur nie

Laat September verlede jaar is Martin van Rensburg erg beseer in 'n motorongeluk omdat hy onder die invloed van alkohol bestuur het. Martin, 'n tiener van 18, het op 'n partytjie gedrink en daarna self huis toe bestuur. Hy het gedink dis veilig.

Martin onthou glad nie hoe die ongeluk gebeur het nie. Die motor wat hy bestuur het, is 'n totale wrak.

***Drink en bestuur is baie gevaarlik en onwettig***

**Wat kan gebeur as jy drink en bestuur?**

As jy drink en bestuur, kan:

- jy jou bestuurderslisensie verloor.
- jy 'n boete van R20 000 of meer kry.
- jy tronk toe gaan.
- jou versekering weier om vir die skade te betaal.
- jy ernstig beseer word of selfs sterf.
- jy ander mense se lewens verwoes.




**Wenke: Kom veilig tuis**

- Reël dat iemand in jou groep nie drink nie en dat hy of sy huis toe bestuur.
- Reël om oor te slaap by dieselfde plek waar die partytjie gehou word.
- Moenie as 'n passasier in 'n motor ry waarvan die bestuurder gedrink het nie.
- Kry 'n taxi om jou huis toe te neem indien jy gedrink het.
- Bel jou ouers om jou te kom haal.

**Onthou** Jou lewe is te kosbaar om weg te gooi!

### Hoe goed verstaan jy die inligtingstuk?

1. Sê in jou **eie woorde** wat die **boodskap** van die leesstuk is.
2. Kan jy sien dat die volgende vyf sinne deurmekaar geskryf is? Skryf hulle in die **regte volgorde**.
   a) Daarna het hy self sy motor huis toe bestuur.
   b) Hy is erg beseer en sy motor is 'n wrak.
   c) Martin, 'n tiener van 18, het na 'n partytjie toe gegaan.
   d) Hy het 'n ongeluk gemaak.
   e) Daar het hy begin drink.
3. Haal 'n sinsdeel van **vyf opeenvolgende woorde** in paragraaf 1 aan wat daarop dui dat Martin dronk was toe hy sy motor bestuur het.
4. Watter **drie** woorde in paragraaf 2 sê vir ons dat Martin alles van die aand vergeet het?
5. Noem **ses** dinge wat met 'n mens kan gebeur as jy gevang word nadat jy gedrink en bestuur het. Probeer dit in jou eie woorde sê.
6. Wat kon Martin daardie aand in September gedoen het om die risiko van 'n motorongeluk te verminder? Verskaf ten minste **drie** moontlikhede.
7. Watter een pas **nie**?
   Drink en bestuur ...
   a) is nie veilig nie.
   b) is toelaatbaar.
   c) is teen die wet.
8. Soek woorde in die leesstuk wat **dieselfde** as die vetgedrukte woorde hieronder beteken.
   As jy gevang word dat jy drink en bestuur, kan jou a) **rybewys** van jou weggeneem word en kan jou b) **assuransie** weier om vir die skade te betaal. Kry 'n c) **huurmotor** om jou huis toe te neem. Jou lewe is te d) **waardevol** om weg te gooi!
9. Soek woorde uit die leesstuk wat die **teenoorgestelde** as die volgende beteken:
   a) vergeet
   b) veilig
   c) wettig



**Teks 37: Verkeersreëls**

**Teks 37** handel oor die gevare van drink en bestuur en kan met 'n koerantberig of tydskrifartikel vergelyk word. Verwysing na 'n spesifieke bron en datum sou die artikel meer lewensgetrou maak en dit binne 'n spesifieke konteks plaas. Dit sou help om te bepaal hoe die boetes vir dronkbestuur vergelyk met die hedendaagse boetes. Die artikel verwys wel na die gevolge van dronkbestuur en verskaf waardevolle wenke om in sulke omstandighede veilig tuis te kom (*openlike onderrig*). Die leerder word verder uitgedaag om die boodskap van die teks te identifiseer, gebeure in chronologiese volgorde te rangskik (*veranderde werklikheid*), en woorde met dieselfde of teenoorgestelde betekenisse te identifiseer (*openlike onderrig*).



© University of Pretoria

## Lees: 'n Artikel

Lees die artikel oor **rekspring** (*bungee jumping*) en beantwoord dan die vrae op die volgende bladsy.

# Rekspring laat my bloed bruis



Wil jy iets anders hê as doodgewone, vervelige vakansies? Dan is rekspring net die ding vir jou. Dink net ... Jy staan op die platform terwyl jy 'n laaste keer voel of jou harnas stewig is. "Is jy reg?" vra die instrukteur. Voor jy kan antwoord, stamp hy jou.

"3 ... 2 ... 1 ... Bungeeeee!" En jy val, en val ... Die klowe flits vinnig verby en binne sekondes hang jy 'n paar meter van die grond af.

Volgens Kobus Kruger, eienaar van Bungee Mogale (Gauteng), is dit die perfekte sport vir mense wat van avontuur hou. "Dit trek mense aan wat van adrenalien hou en iets anders soek, want dit laat die bloed deur jou are bruis.

"Sommige mense kom net een keer. Hulle doen dit om oor hulle angs te kom. Ander kom weer en weer en is heeltemal verslaaf aan dié adrenalien-inspuiting."

Kobus sê hy het al heelwat spronge gedoen, maar hy raak steeds 'n bietjie senuweeagtig. Dit gaan oor die onbekende. Voor elke sprong voel 'n mens bang, maar jy raak ook darem gewoond daaraan.

Rekspring raak al hoe gewilder in Suid-Afrika omdat ons met die hoogste sprong – by die Bloukransbrug in die Wes-Kaap – spog. Dis wêreldwyd baie gewild. Mense wil altyd hoër, verder en dieper gaan. As jy van avontuur hou, wil 'n mens maar altyd verder gaan.

Rekspring en valskermspring verskil baie van mekaar. As jy met 'n valskerm spring, het jy baie meer beheer. As jy rekspring doen, moet jy op die toerusting en op ander mense vertrou.

Rekspring is 100% veilig. Sommige mense dink dat jou oë skade kan opdoen, maar dit sal net gebeur as jy sommer tien keer na mekaar spring. Jy hoef ook glad nie fiks te wees nie, maar jy moenie gesondheidsprobleme hê nie.

Om te rekspring gaan jou glad nie lank vat nie. Die hele proses om jou harnas aan te sit, bo te kom en te spring, vat sowat vyf minute – maar die adrenalien pomp nog ure daarna.

Dit kan nie genoeg wees om net op die rusbank te sit in jou vervelige vakansie nie – doen iets opwindends – soos rekspring. Onthou net, daar is geen omdraaikans as die aftel eers begin het nie ... konfronteer jou vrees, dóén dit net en voel hoe die bloed deur jou are bruis!

(Uit: *Jip*, *Beeld*, 21 Januarie 2008)

**Teks 38: Rekspring (1)**

In **Teks 38 en 39** word rekspring as die perfekte sport vir avontuurlustiges beskryf. Dit is in die jeugblad *Jip* van Beeld gepubliseer. Alhoewel dit reeds in 2008 gepubliseer is, is rekspring steeds 'n aktiwiteit wat avontuurlustiges fassineer. Die artikel moedig die leser aan om die ervaring deur die oë van 'n rekspringer te beleef (*kritiese raamwerk*). Verdere konteks word gebied deur inligting te verskaf oor ander plekke waar avontuurlustiges hul volgende adrenalieninspuiting kan kry (*openlike onderrig*). Die artikel verduidelik ook die



© University of Pretoria

verskil tussen valskermspring en rekspring, asook die veiligheidsmaatreëls en voorsorg wat oorweeg moet word voordat jy die uitdaging aandurf (*openlike onderrig*). Die leser word aangemoedig om vrese te konfronteer en nuwe uitdagings aan te pak (*veranderde werklikheid*).

## Hoe goed verstaan jy die artikel?

1. Vul die **ontbrekende woorde** in: Rekspring is vir mense wat van ____ hou, want dit laat die ____ deur jou are pomp.
2. Is die stellings **waar** of **onwaar**? Motiveer elke keer jou antwoord.
   a) Mense spring uit hulle **vrye wil** (*by choice*) van die platform af.
   b) Die sport is nie vir **papbroeke** (*cowards*) nie.
   c) Dit vat nie baie lank om te rekspring nie.
3. **Voltooi die sin:** Elke keer wat Kobus spring, is hy senuweeagtig, want ...
4. Hoekom is rekspring so 'n gewilde sport in Suid-Afrika? Gee **twee** redes.
5. Wat is die verskil tussen rekspring en valskermspring?
6. Haal 'n sin aan wat bewys dat rekspring nie gevaarlik is nie.
7. Nie almal kan of wil rekspring doen nie. Noem **twee** redes waarom hulle dit nie doen nie.
8. Watter **woord** in die laaste paragraaf het dieselfde betekenis as "terugdraai" en wys dat jy nie kan stop as die aftel begin het nie.
9. Vul die **ontbrekende woord** in: Mense wat wil rekspring, moet eers hul vrees ____.
10. Hoekom, dink jy, wil mense avontuurlustige sport doen?



Rekspring as avontuursport

**Teks 39: Rekspring (2)**



© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Lees: 'n Inligtingsteks

Lees die teks oor Calitzdorp aandagtig deur. Hou jou oog op die kaart sodat jy kan sien waar die plekke is waarvan jy lees.

# Die vrugtemandjie uit Kannaland

Calitzdorp is in die Klein-Karoo en lê in die middel van Roete 62 wat Kaapstad met Port Elizabeth verbind. Roete 62 is die langste wynroete in die wêreld (850 km). Jy kan ook grondpaaie gebruik om daar te kom: die pad oor die Gamkaberge ("Gamka" beteken "leeu" in Khoi) van Vanwyksdorp via die Swartbergpas of jy kan deur die Seweweekspoort van Laingsburg se kant kom.




Die Khoi het die plekkie Kannaland genoem omdat dit 'n vallei sonder gras was. Jy kan na hulle rotstekeninge gaan kyk. Later is die dorpie vernoem na die Calitz-broer wat 'n kerk en skool laat bou het. Calitzdorp is 50 km noord van Ladysmith, 400 km van Kaapstad, 50 km wes van Oudtshoorn, 105 km van George en 130 km van Mosselbaai.




Die dorpie word omring deur die Swartberge in die noorde, die Rooiberge in die suide en die berge van die Huisrivierpas in die weste. Calitzdorp lê 233 m bo seespieël en die bevolking is 8 400.

Hier ervaar jy uiterste temperature – dit word soms hoër as 40 grade in die somer en in die winter sien jy sneeu op die berge. Dit is ideaal vir die kweek van druiwe en vrugte.

Vars en gedroogte vrugte en vrugterolle, neute, konfyt en gedroogte vrugte is oral te koop. 'n Mens kan ook die heerlikste portwyn daar koop.

'n Besoek aan die Gamkaberg-Natuurreservaat waar die beskermde Kaapse bergkwaggas, luiperds, klipspringers, dassies, koedoes, bobbejane en roofvoëls te sien is, is 'n moet. Hier is ook 160 voëlspesies waaronder die grootste konsentrasie bleeksingvalke in die Suidelike Halfrond.




Maak Calitzdorp jou basis en verken die omgewing. Dit het 'n spesiale bekoring wat sal sorg dat dit nie jou laaste kuier is nie.



© University of Pretoria

## Hoe goed verstaan jy die inligtingsteks?

1. Watter roete moet jy volg om by Calitzdorp te kom?
2. Hoe ry 'n mens na Calitzdorp:
   a) vanaf Laingsburg?
   b) vanaf Vanwyksdorp?
3. As jy in Calitzdorp is, in watter rigting lê:
   a) Laingsburg?
   b) Oudtshoorn?
4. Watter plek wat in die teks genoem word, is die verste van Calitzdorp?
5. Lees die volgende stelling:
   Mosselbaai is die naaste dorp aan Calitzdorp.
   a) Is hierdie stelling **waar** of **onwaar**?
   b) Waarom sê jy so?
6. Watter woord pas **nie**?
   In Calitzdorp is volop (**vrugte/neute/sneeu/portwyn**).
7. Skryf die **ontbrekende** woorde neer:
   Die berge van die Huisrivierpas is ____ van Calitzdorp, die Swartberge is aan die ____ kant en die Rooiberge lê _____ van die dorp.
8. Watter hoë temperatuur word in die teks genoem?
9. Hoeveel mense woon volgens die teks in Calitzdorp?
10. Watter beskermde **soogdier** (*mammal*) en watter soort voël wat in groot getalle daar voorkom, sal natuurliefhebbers na die Gamkaberg-Natuurreservaat lok?



**Teks 40: Kannaland**

**Teks 40** oor die "vrugtemandjie uit Kannaland", bevat 'n kaart wat die leser help om die plekke wat in die artikel genoem word op die kaart te identifiseer *(kritiese raamwerk*). Dit word as 'n inligtingsteks geklassifiseer, maar daar is geen aanduiding van wanneer die teks geskryf is of waar dit verskyn het nie. Hierdie gebrek aan konteks maak dit moeilik om die gesaghebbendheid en betroubaarheid van die bron te bepaal (*kritiese raamwerk*). Die artikel is moontlik as promosie-artikel vir die omgewing bedoel. Dit gee die ligging en verduidelik die oorsprong van die pleknaam (*openlike onderrig*). Die omgewing word beskryf met verwysings na die temperatuur en die produkte wat in die omgewing geproduseer word (*kritiese raamwerk*). Die leser word aangemoedig om die omliggende omgewing te verken (*veranderde werklikheid*). Hierdie teks gee dus meer inligting oor 'n plek wat leerders dalk nog nie besoek het nie, en probeer besoekers lok deur interessante feite oor die omgewing te deel. Dit is belangrik dat die leerder dus die oorspronklike doel van die teks kan identifiseer en ook hoe dit 'n invloed op die inligting wat aangebied word kon hê *(kritiese raamwerk*). Die vraagstelling benut die geleentheid om die leerder se bewustheid van rigting te toets (*veranderde werklikheid*), terwyl die res van die vrae meer op laerorde-vaardighede fokus.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Lees: 'n Artikel oor 'n natuurwonder onder die see

Lees die volgende artikel aandagtig deur. Maak 'n lys van die woorde wat jy nie verstaan nie. Slaan die woorde in 'n woordeboek na as dit nie in die woordeskatlys verduidelik word nie.



# 'n Pragwêreld onder die see



Daar is 'n hele wêreld onder die see en baie mense beoefen deesdae diepseeduik as 'n ontspanningsaktiwiteit of sport. Van die gewildste duikervarings vir hulle is om by tropiese koraalriwwe, een van die skouspelagtigste ekosisteme van die wêreld, te gaan duik.

'n Koraalrif is warm, skoon en vlak onder die water waar daar voldoende lig is. Hierdie riwwe word die reënwoude van die see genoem. Hulle vorm 'n habitat vir duisende soorte diere en plante, onder andere visse wat bokant en in die koraal swem, diere wat in die koraal leef, alge wat in die weefsel van die koraaldiertjie leef en natuurlik die koraaldiertjies self wat die wonderriwwe bou deur die kalkagtige materiaal (kalsiumkarbonaat, waaruit skulpe ook bestaan) waaruit hul skelet bestaan. Al lyk koraalriwwe dus soos kleurryke onderwatertuine, bestaan hulle nie net uit plante nie.

Visse soos die helderkleurige vlindervisse eet die alge in die koraalriwwe en hulle skuil ook in die gate en skeure tussen die koraal, onder andere tydens storms. Soos die koraal nuwe poliepe (uitgroeisels) vorm, word dit gebreek deur die branders, visse, en ander organismes. Die afgebreekte stukkies gaan sit vas aan die ruimtes in die koraalrif en daarvandaan begin dit weer groei.

Die groot koraalriwwe van die wêreld word almal in die tropiese sone aangetref. Hulle beslaan ongeveer 0,2% van die totale oseaanoppervlakte. Warm seestrome brei egter hierdie koraalgordel uit tot buite tropiese breedtegrade. In Suid-Afrika is die koraalriwwe beperk tot die tropiese ooskus, hoofsaaklik in die Isimangaliso-



© University of Pretoria

vleilandpark ('n wêrelderfenisgebied), by Sodwanabaai, die mees suidelike koraalrif ter wêreld. Aan die tropiese weskus is nie koraalriwwe nie, want die water hier word afgekoel deur die koue Benguela-seestroom en vir koraal om te kan leef, moet die water 'n temperatuur van bo 20 °C hê.

Die Groot Koraalrif (*Great Barrier Reef*) is die grootste koraalrif ter wêreld. Dit bestaan uit ongeveer 3 000 riwwe en 900 eilande, en dit strek oor 2 600 kilometer. Hierdie rif is langs die kus van Queensland in Australië geleë. Dit is só groot dat dit vanuit die buitenste ruimte gesien kan word! Soms word dit ook die sewende wonder van die wêreld genoem.

Koraalriwwe word beskerm en bewaar, want sommige van hulle word bedreig, en as hulle nie bewaar word nie, kan hulle dalk verlore gaan. Bote mag nie teen koraalriwwe anker gooi nie en hulle moet ook versigtig wees om nie teen die riwwe te stamp nie. Aangesien 'n koraalrif eintlik soos 'n lewende organisme is (wat heeltyd groei), moet die toestande in die water waarin die koraalrif is, dieselfde gehou word.

Volgens die Verenigde Nasies is sowat twee-derdes van die wêreld se koraalbronne onder druk weens natuurlike oorsake soos klimaatsveranderinge, sowel as menslike bedrywighede, onder andere mariene besoedeling, skeepsongelukke en die vang van te veel visse. Die gebruik van sleepnette het byvoorbeeld 'n nadelige invloed op hierdie besonderse natuurwonder onder die see. Kusontwikkeling en toerisme kan ook skade aanrig.



**Woordeskat**

**word bedreig:** *is threatened*; is in gevaar
**branders:** *breakers in the sea*; seegolwe wat breek
**breedtegraad:** *latitude*; 'n plek se posisie op 'n lyn noord of suid van die ewenaar
**buitenste ruimte:** *outer space*; die lugruim buite die aarde se atmosfeer
**habitat:** *habitat;* natuurlike woonplek of omgewing
**oorsake:** *causes*; redes waarom iets gebeur
**rif:** *reef*, 'n rots- of ander formasie naby die wateroppervlak
**skouspelagtig:** *spectacular*, wonderlik mooi

## Hoe goed verstaan jy die artikel?

1. Skryf **twee opeenvolgende woorde** uit paragraaf 1 neer wat sê waarom mense graag by koraalriwwe gaan duik.
2. Watter **ooreenkoms** (*similarity*) is daar tussen 'n reënwoud en 'n koraalrif?
3. Watter plante groei op koraal?
4. Noem **twee redes** waarom visse by koraalriwwe gevind word.
5. Kies die **korrekte** antwoord: Vlindervisse (paragraaf 3) word so genoem omdat dit lyk of hulle soos (**bye/naaldekokers/ skoenlappers**) beweeg.



6. Hoe help die koraalriwwe visse gedurende storms?
7. Watter spesiale status het die parkgebied waarin Sodwanabaai is?
8. Kies die **korrekte** woord: Die koraalrif by Sodwanabaai is die verste (noord, suid, oos, wes) van alle koraalriwwe ter wêreld.
9. Hoekom word koraalriwwe hoofsaaklik in tropiese dele aangetref?
10. Hoe kan klimaatsverandering gevaar inhou vir koraalriwwe?
11. Noem **drie** dinge, behalwe natuurlike oorsake, wat koraalriwwe nadelig kan beïnvloed.

**Teks 41: Natuurwonder**



© University of Pretoria

Daar word in **Teks 41** na koraalriwwe as die reënwoude van die see verwys (*gesitueerde werklikheid*). In hierdie artikel oor ’n natuurwonder onder die see, word verduidelik wat die funksie van koraalriwwe is en ook waar dit aan die Suid-Afrikaanse kus gevind kan word (*kritiese raamwerk*). Die Isimangaliso vleilandpark is ’n wêrelderfenisgebied by Sodwanabaai. Daar word verder na die *Groot Koraalrif* aan die kus van Queensland verwys, wat só groot is dat dit vanuit die buitenste ruim gesien kan word (*openlike onderrig*). Die koraalrif word as ’n lewende organisme beskou waarvan die toestande van die water dieselfde gehou moet word (*kritiese raamwerk*). Die leser word ingelig oor die invloed van menslike aktiwiteit op die voortbestaan van die koraalriwwe. Dit behoort die leser tot nadenke te stem en toekomstige optrede te beïnvloed (*veranderde werklikheid*). Vraagstelling vereis van die leerder om die ooreenkomste tussen koraalriwwe en reënwoude te identifiseer en veral te weet hoe belangrik die voortbestaan van koraalriwwe is (*kritiese raamwerk*).

**Teks 42** is ’n koerantartikel  en is oorspronklik in 2011 gepubliseer. Pugh het sedertdien verskeie prestasies behaal, soos om die eerste persoon te wees wat in November 2017 in die Antarktiese waters rondom South Georgia-eiland te swem. Lewis Pugh is 'n suksesvolle Suid-Afrikaner wat sy geheime tot sukses met ander deel (*openlike onderrig* wat tot *veranderde werklikheid* kan lei). Hy het al van jongs af gedroom en beklemtoon die belangrikheid om doelwitte te stel. Hy deel ook die bron van sy inspirasie en hoe die "*Chicken Soup for the Soul*"-reeks hom gehelp het om elke dag sy daaglikse doelwitte neer te skryf en te bereik (*kritiese raamwerk*). Die antwoorde op die vrae kan in die teks gevind word, maar die leerder moet ook die konsepte in sy/haar eie woorde verduidelik en 'n mening daaroor vorm (*veranderde werklikheid*). Bloom se hersiene taksonomie is dus in gedagte gehou toe die vrae opgestel is.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Lees: 'n Koerantartikel

Lees die koerantartikel en beantwoord die vrae op bladsy 162.

# Droom groot



Die swemmer Lewis Pugh is nie bang om yswater te trotseer om sy drome waar te maak nie. Hy het in 2010 die eerste mens geword wat in water van 2 °C in die Pumori-meer onder die kruin van Everest geswem het.

Sy drome om te swem waar niemand anders nog ooit geswem het nie, het al op skool begin.

"Ek was in die Hoërskool Kampsbaai in Kaapstad. Ons het LO-klasse op die strand gehad en ná die tyd in die see afgekoel. Dit is waar ek geleer het om te swem," sê hy. "In die klas sou ek dikwels uitkyk oor die see na die horison en droom. Antarktika het 5 000 km suid gelê. Ek sou droom daarvan om die ysberge te sien. En 18 jaar later hét ek uiteindelik die geleentheid gekry om Antarktika toe te gaan – om die mees suidelike langafstandswem ter wêreld te onderneem. Dit was selfs nog mooier as in my drome! Dis belangrik om te droom, want jou drome is 'n goeie maatstaf van wat jou gelukkig sal maak. As jy doen waaroor jy passievol voel, sal jy 'n suksesvolle lewe lei," sê hy.



Lewis Pugh nadat hy in die Pumori-meer geswem het

Volgens Pugh is die sleutel om jou drome te bereik om doelwitte te stel. "Anders gaan jy dryf – 'n week sal 'n maand word, en 'n maand 'n jaar waarin jy min uitgerig het."

Brand jy byvoorbeeld om iets aan te pak, maar weet jy nie waar om te begin nie? Dan stel Pugh voor jy volg dié raad van Jack Canfield, die skrywer van die *Chicken Soup for the Soul*-reeks: Stel jou doelwit en stel jou dit as 'n boom voor. As jy vyf keer met 'n byl kap, sal die boom val. Skryf dan elke oggend vyf goed neer wat jy daardie dag kan doen om jou doelwit te bereik. Dit kan klein goedjies ook wees. Dalk is dit om 'n gim-kontrak te kry. Doen alles op jou lysie voordat jy daardie aand gaan slaap. Voordat jy weer sien, sal selfs jou grootste doelwitte bereik wees. En dan is jy reg vir die volgende uitdaging.

(Verwerk uit: *Jip, Beeld*, 3 Oktober 2011)



© University of Pretoria

## Hoe goed verstaan jy die artikel?

1. Watter **prestasie** (*achievement*) het Pugh in 2010 behaal?
2. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**? Gee 'n rede vir jou keuse. Pugh het ver van die see skoolgegaan.
3. Van watter plek het Pugh in die klas gedroom?
4. Op watter manier het Antarktika Pugh se drome **oortref** (*surpass*)?
5. Waarom moet 'n mens droom, volgens Pugh?
6. Wanneer sal jy 'n suksesvolle lewe kan lei?
7. Wat is die sleutel om jou ideale te bereik?
8. Waarmee vergelyk Canfield 'n boom wat jy wil afkap?
9. Verduidelik in jou eie woorde wat 'n "uitdaging" (laaste sin) is.
10. Watter twee goed moet jy doen om jou doel te bereik? (Gee jou eie mening.)

**Teks 42: Lewis Pugh**

## Lees: Aandagtig lees vir begrip

Lees die volgende inligting aandagtig. Raadpleeg die woordeskatlys of 'n woordeboek as jy woorde nie verstaan nie.


# Snuif-snuif deur die lewe

In die neusholtes van alle soogdiere (dus ook mense) is organe wat hulle in staat stel om te ruik. 'n Mens kan dus sê ons leef met 'n snuf in die neus. Die meeste van die lug wat ons inasem, beweeg deur die neusgange na die longe. 'n Gedeelte van die lug gaan ook na die slymvlies in die neus waar daar reukselle is. Aan die selle is reukhaartjies vas. Geure word waargeneem deurdat dit in die brein ingevoer word, amper net soos die proses waardeur inligting in 'n rekenaar ingevoer word. Wanneer die brein vir die neusvleuels sê dit neem 'n reuk as 'n stank waar, word die neus opgetrek en as die brein die reuk as aangenaam waarneem, stuur dit 'n boodskap aan die neusvleuels dat hulle wyer moet ooprek.

Omdat mense se reuksin nie so goed is soos dié van diere nie, is ons dikwels heeltemal onbewus van dinge wat vlak voor ons gebeur. Diere se fyn neuse sê egter vir hulle daarvan. Daar is bewys dat honde meer as 'n miljoen keer skerper kan ruik as mense. Ander diere en baie insekte het ook die wonderlike vermoë om 'n spoor se reuk te volg of 'n geur in die lug op 'n ver afstand waar te neem.

Diere skei chemiese stowwe af wat feromone genoem word. Gedurende paartyd trek dit teenoorgestelde geslagte na mekaar aan. Feromone beïnvloed soms ook die ontwikkeling van diere en insekte. Sommige visse skei feromone af om hul spesie teen gevaar te waarsku en daar is voëls wat hul kuikens teen ander voëls beskerm deur feromone af te skei.

Hul reuksin is vir sommige soorte diere belangrik vir oorlewing, want hulle gebruik dit om vir hul kos te jag. Die groot duikkewer jag in poele onder die oppervlakte van die water. Hy soek nie slegs na ruspes, insekte en paddavisse met sy oë nie, maar moet hulle ook ruik – selfs onder die water. In water kan reuke oor groot afstande waargeneem word.



Krimpvarkies is nagdiere wat nie goed kan sien nie. Hulle maak op hul uiters goeie reuksin staat wanneer hulle in die donker met hul spits neuse na prooi onder die grond of onder takke en blare soek. Dié merkwaardige diere kan 'n mens 10 kilometer van hulle af ruik en 'n insek 1 meter van waar hulle is.



Roofvisse soos haaie gebruik hul reukorgane wat op die punt van die snoet geleë is, om hul prooi te jag. Haaie kan só fyn ruik dat hulle bloed in die water 'n kilometer van hulle af kan waarneem.



'n Rooibok of springbok se sierlike, hoë spronge word nie uitgevoer om te pronk nie; hulle doen dit wanneer hulle 'n roofdier naby gewaar. Terwyl hulle spring, skop hulle hoog met hul agterbene. Chemiese stowwe uit kliere aan die agterpote word dan afgeskei en dit versprei deur die lug na die ander bokke in die trop. Die spoggerige spronge word dus nie om dowe neute uitgevoer nie; dis 'n metode waarop die bokke mekaar teen naderende gevaar waarsku.

Diere se reukorgane word op verskillende maniere teen ongunstige toestande beskerm. Die opvallendste kenmerk van 'n soort aap wat in Borneo aangetref word, is die reuseneus van die mannetjies – vandaar die naam. Die neus word groter namate die neusaap groter word (kleintjies het wipneuse) en hang ondertoe. Die verstommende ding is dat die neus reguit word wanneer die aap sy maats moet laat weet dat daar gevaar dreig en hy sy harde, aanhoudende alarmroep gee.

Kamele kan hul neusgate sluit om woestynsand uit te hou en krokodille se neusgate steek bokant die water uit wanneer die res van die liggaam onder water is sodat hulle kan asemhaal. Hulle kan egter lank heeltemal onder die water bly en hou dan hul neusgate toe sodat hulle nie verdrink nie.

Diere, net soos mense, wil soms vir ander van hul spesie wys dat hulle die baas van die plaas in 'n spesifieke gebied is. Party diere gebruik soms reukmerke om dit te doen. 'n Indringer weet dan dat hy nie welkom is nie en kan dan óf spore maak óf besluit om te baklei. As 'n hond kort-kort sy been lig teen 'n boomstam of paal, wys hy maar net hy is baas; hy het nie só dikwels 'n nood nie.

**Woordeskat**

**feromone:** *feromones*; biochemiese stowwe wat diere afskei
**gewaar:** *notice*; opmerk; raaksien
**haai:** *shark*; roofsugtige seevis wat soms gevaarlik is en swemmers aanval
**kewer:** *beetle*; insek met harde voorvlerke soos 'n skild (*shield*)
**neusvleuels:** *sides of nose*; sykante van die neus
**opvallend:** *noticeable*; wat maklik gesien word
**paartyd:** *mating season*; teeltyd van diere
**paddavis:** *tadpole*; larwe van padda totdat die kiewe en stert afval
**pronk:** *to show off*; om te spog en te wys hoe goed jy is
**sierlik:** *graceful*; mooi en elegant
**soogdiere:** *mammals*; diere wat hul kleintjies met melk uit melkkliere voed
**uitsonderlike vermoë:** *exceptional ability*; om iets buitengewoon goed te kan doen
**verstommend:** *amazing*; wat 'n mens soveel verbaas dat jy byna nie kan praat nie
**waarneem:** *observe*; met die sintuie opmerk

© University of Pretoria

## Hoe goed verstaan jy die inligtingsteks?

1. Motiveer in 'n sin waarom die **opskrif** van hierdie leesstuk op die teks van toepassing is.
2. Antwoord slegs **waar of onwaar** op die volgende stelling:
   a) Mense se reukorgane is in die brein.
   b) Motiveer jou antwoord deur e **aan te haal** uit die teks.
3. Diere kan "'n spoor volg". Wat stel hulle in staat om dit te doen?
4. Vul die ontbrekende woorde in.
   Sommige visse gebruik feromone om mekaar teen ______ te waarsku.
5. Verduidelik die volgende, elk in een kort sin:
   a) Waarom is die duikkewer se naam beskrywend?
   b) Waarom word 'n haai "'n roofvis" genoem?
6. Waarom is dit nuttig dat 'n krimpvarkie 'n spits neus het?
7. Watter **verkeerde** gevolgtrekking maak sommige mense as hulle springbokke so pragtig sien spring?
8. Watter verandering ondergaan die neusaap se neus wanneer hy sy alarmroep skree?
9. Wat beteken dit om "spore te maak"?
10. Om watter rede lig honde waarskynlik hul been teen goed?
11. Wie is die "baas van die plaas" in die slotparagraaf?



**Teks 43: Snuif-snuif**

Die reuksintuig speel 'n belangrike rol in ons alledaagse bestaan. **Teks 43** oor reuk, het ongelukkig geen bron of datum wat die inligting binne 'n bepaalde konteks plaas en die geloofwaardigheid daarvan bevestig nie (*kritiese raamwerk*). Die werking van die reuksintuig word verduidelik, terwyl die verskil tussen die vermoëns van mense en diere verskil. Diere skei ook feromone af wat hulle beskerm, die teenoorgestelde geslag tydens paartyd kan aantrek, of gebruik reukmerke om hul terrein af te baken (*openlike onderrig*). Die antwoorde vir die vrae wat op die teks gebaseer is, is meestal in die teks en leerders hoef dit dus net te vind. Daar is geen vrae wat evaluering, toepassing, ontleding of kreatiwiteit (*veranderde werklikheid*) vereis nie.



© University of Pretoria

## Hardoplees: 'n Artikel

Formele assessering

Jy is 'n omroeper by *Radio Tiener* en moet die onderstaande humoristiese teks oor die neem van foto's voorlees. Terwyl jy lees moet jy:

- Vlot lees, moenie woord vir woord lees nie.
- Die woorde korrek uitspreek.
- Met gevoel lees deur die regte toon en tempo te gebruik.
- 2 – 3 minute lank lees.




# Kyk vir die selfoonkamera en sê: "Lekker by die SEE!"



As jy mik en reg druk, kan 'n selfoonfoto 'n baie mooi herinnering wees. Daar is baie planne wat 'n mens kan maak om beter op 'n selfoonfoto te lyk.

Onthou net! Die vere maak die voël. Jy weet nie altyd wanneer jy gekiek gaan word nie, maar as jy saam met kamera-gek-vriende kuier of by 'n partytjie is, is die kanse goed dat jy op 'n foto lyf sal moet wys. Sit dus jou beste voetjie voor deur mooi te lyk in jou *killer*-uitrusting. Doen ook ekstra moeite met jou hare, dit sal jou baie selfvertroue gee.

Een van die grootste foute wat mense maak wanneer hulle afgeneem word, is om hulle skouers in te trek en hulle rug krom te maak. Moenie jou skouers na jou ken toe trek nie, want dan lyk jy soos 'n skaam skilpad. Druk jou skouers terug en staan regop.

Die regte houding sal help. Mense wat mooi regop staan, lyk maerder en het meer selfvertroue as dié met 'n jammer-ek-leef-houding. Wees gelukkig.

Navorsing het bewys dat mense wat glimlag, al wil hulle nie, sommer dadelik in 'n beter bui is. As jy nie aan een ding kan dink wat jou laat lag nie, gee voor! *Fake it till you make it*! Glimlag van oor tot oor!

Goed, dit is partykeer makliker gesê as gedaan, maar probeer tog!

Hoewel dit nie moeilik is om 'n stel mooi tande op 'n foto te wys nie, is die ware geheim om mooi op 'n foto te lyk om met jou oë ook te glimlag. Volgende keer as iemand 'n foto van jou wil neem, poseer 'n slag. Sit jou hande in jou sakke of op jou heupe of blaas 'n soentjie. Moenie skaam wees om ure lank voor die spieël te oefen nie. Oefen tot jy die perfekte houding het.

Hoe meer jy oefen, hoe meer selfvertroue sal jy hê en dit is die enkele grootste geheim as dit kom by asemrowend lyk op 'n foto.

(Uit: *Volksblad*, 19 April 2010)

## Hoe goed verstaan jy die artikel?

1. Haal **een woord** in die titel aan wat jou sal laat lyk of jy glimlag.
2. Wat beteken **mik en druk**?
3. Noem **vier planne** wat 'n mens kan maak om mooier op 'n foto te lyk.
4. Watter **woord** in die teks wat drie maal herhaal word, beteken om nie skaam te wees nie en goed oor jou self te voel?
5. Haal **twee liggaamsdele** in paragraaf 6 aan waarmee 'n mens moet glimlag.
6. Noem **drie dinge** wat 'n mens kan doen om vir 'n foto te poseer.
7. Waar kan jy oefen om te sien hoe jy voor 'n kamera sal lyk?

**Teks 44: Lekker by die see!**



© University of Pretoria

**Teks 44**, "Kyk vir die selfoonkamera en sê: "Lekker by die see!", is 'n lewensgetroue teks wat in 'n koerant verskyn het (*kritiese raamwerk*). Die inhoud gee raad oor dinge wat die leser kan doen om beter op selfoonfoto's te lyk (*openlike onderrig*). Iets wat vandag veral meer toepaslik vir tieners sou wees, is raad oor hoe om beter *selfies* te neem. Toe hierdie artikel in 2010 geskryf is, was selfone met kameras nog 'n nuutjie. Selfone het ook net een kamera gehad en die manier waarop *selfies* geneem moes word, is deur die beperkte tegnologie van daardie tyd beïnvloed (*kritiese raamwerk*). Deesdae is *selfies* 'n deel van elke tiener se daaglikse bestaan. Die vrae oor hierdie artikel vereis dat die leerder bloot die antwoorde in die teks vind, met geen uitdagings wat kritiese denke of kreatiwiteit (*veranderde werklikheid*) vereis nie.

## Lees: 'n Artikel

1. Lees eers net die opskrif van die artikel. Waaroor gaan die artikel as jy na die opskrif kyk?
2. Lees nou die hele artikel, lees die vrae op bladsy 223 en lees die artikel 'n tweede keer terwyl jy die vrae in gedagte hou.

### Aanhouer wen met slee vir negentienjarige

1 Aanhouer wen! Dis die lewensles wat 'n 19-jarige matrikulant van Pietermaritzburg volgende jaar met hom na Antarktika sal neem wanneer hy sal probeer om die jongste swart Suid-Afrikaner te word wat die Suidpool bereik.

2 Tydens die ekspedisie sal Nzuzo Mnikathi en nog ses mans sowat twee weke, elk 'n slee wat 40 kg weeg by 'n temperatuur van –30 °C tot –60 °C moet sleep.

3 Van stap en deurdruk het dié jong man baie ervaring. Vandat Nzuzo en sy jonger boetie ná die dood van sy ma wees is, stap hy elke dag van sy ouma se huis in Oribi, Pietermaritzburg 10 km ver na sy skool in die middestad.

4 Sy skoolhoof het hom geleer dat 'n mens nie altyd in die lewe lag of huil nie. "Een tree na mislukking is ook een tree na sukses," sê Nzuzo. Terwyl hy nog besig is om vir sy eindeksamen te leer, oefen hy elke tweede week in die gimnasium en hardloop daagliks 'n koppie naby sy huis 15 keer uit. Dis nou benewens die oefening wat hy doen om fiks te bly vir sokker.

5 Na die eindeksamen is hy van plan om nog harder te oefen – deur motorbande te sleep om aan die gewig van 'n slee gewoond te raak en in 'n kommersiële koelhouer te gaan sit om aan die koue gewoond te raak. Nzuzo pak die tog saam met onder andere mnr. Ian Buchan, stigter van *The Unlimited Child*, aan.

6 Dis 'n projek wat minderbevoorregte kinders help om voor sesjarige ouderdom die regte opvoedkundige stimulasie te kry. Daar is sowat 6 miljoen kinders in Suid-Afrika wat daarsonder grootword en weens die gebrekkige ontwikkeling 'n agterstand het wat byna nooit uitgewis kan word nie. Hulle het nooit fiks geword op akademiese, fisieke en kulturele gebiede nie.

7 Nzuzo en die res van die groep sal per vliegtuig van 'n kamp aan die Antarktiese kus na die 89ste breedtegraad geneem word. Die 111 km na die Suidpool en terug na die oppikpunt is weens die hoogte bo seespieël uitmergelend en lewensgevaarlik.

**Woordeskat**

**aanhouer wen:** *if you persevere you will succeed*; as jy aanhou probeer, sal jy jou doel bereik
**deurdruk:** *persevere*; aanhou tot die einde toe
**ervaring:** *experience*; praktiese kennis of ondervinding
**lewensgevaarlik:** *extremely dangerous*; vreeslik gevaarlik
**minderbevoorregte:** *underpriveledged*; wat nie alles het wat jy nodig het nie
**mislukking:** *failure*; nie 'n sukses nie
**oppikpunt:** *pick-up point*; plek waar die skip jou oplaai
**slee:** *sledge*; voertuig sonder wiele om oor sneeu mee te beweeg
**uitmergelend:** *exhausting*; uitputtend
**wees:** *an orphan*; 'n kind sonder ouers

## Hoe goed verstaan jy die artikel?

1. Wat is die naam van die seun van wie jy gelees het?
2. Watter ongewone avontuur gaan die seun aanpak?
3. Waarom wil hy hierdie avontuur aanpak?
4. Hoekom moet die seun baie fiks wees vir sy avontuur?
5. Wat weet ons van Nzuzo se kinderdae?
6. Vul die ontbrekende woorde in.
   Die les wat Nzuzo geleer het, was om ____ op te hou nie, want hy moet 'n slee by temperature onder ____ sleep.
7. Watter rol het Nzuzo se skoolhoof in sy lewe gespeel?
8. Is die volgende stellings **waar** of **onwaar**? Motiveer jou antwoord.
   a) Nzuzo het geen ondervinding van stap nie.
   b) Nzuzo neem aan geen ander sportsoorte deel nie.
   c) Die tog met die slee is baie moeilik.
9. Voltooi die sin: Elke keer wat Nzuzo 'n mislukking beleef, kry dit hom nie onder nie, want … .
10. Hoekom sleep Nzuzo motorbande in sy oefenprogram?
11. Watter organisasie het Nzuzo gehelp?
12. Haal twee afsonderlike woorde uit die laaste paragraaf aan wat die avontuur beskryf.
13. Hoe sou jy jou wou voorberei op so 'n groot avontuur soos Nzuzo s'n?
14. Watter boodskap dra die artikel aan tieners oor?



**Teks 45: Aanhouer wen**



© University of Pretoria

Nzuzo Mnikathi (**Teks 45**) is 'n jong Suid-Afrikaner wat 'n doelwit gestel het om die jongste swart Suid-Afrikaner te wees om die Suidpool te bereik. Nzuzo het reeds swaarkry en hartseer beleef (*gesitueerde werklikheid*), maar sy skoolhoof het hom geleer om nie na 'n mislukking op te gee nie (*kritiese raamwerk*). Dit is jammer dat daar geen inligting is wat aandui of hy in sy doel geslaag het nie. Vrae wat die leerder uitdaag om in die tiener se skoene te staan, die boodskap van die artikel te identifiseer en die rol wat die skoolhoof in die leerder se lewe gespeel het, te identifiseer *(kritiese raamwerk*), toets die leerder se vermoë om toe te pas, te ontleed en te evalueer (*veranderde werklikheid*).

## Lees en kyk: 'n Artikel oor e-boeke

# Van papier en e-boeke na jou foon

Byna die helfte van Suid-Afrika se huishoudings besit nie 'n boek vir ontspanning nie, maar 90% van alle Suid-Afrikaners het 'n selfoon. As jy hierdie inligting bymekaar bring, dan kry jy 'n nuwe verskynsel: die mobi-boek of selfoon- of m-boek.

Die Shuttleworth-stigting het hierdie inligting gebruik en die boek-op-selfoon-konsep begin met die doel om lees en geletterdheid te bevorder. Vanaf September 2009 kon lesers verhale vanaf die selfoonwebtuiste en van MXit aflaai. Hierdie aanlyn-biblioteek van selfoonstories word Yoza genoem.

In Suid-Afrika gebeur dit al hoe meer dat boeke wat eers in gedrukte vorm verskyn het, nou digitaal en op selfone beskikbaar is. Al die stories wat op Yoza verskyn, kan ook aanlyn deur die lesers bespreek word, en so word 'n lesergemeenskap geskep.

Yoza is 'n geborgde projek en al die m-boeke daarop is gratis. Dit kos die leser net die datakoste vir selfoon-internetgebruik. 'n Storie kan dus net 'n paar sent kos.

Op die webtuiste www.yoza.mobi is daar alreeds twee verhale van Suid-Afrikaanse skrywers. Daar is *Pynstiller*, 'n kortverhaal van Fanie Viljoen, en *Vakansieromanse*, 'n kort roman van Jaco Jacobs. Dit is baie goeie verhale met kommentaar van die lesers daarby.

Een van die dae gaan ons almal nie net sit en MXit of BBM met ons selfone nie, maar ons gaan gelukkig ook kan lees – 'n baie beter tydverdryf.

(Verwerk uit: *Rapport*, 17 Oktober 2010)





**Woordeskat**

**bevorder:** *promote*; help dat iets gebeur
**geletterdheid:** *literacy*; die vermoë om te kan lees
**huishoudings:** *households*; mense wat saam in 'n huis bly
**lesergemeenskap:** *reading community*; mense wat almal lees
**ontspanning:** *recreation*; iets anders doen as werk/leer
**verskynsel:** *phenomenon*; iets wat gebeur



© University of Pretoria

## Hoe goed verstaan jy die artikel?

1. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**? Gee 'n rede vir jou antwoord.
   50% van alle Suid-Afrikaners besit 'n boek vir ontspanning.
2. Watter persentasie mense in Suid-Afrika het selfone?
3. Watter nuwe verskynsel het in 2009 ontstaan?
4. Wat was die Shuttleworth-stigting se doel met die selfoonboekkonsep?
5. Hoekom word die webtuiste Yoza 'n aanlyn-biblioteek genoem?
6. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**? Motiveer jou antwoord.
   Op Yoza kan skrywers uitvind wat lesers van hulle verhale dink.
7. Waar kom die term "m-boek" vandaan?
8. Haal 'n woord uit paragraaf 4 aan wat "verniet" beteken.
9. Watter twee Suid-Afrikaanse skrywers se verhale is reeds op www.yoza.mobi?
10. Watter soort stories is *Pynstiller* en *Vakansieromanse*?
11. Wat is die skrywer van hierdie artikel se houding teenoor:
    a) MXit
    b) lees?

**Teks 46: E-boeke**

Teen Oktober 2010 het 90% van Suid-Afrikaners, volgens die koerantberig in **Teks 46**, reeds selfone gehad. Wat die artikel ontoepaslik maak, is die feit dat toepassings soos *MXit* aan die orde van die dag was, maar erger nog, dat daar op daardie stadium slegs twee boeke van Suid-Afrikaanse skrywers as "mobiele boeke" (deesdae bekend as e-boeke) beskikbaar was. Verder is dit duidelik dat *MXit* en *BBM* die platforms was waarop tieners gekommunikeer het en dat die hedendaagse tiener waarskynlik nog nooit van hierdie toepassings gehoor het nie. Die geselsplatform *MXit* was 'n gewilde keuse onder Suid-Afrikaanse tieners en jongmense in hul vroeë twintigs, toe dit in 2005 (Businesstech 2016) vóór die slimfoon-era bekendgestel is, maar het 'n slagoffer geword van die intense mededinging van internasionale aanbiedings soos *WhatsApp* en *Facebook*. Die toepassing is reeds sedert 30 September 2016 nie meer aktief nie (Businesstech 2016), terwyl *BBM* die laaste keer in Mei 2019 (Press Association 2019) aktief was.

Die enigste vraag waarvoor die antwoorde nie direk in die teks beskikbaar is nie, vereis van die leerder om die skrywer se houding teenoor *MXit* en lees te verduidelik (*veranderde werklikheid*). Hierdie teks kan weer verbind word met soortgelyke tekste waar die verandering in tegnologie hierdie tekste onbruikbaar maak, en die onderwyser



© University of Pretoria

die verantwoordelikheid het om nuwe, meer relevante tekste te identifiseer. Kyk byvoorbeeld na die teks oor *Blackberry* (spotprent*),* die strokiesprent waar die tiener vertel hoe hy op bladsy 216 met sy meisie op *Twitter* en *Facebook* kommunikeer en die selfoonadvertensie op bladsy 136, waar die adverteerder 'n selfoonkamera en toegang to *WiFi* as trekpleisters probeer gebruik. Daar is ook 'n opdrag op bladsy 270 waar die leerder 'n opsomming oor die veilige gebruik van *MXit* moet maak en **Teks 47** oor die voor- en nadele daarvan is 'n verdere voorbeeld van 'n teks en aktiwiteit wat beslis nie deur die hedendaagse tiener as relevant beskou sal word nie.

### Lees: 'n Inligtingsteks

Lees die inligting oor die **voordele** (*advantages*) en **nadele** (*disadvantages*) van MXit en beantwoord dan die vrae.

**Waarom is MXit voordelig?**

- MXit is 'n goedkoop manier om te gesels en dit is maklik om te registreer.
- Boodskappe kan in die werklike tyd gestuur word en in kletskamers kan 'n mens met meer as een persoon gelyktydig praat.
- 'n MXit-boodskap kos minder as 'n SMS en 'n MXit-boodskap kan tot 2 048 letters hê, waar 'n SMS net 160 letters kan hê.
- Behalwe in Engels, kan 'n mens in Afrikaans, Xhosa of Zoeloe gesels. Jy kan musiek, videospeletjies, lugtyd en elektrisiteit deur MXit koop.

**Wat is MXit se nadele?**

- Leerders se skoolwerk kan verswak, want MXit is verslawend.
- Mense MXit wanneer hulle eet, gesels, skoolgaan, huiswerk doen en selfs wanneer hulle fliek.
- MXit is onpersoonlik en veroorsaak dat mense nie meer maklik met mense kan gesels en hulle in die oë kyk nie.
- MXit-taal en -skryfstyl kan leerders leer om verkeerd te spel en te skryf.
- Kinders kan maklik op verkeerde kletskamers ingaan wat nie by hulle ouderdom pas nie, want jy hoef nie te sê wie jy is en hoe oud jy is nie.
- Dit is baie maklik om 'n kuberboelie te wees. Die boelie hoef nie sy slagoffer in die oë te kyk nie, maar stuur net 'n boodskap.

### Hoe goed verstaan jy die inligting?

1. Kies die **korrekte woorde** tussen hakies:
   Dit kos (**min, baie**) om op MXit te gesels en dit is (**ingewikkeld, eenvoudig**) om te registreer.
2. Noem twee verskille tussen MXit en SMS'e.
3. In watter Suid-Afrikaanse tale kan 'n mens op MXit kommunikeer?
4. Kan 'n mens lugtyd op MXit koop? Haal 'n sin aan om jou antwoord te staaf.
5. Vul die ontbrekende woorde in:
   MXit veroorsaak dat mense nie meer met ander mense kan (a. ____) of hulle in die (b. ____) kan (c. ____) nie.
6. Haal 'n sinsdeel aan wat sê hoe MXit leerders se taal en -skryfstyl kan beïnvloed.
7. Waarom kan kinders so maklik verkeerde kletskamers gebruik?
8. Waarom is dit so maklik om 'n kuberboelie te wees?

**Teks 47: MXit**

© University of Pretoria

**Teks 48** is 'n koerantartikel wat vertel hoe die Pionierskool se leerders Blombos se strand skoongemaak het (*gesitueerde werklikheid*). Hulle het self inisiatief geneem en tientalle sakke vullis ingesamel (*kritiese raamwerk*). Daar word na hul deursettingsvermoë verwys en hoe hulle 'n verskil wou maak deur as 'n span saam te werk (*veranderde werklikheid*). Die artikel mag moontlik ander tieners aanmoedig om 'n verskil in die wêreld te maak (*veranderde werklikheid*). Leerders moet die figuurlike taalgebruik kan interpreteer en vasstel wat die doel van hierdie koerantberig is (*kritiese raamwerk*).

## Lees: 'n Koerantberig

Lees die koerantberig en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

### Pionierskool se leerders maak Blombos se strand skoon

1 Die Pionierskool van Worcester is die eerste skool buite die streek wat Blombos se strand gaan opruim het, het mnr. Peter Bestbier, bestuurder van die Blombos-bewarea, gesê.

2 Elf lede van die Pionierskool-avontuurklub, vergesel van twee opvoeders, het 'n naweek op Blombos deurgebring. Saterdagoggend, nadat me. Lisa Parkin, sekretaresse van die Blombos-bewarea, 'n kort lesing oor die see gelewer het, is operasie strandskoonmaak aangepak.

3 Die leerders, tussen 9 en 18 jaar oud, het self besluit om die strand skoon te maak, het Bestbier gesê. "Dit is goed dat kinders kom leer van die see en ook 'n bydrae wil lewer."

4 Tientalle sakke vullis is versamel. Die grootste taak was die uitgrawe van 'n reuse-visnet, wat baie jare onder die sand begrawe was en amper 'n bakkie vol gelê het. "Ek het my hoed afgehaal vir die leerders, dit het vasbyt gekos, maar hulle wou nie ophou voordat die net heel uitgegrawe is nie," het Bestbier gesê.

5 Die bewarea-bestuur ontvang dikwels skool- en ander groepe wat meer wil leer oor die see- en natuurlewe, en veral die skaars swarttobies wat aan dié kus hier broei.

(Uit: *Die Burger*, 1 Junie 2006)

1. Haal **drie opeenvolgende woorde** uit paragraaf 1 aan wat aandui dat die Pionierskool nie baie naby aan Blombos is nie. (1)
2. Watter woord in paragraaf 1 beteken dieselfde as "skoonmaak"? (1)
3. Kies die **korrekte antwoord**:
   Blombos is 'n "bewarea" (paragraaf 1), dit beteken:
   a) dit is 'n area wat bewaar word.
   b) die area is baie vuil en besoedel.
   c) dis 'n area wat naby die see is.
   d) dis 'n area waarheen toeriste gaan. (1)
4. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**? Gee 'n rede vir jou antwoord.
   Die leerders van die Pionierskool het heeldag net rommel opgetel toe hulle in Blombos was. (2)
5. Wat bedoel mnr. Bestbier as hy sê hy het sy "hoed afgehaal" (paragraaf 4) vir die leerders? (1)
6. a) Wat het die leerders uit die sand uitgegrawe? (1)
   b) Haal **vier opeenvolgende woorde** uit paragraaf 4 aan wat aandui dat dit 'n moeilike werk was. (1)
7. Verduidelik wat die **doel** van hierdie koerantberig is. (2)

(10)

**Teks 48: Pionierskool**



© University of Pretoria

Die koerantberig uit *Beeld* (**Teks 49**) verskyn in die voorbeeldvraestel en verwys na ’n foto van ’n olifantkalfie wat deur ’n krokodil aangeval is en wêreldwyd opspraak gemaak het. Dit is ’n lewensgetroue teks met ’n kop wat die leser se aandag trek. Dit verwys na ’n platform wat die afgelope 10 jaar aansienlik gegroei en dus steeds toepaslik is. Dit is waarskynlik verder op sosiale media versprei en word met ’n video op *YouTube* verbind wat op daardie stadium reeds 57 miljoen keer gekyk is. Dit bewys ook dat inligting binne ’n oogwink oor die wêreld heen versprei en dat mense tot só ’n mate daardeur aangegryp is, dat dit ook op ander platforms (*Sky News*) gedeel is. Die foto is in die wildtuin geneem, toe die kalfie deur die olifantkoeie in die trop gered is (*kritiese raamwerk*).

Daar word van die leerder verwag om sekere afleidings uit die beskikbare inligting te maak, soos wie die teikengroep van die berig sou wees en die verwysing na *YouTube* en *Sky News* bewys dat die berig wêreldwyd gedeel is (*veranderde werklikheid*). Die res van die vrae is baie eenvoudig en die antwoorde kan direk in die teks gevind word. Dit is verder ’n goedvoelstorie wat as gevolg van “spanwerk” ’n positiewe einde het (*veranderde werklikheid*). Daar word in die koerantberig aan die fotograaf erkenning gegee en die oorspronklike bron word aangedui. Taalgebruik is realisties en nie gedwonge soos in die *Netfiks*-advertensie (**Teks 53**) nie.

## Afdeling A: Begrip

Beantwoord die vrae wat op die tekste gebaseer is.

**Vraag 1: Berig**

### Stryd om die slurp



Aangrypende foto's van 'n voorval in die Krugerwildtuin waarin 'n trop olifante 'n kalfie red wat deur 'n krokodil aan die slurp gevang is, is die jongste Suid-Afrikaanse natuurdrama waarna almal wêreldwyd kyk.

Die video van 'n vorige drama in dieselfde wildtuin waarin 'n trop buffels 'n kalfie uit die kloue van twee krokodille en 'n trop leeus red, is reeds byna 57 miljoen keer op YouTube gekyk.

Mnr. Johan Opperman van Pretoria het die dramatiese slurpie-toutrek-toneel by 'n watergat in die wildtuin afgeneem. Dit het op *Sky News* verskyn.

Die olifantjie het saam met die res van die trop by die watergat gaan water drink. Skielik het die krokodil uit die waterplante gevlieg en die suipende kalfie aan die punt van die slurpie beetgekry.

Die kleintjie het volgens Opperman 'n vreeslike lawaai opgeskop. Die res van die trop het getrompetter voordat hulle op die krokodil afgestorm het. Die meeste van die olifante wat die kalfie so vinnig gaan help het, was koeie.

Toe die koeie hom storm, het die krokodil die slurpie gelos. Volgens Opperman het die trop om die kalfie rondgemaal om seker te maak die diertjie het niks oorgekom nie. Daarna het die trop deur die vlak water geloop en in die bosse verdwyn.

(Verwerk uit: *Beeld*, 29 Oktober 2010)

1.1 Wie is die fotograaf van die foto by die artikel? (1)
1.2 Waar het hierdie reddingspoging en die vorige een plaasgevind? (1)
1.3 Was dit albei kere volwasse diere wat gered is? Verduidelik. (1)
1.4 Slegs Suid-Afrikaners weet van die twee reddingspogings.
  1.4.1 Is die stelling **waar** of **onwaar**? (1)
  1.4.2 Bewys jou antwoord met behulp van 'n aanhaling uit die teks. (1)
1.5 Hoe weet ons die video van die kalfie en die buffels is baie populêr? (1)
1.6 Waarmee was die olifantkalfie besig toe hy aangeval is? (1)
1.7 Waaraan het die krokodil die olifantkalfie getrek? (1)
1.8 Hoe is die kalfie gered? (2)
1.9 Op watter lesers is hierdie soort berig gerig? (1)
**[11]**

**Teks 49: Stryd om die slurp**



© University of Pretoria

**Teks 50** (Lätti et al. 2012, p. 269) oor die oorsprong van weerlig, verwys na die wetenskaplike en kulturele verklarings vir die ontstaan daarvan (*openlike onderrig*). Kennis van ander kulture word bevorder deur die verwysing na Zoeloe- en Xhosa-kulture *(kritiese raamwerk)*. Die artikel is in die Suid-Afrikaanse konteks geskryf en verwys na feite wat deur 'n kenner bevestig word en is daarom geloofwaardig. Die teks is in 'n koerant gepubliseer en is daarom lewensgetrou en ook relevant. Daar word van die leerder verwag om tussen feite en menings te onderskei en vas te stel wat die joernalis se doel met die kop van die berig was (*veranderde werklikheid*).

**Vraag 3: Artikel**

# Gode se moordwapen

Weerlig is een van Suid-Afrika se dodelikste weerverskynsels.

Die mens het van die vroegste tye af al oor weerlig gewonder. Hoe dit presies ontstaan, is steeds nie duidelik nie.

Voordat weerlig vir die eerste maal wetenskaplik ondersoek is, het antieke kulture gesê hul gode het dit veroorsaak. Het jy geweet Donderdag het sy naam van die Skandinawiese god Thor gekry? Thor het weerligstrale na sy vyande gegooi.

Voor die Skandinawiërs het die antieke Grieke ook geglo weerlig is hul hoofgod Zeus se wapen.

In Zoeloe- en Xhosa-kulture is die weerlig die voël *iMpundulu*. Wanneer hy uit die wolke aarde toe duik, blits weerlig van sy vere af.

"Weerlig is 'n yslike vonk statiese elektrisiteit op 'n enorme skaal," sê die Amerikaanse weerdiens. 'n Weerligstraal beweeg teen 'n spoed van 435 000 km/h, en verhit die lug daarrondom tot 28 000 °C. (Dis omtrent vyf keer warmer as die oppervlak van die son!)

Een van Nasa se satelliete met 'n spesiale weerligopnemer het waargeneem 45 weerligstrale tref die aarde per sekonde. Enige tyd van die dag woed daar 1 800 donderstorms êrens op die aardbol.

Donderwolke vorm meestal in die somermaande, verduidelik die Suid-Afrikaanse Nasionale Weerdiens. Wanneer dit baie reën is daar baie donderstorms, en dus baie weerlig, sê die weerdiens.

Mense op die platteland is dan veral uitgelewer omdat daar nie baie geboue en ander strukture is om die weerlig af te lei nie.

"Jou kans om in Suid-Afrika getref te word, is groter as om die Lotto te wen," sê dr. Ryan Blumenthal. "Weerlig tref die grond in Suid-Afrika omtrent 18 miljoen keer per jaar."

Die grootboet van statiese elektrisiteit is beslis nie 'n mens se speelmaat nie.

(Verwerk uit: *Beeld*, 17 Januarie 2011)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.1 Watter woord in paragraaf 1 dui aan dat weerlig baie gevaarlik is? (1)
3.2 Pas die gode in kolom B by die kultuur in kolom A. Gee slegs die nommer en die antwoord.

| **Kolom A** | **Kolom B** |
|---|---|
| 3.2.1 Xhosa-kultuur | A Thor |
| 3.2.2 Griekse kultuur | B *iMpundulu* |
| 3.2.3 Skandinawiese kultuur | C Zeus |

(3)
3.3 Hoe het Thor sy vyande gestraf? (1)
3.4 Haal die definisie aan wat weerlig beskryf. (1)

**Teks 50: Gode se moordwapen**

### 4.4.8.2 Ander tekssoorte vir visuele geletterdheid

**Advertensies**


Drie advertensies word in **Teks 51** (Lätti et al. 2012) gekombineer om die gebruik van kleur en geure in bemarking te ondersoek. Die bemarker maak gebruik van kleur en geure om die boodskap te versterk en die teikengroep te help om die handelsnaam te onthou (*kritiese raamwerk*). Alhoewel die eerste aktiwiteit deel van die kyk en praat-afdeling uitmaak, dra die vrae wel sinvol tot die ontwikkeling van visuele geletterdheid by (*veranderde werklikheid*). Die leerder kry nie net die geleentheid om die ooreenkomste en verskille tussen die drie advertensies te ontgin nie, maar ook om die teikengroep en boodskap van elkeen te identifiseer. Die leerder moet verder ook besluit watter advertensie die grootste indruk maak en wat die rede daarvoor is (*kritiese raamwerk* wat tot *veranderde werklikheid* lei). Die advertensies maak aanspraak op die gebruik van verskillende sintuie en leerders word aangemoedig om te besluit of dit in die spesifieke voorbeelde oorspronklik, of vervelig is (*veranderde werklikheid*).



© University of Pretoria

## Kyk en praat: Bespreek advertensies


Navorsing het bewys dat **kleure** (*colours*) en **geure** (*flavours/smells*) ons liggame, ons emosies en ons gedrag beïnvloed. Kleure en geure speel ook 'n belangrike rol in kommunikasie en word in bemarking gebruik om mense te oorreed om positief op 'n advertensie te reageer. 'n Mooi foto doen baie om 'n produk of diens te verkoop, maar deur reuke of smake by te voeg, word 'n **boodskap** (*message*) sterker oorgedra en die **teikengroep** (*target group*) onthou die **handelsnaam** (*brand name*) beter.



Advertensie A



Advertensie B



Advertensie C

Bekyk die drie advertensies saam met 'n maat en bespreek die volgende vrae.

1. Wat is die **handelsnaam** van die produk wat in elke advertensie geadverteer word?
2. Wie is die **teikengroep** van elke advertensie?
3. Wat is die **boodskap** van elke advertensie?
4. Word informele of formele taal in die advertensies gebruik? Hoekom?
5. Van watter advertensie hou jy die meeste? Waarom?
6. Van watter advertensie hou jy die minste? Waarom?

## Hoe goed verstaan jy die advertensies?

1. Watter sintuie gebruik 'n mens om kleure en geure waar te neem?
2. Watter sintuig speel nie 'n rol in gedrukte advertensies soos die drie op bladsy 174 en 175 nie?
3. Watter geure en/of kleure word in elke advertensie gebruik?
4. Pas die geure en/of kleure wat in elke advertensie gebruik word by die boodskap en handelsnaam daarvan? Verduidelik hoekom jy so sê.
5. Wek die geure en/of kleure jou belangstelling? Motiveer.
6. Is die gebruik van kleure en geure oorspronklik of is dit vervelig? Verduidelik.
7. Watter wense of drome van mense word in advertensie A uitgebuit?
8. Skryf advertensie B in jou eie woorde. **Wenk**: Gebruik informele taal.
9. Advertensie C gebruik kleure om die boodskap sterker oor te dra.
   a) Hoe word dit gedoen?
   b) Watter ander tegnieke word gebruik om mense se aandag op die boodskap te fokus?
   c) Die lig van die son gee ons die kleure van die reënboog. Watter kleure in die advertensie, dink jy, kan as warm kleure beskou word en wat word as koel kleure geklassifiseer?

**Teks 51: Drie advertensies**



© University of Pretoria

Die selfoonadvertensie in **Teks 52** is in soveel opsigte ontoepaslik, dat leerders dit selfs lagwekkend mag vind. Die meeste van die kenmerke waarmee die moontlike koper gelok word, is verouderd of word al lank reeds as vanselfsprekend aanvaar. Die meeste kopers verwag dat ’n selfoon ’n kamera sal hê en is deesdae dikwels kieskeurig oor die kwaliteit daarvan. ’n Soektog na die *Silverstreak*-funksionaliteit lewer geen terugvoer nie, maar daar word van die leerder verwag om die Afrikaanse vertaling daarvoor op te spoor. Die begrip *WeekendWonder* is die naam van ’n spesifieke pakket en behoort nie in Afrikaans vertaal te word nie. Vraagstelling is dus nie realisties nie.

## Lees: ’n Advertensie

Lees die advertensie oor Superola-selfone wat te koop is.




## Hoe goed verstaan jy die advertensie?

1. Haal ’n opeenvolgende **syfer** (*number*) en woord aan wat sê dat die selfoonkontrak vir twee jaar is.
2. Hoe lank is die “geld-terug-waarborg”? Skryf die syfers uit.
3. Gee **een woord** vir die woorde tussen hakies.
   a) Die advertensie sê jou oproepe oor naweke is (**jy hoef nie daarvoor te betaal nie**).
   b) Die selfoon het ’n (**wat geïntegreer is**) kamera.
   c) As jy ’n (**rekening by die bank**) of ’n kredietkaart het, kan jy die selfoon bestel.
4. Gee die **Afrikaanse vertaling** vir:
   a) Weekend wonder
   b) Silverstreak.
5. Vier van die sinne is **korrek**. Watter een is **nie** korrek **nie**?
   a) Jou oproepe oor die naweek is gratis.
   b) Die S400 en V118 het dieselfde kenmerke.
   c) ’n Mens kan met ’n kredietkaart vir die selfoon betaal.
   d) In die week kan jy nie gratis oproepe maak nie.
   e) Die selfone sluit elkeen ’n kamera in.

**Teks 52: Superola**

**Teks 53** kan nie as lewensgetrou beskou word nie, aangesien heelwat van die elemente van ’n advertensie ontbreek. Dit is duidelik dat die skrywers die advertensie saamgestel het sodat spesifieke vrae gevra kan word. Daar verskyn Engelse vertalings vir woorde in die teks en die taalgebruik is baie gedwonge en onnatuurlik met baie beperkte inligting oor die program en die kostes daaraan verbonde, en geen kontakbesonderhede van die adverteerder nie.



© University of Pretoria

## Lees en kyk: 'n Advertensie

Bestudeer die advertensie en bespreek dit met 'n maat.




## Hoe goed verstaan jy die advertensie?

1. Wat word in hierdie advertensie geadverteer?
2. Kies die **korrekte antwoord**: Die vraag "Vet van te veel tyd op die net?" word die advertensie se (**kop/opskrif/titel**) genoem.
3. Wie is die advertensie se **teikengroep**, met ander woorde, vir wie is dit bedoel?
4. Watter twee woorde in paragraaf 3 is **antonieme**?
5. Waarom word "NetFiks" soveel keer in die advertensie gebruik?
6. Soek **een woord** in die advertensie vir iemand wat:
   a) baie tyd voor die televisie deurbring
   b) dol oor avontuur is.
7. Dink jy dis 'n goeie advertensie? Gee redes vir jou antwoord.

**Teks 53: Netfiks**

**Teks 54** verwys na die watervalle met die sterkste vloei ter wêreld (*openlike onderrig*). Op die spesifieke tydstip wat die artikel publiseer is (*kritiese raamwerk*), was die vloei van die Augrabies-waterval in Suid-Afrika die sterkste. Die ander groot watervalle in die wêreld word elk visueel deur 'n foto en 'n deel van 'n kaart voorgestel (*gesitueerde werklikheid* en *openlike onderrig*) sodat die leser met die eerste oogopslag weet hoe dit lyk en waar dit geleë is. Dit is in 'n koerant gepubliseer en daar word na die oorspronklike gesaghebbende bron van die inligting verwys (*kritiese raamwerk*). Leerders moet die



© University of Pretoria

letterlike betekenis van die titel verduidelik (*veranderde werklikheid*) en die watervalle met die lande waar dit geleë is, verbind. Hierdie inligting kan net so uit die diagram oorgeskryf word.

**Vraag 2: Inligtingsteks**

## Groter as die grotes

Gister het meer as 4 300 kubieke meter water per sekonde oor die Augrabies-waterval gestroom. Dit beteken die vloei by Augrabies is tans meer as van die wêreld se bekendste en grootste watervalle:




**Niagara-waterval**

Ligging: Ontario, Kanada; New York, VSA
Hoogte: 52 m
Waterbron: Niagararivier
Gemiddelde vloei: 2 406 $m^3/s$




**Iguazu-waterval**

Ligging: Misiones, Argentinië; Panama, Brasilië
Hoogte: 82 m
Waterbron: Iguazurivier
Gemiddelde vloei: 1 746 $m^3/s$




**Victoria-waterval**

Ligging: Livingstone, Zambië; Victoria Falls, Zim.
Hoogte: 108 m
Waterbron: Zambezirivier
Gemiddelde vloei: 1 088 $m^3/s$

Gesamentlike vloei van al drie watervalle: **5 240 $m^3/s$**
Verwagte vloei by Augrabies: **4 900 $m^3/s$** (vandag) **5 000 $m^3/s$** (môre)

Bron: World Waterfall Database, Departement van Waterwese

(Uit: *Beeld*, 14 Januarie 2011)

2.1 Watter woord sê dat die Augrabies-waterval nie altyd so baie kubieke meter water het nie?
2.2 Pas die waterval in kolom B by die land in kolom A. Gee slegs die nommer en die antwoord.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 2.2.1 Argentinië | A Niagara |
| 2.2.2 Zimbabwe | B Iguazu |
| 2.2.3 Verenigde State van Amerika | C Victoria |

2.3 Watter waterval is die laagste van die drie?
2.4 Naby watter groot stede is die Niagara-waterval geleë?
2.5 Verduidelik wat die opskrif beteken.

**Teks 54: Watervalle**



© University of Pretoria

**Kaarte**

Die vereenvoudigde kaart van Suid-Afrika in **Teks 55** wys belangrike besienswaardighede (*openlike onderrig* en *kritiese raamwerk*) en is ook 'n vinnige les in windrigtings (*openlike onderrig*). Die kaart beklemtoon ook die verband met ander skoolvakke (*veranderde werklikheid*). Elke besienswaardigheid word visueel voorgestel, en die leerder moet eerstens elke besienswaardigheid met die korrekte plek verbind voordat die verhouding van een besienswaardigheid tot 'n ander aangedui word (*veranderde werklikheid*).

**Kyk en praat: Bestudeer en bespreek 'n kaart**

Verdeel in groepe van drie of vier en kyk na die plekke wat op die kaart aangedui is. Elkeen is bekend vir 'n spesifieke **besienswaardigheid** (*sight worth seeing*).

Gesels oor waar elke besienswaardigheid is en waarom dit spesiaal is. Teken dan die tabel op bladsy 83 in jou werkboek en vul die regte plekname in.




| Besienswaardigheid | Plek |
|---|---|
| Vrouemonument | |
| Addopark | |
| Robbeneiland | |
| Kangogrotte | |
| Uniegebou | |
| Tafelberg | |
| Die Groot Vyf | |
| Volstruisplaas | |
| Riksjas | |
| Gold Reef City | |
| uShaka | |
| Sterrewag (*observatory*) | |
| Die Groot Gat | |
| Oesterplase | |

**Teks 55: Kaart**



© University of Pretoria

Die reisplan in **Teks 56** is 'n gestruktureerde dokument of opsomming van beplande aktiwiteite en reisreëlings vir 'n spesifieke reis (*kritiese raamwerk*). Dit bevat belangrike inligting soos die reisbestemming, die vertrek- en terugkeerdatums, die verblyf- en vervoerreëlings, en 'n skedule van aktiwiteite of besienswaardighede wat gedurende die reis besoek sal word. Die reisplan is aangepas na aanleiding van 'n werklike reisplan, en die oorspronklike bron word verskaf om die leerder die geleentheid te bied om meer inligting te bekom (*veranderde werklikheid*). Die vrae in die opdrag vereis dat die leerder die daaglikse aktiwiteite vergelyk en verskille identifiseer. Daar word ook aandag gegee aan die metodes om die leser se aandag te trek, en die aktiwiteite moet chronologies gerangskik word. Die leerder moet ook die belangrikheid van die insluiting van spesifieke inligting evalueer. Daar mag moontlik addisionele inligting wees wat bygevoeg kan word om die reisplan meer volledig te maak, en die leerder moet besluit of hierdie reisplan toepaslik vir sy persoonlike konteks is (*veranderde werklikheid*).

### Lees: 'n Reisplan

'n Reisplan gee kortliks inligting oor die roete en tyd van 'n reis. Kyk na die formaat van die reisplan hieronder, lees die inligting noukeurig en beantwoord die vrae.

**Die Donkieroete**

Op die plaas Living Waters naby Calitzdorp kan jy die unieke Donkieroete beleef. Nee, jy ry nie op 'n donkie nie, jy stap. Jy volg die donkieroete van ouds. Daar is donkies wat jou bagasie op die byna onbegaanbare paadjies dra. Die toergidse is van die omgewing en vertel jou alles omtrent die plaaslike stories en die geskiedenis van die plek.

**Reisplan vir die Donkieroete vanaf Calitzdorp oor die Swartberge na Die Hel in Gamkaskloof**



**Dag 1:** Aankoms op Living Waters voor 17:00, asseblief.
- Ontmoet donkies en gidse.
- Hou 'n kort inligtingsvergadering.

19:00 Aandete in lapa
- Slaap in huisvesting op die plaas.

**Dag 2:** 14,3 km; dit neem 7 tot 8 uur
6:00 Ontbyt
7:00 Vertrek
- Volg 'n voetpaadjie van ouds – belewe die ongelooflike natuurskoon vanaf 350 m bo seespieël.
- Kyk uit vir slange, ystervarke, bosluise, ratels en spinnekoppe.
- Slaap in die natuur in tente by Wyenek.

**Dag 3:** 6 km; dit neem 7 tot 8 uur
6:00 Ontbyt
9:00 Vertrek
- Stap oor die noordelike hange van die Swartberge na Gamkaskloof.
- Ervaar die manjifieke uitsig na Die Hel vanaf 1 523 m bo seespieël.
- Hou piekniek vir middagete onder 'n skaduboom.
- Stap in die kloof af na die gerestoureerde huisies in die natuurreservaat.
- Besoek Annetjie se unieke winkeltjie.
- Braai om 'n gesellige vuur.
- Slaap in gerestoureerde huisies.




**Dag 4:** 10 km
6:00 Ontbyt
7:00 Besoek die inligtingsentrum van die natuurreservaat.
9:00 Beleef 'n wildrit in die reservaat.
Geniet tee en toebroodjies op Living Waters voor u vertrek.

(Verwerk en vertaal van: http://www.donkeytrail.com/)

**Woordeskat**



**bosluis:** *tick*; insek wat bloed suig
**wildrit:** *game drive*; rit in 'n motor om na wilde diere te kyk
**ystervark:** *porcupine*; knaagdier met skerp swart en wit penne

### Hoe goed verstaan jy die reisplan?

1. Watter inligting trek dadelik jou aandag as jy vlugtig na die reisplan kyk? Verduidelik waarom.
2. Vergelyk dag 2, 3 en 4. Wat is elke dag dieselfde?
3. Kyk na die tye op dag 2, 3 en 4.
   a) Noem die verskil tussen die aktiwiteite van elke dag.
   b) Waarom is dit so, dink jy?
4. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**? Motiveer jou antwoord.
   Tussen dag 2 en 3 klim jy 973 m.
5. Voltooi die sin: Op dag ____ stap jy die verste en slaap jy in ____.
6. Rangskik die gebeure in die korrekte volgorde.
   a) Braai om 'n vuur.
   b) Besoek Annatjie se winkeltjie.
   c) Hou piekniek in die skaduwee.
7. Kies die **korrekte antwoord** om die sin te voltooi.
   Op dag 3 slaap jy in gerestoureerde huisies (op Living Waters/op Wyenek/in die natuurreservaat/in die Swartberge).
8. Pas die inligting in kolom B by die dae in kolom A.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| Dag 1 | a) Ry deur die natuurreservaat. |
| Dag 2 | b) Ontmoet die donkies en die gidse. |
| Dag 3 | c) Klim die Swartberge. |
| Dag 4 | d) Slaap jy nie in 'n geboude huis nie. |

9. Kies die **korrekte** woorde tussen hakies.
   Jy word gewaarsku teen (**ongelooflike/gevaarlike**) diere en word vertel van die (**fantastiese/onaangename**) uitsig.
10. Gee 'n rede waarom die volgende stelling **onwaar** is.
    As jy op die Donkieroete gaan, stap jy op al vier dae.
11. Dink jy dit is nodig om te weet hoe ver 'n mens elke dag stap? Motiveer jou antwoord.
12. Is daar enige ander inligting wat jy graag op die reisplan sou wou hê?
13. Watter dag van die roete sou jy die meeste geniet? Waarom sê jy so?
14. Is daar iets op die roete wat jy nie sou geniet nie? Verduidelik.

**Teks 56: Reisplan**




© University of Pretoria

**Spotprente en strokiesprente**

Die aarde is oorbevolk en die spotprenttekenaar probeer hierdie boodskap deur die visuele voorstelling in **Teks 57** oordra. Die leser kan aflei dat die aarde nie gesond is nie en dat meer mense tot meer besoedeling lei. Dit word verder geïmpliseer dat die mense nie na die aarde luister nie, maar dat die boodskap eintlik so duidelik is dat almal dit kan sien (of weet) en niks daaromtrent doen nie. Die leerder moet die verband tussen die aarde se toestand en gesigsuitdrukking identifiseer en ook wat die oorsaak vir die aarde se toestand is. Die rol van die vliegtuig met die boodskap moet ook verduidelik word.

**Lees en kyk: 'n Spotprent**

Kyk goed na hierdie spotprent wat in die koerant verskyn het toe die aarde se bevolking in 2011 sewe biljoen/miljard bereik het.




(Uit: *Die Burger*, 2 November 2011)

1. Vul die **ontbrekende woord** in: In die spotprent word die aarde as 'n ____ mens uitgebeeld. (1)
2. Watter woord beskryf die aarde se gesigsuitdrukking die beste?
   a) bekommerd
   b) opgewonde
   c) uitgeput (1)
3. Hoe pas die aarde se oë by sy toestand? (2)
4. a) Noem **twee dinge** wat jy op die aarde se oppervlak sien. (2)
   b) Hoe dra hierdie dinge tot die aarde se slegte toestand by? (2)
5. Kies die **korrekte woord** tussen hakies: Die banier wat die vliegtuigie links bo trek, gee vir ons die spotprent se (**konteks/situasie/gevolg**). (1)
6. Kyk na die woorde in die praatborrel.
   a) Met wie praat die aarde? (1)
   b) Verduidelik die betekenis van die woorde. (2)
7. Watter inligting verskyn in die boonste linkerhoek van die spotprent? Noem drie dinge. (3)

(15)

**Teks 57: Oorbevolking**

Die feit dat *Blackberry* (**Teks 58**) nie meer deel van vandag se tieners se verwysingsraamwerk (*gesitueerde werklikheid)* vorm nie, beteken dat dit ook nie as moderne tegnologie geag word nie. Hoewel die teks in 2011 lewensgetrou en toepaslik sou wees, kan die hedendaagse tiener beslis nie daarmee identifiseer nie. Die beperkte twee vrae wat gevra word kan dus ook nie met sekerheid korrek beantwoord word nie, aangesien feite wat toe gegeld het, nie vandag geld of van toepassing is nie. Daar is beslis aspekte soos die omliggende omgewing en gesigsuitdrukkings wat beter ontgin kon word.



© University of Pretoria




(Uit: *Die Burger*, 13 Oktober 2011)

Kies die **regte woord** tussen hakies.

Omdat die 1. (**moderne/outydse**) tegnologie van Blackberry-selfone probleme gegee het, spot die spotprent en sê dat die mense teruggaan na die 2. (**moderne/outydse**) manier van boodskappe stuur deur 3. (**vliegtuie/posduiwe**) te gebruik.




**Teks 58: Blackberry**

**Teks 59** is ’n strokiesprent oor tieners en sosiale media, en het nie ’n naam nie. Dit verwys wel na iets wat deel van elke tiener se leefwêreld vorm, naamlik sosiale media. *Facebook* en *Twitter* is egter nie platforms wat die vandag se tieners meer interesseer nie. Tieners gebruik hoofsaaklik *WhatsApp, TikTok, YouTube, Instagram* en *Snapchat* (Satista Research department 2023). Alhoewel *WhatsApp* in 2009 reeds bekendgestel is, was dit nie dadelik gewild nie. *Snapchat* is eers in 2012 bekendgestel, terwyl *Facebook*-gebruikers meestal tussen die ouderdomme van 25 en 34 is (Statista Research



© University of Pretoria

Department 2023a). *Twitter* word in Suid-Afrika ook meestal deur gebruikers tussen die ouderdomme van 25-34 gebruik (Statista Research Department 2023b).




2. Die strokie impliseer dat ...
   - a) die meisie graag met die seun wil uitgaan.
   - b) die meisie net oor Twitter en Facebook met die seun wil kuier en hom nie werklik wil ontmoet nie.
   - c) die meisie nie van 'n melkskommel of van fliek hou nie. (1)

**Teks 59: Sosiale media**

Slegs een uit die twintig punte wat op die strokiesprent gebaseer is, toets nie taal nie. In hierdie vraag moet die leerder uit die opsies kies wat in die strokiesprent geïmpliseer word. Die strokiesprent is dus nie werklik toepaslik vir vandag se tieners nie en vraagstelling mis heelwat geleenthede om die leerder se begrip van die *kritiese raamwerk* en *veranderde werklikheid* te toets.



© University of Pretoria


**Voorblaaie**

Die voorblad (**Teks 60**) van Dave Pepler se boek *Immergroen: Stories oor plante,* gebruik verskillende skrifgroottes en die foto om die leser se aandag te trek (*openlike onderrig* en *kritiese raamwerk*). Die leerder moet die verband tussen die illustrasie en die titel identifiseer en bepaal of die titel letterlik of figuurlik bedoel word (*veranderde werklikheid*). Verder moet die leerder oor die moontlike figuurlike betekenis van die woord "immergroen" besin. Die outeur se naam is in hoofletters gedruk omdat hy as 'n kenner op die gebied gereken word. Die naam van die fotograaf (Lien Botha) word ook op die voorblad genoem omdat sy 'n gerekende fotograaf en kunstenaar is en dit ook 'n trekpleister kan wees in die leser se keuse om die boek te koop. 'n Vraag waarin die leerder die teikengroep van hierdie boek moet identifiseer, sou ook 'n sinvolle bydrae tot die assessering van hoërorde-denke kon lewer.

## Lees en kyk: 'n Voorblad

Kyk na die voorblad van 'n boek met 'n versameling stories waarin wonders van die natuur met woorde en foto's beskryf word.

1. Waarna, dink jy, verwys die **beelde** (*images*) in die boek?
2. Hoe pas die illustrasie op die voorblad by die boek se titel en **inhoud** (*content*)? Noem twee dinge.
3. Vul die ontbrekende woord(e) in: As iets immergroen is, is dit ____ groen.
4. Die titel van die boek het 'n letterlike en 'n figuurlike betekenis.
   a) Wat is die **letterlike** betekenis van die titel?
   b) Watter **figuurlike** betekenis, dink jy, kan die woord oordra?




**Teks 60: Voorblad**



© University of Pretoria

## Webblaaie

**Teks 61** is die enigste voorbeeld van 'n webblad in die graad 11-handboek. Hier word 'n webblad bestudeer waar leerders sekere inligting moet soek. Dit herinner egter geensins aan 'n lewensgetroue webblad nie en geen werklike konteks word verskaf nie.

### Lees en praat: 'n Webwerf

Op die **webwerf** (*website*) ***Snuffel & Soek*** kan jy advertensies vir elke moontlike ding soek en plaas. Kyk saam met 'n maat na die uittreksel uit ***Snuffel & Soek*** en beantwoord dan die vrae.

**Snuffel & Soek**

| Soek 'n advertensie | Pos 'n advertensie | Wenke en hulp |
|---|---|---|

| Te koop (*For sale*) | Dienste (*Services*) | Werk (*Jobs*) |
|---|---|---|
| • Algemene items te koop | • Argitek | • Algemeen |
| • Boeke | • Belasting | • Baba-oppassers |
| • CD's en DVD's | • Bouer | • Bouers |
| • Fietse | • Ekstra klasse | • Deeltyds |
| • Hoëtroustelle | • Elektrisiën | • Finansies |
| • Juweliersware | • Fiksheid | • Garagedeure |
| • Kameras | • Fotografie | • Gesondheidsorg |
| • Klere | • Loodgieter | • IT |
| • Konsertkaartjies | • Motorhuur | • Kelners |
| • Meubels | • Reisagente | • Kinderoppassers |
| • Musiekinstrumente | • Rekenaar | • Kombuispersoneel |
| • Radio's | • Spyseniering | • Landbou |
| • Rekenaars | • Taxi | • Naweek |
| • Selfone | • Toere | • Onderwys |
| • Speelgoed | • Troues | • Rekeningkunde |
| • Sporttoerusting | • Vermaak | • Sekuriteit |
| • Sportwedstrydkaartjies | • Versekering | • Veearts |
| • TV's | • Vervoer na lughawe | • Verpleging |

| Eiendom (*Property*) | Gemeenskap (*Community*) | Troeteldiere (*Pets*) |
|---|---|---|
| • Huis om te deel | • Aktiwiteite en stokperdjies | • Diereoppassers |
| • Huise te huur | • Kunstenaars | • Honde |
| • Kamers te huur | • Saamryklubs | • Katte |
| • Kantoorruimte | • Sportklubs | • Perde |
| • Kommersieel | • Taalkursusse | • Troeteldierdienste |
| • Vakansiehuise | • Vermis en gevind | • Troeteldierprodukte |
| • Woonstel om te deel | • Volwasse-onderrig | • Vermis en gevind |
| • Woonstelle te huur | | • Voëls |

**Het jy geweet?**

- 'n Mens kan enigiets wat jy wil koop, verkoop, ruil of huur in advertensies op die internet en in kleinadvertensies in koerante of tydskrifte adverteer.
- In **kleinadvertensies** (*smalls*) in koerante is daar onder meer ook **aankondigings** (*announcements*) van **geboortes** (*births*), **verlowings** (*engagements*), **troues** (*weddings*) en **sterftes** (*deaths*).
- Net die nodigste inligting word in sulke advertensies of aankondigings gegee. Dit is **gratis** (*free*) of redelik goedkoop om so te adverteer.

1. In watter een van die ses breë kategorieë sal jy soek as jy:
   a) werk soek?
   b) 'n huis wil koop of huur?
   c) iets wil koop?
   d) in 'n hond of kat belangstel?
   e) 'n elektrisiën of loodgieter benodig?
   f) meer wil uitvind oor aktiwiteite en stokperdjies in die omgewing waar jy woon?
2. Onder watter subkategorie sal jy soek as jy:
   a) 'n fotograaf soek om foto's by 'n troue te kom neem?
   b) wil weet waar jy 'n nuwe taal kan leer?
   c) 'n naweekwerk soek?
   d) 'n selfoon wil koop?
   e) wil uitvind waar jy ekstra wiskundelesse kan neem?
   f) iemand soek om 'n gebarste waterpyp by die huis te kom regmaak?
   g) 'n **geleentheid** (*lift*) na die lughawe nodig het?
   h) iemand soek om jou troeteldiere te kom oppas terwyl julle weg is?
   i) 'n verlore papegaai gekry het?
   j) 'n huismaat soek?
   k) joga wil doen?
   l) 'n ring wil koop?
   m) 'n platejoggie vir 'n partytjie soek?
3. Waarvoor staan die volgende **afkortings** in die uittreksel? Gee die Engels en vertaal dit dan in Afrikaans.
   a) CD's
   b) TV's
   c) IT




**Teks 61: Webblad**

### 4.4.9 Afrikaans sonder grense Graad 10

Vervolgens sal tekste in die graad 10- handboeke ondersoek word. Ten einde 'n volledige prentjie van die handboekreeks se bydrae tot die voorbereiding vir die NSS-eindeksamenvraestel te kry, kan die graad 10-handboek nie geïgnoreer word nie. Die moontlikheid bestaan ook dat die skrywers in graad 10 of 11 sterker op sekere aspekte van die kurrikulum kon fokus sodat meer tyd in graad 12 aan die toepassing daarvan in



© University of Pretoria

letterkunde en kreatiewe skryfwerk bestee kan word. Daarom word die graad 10-handboek by die ondersoek ingesluit.

### 4.4.9.1 Tekste vir leesbegrip

**Teks 62** gee wenke vir tieners om 'n nuwe jaar by 'n nuwe skool aan te durf. Die onderwerp behoort die leerders te interesseer. Dit is jammer dat die bron nie aangedui word nie. Dit maak dit moeilik om die konteks van die bron vas te stel en dit as lewensgetrou te aanvaar. Toepassing van die wenke sal die leerder in die *gesitueerde werklikheid* van 'n nuwe skool help om dit in *veranderde werklikheid* te omskep. Die vrae vereis van die leerder om die antwoorde in die teks te vind en neer te skryf. Daar is geen vrae wat toepassing, ontleding, evaluering of kreatiwiteit ontgin nie.

## Dis 'n nuwe jaar by 'n nuwe skool



1 Die klank van die wekker of die skoolklok wat lui, kan 'n mens wreed laat wakker skrik na die lang Desembervakansie met laat slaap soggens. Of jy nou daarvan hou of nie, jy moet skool toe gaan. Hier is wenke om die oorskakeling 'n bietjie makliker te maak.





2 Vind uit watter roete jy gaan volg, of jy nou skool toe stap, fietsry, saam met iemand ry, bus ry of per taxi gaan. As jy van openbare vervoer gebruik maak, moet jy seker maak hoeveel dit jou gaan kos om heen en weer te reis.

3 Kry ook jou skooluniform ten minste 'n week voor die tyd gereed. As dit nie 'n nuwe is nie, maak seker dat dit nog pas. Dalk het jy gedurende die vakansie gegroei. Sorg dat dit skoon en netjies is.

4 Gaan slaap vroeg die aand voor die skool begin, anders raak jy dalk in die klas aan die slaap. As jy nie genoeg slaap nie, sal dit ook vir jou moeilik wees om in die klas te konsentreer.

5 'n Mens moet liewer die eerste dag van die nuwe skooljaar 'n bietjie vroeër opstaan. Pak jou skooltas al die vorige aand in.

6 Kom vroeg genoeg by die skool aan en stap rond. Vind uit waar jou klasse, die toilette en die waterkrane is en maak seker waar jou klas is vir die eerste periode van die dag.



7 Een van die grootste bekommernisse by 'n plek soos 'n nuwe skool is: "Wat sal almal van my dink?" Die beste ding om te doen is om altyd jouself te wees. Dit is belangrik om selfvertroue te hê en met trots by die skool in te stap. Mense word aangetrek deur iemand wat selfvertoue en 'n positiewe gesindheid teenoor die lewe het.

8 'n Goeie manier om vriende te maak, is om by klubs aan te sluit of aan aktiwiteite deel te neem. Jy het nou 'n wonderlike kans om dinge te probeer wat jy nog altyd wou doen, soos om in 'n koor te sing, sport te beoefen of vrywilligerwerk te doen. Só ontmoet jy mense wat jou belangstellings deel en binnekort ken jy sommer 'n klomp mense.

9 Dit is egter ook baie belangrik om te onthou waarom jy eintlik by die skool is – om te leer. Fokus dus op jou skoolwerk. Kry 'n muurkalender en merk die datums van toetse, sportbyeenkomste, skoolfunksies, sperdatums vir projekte en eksamens. Luister aktief in die klas en maak aantekeninge om jou te help studeer en om dinge te onthou.

10 As jy om een of ander rede agter raak met jou skoolwerk, moet jy jou onderwyser laat weet. Dit is beter om 'n probleem vroeg aan te pak. As jou onderwyser weet jy sukkel met iets, sal hy of sy jou graag help.

11 Gaan praat met iemand wat jy kan vertrou as jy na 'n ruk steeds nie tuis voel by die nuwe skool nie, maar onthou, die meeste probleme by 'n nuwe omgewing is gewoonlik tydelik. Gee jouself dus tyd. Dit gaan 'n wonderlike skooljaar wees!



© University of Pretoria

**Woordeskat**


**binnekort**: *soon*; gou
**gesindheid**: *attitude;* houding; 'n manier van dink of doen
**omgewing**: *environment*; die deel van die wêreld waarin jy leef
**oorskakeling:** *transition*; verandering na iets nuuts
**openbare vervoer**: *public transport*, vervoermiddels soos taxi's en treine
**selfvertroue**: *self-confidence*; die geloof in jouself dat jy iets kan doen
**sperdatum**: *deadline*; datum waarop 'n taak klaar moet wees
**tydelik**: *temporary*; wat nie altyd sal aanhou nie
**vrywilligerwerk:** *voluntary work;* werk wat jy uit eie vrye wil doen om te help en gewoonlik nie vir betaling nie
**wekker**: *alarm clock;* 'n horlosie wat jou wakker maak
**wreed**: *cruel;* gevoelloos; wat seermaak


## Hoe goed verstaan jy die teks?

Lees die hele teks aandagtig deur en beantwoord die volgende vrae.

1. Vul die twee ontbrekende woorde in.
   Leerders moet die aand voor die skooljaar begin, vroeg gaan slaap, want dit help jou om ____ te bly in die klas en beter te ______.
2. Nuwe leerders moet weet waar alles by die skool is. Noem drie van hierdie plekke. (Skryf net die drie woorde neer.)
3. Watter twee karaktereienskappe bewonder ander mense in 'n persoon, volgens die teks?
4. Wat moet 'n mens onthou as jy 'n vreemdeling ontmoet?
5. Noem drie aktiwiteite waaraan 'n leerder by die skool kan deelneem om nuwe vriende te maak.
6. Voltooi die sin: Dit is nuttig vir 'n leerder om 'n muurkalender te hê, want ...
7. Skryf die ontbrekende woord neer: 'n Onderwyser sal 'n leerder wat sukkel beter kan help as hy of sy die leerder se probleem ____.
8. Watter woord in die laaste paragraaf beteken "nie vir altyd nie" en wys dat 'n mens se probleme by 'n nuwe skool gewoonlik nie permanent is nie.





**Teks 62: Nuwe skool**

Die foto by die kop van die berig oor *Overtone* se storie van geluk (**Teks 63**) is ietwat misleidend. Iemand wat nie bekend is met die groep nie, sal eerstens dink dat die artikel oor hierdie vrou se storie van geluk handel. Die artikel wat in *Volksblad* gepubliseer is, handel eintlik oor die groep *Overtone* en hoe hulle deur Clint Eastwood en sy vrou Diana raakgesien is (*kritiese raamwerk*). Hulle musiek was deel van die *Invictus*-film en dit was vir hulle die begin van groot dinge (*veranderde werklikheid*). Hulle is Amerika toe en Diana het hul bestuurder geword. Hulle het groot planne vir die toekoms gehad. Slegs een uit die nege vrae vereis dat die leerder moet aandui waarom Diana Eastwood soveel moeite




© University of Pretoria

vir die groep gedoen het. Die res van die vrae vereis bloot dat die leerder die teks verstaan en die antwoorde vind en neerskryf.

### Lees: 'n Artikel

## Overtone se storie van geluk



Met die filmregisseur Clint Eastwood en sy vrou Diana se besoek in 2009 aan Suid-Afrika, het 'n groot geluk op die Oos-Randse groep Overtone se pad gekom.

Die Eastwoods was hier vir die rolprent *Invictus*, wat hy gemaak het, en het Overtone in 'n huldeblyk vir die blinde Freddy Mercy hoor sing. Hulle het onmiddellik die talent van die sewe jong mans raakgesien. Clint het 'n klankbaan vir sy rolprent oor Nelson Mandela en Suid-Afrika se oorgang van apartheid nodig gehad. Hy was so beïndruk met die a capella-klanke van Overtone dat hy hulle dadelik vir 'n opname van hul liedjies gevra het.

Dit was die begin van groot dinge.

Diana was 'n nuusleser en aanbieder op TV voordat sy hul twee dogters grootgemaak het. Sy het die gelukkige vrou geword wat die Suid-Afrikaanse groep Overtone bestuur. Die Eastwoods het Overtone na Amerika geneem en Diana is nou die groep se bestuurder, surrogaatma, suster en vriendin.

Sedert 2009 bly die groep in Amerika waar hulle aan hulle musiekloopbaan werk. Hulle het in 'n stadium by die Eastwoods in die huis gebly terwyl 'n kameraman alles wat hulle doen, verfilm het.

In Las Vegas het hulle vir drie maande agt uur per dag in die Wynn-hotel gesing. Hulle het eelte op hulle vingers gehad van mikrofoon vashou!

Die groep tree gereeld op verskillende plekke in Amerika op. Hulle was op die SXSW-musiekfees in Texas en op toer saam met die sangeres Corinne Bailey Rae, wat vir die treffer "Put Your Records On" gesorg het.

Hoewel hulle steeds op a capella fokus, leer die lede almal 'n instrument speel omdat hulle na 'n meer kommersiële klank mik.

Diana het nog 'n droom vir die ouens. Sy wil 'n werklikheidsreeks oor haar rol as die bestuurder en die lewe met Overtone begin. Vir die loods-episode wil sy die film wat die kameraman in haar huis gemaak het, gebruik.

Die groeplede werk aanmekaar, maar kom darem gereeld in Suid-Afrika kuier.

*(Uit: Volksblad, 14 Maart 2011)*

**Woordeskat**

W

**beïndruk:** *impressed*; bewonder en hou baie van iets
**huldeblyk:** *tribute*; bewys van bewondering of respek
**klankbaan:** *sound track*; musiek in 'n film
**loods-episode:** *pilot episode*; episode wat as advertensie gewys word
**oorgang:** *transition*; verandering van een ding na 'n ander
**werklikheidsreeks:** *reality show*; 'n program wat in die werklikheid verfilm word

### Hoe goed verstaan jy die artikel?

1. Hoe het dit gebeur dat die Eastwoods Overtone hoor sing het?
2. Waarom het Clint Eastwood vir 'n opname van hulle liedjies gevra?
3. Waaroor is Clint Eastwoord se fliek *Invictus*?
4. Wie is die groep se bestuurder?
5. Watter werk het Diana Eastwood vroeër gedoen?
6. Is die volgende stelling waar of onwaar? Gee 'n rede vir jou antwoord. Nadat Overtone agt uur per dag in 'n hotel in Las Vegas gespeel het, het hulle eelte op hulle vingers gehad van kitaar speel.
7. Kies die opsie wat die sin korrek voltooi:
   Die lede van Overtone leer instrumente speel, want hulle ...
   a) wil op a cappella fokus.
   b) was op die SXSW-musiekfees in Texas.
   c) wil meer kommersieel klink.
   d) was op toer met Corinne Bailey Rae.
8. Waaroor sal die werklikheidsreeks gaan?
9. Waarom, dink jy, doen Diana Eastwood soveel moeite vir Overtone?

**Teks 63: Overtone**



© University of Pretoria

Die artikel oor *Freshly Ground* (**Teks 64**) is waarskynlik deur een van die skrywers self geskryf. Dit maak dit moeilik om te bepaal of die artikel op feite gebaseer is en wanneer presies dit gepubliseer is *(kritiese raamwerk*). Dit wil voorkom asof die artikel uit 'n klompie sinne saamgeflans is. Die teks is nie lewensgetrou nie en sal beslis nie in hierdie formaat in 'n koerant of tydskrif gepubliseer word nie. Vraag 5, 8 en 10 vereis dat die leerder na die foto's kyk en sekere afleidings (*kritiese raamwerk)* daaruit maak. Vraag 11 vereis dat die leerder die laaste sin van die teks verduidelik.

## Hersiening

Lees die artikel oor die groep Freshlyground en kyk na die foto's. Beantwoord dan die vrae in jou eie woorde tensy anders gevra.

Die Afropop-groep Freshlyground is in 2002 in Kaapstad gestig en het sewe lede, van wie party van Mosambiek en Zimbabwe kom. Hulle eerste trefferliedjie, *Doo Bee Doo*, het hulle amper nie eens opgeneem nie.



Die klankingenieur was eers een van die beste klawerbordspelers. In 2004 het hulle by die parlementsopening gespeel. Hulle het in 2006 die Best African-toekenning van MTV in Kopenhagen gewen. In 2008 het hulle vier SAMA-toekennings gewen.



Freshlyground speel rock, kwela, blues en jazz. Die voorsanger is Zolani Mahola, en haar unieke stem dra by tot die groep se unieke styl.

Simon Attwell speel die fluit, mbira en mondfluitjie, Peter Cohen die tromme en Kyla Rose Smith speel viool en sing in die agtergrond. Julio "Gugs" Siguaque is die akoestiese kitaarspeler, Josh Hawks speel die baskitaar en help met agtergrondsang, en Aron Turest-Swartz speel die klawerbord, slaginstrumente en sing ook in die agtergrond.



Van hierdie groep gaan ons nog baie hoor!

1. Wanneer en waar is Freshlyground gestig? (2)
2. Watter soort groep is Freshlyground? (1)
3. Skryf net die korrekte sinsdeel neer.
   Die liedjie *Doo Bee Doo* was (byna nie opgeneem nie, hulle grootste treffer). (1)
4. Kies die korrekte woorde tussen hakies.
   a) Die groep se klankingenieur kan goed (baskitaar, klawerbord) speel. (1)
   b) In 2001 het Freshlyground by die (parlementsopening, Sokkerwêreldbeker) opgetree. (1)
5. Met watter geleentheid is foto 1 geneem? Hoe weet jy dit? (2)
6. Watter bydrae lewer Zolani Mahola tot die groep? Antwoord deur 'n sinsdeel uit die teks aan te haal. (1)
7. Gee die name van die groeplede wat in die agtergrond sing. (3)
8. Watter lid van die groep herken jy op die voorgrond in foto 2? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
9. Watter soort kitare word deur Freshlyground bespeel? (2)
10. Watter inligting kry jy op foto 3? (2)
11. Waarom word daar gesê dat ons nog baie van die groep gaan hoor? (2)

**Totaal: 20**

**Teks 64: Freshly Ground**



© University of Pretoria

**Teks 65** handel oor 'n balspel wat deur twee avonturiers van Knysna uitgedink is. Hulle het in Duitsland 'n prys daarvoor gewen (*veranderde werklikheid*) en hulle het navrae van regoor die wêreld gekry. In die artikel word ook verduidelik hoe die spel gespeel word (*openlike onderrig*). Die visuele voorstelling van die spel, maak dit makliker vir die leser om die spel te verstaan. Die vrae wat op die teks gebaseer is, is redelik uitdagend en vereis die insig dat die visuele voorstelling 'n groot rol in die verstaan van die spel speel. Die leerder moet die verband tussen die speletjie en die naam daarvan verduidelik en moet ook beoordeel of die instruksies eenvoudig genoeg is dat die spel maklik gespeel kan word (*kritiese raamwerk*).

## Knysna-broers se balspel wen prys vir nuwe sportsoort

'n Nuwe balspel deur twee avonturiers van Knysna het 'n toekenning gekry as beste uitvindsel by een van die grootste sporthandelskoue in die wêreld wat in München, Duitsland gehou is.

Die balspel, genaamd 360Ball, is die uitvindsel van Mark en John Collins. Hulle bedryf tans 'n maatskappy wat onder meer sportgeleenthede reël.

Hierdie balspel, die enigste inskrywing uit Afrika, het meegeding met 284 ander nuwe sportsoorte en is deur beoordelaars aangewys as die algehele wenner in die afdeling vir nuwe sportuitvindsels.

Die idee vir die unieke balspel het ontstaan toe die broers as kinders 'n soortgelyke speletjie in die agterplaas gespeel het deur 'n bal van 'n houtskyf af te slaan.

Die spel is intussen aangepas en die bal word nou van 'n ronde skyf op 'n sirkelvormige baan deur twee spelers, of twee spanne van twee spelers elk, geslaan.

"Die baan kan binne 'n halwe dag opgerig word en het 'n deursnee van 9,2 m," het me. Christine Collins, woordvoerder, gister gesê.

Die baan het nie spesifieke kante nie en die spelers moet heeltyd in die rondte beweeg om die bal raak te slaan. Tennisrakette en -balle kan gebruik word.


Volgens Collins het die broers reeds navrae van oor die hele wêreld ontvang. "Instellings soos gimnasiums en skole kan baat vind by die balspel."

'n Nuwe 360Ball-baan is intussen op Thesen-eiland by Knysna opgerig.

**Hoe werk die spel?**

1. 'n **Muntstuk** word opgeskiet om te bepaal wie begin.
2. Die beginspan slaan die bal na die **ronde skyf** in die middel van die baan.
3. 'n Lid van die ander span moet **hardloop** na waar die bal gehop het en dit **terugslaan** na die middel, waarna 'n lid van die beginspan weer die bal moet slaan.
4. 'n Stel hou aan totdat 'n span die **bal mis** en die bal op die grond beland.
5. Die span wat laaste die bal raakgeslaan het, **kry die punt**.
6. 'n Wedstryd bestaan uit **vyf stelle**. Die span wat die meeste stelle gewen het, wen die wedstryd.

*(Uit: Die Burger, 23 Desember 2010)*




### Hoe goed verstaan jy die artikel?

1. Watter inligting in die eerste paragraaf laat 'n mens dink dat 360Ball 'n goeie uitvindsel is?
2. Wat is die minimum getal spelers wat hierdie spel kan speel?
3. Waar het die Collins-broers hul idee vir die spel gekry?
4. Hoe besluit die spelers wie die spel gaan begin?
5. Kies die **korrekte woord** tussen hakies:
   Die spel word op 'n (ronde baan, ronde skyf) gespeel.
6. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**? Haal 'n sin aan om jou antwoord te staaf.
   Dit neem lank om 'n 360Ball-baan op te rig.
7. Verduidelik in een volsin waarom die nuwe sportsoort 360Ball genoem word.
8. By watter plekke waar sport beoefen word, sal die nuwe spel gespeel kan word?
9. In watter dorp is daar 'n 360Ball-baan?
10. Kies die **korrekte** antwoord:
    'n Mens verstaan die spel se reëls beter omdat:
    a) 360Ball met 'n raket en bal gespeel word.
    b) daar 'n tekening van die 360Ball-baan is.
    c) 360Ball 'n splinternuwe sportsoort is.
    d) 360Ball deur min spelers gespeel word.
11. In die artikel word besonderhede gegee oor die **toerusting** (*equipment*) wat vir die spel nodig is. Sou 'n mens die spel sonder hierdie inligting kon verstaan?
12. Watter toerusting is nodig om 360Ball te speel?
13. Dink jy die verduideliking van hierdie spel is goed? Gee 'n rede vir jou antwoord?
14. Sal jy die spel kan speel noudat jy die verduideliking gelees het? Motiveer jou antwoord.

**Teks 65: Balspel**



© University of Pretoria

*Van Agulhas tot Pafuri*, beskryf die reis wat Johan Badenhorst saam met 'n groep mense aangepak het. In **Teks 66** word die hele reis uiteengesit en die kaart maak dit vir die leser maklik om die roete te volg. Verder word foto's verskaf om 'n idee te gee van wat hulle op hul pad teëgekom het. Daar word 'n bepaalde atmosfeer geskep en die leerder moet dit kan beskryf. Dit vereis 'n basiese kennis van windrigtings om die rigting waarin hulle beweeg te verduidelik, Vraagstelling vergelyk glad nie met die manier waarop vraagstelling oor die afgelope paar jaar aangepas is nie. Vrae oor die tipe verteller word eerder by letterkunde as by leesbegrip gevra.

## Lees en kyk: 'n Reisjoernaal: Van Agulhas tot by Pafuri

Bestudeer die woordeskat sodat julle die vertelling beter kan verstaan.

**Woordeskat**

**bergpas**: *mountain pass*
**gereed**: *ready*
**goedere**: *goods*
**grondpad**: *gravel road*
**pont**: *ferryboat*
**skaapbredie**: *mutton stew*
**suidelike punt**: *southern point*
**volstruise**: *ostriches*
**walvisse**: *whales*
**bloukransvoëls**: *blue cranes*
**gereed-om-te-eet**: *ready to eat*
**grenspos**: *border post*
**in 'n japtrap**: *in a jiffy*
**reisjoernaal**: *travel journal*
**skouspelagtige**: *most spectacular*
**voetspore**: *footprints*
**vuurtoring**: *lighthouse*

Kom ons toer saam met Johan Badenhorst. Lees sy vertellinge oor dié reis in sy reisjoernaal. Kyk na die foto's en die kaart met die roete.

### Dis nou tyd



Dis nou tyd vir 'n nuwe Voetsporereis. 'n Nuwe avontuur, met splinternuwe ontdekkings en ondervindings.

Ons kom bymekaar by die Backpackers op Struisbaai. Ek, Streicher en Andrè Bester is eerste daar, die ander mense wat saamreis, kom later by. Die inpak vir die reis het nie gister begin nie. Dit was maande se organisasie en beplanning. Maar alles val uiteindelik in plek. Ons is gereed. Reg vir die ding.



Ons beginpunt is Agulhas. Dis waar die twee groot oseane ontmoet, waar die Atlantiese Oseaan en die Indiese Oseaan bymekaarkom. Dis waar die reis begin, by die mees suidelike punt van Afrika. Elkeen gaan staan met sy een voet in die Atlantiese en ander voet in die Indiese oseaan! Ons neem baie foto's.

Ons besoek natuurlik die bekende vuurtoring van Agulhas. Dié toring staan reeds vir meer as 160 jaar daar. En wat 'n pragtige toring is dit nie – heel uniek. Van hier af reis ons noord.

**Het jy geweet?**

Die mees suidelike punt waar die twee oseane bymekaarkom, is by Agulhas en nie by Kaappunt nie.



Na Agulhas maak ons 'n draai by Waenhuiskrans. Sy ander naam is Arniston. Dié plekkie is só besonders, hy het sommer twee name. Daar is heelwat walvisse in die blougroen baai. Dis 'n pragtige deel van ons land. Sò mooi, dis moeilik om ons ry te kry. Maar ons ry voort, tot by Bredasdorp, en dan met die grondpad verder deur die geel kanolalande van die Overberggebied, verby volstruise en bloukransvoëls en kom dan by die Breederivier. By Malgas gaan ons oor die pont.

Dis al amper tienuur die aand toe ons in Cradock aankom. Ons gaan slaap in een van die historiese, gerestoureerde huisies. Gelukkig het ons gereed-om-te-eet-skaapvleis-pakkies by ons. Binne 'n japtrap het ons 'n heerlike bord skaapbredie met Smash gereed. Nie 'n slegte manier om 'n lang dag mee af te sluit nie.



Baie dae later is ons deur die Lesotho-grenspos en af met die Sani-pas. Die Sani-pas is een van die skouspelagtigste passe in Suider-Afrika. Dis baie intimiderend, maar wanneer dit nie sneeu nie, is dit eintlik nie so moeilik nie.

Sani-pas is die enigste manier om oor die Drakensberge te kom, van KwaZulu-Natal na Lesotho. Dis die roete tussen Underberg en Mokhotlong. Dié bergpas is sowat nege kilometer lank. Dié







**Teks 66: Van Agulhas tot Pafuri**



© University of Pretoria

## Lees hardop: 'n Koerantberig

Verbeel jou jy moet die koerantberig "Taxi-triomf" oor die radio lees. Dit gaan oor die twee mense wat *Mama Taxi* skryf. Berei die berig by die huis voor en lees dit hardop in die klas.



**Wenke**

- Lees vloeiend.
- Spreek woorde duidelik uit.
- Onthou om by die leestekens soos 'n komma [,] en 'n punt [.] asem te haal en lank genoeg te wag tot jy verder lees.
- Lees met gevoel sodat jy wys dat jy die teks verstaan: lees soms sag, soms hard, soms vinnig, soms stadig.

# Taxi-triomf

1 Soms wérk iets net.

2 Dit is sonder twyfel die geval wanneer 'n mens met Deni Brown en Gavin Thomson gesels oor hul produk *Mama Taxi*.

3 Deni, voorheen 'n rock-musikant, beklemtoon dat dit regtig harde werk is om 'n plek in die strokiesprentbedryf te kry. Die rede hiervoor is dat plaaslike strokies moet meeding met gevestigde strokies soos *Garfield* (*Stoffel*), *Peanuts* en *Calvin & Hobbes* – oorsese, gesindikeerde produkte.

4 Gavin, wat reeds 'n hele ruk as illustreerder werk, erken dat dit 'n opdraande tog was. "As jy in 'n koerant plek kry, is dit in die plek van iemand se ou gunsteling-strokie; dan hou hulle jou vir die verandering verantwoordelik."

5 Deni en Gavin werk goed saam, só goed dat *Mama Taxi* vandag in etlike koerante oor die land verskyn en ook in boekformaat op die rakke is.

6 Hul werkproses is gegrond op 'n heen-en-weer-stuur van idees tussen hul werksplekke. Deni sal die idee vir die spesifieke strokie uitdink, die dialoog uitwerk, rofweg skets en dan aanstuur na Gavin, wat dit volledig skets. Hy stuur vir haar 'n voorskou terug, en volgens Deni kom dit altyd beter terug as wat sy verwag. Sy weet 'n spesifieke strokie sal goed werk as Gavin se voltooide produk haar laat glimlag.

7 Aan idees vir die strokie is daar nie 'n tekort nie. Deni put inspirasie uit "gesprekke wat ek hoor, die media, dinge wat langs die kant van die pad gebeur … Ek ry rond met 'n aantekeningboek op my skoot," vertel sy laggend.

8 Dit is ooglopend dat Deni haar karakters geniet. "Mavis, die getroude vrou wat die taxi bestuur, is plat op die aarde. Aan die ander kant is Zandi, haar suster, meer lighartig, altyd op soek na 'n man, altyd met 'n klomp wilde idees in die kop. "Zandi gee dan natuurlik vir 'n mens 'n lekker klomp materiaal om mee te werk."

9 Daar is 'n hele paar ander karakters – soos Frikkie die polisieman en Vusi, Mavis se man – wat 'n rol speel.

10 Die doel van *Mama Taxi* is nie om 'n politiese spotprent te wees nie. "Die strokie lewer eerder sosiale kommentaar op alledaagse gebeure. Die idee is bloot om mense te laat glimlag.

11 "Dit gaan uiteindelik oor die lewe agter die taxi se stuurwiel, en het die doel om mense 'n ander perspektief hierop te gee. Taxi-bestuurders is ook net mense."

12 Net voor hulle eerste *Mama Taxi*-boek se verskyning, het Gavin gesê: "Dit is wonderlik om te dink dat ons iets blywends tot Suid-Afrika se geskiedenis kon bydra."

*(Uit: Beeld, 28 Oktober 2008)*

**Woordeskat**

**blywends:** *lasting*; wat permanent is
**gevestigde:** *established*; wat reeds lank bestaan
**opdraande tog:** *uphill battle*; moeilike taak
**plaaslike:** *local*; van of in 'n spesifieke plek
**sonder twyfel:** *without doubt*; iets waaroor 'n mens seker is
**strokiesprentbedryf:** *cartoon industry*; organisasies wat geldmaak uit strokies
**voorskou:** *preview*; wat jy voor die finale weergawe sien

## Hoe goed verstaan jy die koerantberig?

1. Watter werk het Demi en Gavin voorheen gedoen en watter werk doen hulle nou?
2. Waarom is dit moeilik om suksesvol in die strokiesprentbedryf te wees?
3. Waarom is party mense ongelukkig as 'n nuwe strokie plek in 'n koerant kry?
4. Hoe weet 'n mens dat *Mama Taxi* suksesvol is?
5. Plaas die volgende stappe in die manier hoe Demi en Gavin werk in die korrekte volgorde:
   - Demi skets die idee rofweg.
   - Gavin teken die strokie volledig.
   - Demi dink aan 'n idee vir 'n strokie.
   - Demi werk die dialoog uit.
6. Waar kry Demi idees vir die strokies?
7. Wat is die **verhouding** (*relationship*) tussen Mavis en Zandi?
8. Noem een verskil tussen Mavis en Zandi.
9. Wat is die doel van *Mama Taxi*?
10. Watter woord in die laaste paragraaf beteken min of meer dieselfde as "permanents"?

**Teks 67: Taxi-triomf**

**Teks 67** oor die strokiesprent *Mama Taxi* is geskryf na aanleiding van 'n onderhoud met die skeppers daarvan. Hulle verduidelik dat dit nie maklik is om 'n geleentheid te kry nie, aangesien mense baie lojaal teenoor ou gunstelinge bly (*gesitueerde werklikheid*). Die strokiesprent is nou suksesvol en hulle verduidelik die proses wat hulle volg en wie die karakters is waaruit hulle inspirasie put (*kritiese raamwerk*). Dit mag voorkom asof die strokiesprent polities van aard is, maar dit lewer eerder sosiale kommentaar op alledaagse gebeure met die doel om mense te laat lag. Vanaf 2005 tot 2018 het *Mama Taxi* in die strokiesblaaie van byna elke nasionale daaglikse koerant, in Engels en Afrikaans, asook in die *People*-tydskrif verskyn, en is in verskeie advertensies gebruik



© University of Pretoria

(Thompson 2019). Wat die strokiesprent so suksesvol gemaak het, was die feit dat dit in die Suid-Afrikaanse konteks geskryf (*kritiese raamwerk*) is en mense maklik daarmee kan identifiseer. Die sukses daarvan kan ook toegeskryf word aan 'n spanpoging tussen Deni Brown en Gavin Thomson. Die skeppers het elkeen hul unieke talente gebruik om hierdie eindproduk te lewer (*veranderde werklikheid*). Gavin Thompson was altyd 'n illustreerder, maar Deni was eers 'n *rock*-musikant – 'n sprekende voorbeeld van twee mense wat deursettingsvermoë getoon het totdat hulle uiteindelik hul drome kon verwesenlik. Deni het ook van loopbaan verander. Vraagstelling ontgin denke op verskillende vlakke en daag die leerder uit om nie net verskille tussen die karakters te identifiseer nie, maar ook die verhouding tussen hulle te beskryf.

## Lees: 'n Inligtingsteks

1 Joernaliste kommunikeer elke dag met mense.

2 Hulle werk by koerante, tydskrifte, radiostasies en televisiestasies. Vir koerante en tydskrifte samel hulle al die nuus in, skryf artikels daaroor en redigeer die artikels. By radio- en televisiestasies stel hulle die programme saam en bied dit aan. Hulle lig mense in, voed hulle op en vermaak hulle. Die omgewing waarin die joernaliste werk, word die media genoem.

3 Om 'n joernalis te word moet jy goed doen in tale en die skryf van opstelle. Vakke wat 'n mens se algemene kennis verbreed, sal help. 'n Joernalis moet ook rekenaarvaardig wees en dit sal help as jy vinnig kan tik.

4 'n Graad (nie altyd in die joernalistiek nie) of ten minste 'n diploma (in die joernalistiek) is die belangrikste paspoorte na 'n loopbaan in die joernalistiek.

5 By baie Suid-Afrikaanse universiteite kan nagraadse studente hulle vir 'n jaar lange joernalistiekkwalifikasie inskryf. Omdat daar baie verskillende soorte joernaliste is, word geen spesifieke graad of vakke vir toelating vereis nie. By van die universiteite vir tegnologie kan studente ná 'n studie van drie jaar 'n diploma in die joernalistiek behaal. Hulle kan ook 'n jaar langer studeer om die graad BTech in joernalistiek agter hul naam te skryf.



6 Joernaliste het 'n baie lekker werk. Hulle leer interessante en bekende mense ken. Hulle kan opwindende plekke oor die wêreld besoek.

7 Die nadeel is dat hulle lang ure werk. Hulle werk ook dikwels ongereelde ure. By oggendkoerante moet hulle van laat in die middag tot om middernag werk. By middag- en aandkoerante is die gereelde werktyd miskien van douvoordag tot in die middag. Radio- en televisieverslaggewers werk dag- of aandskofte. Tydskrifjoernaliste werk gewoonlik bedags. Die gejaag om spertye te haal, veroorsaak stres.

8 Tog is daar gebore "nuusjagters" wat die opwinding van die lewe van 'n joernalis vir min ander werke sal verruil.

**Woordeskat**

**algemene kennis:** *general knowledge*; kennis wat jy kry deur te lees, televisie te kyk, radio te luister
**douvoordag:** *early in the morning*; vroeg in die oggend
**graad:** *degree*; kwalifikasie dat jy aan 'n universiteit studeer het
**middernag:** *midnight*; twaalfuur in die nag
**nuusjagter:** *newshound*; iemand wat baie graag nuus soek
**redigeer:** *edit*; soek foute in skryfwerk en maak dit reg
**rekenaarvaardig:** *computer literate*; weet hoe om met 'n rekenaar te werk

## Hoe goed verstaan jy die inligtingsteks?

1. Noem twee dinge wat joernaliste by tydskrifte doen.
2. Wat doen 'n joernalis by 'n radiostasie?
3. Die omgewing waar joernaliste werk, word 'n werkplek genoem. Is die stelling waar of onwaar? Motiveer jou antwoord deur een woord uit die teks aan te haal.
4. Voltooi: Die grootste werk van 'n joernalis is om ____ en ____ te doen.
5. Noem twee dinge wat jy moet hê om 'n joernalis te word.
6. Sal 'n student met 'n diploma in die joernalistiek verder as joernalis kan studeer? Motiveer jou antwoord.
7. Hoe lank is 'n nagraadse kwalifikasie in joernalistiek? Antwoord deur twee woorde uit die teks aan te haal.
8. Kies die regte antwoord:
   Die nadeel van joernaliste se werk is dat hulle:
   a) elke dag in 'n kantoor werk.
   b) lang ure werk.
   c) bekende mense leer ken.
   d) net in die oggend werk.
9. Noem een rede hoekom die werk van 'n joernalis lekker kan wees.
10. Wat kan stres vir joernaliste veroorsaak?
11. Is die volgende stelling 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord.
    Om 'n joernalis te word moet jy goed doen in tale en die skryf van opstelle.
12. Lees paragraaf 7 weer. Wat is die skrywer van die teks se houding teenoor die werk van 'n joernalis?
13. Som die positiewe en negatiewe eienskappe van 'n joernalis se werk in 'n tabel soos die een hieronder op.

| Positiewe eienskappe | Negatiewe eienskappe |
|---|---|
| | |

14. Wat impliseer die volgende sin oor wat die skrywer van die teks van die werk van 'n joernalis dink?
    Die gejaag om spertye te haal, veroorsaak stres.

**Teks 68:Joernalistiek**



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bekendstelling aan 'n verskeidenheid beroepe het beslis waarde. Die inligtingsteks (**Teks 68**) oor joernalistiek moet egter lewensgetrou en geloofwaardig wees om leerders se nuuskierigheid te prikkel en verdere navorsing aan te moedig. Om die teks lewensgetrou te maak, sou vereis dat dit van 'n opskrif voorsien word. Die opskrif skep 'n sekere verwagting by die leser en behoort die leser se nuuskierigheid te prikkel (*kritiese raamwerk*). Die bron waarin die teks verskyn het, help om die teks binne 'n bepaalde konteks (tyd, plek en teikengroep) te plaas en beïnvloed die geloofwaardigheid van die teks. Dit is moeilik om vas te stel of die teks op feite gebaseer is, aangesien dit nie bevestig kan word of die bron gesaghebbend is nie. Vrae word wel op verskillende vlakke van eenvoudig tot meer kompleks gevra. Daar is dus sprake van steierwerk en die toepassing van Bloom se hersiene taksonomie, wat verskeie denkvlakke assesseer.

### Lees: 'n Artikel

Lees die tydskrifartikel oor die aktrise Anna-Mart van der Merwe.

## Anna-Mart, een van Suid-Afrika se bestes!

1 Anna-Mart van der Merwe is een van die bekendste aktrises in Suid-Afrika. Sy het al in baie verhoogdramas, televisiesdramas en flieks gespeel.

2 Anna-Mart het aan die Weskus grootgeword en later drama aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer.

3 Die eerste drama waarin sy gespeel het, was *Uitdraai*. Daarna het die een rol na die ander gevolg. Onlangs was sy weer te sien as Christelle in die sepie *7de Laan*, in *Binneland Sub Judice* en in die film *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*.



4 Die regie van *Hanna Hoekom* is deur Regardt van den Bergh gedoen. Volgens Anna-Mart is dit besonder lekker om saam met hom te werk. Die teks het sy ook baie geniet omdat baie kinders vandag met alternatiewe gesinne te doen kry.

7 Die publiek se liefde vir Anna-Mart is vir haar kosbaar.

6 Oor haar gewildheid as aktrise is Anna-Mart baie beskeie. "Vir my geslag is gereelde en harde werk belangrik. Ek moet my rekeninge betaal en 'n dak oor my kop hê. Sepies het dit makliker vir akteurs gemaak. 'n Gereelde inkomste is nie te versmaai nie."

5 Anna-Mart is 'n talentvolle aktrise wat uiteenlopende vrouekarakters kan speel. Dit is vir haar wonderlik om verskillende rolle te speel. Sy onthou spesifiek *Die verhaal van Klara Viljee*. Net toe sy Chris Barnard se teks begin lees het, het sy gevoel hoe die karakter deur die dialoog in haar lyf spring.

*(Uit: Rooi Rose, September 2010)*

**Woordeskat**

**bekendste:** *well known*; van wie baie mense weet
**beskeie:** *modest*; nie trots nie
**geslag:** *generation*; mense van 'n sekere ouderdomsgroep
**gewildheid:** *popularity*; populariteit
**kosbaar:** *dear*; iets wat baie waarde vir jou het
**uiteenlopende:** *diverse*; wat baie verskil

### Hoe goed verstaan jy die artikel?

1. Noem twee soorte dramas waarin Anna-Mart al gespeel het.
2. Waar het sy gestudeer?
3. Is die volgende stelling waar of onwaar? Motiveer jou antwoord.
   Die eerste drama waarin sy gespeel het, was *Die verhaal van Klara Viljee*.
4. Watter rol het sy in *7de Laan* gespeel?
5. Wie is die regisseur van *Hanna Hoekom*?
6. Noem twee redes hoekom Anna-Mart van die maak van die fliek *Hanna Hoekom* gehou het.
7. Wie was die skrywer van die draaiboek *Klara Viljee*?
8. Verduidelik hoe Anna-Mart gevoel het toe sy *Klare Viljee* gelees het.
9. Kies die regte antwoord:
   Anna-Mart is beskeie oor haar gewildheid, beteken sy:
   a) praat baie daaroor
   b) is trots daarop
   c) spog nie daaroor nie
   d) skryf daaroor.
10. Hoe het sepies die lewe vir akteurs makliker gemaak?
11. Watter karaktereienskappe van Anna-Mart is duidelik in die teks?
12. Waarom word die titels van soveel produksies waarin Anna-Mart al gespeel het, in die teks genoem?

**Teks 69: Anna-Mart van der Merwe**



© University of Pretoria

**Teks 69** oor Anna-Mart van der Merwe het in 2010 in *Rooi Rose* verskyn. Sy word as een van Suid-Afrika se beste aktrises gereken. Alhoewel sy steeds 'n bekende aktrise is, is sy nou heelwat ouer en nie noodwendig identifiseerbaar nie. Dit is duidelik dat die teks aansienlik aangepas is. Sommige feite is nie korrek nie en die woordorde is soms ook problematies. Dit is belangrik om sover moontlik binne strukture te werk sodat leerders dit in die tekste wat hulle lees kan raaksien en weer in hul eie skryfwerk kan toepas. Leerders moet bewus wees van die verskil tussen 'n informele gesprek en die skryf van 'n artikel in Standaardafrikaans. Die teks vloei nie gemaklik nie en kan hoogstens as 'n opsomming van die oorspronklike artikel gesien word.

Wanneer 'n teks nie in die oorspronklike formaat gebruik word nie, behoort dit in die bronverwysing as 'n hersiene of verwerkte weergawe aangedui te word. Die feit dat die teks in blokke verdeel is, maak dit vir die leerder maklik om die inligting op te spoor. Vraagstelling is ietwat beperk, weens die beperkte teks, maar hoërorde-denkvaardighede word wel aangespreek.

## Lees: 'n Resensie

Lees die **resensie** (*review*) van 'n Suid-Afrikaanse fliek.

## *Spud* maak 'n mens trots

1 Sedert John van de Ruit se eerste *Spud*-boek in 2005 verskyn het, het dit een van die mees gelese boeke in Suid-Afrika geword. Daar is 160 000 boeke van *Spud* verkoop. Toe verskyn daar 'n opvolg, en toe nog 'n derde boek en uiteindelik 'n fliek!

2 John "Spud" Milton is 'n skaam seun van Durban wat na 'n seunskool gestuur word. En met ouers wat hom gedurig skaam maak, gryp hy die kans met albei hande aan!

3 Maar die koshuislewe is nie altyd so lekker nie, en ons volg Spud in die fliek deur die lekker en die sleg van sy eerste jaar op hoërskool. Sy maats staan vinnig bekend as die Crazy Eight, en 'n mens skater van die lag vir hulle. Dan is daar nog die onderwysers: The Guv en Spare Rib om maar twee te noem. En die operette, en die meisies van die meisieskool, en die Mermaid, en natuurlik, Gecko.

4 Die fliek is verfilm by Michaelhouse in KwaZulu-Natal. Dit, die Natalse natuurskoon, goeie akteurs en uitstekende fotografie laat 'n mens na die tyd met 'n heerlike, trots Suid-Afrikaanse gevoel.

*(Uit: Sarie, Maart 2011)*




## Hoe goed verstaan jy die resensie?

1. Is die **resensent** (*reviewer*) positief of negatief oor die film? Motiveer jou antwoord.
2. Is die volgende stellings **waar** of **onwaar**? Gee 'n rede vir jou antwoord.
   a) In paragraaf 2 sê die resensent dat alle seuns skaam vir hulle ouers is.
   b) In paragraaf 3 **veralgemeen** (*generalise*) die resensent oor die koshuislewe.

**Teks 70: Spud**



© University of Pretoria

*Spud maak ’n mens trots*, bestaan uit ’n plakkaat en resensie. In 2011 sou *Spud* moontlik as ’n geskikte teks gesien kon word, maar daar het intussen soveel nuwe films verskyn, dat dit nie noodwendig hedendaagse leerders sal beïndruk nie. Verder sal die Afrikaans EAT-leerder waarskynlik nie aanklank by hierdie soort film vind nie. Die plakkaat (**Teks 70**) verbind die visuele met die geskrewe teks en verskaf die konteks (*kritiese raamwerk*) waarbinne die film afspeel. Die geskrewe teks gee dan meer inligting oor die plakkaat. Die hoofkarakter word visueel voorgestel, met die Suid-Afrikaanse skool (*gesitueerde werklikheid*) in die agtergrond. Daar is ook ’n enkele onderwyser in die agtergrond wat waarskynlik ’n belangrike rol in die film sal vertolk. Sy gesigsuitdrukking dui daarop dat hy *Spud* (die seun se bynaam) waarskynlik fyn dophou. Die resensie beskryf die *kritiese raamwerk* van ’n seun se eerste hoërskooljaar en hoe hy dit ervaar. Leerders behoort deur *openlike onderrig* aan die formaat van ’n spesifieke tekstipe bekendgestel te word.

’n Skamele twee vrae word oor die resensie gevra. Die eerste vraag verwag van die leerder om die resensent se algemene gevoel (positief/negatief) oor die film te identifiseer. Die tweede vraag bestaan uit twee stellings waar die leerder moet aandui of die stellings waar is, al dan nie, en die antwoorde moet motiveer. Die teks is geskik vir die teikengroep en daar is ’n legio geleenthede om die teks op verskeie vlakke te ontgin. Die leerder behoort dit in *veranderde werklikheid* te omskep deur self ’n resensie te skryf wat aan die vereistes vir die spesifieke tekstipe voldoen. Hierdie geleenthede word geensins benut nie.

**Teks 71** handel oor die opera-sensasie, Pretty Yende. Sy het op die ouderdom van 24 die wêreld se grootste operakompetisie gewen (*kritiese raamwerk*). Sy kan as rolmodel gesien word omdat sy nie deelgeneem het om mee te ding nie, maar eerder die geleenthede om op tree, raakgesien het. Dit het haar gehelp om nie onnodige druk op haarself te plaas nie (*veranderde werklikheid*). Steierwerk is gebruik deur vrae wat laerorde-denke vereis eerste te plaas en later ook die leerder se eie mening oor die sangeres se hantering van moeilike situasies te vra.



© University of Pretoria

## Lees: 'n Artikel

Lees die artikel oor 'n jong Suid-Afrikaanse sanger Pretty Yende op wie ons land trots kan wees.

# Opera-sensasie Pretty Yende



Pretty Yende het op die ouderdom van 24 die grootste operakompetisie in die wêreld gewen toe sy die internasionale Hans Gabor Belvedere-sangkompetisie in Wene, Oostenryk gewen het. Dit was in die kategorie Opera en Operette. Sy het ook die pryse as die gehoor en die internasionale media se keuse verower. Dit is die eerste keer in die geskiedenis van dié kompetisie dat een sanger al die pryse wen.

Pretty het ná die kompetisie haar gevoelens soos volg beskryf: "Ek het agt jaar gelede in my huis op Piet Retief vir die eerste keer opera gehoor en op daardie oomblik het ek geweet waarom ek gebore is. Ek het British Airways se advertensie op TV gesien waarin operamusiek op die agtergrond gespeel het en dadelik besluit wat ek vir die res van my lewe wil doen. Ses maande ná daardie dag het ek al operapryse begin wen."

Sy het aan skolekompetisies begin deelneem en opera aan die Universiteit van Kaapstad gaan studeer.

"Die geleentheid om Wene toe te gaan, was 'n enorme voorreg. Ek het geen verwagtinge gehad nie – veral omdat ek geweet het 158 ander sangers gaan deelneem. Elke keer as ek deurgedring het na 'n volgende ronde, het ek dit as nóg 'n geleentheid beskou om te sing en nie noodwendig om mee te ding nie. Dit het die stres verminder. Wanneer jy heeltyd beter as die volgende persoon probeer wees, plaas jy onnodige druk op jouself."

Pretty het sedertdien haar seges in die internasionale operasang-arena voortgesit en is een van die grootste opera-sensasies wat Suid-Afrika nog opgelewer het.

*(Uit: Sarie, Desember 2009)*

**Woordeskat**

**druk**: *pressure*: wat jou gespanne laat voel
**gehoor**: *audience*; mense wat kyk en luister
**geleentheid:** *opportunity*; 'n kans om iets te doen
**noodwendig:** *necessarily*; wat definitief sal gebeur
**seges:** *victories*; oorwinnings, triomf
**verwagtinge**: *expectations*; dinge wat jy hoop jy sal kry
**voorreg:** *privilege*; spesiale reg

## Hoe goed verstaan jy die artikel?

1. Haal die woord in die eerste paragraaf aan wat sê dat sangers uit verskillende lande aan die kompetisie in Wene deelgeneem het.
2. Voltooi die sin met een woord: Die mense wat na 'n sanger sit en luister, is die ____.
3. Watter soort sanger is Pretty Yende? Antwoord in 'n kort volsin.
4. Watter geskiedkundige **prestasie** (*achievement*) het Pretty by die kompetisie in Wene behaal?
5. Noem nog 'n rede waarom Pretty se prestasie so besonder was.
6. Verduidelik watter rol British Airways se advertensie in Pretty se lewe gespeel het.
7. Wat het Pretty gedoen nadat sy klaar met skool was?
8. Waarom het Pretty nie verwag om die kompetisie in Wene te wen nie?
9. Dink jy Pretty het die druk van die kompetisie goed hanteer? Gee 'n rede vir jou antwoord.
10. Nadat sy in Wene gesing het, het Pretty aanhou presteer. Hoe weet jy dit?

**Teks 71: Pretty Yende**



© University of Pretoria

**Teks 72** is 'n koerantberig oor 'n talentvolle jong skrywer wat op die ouderdom van dertien reeds 'n boek geskryf het (*gesitueerde werklikheid*) wat op daardie stadium vir laerskole voorgeskryf is (*kritiese raamwerk*). Sy het ten spyte van mense se twyfel in haar vermoëns deurgedruk, en is eerder daardeur aangevuur om hulle verkeerd te bewys (*veranderde werklikheid*). Haar ouers het haar gedissiplineerd grootgemaak en al het sy soms gedink dat dit onregverdig was, besef sy nou dat hulle haar net wou beskerm (*kritiese raamwerk*). Die artikel kom nie noodwendig uit 'n werklike bron nie. Alhoewel dit moontlik meer aanvaarbaar is om vir graad 10-leerders Engelse vertalings in die teks te gee, sou dit beslis meer sin maak om die woordeskat apart te gee. Vraagstelling word op verskillende vlakke van laer- tot hoërorde gevra en vereis van die leerder om insig in Margy se *veranderde werklikheid* te toon. Hierdie teks kan leerders inspireer om hul eie *gesitueerde werklikheid* te ondersoek en kritiese besluite oor 'n beter toekoms (*veranderde werklikheid*) te neem.

**Lees: 'n Koerantberig**

## Jong skrywer se sukses



1 Enige ouer sal trots wees op hierdie talentvolle meisie wat op dertien al 'n boek geskryf het. Dié boek is deur Pela Press gepubliseer en is nou in laer skole in die Limpopoprovinsie voorgeskryf. Hoe het dit alles begin?

2 "Ek het in graad 8 aan 'n boekskryf-kompetisie deelgeneem. Ek het besluit om 'n boek met die titel *A Beautiful Dream* te skryf. My suster het vir my gelag toe sy hoor wat ek beplan. Sy het gespot: Jy is te jonk om iets betekenisvols te skryf.

3 "Wat sy nie besef het nie, is dat haar woorde my gemotiveer het, want ek wou haar verkeerd bewys," sê die tienermeisie van Magoebaskloof.

4 "Dit is dalk vreemd dat ek 'n donkie as die hoofkarakter gekies het wat 'n groot droom vir sy lewe het. Maar ek wou die boodskap oordra dat enigiemand 'n droom kan hê wat waar kan word."

5 Margy Molefe is 'n gedissiplineerde leerder. Sy studeer gewoonlik tot 23:00 (elfuur nm.) en word om 04:30 wakker om reg te maak vir skool. Haar skool is in Polokwane wat omtrent 40 kilometer ver is. Sy begin om 05:30 stap om die bus te haal.

6 "My ouers is baie streng. Ek mag net in die vakansie TV kyk, want die meeste van die tyd moet ek studeer. Ek is nou gewoond aan dié lewe. Ek het eers gedink my ouers was **onregverdig** (*unfair*) omdat ek nie met my maats op straat kon speel en kuier nie, maar nou weet ek hulle het my net **beskerm** (*protect*) teen die **gevare** (*dangers*) van die wilde lewe van dwelms en misdaad op straat.

7 "Hulle probeer my ook beskerm teen probleme soos **swangerskap** (*pregnancy*) en **vigs** (*Aids*)," sê die meisie wat graag medies aan die Universiteit van die Witwatersrand wil studeer as sy klaar met skool is.

*(Deur die skrywer)*

**Hoe goed verstaan jy die koerantberig?**

1. Waarom kan Margy se ouers trots op haar wees?
2. Hoe weet 'n mens dat Margy se boek baie goed moet wees?
3. Is dit volgende stelling **waar** of **onwaar**? Gee 'n rede vir jou antwoord. Margy se boek is vir hoërskoolleerders geskryf.
4. Verduidelik hoe Margy se suster haar gemotiveer het.
5. Vertaal die titel van die boek, *A Beautiful Dream* in Afrikaans.
6. Watter boodskap word deur Margy se boek oorgedra? Kies die korrekte antwoord.
   a) Dit is reg om drome te hê vir jou toekoms.
   b) Drome sal nooit bewaarheid word nie.
7. Watter bewys is daar in paragraaf 5 dat Margy baie gedissiplineerd is?
8. Haal 'n woord uit paragraaf 6 aan wat daarop dui dat Margy se ouers verwag dat hulle kinders hulle op 'n sekere manier moet gedra.
9. Hoe het Margy se houding teenoor haar ouers gedurende die afgelope paar jaar verander?
10. Uit paragraaf 6 is dit duidelik dat Margy se lewe anders as baie ander tieners se lewens is. Noem enige twee verskille.
11. Watter vier gevare word in paragraaf 6 en 7 genoem?
12. Watter soort werk wil Margy graag eendag doen?

**Teks 72: Jong skrywer**



© University of Pretoria

### 4.4.9.2 Ander tekssoorte vir visuele geletterdheid

**Advertensies**

Die advertensie van die bootreis (**Teks 73**) het werklik in 'n koerant verskyn, maar is reeds meer as 12 jaar oud en die pryse is weens inflasie glad nie meer realisties nie. Die antwoorde vir al die vrae is in die advertensie beskikbaar. Die redes vir die antwoorde in vraag 1 kan almal in die advertensie gekry word en verg slegs laerorde-denke.

**Lees: 'n Advertensie**

Bestudeer hierdie advertensie en beantwoord dan die vrae.




*(Uit: Naweek, Die Burger, Desember 2010)*



© University of Pretoria

## Hoe goed verstaan jy die advertensie?

1. Antwoord **waar** of **onwaar** en gee 'n **rede** vir elke antwoord in 'n volsin.
   a) Vir die vakansie in Mauritius kry 'n mens volgens die advertensie meer vir jou geld as waarvoor jy betaal.
   b) Die vakansie-aanbod in Mauritius sluit alle etes in.
   c) Die totale prys vir 8 dae op Mauritius is R12 070.
2. Na watter spesiale dag word in die Mauritius-advertensie verwys?
3. Wat is ongewoon aan die pretvaarte op die MSC Simfonia?
4. Waar begin al die bootvaarte wat geadverteer word?
5. Skryf **drie** bestemmings neer waarheen passasiers op die bote kan vaar.
6. Noem **twee** spesiale aanbiedings in die advertensie wat moontlik mense se belangstelling sal wek.
7. Watter van die geadverteerde bootvaarte is die duurste? Hoekom is dit so?
8. Sal alle passasiers op die MSC Melody R4 800 betaal vir hul vaart na Tulear, Madagaskar? Antwoord "Ja" of "Nee" en motiveer jou antwoord.
9. Watter **slagspreuk** (*slogan*) gebruik Pentravel in hul advertensie?

**Teks 73: Bootreis**

Die adverteerder in **Teks 74** bemark meubels en ander produkte wat van herwinde plastiek vervaardig word. *Gesitueerde werklikheid* is gebruik om na aanleiding van die *kritiese raamwerk* (afvalplastiek) die probleem aan te spreek sodat dit tot *veranderde werklikheid* lei. Die leerder word hier gevra om oor die bruikbaarheid, lewensduur en voordele van hierdie onderhoudvrye produkte te besin (*kritiese raamwerk*). Verskil in skrifgroottes word ook aangespreek. Die leerder moet 'n mening uitspreek oor die noodsaaklikheid van herwinning (*kritiese raamwerk*) en sal hopelik in die toekoms self by herwinning betrokke raak, of herwinde produkte koop (*veranderde werklikheid*). Die advertensie is nie noodwendig baie kreatief nie en die leerder word aangemoedig om voorstelle te maak om die advertensie te verbeter (*veranderde werklikheid*).



© University of Pretoria



## Lees en kyk: 'n Advertensie

Kyk in groepe hoe hierdie fabriek afvalplastiek herwin.

Primwood™ Products
Ook bekend as POLYWOOD of plastiekhout
Die beste kwaliteit tuinmeubels van herwinde plastiek
Totaal onderhoudvry
'n Wye verskeidenheid produkte, van los planke en pale tot piekniektafels, tuinbankies, los stoele en tafels, planthouers, palette, asblikke en nou ook die mees effektiewe bobbejaanbestande dromme.
Ons doen ook dekke en wandelpaadjies.
Besoek gerus ons webwerf by www.primwood.co.za of kontak ons by 028 284 9000 of 082 320 7991 of info@primwood.co.za vir pryse of meer inligting.
Ons lewer oral in die Wes-Kaap af teen baie billike tariewe.

Classic comforter 1.6m bankie | Piekniek tafels | Cumforter los stoel | Bobbejaan bestande asblik

*(Uit: Die Burger, Desember 2010)*

## Praat: Gee jou eie mening

Bespreek die vrae in groepe.
1. Wat word in hierdie advertensie geadverteer?
2. Dink julle mense sal hierdie produkte wil koop? Verduidelik.
3. Waarom, dink julle, sal die tuinmeubels baie lank hou?
4. Waarom is dit nodig om bobbejaanbestande asdromme te vervaardig?
5. Die teks is van groot na klein geskryf. Waarom is die eerste reël so groot?

**Teks 74: Plastiekmeubels**

Alhoewel **Teks 75** hier as 'n klasbespreking aangedui word, kan dit ewe goed as geskrewe opdrag gebruik word. As klasbespreking sal dit uitstekende voorbereiding vir Teks B in Afdeling A wees. Die leerder moet vasstel wat die doel van die advertensie is (*kritiese raamwerk*) en in watter soort teks die advertensie gepubliseer is (*openlike onderrig*). Daar word geïmpliseer dat die taxi onveilig is (*kritiese raamwerk*) deur te sê dat jy dalk gedink het dat dit veilig is. Die gebruik van die ellips gee die leser die geleentheid om na te dink en dit skep afwagting om uit te vind hoe dit wat die leser verwag, van dit wat die leser gaan uitvind, verskil. Die gebruik van die woord



© University of Pretoria

“skrikwekkende” dra ook by tot die idee dat hierdie strokiesprent jou gaan verras. Die taxi-industrie in Suid-Afrika word daagliks vir openbare vervoer in Suid-Afrika gebruik, maar word dikwels geassosieer met onveiligheid en mishandeling van passasiers (*gesitueerde werklikheid* en *kritiese raamwerk*). Onwettige taxi-operateurs dra by tot die geweld wat in die bedryf ervaar word. Navorsing deur Suid-Afrika se *Automobile Association* (AA) toon dat daar jaarliks ongeveer 70 000 minibus-taxi-ongelukke in die land is, wat dubbel soveel as die ongelukskoers van alle ander passasiersvoertuie is. Hierdie voertuie is gewoonlik oorlaai en taxibestuurders koop dikwels die goedkoopste beskikbare onderdele, aangesien dit 'n direkte impak op hul inkomste het (*kritiese raamwerk)*. Padwaardigheid en die houding van die bestuurders speel dus ’n groot rol in die veiligheid van die passasiers (Arrive Alive 2023).

**Praat: Bespreek strokies**

Gesels oor die volgende vrae.
- Watter strokies lees jy graag?
- Van watter Suid-Afrikaanse strokies weet jy?
- Waarom is daar strokies in die meeste koerante?

**Kyk en praat: Bespreek ’n advertensie**

Kyk na die advertensie wat ’n nuwe strokie in die koerant **aangekondig** (*announced*) het en bespreek die vrae.




1. Wat is die doel van hierdie advertensie?
2. Waar het die advertensie verskyn, dink jy?
3. Watter twee dinge in die advertensie laat Mama Taxi gevaarlik klink?
4. Wat sê die illustrasie vir ’n mens van Mama?
5. Kyk na die twee vrae in die advertensie: “Is dit ’n voël? Is dit ’n vliegtuig?”.
   a) Waaraan laat die vrae ’n mens dink?
   b) Wat sê dit vir ’n mens van Mama?
6. Kyk na die kleure wat in die advertensie gebruik word.
   a) Watter kleure is daar?
   b) Hoe pas die kleure by wat geadverteer word?

*(Uit: Die Burger, 16 Julie 2008)*

**Teks 75: Advertensie**



© University of Pretoria

In die advertensie word verder aangedui dat die taxibestuurder vroulik is (*gesitueerde werklikheid*). Dit grens waarskynlik aan stereotipering, want die vrae kom voor as retoriese vrae en impliseer dat die vroue-taxibestuurder onverantwoordelik bestuur. Sy word met ’n vliegtuig of ’n voël vergelyk. Daar kan ook geargumenteer word dat vroue nie tradisioneel taxibestuurders is nie en dat die stereotipering dus hier gebreek word (*kritiese raamwerk*). Veranderende rolstrukture in die gesin en in die arbeidsmag het aansienlike variasie in beide manlike en vroulike rolle meegebring, en dus ook in die manier waarop dit in advertensies weerspieël word. Daar is opgemerk dat daar 'n kultuuragterstand is. Vir 'n lang tyd is mans en vroue in meer tradisionele rolle in advertensies uitgebeeld (*kritiese raamwerk*). Vroue is op 'n minderwaardige wyse voorgestel ten opsigte van hul potensiaal en vermoëns, terwyl die data terselfdertyd 'n skuif na meer positiewe rolvoorstelling aangedui het (Zotos, Grau, & Taylor 2020).

Die veranderende rol van mans is die onderwerp wat die afgelope paar jaar die grootste belangstelling getrek het. Mans word in advertensies in 'sagter' rolle uitgebeeld, terwyl hulle tyd saam met hul kinders spandeer. Mans word ook in meer egalitêre (gelyke) rolle vertoon. Daar is nog heelwat geleentheid vir navorsing oor geslagsvoorstelling op aanlynplatforms. Die media begin nou ook aandag aan die lesbiese/gay/biseksuele/transgender (LGBT) verbruiker gee (*veranderde werklikheid*). Onlangse advertensies fokus ook meer op die 'bemagtigde' vroue (femvertising) (Zotos et al. 2020).


**Kaarte**

Die kaart (**Teks 76**) met inligting oor besienswaardighede in Suid-Afrika, verskaf waardevolle inligting oor wat jy by elkeen kan sien en doen en kan baie nuttig wees wanneer jy as toeris deur die land wil toer (*openlike onderrig*). Die groepaktiwiteit mag in sekere omstandighede moeilik wees, aangesien ’n groot gedeelte van die Suid-Afrikaanse bevolking nie noodwendig gereeld of ooit die geleentheid kry om te reis nie (*kritiese raamwerk*). Leerders kan wel daarby baat om meer oor elkeen van hierdie besienswaardighede uit te vind en hul navorsing met mekaar te deel (*veranderde*



© University of Pretoria

*werklikheid*). Die vrae oor die kaart vereis egter slegs dat leerders die inligting op die kaart vind en neerskryf.




## Lees: 'n Kaart

Verdeel in groepe van drie en werk saam om die antwoorde te kry.

1. Watter eiland sal jy besoek as jy Nelson Mandela se tronksel wil besigtig?
2. Wat is die naam van die groot boom wat in Limpopo groei?
3. Watter bekende wêrelderfenisgebied sal jy in Gauteng kry?
4. Hoeveel soorte soogdiere is daar in die Nasionale Krugerwildtuin?
5. Wat kan 'n mens by Jeffreysbaai doen?
6. Wat is by Pelgrimsrus ontdek?
7. Waar gaan kyk 'n mens na die pragtige veldblomme in die lente?
8. Op watter berge kan 'n mens in die winter sneeu sien?



**Teks 76: Kaart met inligting**



© University of Pretoria

## Foto en CD-omslag (Teks 77)

Die foto van die *Parlotones* is klein en donker en dit is nie realisties om van leerders te verwag om aan te dui wat hulle eerste raaksien, of om vrae oor kleredrag en gesigsuitdrukkings te antwoord nie (*kritiese raamwerk*). Indien die foto duideliker en in kleur gedruk was, sou die vrae meer sin gemaak het. Vraag 2 oor die CD-omslag is duideliker, meer toepaslik en verwagtinge is meer realisties. Leerders sal wel die twee foto's kan vergelyk en kommentaar oor die kwaliteit en duidelikheid van die foto's kan lewer (*veranderde werklikheid*). Die korrekte spelling van die naam Saartjie, is nie iets wat EAT-leerders noodwendig sal weet nie.

### Lees en kyk: 'n Foto en CD-omslag

1. Kyk na die foto en beantwoord die vrae.
   a) Wat op die foto vang jou oog eerste? Waarom sê jy so?
   b) Op watter manier pas die groeplede bymekaar?
   c) Waarom dink jy kyk Neil nie na die fotograaf nie?
   d) Watter een van die lede se gesigsuitdrukking verskil van die res? Wat is die verskil?
   e) Sou jy sê die lede dra formele of informele klere? Motiveer jou antwoord.
   f) Wat in die foto bewys dat die groeplede snaakse dinge doen om aandag te trek?

**Die Parlotones voer jou met passie en energie weg!**



Van links na regs: Neil, Glen, Kahn en Paul

2. Lees die teks en kyk na die CD-omslag. Beantwoord dan die vrae.

**Saarkie rock behoorlik met hul eie styl**

As Adéle, Lila, Anna en Razz saam musiek maak, gooi gehore arms in die lug en is hulle op hul voete. Die talentvolle groep is vol passie en energie met dit wat hulle doen. Hul musiek is eerlik en oorspronklik, dis vars alternatiewe pop rock.




   a) Wat is die titel van die CD en hoe word die titel uitgebeeld?
   b) Noem een ooreenkoms in die **voorkoms** (*appearance*) van die groeplede.
   c) Watter instrumente bespeel die groep?
   d) Hoe reageer mense as hulle na Saarkie luister? Waarom?
   e) Op watter manier word die naam Saarkie gewoonlik in Afrikaans gespel?
   f) Vergelyk die foto met die CD-omslag:

| | Parlotones | Saarkie |
|---|---|---|
| Geslag | | |
| Getal | | |
| Kleredrag | | |
| Gesigsuitdrukkings | | |
| Instrumente | | |

**Teks 77: Foto en CD-omslag**



© University of Pretoria

**Strokiesprente en spotprente**

Leerders word in **Teks 78** van konteks voorsien (*kritiese raamwerk*), deur die verklaring van die woord "meester". Vir enige leerder wat hierdie teks alleen aandurf, sal dit ongelukkig nie veel beteken nie, aangesien die twee strokies vir die doel van die aktiwiteit genommer is en die strokiesprent se naam verwyder is. In die strokie self, word die woord "meneer" gebruik en in die vrae word na hom as die onderwyser verwys. Die konteks van die klaskamer (*kritiese raamwerk*) is vir die leerders baie bekend (*gesitueerde werklikheid*). Die strokies is ideaal vir vrae oor gesigsuitdrukkings en liggaamstaal (*kritiese raamwerk*). Die vrae vereis dat die leser afleidings moet maak, verhoudings tussen mense ontleed en woorde identifiseer wat spanning en ironie skep (*openlike onderrig* word *veranderde werklikheid*). Gesigsuitdrukking kon hier beslis verder ontgin word.

**Lees en kyk: Lees strokiesprente aandagtig**

Lees die strokiesprente wat deur Danie Cronjé, 'n onderwyser, geteken is. **Meester** is 'n woord wat in die ou tyd vir 'n onderwyser gebruik is. Die naam van die leerder is **Neelsie**.

**Strokie 1**




**Strokie 2**




*(Danie Cronjé, Litnet)*

**Hoe goed verstaan jy die strokiesprente?**

**Strokie 1**

1. Wat het Neelsie verkeerd gedoen?
2. Wat sê die onderwyser se woorde vir jou oor Neelsie?
3. Was die onderwyser toe reg oor wat Neelsie sou antwoord? Verduidelik.
4. Dink jy daar is konflik tussen Neelsie en die onderwyser? Verduidelik.

**Strokie 2**

5. Hoekom skep die onderwyser se woorde spanning?
6. Verduidelik hoe die onderwyser se **liggaamstaal** (*body language*) by sy emosies pas.
7. Waarom is Neelsie se antwoord die teenoorgestelde as wat ons verwag?

**Strokie 1 en 2**

8. Wat dink jy van Neelsie se houding teenoor sy skoolwerk?

**Teks 78: Meester**




© University of Pretoria

Die skape in **Teks 79** word voorgestel as 'n metafoor van die mense en hier word stadsmense gestereotipeer as ongeduldig in vergelyking met mense wat op die platteland bly (*kritiese raamwerk*). Leerders moet afleidings maak uit die gesprek tussen die skape en moontlike skakels met hulle se eie realiteit. Die leerder moet verder aflei met wie die spot gedryf word en nadink oor die moderne lewe en hoe dit 'n gebalanseerde leefstyl verteenwoordig (*veranderde werklikheid*).

## Lees en kyk: 'n Strokiesprent

Kyk en lees die strokiesprent wat spot met die **gejaagde** (*rushed*) manier waarop stadsmense leef. Skape word as 'n **metafoor** (beeld) van mense gebruik.




*(Uit: Tydskrif-Rapport, 20 Maart 2011)*

## Hoe goed verstaan jy die strokiesprent?

Beantwoord die volgende vrae.

1. Wat doen die ram (mannetjieskaap) en die ooi (wyfieskaap) in die strokie?
2. Waarom is die ooi **beïndruk** (*impressed*) met die ram?
3. Hoe weet die ram dat die ooi van die stad is?
4. Skryf twee afsonderlike woorde neer wat die ooi gebruik om **verbasing** (*surprise*) te toon.
5. Voltooi die sinne:
   a) Die naam Skaapstad herinner 'n mens aan die naam van die stad ____.
   b) Ons sê baiemaal iemand is 'n regte skaap as hy of sy 'n ____ ding doen.
6. Waarmee dink jy spot die strokiesprent?
7. Verduidelik in jou eie woorde waarom *Skaapstad* 'n goeie naam vir die strokiesprent is.
8. Wat dink jy van die manier waarop die moderne mens leef? Dink jy dit is baie goed vir ons om so te leef? Verduidelik.

**Teks 79: Skaapstad**



© University of Pretoria

**Teks 80** bestaan uit twee strokiesprente van *Mama Taxi*. In die eerste strokie word geïmpliseer dat sy so naby aan die groentetrok ry, dat ’n wortel wat van die groentetrok afgeval het, nou in haar taxi beland het (*kritiese raamwerk*). In die tweede strokie is daar ’n misverstand wanneer Mavis vinnig wegtrek en haar passasier kommentaar lewer. Sy verstaan eers verkeerd en dink hy bedoel dat sy sigarette rook. Toe sy agterkom dat hy na die bande wat rook verwys, sê sy sommer dat dít ook nie goed vir jou is nie. Daar is net twee vrae per strokie, terwyl hierdie strokiesprente ’n gulde geleentheid bied om vrae te vra oor gesigsuitdrukkings, stofwolke, dubbele betekenisse en die konteks van die strokie (*veranderde werklikheid*).

## Lees en kyk: Strokies

Kyk na die strokies en voer dan die opdragte na elke strokie uit.

**Strokie 1**




*(Uit: Die Burger, 23 Oktober 2010)*

1. Waarom is Zandi ontsteld?
2. Wat vervoer die trok?

**Strokie 2**




*(Uit: Naweek, Die Burger, 13 Maart 2010)*

3. Watter **misverstand** (*misunderstanding*) is daar in die strokie?
4. Wat bedoel Zandi met haar woorde in raam 4?

**Teks 80: *Mama Taxi*-strokiesprente**



© University of Pretoria

**Webblaaie**

Die gebruik van die internet vir skooltake en sosiale media is vir die meeste leerders ’n daaglikse aktiwiteit (*kritiese raamwerk*), terwyl verwysing na webblaaie in die handboek die uitsondering is. Leerders moet die vermoë ontwikkel om tussen feite en menings te onderskei, maar veral om fopnuus te kan identifiseer (*veranderde werklikheid*). Die webblad in **Teks 81** vir *GroenRadio*, is fiktief en inligting is gefabriseer ten einde spesifieke soort vrae te kan vra. Leerders word wel bewus gemaak van hul verantwoordelikheid om hulpbronne volhoubaar te gebruik (*openlike onderrig*). Simbole word meestal sinvol gebruik en help die leser om die soort programme te identifiseer (*kritiese raamwerk*). Die klavier verteenwoordig ’n musiekprogram, bome skakel met omgewingstories en ’n renoster verwys waarskynlik na ’n kinderprogram met die karakters *Ren* en *Oster* wat kinders van jongs af van hul rol in volhoubaarheid bewus maak (*openlike onderrig*). Die rol wat vroue in volhoubaarheid speel, word deur die silhoeëtte van ’n vrou voorgestel. Die simboliek van die reënboog is minder voor die hand liggend en verwys moontlik na ’n verskeidenheidsprogram.

Elkeen van hierdie simbole maak dus staat op die spesifieke konteks vir interpretasie (*kritiese raamwerk*). Die voorstelling van die webbladsy is nie juis lewensgetrou nie. Die lettertipe is meestal dieselfde as die lettertipe en grootte wat in die res van die handboek gebruik word en dit sal nie die aandag van die gemiddelde internetgebruiker hou nie (*kritiese raamwerk*). Die belofte van prysgeld is vaag en beslis onderbenut. Daar is wel ooreenkomste met ’n tipiese webblad waar die spyskaart die leser toegang tot meer inligting oor programme, aanbieders en kontakbesonderhede gee (*kritiese raamwerk*). Daar is ’n kompetisie wat die leser aanmoedig om idees vir herwinning voor te stel (*veranderde werklikheid*). Die hiperskakel gee die leser toegang tot die inskrywingsvorm. Dit is jammer dat die webbladsy nie in kleur is nie. Die hiperskakel is byvoorbeeld nie baie sigbaar nie en hoofletters, uitroeptekens, kreatiewe woordgebruik en verskillende skrifgroottes bly onderbenut.



© University of Pretoria

## Lees en kyk: 'n Webblad



Hieronder is die **webblad** van die radiostasie GroenRadio. Bestudeer die inligting en beantwoord dan die vrae wat volg.




**Maandfokus: Renosters**
Nadat talle renosters onlangs vir hul horings doodgemaak is, bied ons 'n reeks programme aan wat op hierdie hoogs bedreigde diere fokus. In ons eerste program wat vanaand om 20:30 uitgesaai word, voer ons 'n onderhoud met die dierekommunikeerder Anna Breytenbach, wat haar insiggewende kennis van renosters deel.

**Herwin en wen-kompetisie**
Luisteraars met blink idees vir herwinning staan 'n kans om groot geld te wen. Klik hieronder om die inskrywingsvorm af te laai ...
AFLAAI

**Programvoorskou**

|  |  |  |  |  |
|---|---|---|---|---|
| Jazz-jol<br>18:00<br>Woensdag<br>20 Mei | Groenstorie<br>19:15<br>Woensdag<br>20 Mei | Ren & Oster<br>09:15<br>Donderdag<br>21 Mei | Groen vroue<br>11:15<br>Donderdag<br>21 Mei | Groen<br>reënboog<br>Donderdag<br>21 Mei |

**Dink jy Groen?**
Stem jy saam dat mynbou in die Karoo beperk moet word?

Ja ☐ Nee ☐

**Radioprogramverkope**
As jy weer na 'n program wil luister, kan jy dit bestel by GroenRadio by 021 783-0077 of GRprogramverkope@groenradio.com.

## Hoe goed verstaan jy die webblad?

1. Wat is GroenRadio se **leuse** (*motto*)?
2. Wat ons hier sien, is die "Tuis"-afdeling van die webblad. Hoeveel ander afdelings is daar?
3. Watter inligting sal 'n mens onder "Aanbieders" kry, dink jy?
4. Waarom is die "Kontak ons"-afdeling belangrik?
5. Waarom is renosters die fokus van die maand?
6. Om watter rede is Anna Breytenbach gevra om 'n gas op die program oor renosters te wees?
7. Waar kan 'n mens 'n inskrywingsvorm vir die Herwin en wen-kompetisie kry?
8. Verduidelik die funksie van die programvoorskou.
9. Hoe weet 'n mens "Ren & Oster" is 'n kinderprogram?
10. Waaroor handel die program "Groen vroue", dink jy?
11. Waaroor kan luisteraars hul mening lug?
12. Watter twee dinge kan 'n mens doen as jy 'n program wil bestel?

**Teks 81: Groenradio**



© University of Pretoria

## Tabel 4.3 Uiteensetting van tekste wat ontleed is

| Bron | *ASG* EAT Graad 10 | *ASG* EAT Graad 11 | *ASG* EAT Graad 12 | V1 Afdeling A 2018 | V1 Afdeling A 2019 | V1 Afdeling A 2020 | V1 Afdeling A 2021 | V1 Afdeling A 2022 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ander** | Foto en CD-omslag, bl. 70<br>Tekens en beskrywings, bl. 84<br>Inligting op kaart, bl. 94<br>Lees kaart bl. 96<br>Webblad, bl. 133 | Voorblad, bl. 115<br>Webblad, bl. 60 | Kennisgewing, bl. 16<br>Webblad, bl. 60<br>Resensie, bl. 99 | | | | | |
| **Grafika** | | Diagram, bl. 268 | Kaart en sirkeldiagram, bl. 53<br>Kinders se eetgewoontes, bl. 192 | | Die geskiedenis van flieks | | Verkeersoortredings | Nuwejaars-voornemens |
| **Advertensie** | Advertensie, bl. 26 | Netfiks, bl. 43<br>Selfoon, bl. 136-137, bl. 174-176 | Reis-app, bl. 52<br>Vuurwerke, bl. 65<br>Beurs, bl. 76 | | | | | |
| **Spotprente/ Strokiesprente** | Strokieprent, bl. 114<br>Meester, bl. 117<br>Skaapstad, bl. 124 | Oorbevolking, bl. 262<br>Blackberry, bl. 206<br>Ricks, bl. 216 | Renoster, bl. 181 | Terug skool toe | | Universiteits-registrasie | | |
| **Leesbegrip** | Nuwe jaar by nuwe skool, bl. 6-7<br>Redes vir herwinning, bl. 35 Overtone se storie van geluk, bl. 68<br>Freshly Ground, bl. 76<br>Knysna-broers se balspel, bl. 86<br>Reisjoernaal: Van Agulhas tot Pafuri, bl. 103<br>Strokies, bl. 111<br>Taxi-triomf, bl. 112<br>Joernalistiek, bl. 130<br>Anna-Mart, een van Suid-Afrika se bestes!, bl. 45<br>Resensie: Spud maak mens trots, bl. 157<br>Opera-sensasie, Pretty Yende, bl. 159 | Waar name vandaan kom, bl. 4-5<br>Harry los dwelms, bl. 24-25<br>Moenie drink en bestuur nie, bl. 30<br>Rekspring, bl. 40-41<br>Die vrugtemandjie, bl. 84-86<br>Reisplan, bl. 88-89 Pragwêreld onder die see, bl. 118-120<br>Droom groot, bl. 161-162<br>Snuif-snuif deur die lewe, bl. 180-182<br>Kyk vir die selfoonkamera en sê: " Lekker by die see!, bl.212<br>Aanhouer wen,bl. 222<br>Van papier en e-boeke na jou foon, bl. 238<br>Pionierskool, bl. 263<br>Stryd om die slurp, bl. 267<br>Gode se moordwapen, bl. 169 | Gesprek met David Kramer, bl. 38<br>Merkwaardige honde, bl. 62<br>Warren Buffet se raad aan jongmense, bl. 4<br>Haal die angel uit ' n werksonderhoud, bl. 86<br>Natuurwonder, bl. 110<br>Koerantberigte, bl. 114-115<br>Toespraak oor mishandeling van perde, bl. 146-147<br>Prins William kap renosterstropers, bl. 182-183<br>Ons kinders is ongesond, bl. 190-191 | Hugh Masekela | En nou vlieg Tumi regtig! | Kylian Mbappé | Moenie net praat nie; doen iets! | Tiktok, TikTok ... |



© University of Pretoria

Tabel 4.3 gee ’n uiteensetting van die voorkoms van die verskillende tekstipes wat vir leesbegrip gebruik word. Tekste wat vir ander doeleindes soos praat en skryf bedoel is, is nie ondersoek nie en word nie in die tabel aangedui nie.

## 4.5 SAMEVATTING

In Hoofstuk 4 is elkeen van die tekste in die graad 10-12 handboeke, wat bedoel is om leerders vir Afdeling A van Vraestel 1 (NSS-eindeksamenvraestel) voor te berei, ontleed. Die tekste is gemeet aan die moontlikhede wat dit bied om globale vaardighede te ontwikkel. In die volgende hoofstuk sal die data aan die hand van die literatuurstudie en konseptuele raamwerk geëvalueer word. Daarna sal aanbevelings gemaak word oor hoe die handboeke aangepas kan word om die ontwikkeling van globale vaardighede in hierdie handboeke beter aan te spreek.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 5

# EVALUERING EN AANBEVELINGS

## 5.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie was van meet af aan om vas te stel hoe globale vaardighede in ’n Afrikaans EAT-handboekreeks ontwikkel word. Om hierdie vraag te beantwoord, is 'n algemene begrip van globale vaardighede en die verband tussen hierdie konsep en multigeletterdheid nodig. ’n Deeglike ondersoek word gedoen van die KABV, ’n handboekreeks wat volgens die uitgewer aan al die vereistes van die KABV voldoen, asook eindeksamenvraestelle van die afgelope vyf jaar. Hoofstuk 1 gee ’n uiteensetting van die agtergrond wat tot die ontstaan van die navorsingsvrae aanleiding gegee het. Hoofstuk 2 bevat die literatuurstudie, terwyl die data-insameling en -ontleding van die studie volledig in Hoofstuk 3 beskryf is. Hoofstuk 4 gee 'n nie-kritiese lees van die data, gevolg deur 'n kritiese bespreking daarvan. In Hoofstuk 5 sal die verband tussen die literatuur uit Hoofstuk 2 en die bevindinge uit Hoofstuk 4 gelê word. 'n Formele evaluering van elke afdeling sal deur praktiese aanbevelings gevolg word.

Met ’n algehele werkloosheidskoers van 32.9% in die derde kwartaal van 2022 en 3.5 miljoen jongmense (15-24 jaar) wat nie werk, onderwys of opleiding ontvang nie, is dit te verstane dat daar ’n wanbalans tussen arbeidsaanvraag en -aanbod is. Onvoldoende opvoedingsvlakke kan aan onvoldoende ontwikkeling van globale vaardighede toegeskryf word. Hierdie vaardighede moet in die konteks van Suid-Afrika se behoeftes ontwikkel word (glokalisering) sodat die diverse bevolking veerkragtig op uitdagings sal reageer. Die verwerwing van globale vaardighede is ’n lewenslange dinamiese proses en die WEF se nuutste *Future of jobs report* (WEF 2023) lys hierdie vaardighede in volgorde van belangrikheid (Figuur 5.1).



© University of Pretoria

| |
|---|
| Analitiese denke |
| Kreatiewe denke |
| Deursettingsvermoë, aanpasbaarheid, behendigheid |
| Motivering en selfbewustheid |
| Nuuskierigheid en lewenslange leer |
| Tegnologiese geletterdheid |
| Betroubaarheid en aandag aan detail |
| Empatie en aktiewe luister |
| Leierskap en sosiale invloed |
| Kwaliteitsbeheer |

**Figuur 5.1 Die tien belangrikste vaardighede vir die werkplek (WEF 2023)**

Om hierdie vaardighede te ontwikkel sal vereis dat die kurrikulum vir Afrikaans EAT rekening moet hou met die kennis en begrip van die eise van die 21ste eeu. Diskriminerende houdings en waardes moet teengewerk word en reflektiewe denke moet bevorder word terwyl sleutelvaardighede ontwikkel word wat die vermoë insluit om kennis, vaardighede, houdings en waardes te gebruik om sinvol by die wêreld betrokke te raak en op te tree.

Die onderwysstelsel het die verantwoordelikheid om aan die ontwikkeling van hierdie vaardighede aandag te gee deur prosesse te ontwikkel wat tot die ontwikkeling van hierdie vaardighede sal bydra. Daarom is dit nodig om te bepaal of die KABV voorsiening maak vir die ontwikkeling van hierdie vaardighede, hoe dit geassesseer word en ook hoe dit in die voorgeskrewe handboeke onderrig word. Dit sal gedoen word deur die beantwoording van die sekondêre navorsingsvrae.



© University of Pretoria

## 5.2 DIE SEKONDÊRE NAVORSINGSVRAE

### 5.2.1 Die KABV en die ontwikkeling van globale vaardighede

Die eerste sekondêre navorsingsvraag poog om vas te stel hoe die KABV voorsiening maak vir die ontwikkeling van globale vaardighede. Die KABV identifiseer die belangrikste vaardighede wat deur die onderrig en leer van ’n addisionele taal bevorder behoort te word. Die doel van die KABV is om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die nodige kennis, vaardighede en waardes vir selfverwesenliking en betekenisvolle deelname aan die samelewing as burgers van 'n vrye land. Dit verskaf ook toegang tot hoër onderwys en sluit die fasilitering van die oorgang van leerders van onderwysinstellings na die werkplek in. Laastens poog dit om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te bied (DBO 2011). Tabel 5.1 gee ’n uiteensetting van die ooreenkomste tussen vaardighede wat die KABV poog om te onwikkel en die noodsaaklike globale vaardighede wat tydens hierdie studie geïdentifiseer is. Dit blyk uit die tabel dat die KABV wel voorsiening vir die ontwikkeling van hierdie vaardighede maak en dat die ontwikkeling hiervan, die leerder vir die eise van die 21ste eeu behoort voor te berei. Globale vaardighede is in kombinasie met die pilare van multigeletterdheid en Bloom se hersiene taksonomie ondersoek om voorsiening vir die aanspreek van vaardighede op soveel as moontlik vlakke te maak.



© University of Pretoria

**Tabel 5.1: Ooreenkomste tussen globale vaardighede, die KABV - vereistes en multigeletterdheid**

| **KABV beginsels/vaardighede** | **Globale vaardighede** | **Multigeletterdheid** |
|---|---|---|
| Sosiale transformasie | Aanpasbaarheid<br>Leierskap<br>Sosiale invloed | Veranderde werklikheid |
| Aktiewe en kritiese leer | Nuuskierigheid<br>Lewenslange leer | Openlike onderrig<br>Veranderde werklikheid |
| Hoë kennis en hoë vaardighede | Analitiese denke<br>Tegnologiese geletterdheid<br>Lewenslange leer<br>Probleemoplossing | Openlike onderrig<br>Kritiese raamwerk<br>Veranderde werklikheid |
| Progressie | Nuuskierigheid<br>Lewenslange leer | Openlike onderrig<br>Veranderde werklikheid |
| Waardering vir inheemse kennissisteme | Nuuskierigheid<br>Lewenslange leer | Kritiese raamwerk<br>Veranderde werklikheid |
| Menseregte/inklusiwiteit/omgewings- en sosiale geregtigheid | Aanpasbaarheid | Kritiese raamwerk<br>Veranderde werklikheid |
| Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid | Kwaliteitsbeheer<br>Deursettingsvermoë<br>Behendigheid | Kritiese raamwerk<br>Veranderde werklikheid |
| Kritiese en kreatiewe denke | Analitiese denke<br>Kreatiewe denke | Veranderde werklikheid |
| Werk doeltreffend saam met ander as lede van ’n span, groep, organisasie en gemeenskap | Leierskap<br>Sosiale invloed<br>Deursettingsvermoë<br>Aanpasbaarheid<br>Behendigheid | Veranderde werklikheid |



© University of Pretoria

| KABV beginsels/vaardighede | Globale vaardighede | Multigeletterdheid |
|---|---|---|
| Organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend | Motivering<br>Selfbewussyn<br>Betroubaarheid<br>Aandag aan detail | Veranderde werklikheid |
| Versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities | Analitiese denke<br>Nuuskierigheid<br>Lewenslange leer | Kritiese raamwerk<br>Veranderde werklikheid |
| Kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme | Empatie<br>Aktiewe luister<br>Tegnologiese geletterdheid<br>Aandag aan detail | Openlike onderrig<br>Veranderde werklikheid |
| Gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend, krities en verantwoordelik | Tegnologiese geletterdheid<br>Betroubaarheid | Openlike onderrig<br>Kritiese raamwerk<br>Veranderde werklikheid |
| Begryp die wêreld as ’n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie | Leierskap<br>Sosiale invloed | Kritiese raamwerk<br>Veranderde werklikheid |

Elkeen van die noodsaaklike globale vaardighede skakel dus met een of meer van die beginsels van die KABV en die pilare van multigeletterdheid. Dit is belangrik om in ag te neem dat daar aspekte is wat in meer as een kategorie van multigeletterdheid geplaas kan word en dat die indeling redelik oop is vir interpretasie. Alle navorsers se uiteensetting sal dus nie noodwendig identies wees nie. Die verband tussen multigeletterdheid, globale vaardighede en die KABV, is egter onmiskenbaar duidelik en die terminologie is dikwels uitruilbaar. Die KABV maak voorsiening vir ’n dinamiese sillabus, aangesien die inligting, kennis, en vaardighede nie rigied voorgeskryf word nie, maar saam met die konteks en omstandighede kan aanpas. Die verantwoordelikheid om die vaardighede op ’n betekenisvolle manier te ontwikkel, lê dus by die onderwyser en kan grootliks deur die keuse van toepaslike leermateriaal en onderrigbenaderings beïnvloed word. ’n Ondersoek is in 2017 deur die Departement van Beplanning, Monitering en Evaluasie



© University of Pretoria

(DBME) en die DBO geloods om die Nasionale Senior Sertifikaat te evalueer. Navorsers en amptenare het bevind dat die Nasionale Kurrikulumverklaring uitmuntend ontwerp is in vergelyking met enige van sy voorgangers en dat dit duidelike leiding aan onderwysers bied. Daar is egter kommer dat die implementering daarvan ondoeltreffend is, weens die onvermoë van leiers om te verseker dat onderwysers die tydrooster volg (DBME 2017). Dit is egter net een van die faktore wat ’n rol in die implementering daarvan speel. Uit my navorsing is dit duidelik dat die keuring en opdatering van handboeke ook aangespreek behoort te word.

### 5.2.2 Globale vaardighede en die NSS-eindeksamenvraestelle

Die tweede sekondêre navorsingsvraag poog om vas te stel hoe globale vaardighede in die NSS-eindeksamenvraestel geassesseer word. Die assessering van die verwerwing van globale vaardighede word gedoen deur lewensgetroue tekste te gebruik en te verseker dat die vrae denkvaardighede op ’n verskeidenheid vlakke toets. Dit word verseker deur die vrae volgens Bloom se hersiene taksonomie op te stel sodat verskillende denkvaardighede getoets word. Hierdie denkvaardighede skakel direk met die vaardighede wat die WEF vir 2023 geprioritiseer het (WEF 2023). Tabel 5.2 gee ’n uiteensetting van die soort tekste, sowel as die onderwerpe wat in elkeen van die vraestelle, wat deel van die steekproef gevorm het, aangespreek word.

**Tabel 5.2: Uiteensetting van tekssoorte in Afdeling A van die eindeksamenvraestel**

| Vraag 1 | Grafika | Spotprente | Leesbegrip |
|---|---|---|---|
| 2022 | Nuwejaarsvoornemens | | *Tiktok,* TikTok ... |
| 2021 | Verkeersoortredings | | Moenie net praat nie; doen iets! |
| 2020 | | Universiteitsregistrasie | Kylian Mbappé |
| 2019 | Geskiedenis van flieks | | En nou vlieg Tumi regtig! |
| 2018 | | Terug skool toe | Hugh Masekela |



© University of Pretoria

Die langer tekste vir leesbegrip se onderwerpe is almal belyn met die vereistes van die KABV en toets denkvaardighede wat die verwerwing van verskeie globale vaardighede verg. Die tekste is lewensgetrou en toepaslik (Maley & Tomlinson 2017) en word deur visuele voorstellings en foto's ondersteun. Die visuele elemente lewer beslis 'n bydrae tot die interpretasie van die teks en het voorspellingswaarde. Die leerder sal aanklank vind by onderwerpe wat deel van hul direkte leefwêreld vorm. Hulle kan sien hoe die *TikTok*-toepassing gebruik kan word om 'n verskil in ander se lewens te maak en dat hulle deur sosiale media 'n bydrae tot die welstand van die gemeenskap kan lewer (*veranderde werklikheid*). Die teks wat vir die 2021-vraestel gebruik is, spoor leerders aan om hul woorde in dade te verander sodat hulle die gemeenskap se vooruitgang kan verseker (*veranderde werklikheid*). Die leesbegriptekste van 2018-2020 gebruik rolmodelle waarvan die ouderdomme en geslag verskil (*gesitueerde werklikheid*) en waarmee die EAT-leerder kan assosieer, as voorbeelde van mense wat deursettingsvermoë getoon het en uiteindelik hul drome verwesenlik het. Hierdie rolmodelle het sukses behaal en in hul gemeenskappe 'n belangrike bydrae gelewer om ander se lewenskwaliteit te verbeter (*veranderde werklikheid*).

In Teks B van Afdeling A is grafika (drie keer) en spotprente (twee keer) gebruik om relevante uitdagings aan te spreek. Aan die einde van 'n skoolloopbaan is 'n bestuurderslisensie, universiteitsregistrasie en nuwejaarsvoornemens onderwerpe waaraan leerders blootgestel word (*kritiese raamwerk*). Toegang tot hierdie inligting kan toekomstige besluite en gedrag beïnvloed en leerders behoort krities na te dink oor die moontlike gevolge van hul gedrag (*kritiese raamwerk*). Hierdie inligting behoort by die leerder tot 'n *veranderde werklikheid* te lei deur toekomstige gedrag te beïnvloed.

### 5.2.3 Globale vaardighede in Afrikaans sonder grense (*ASG*)

Die derde sekondêre navorsingsvraag ondersoek hoe 'n leidende handboekreeks vir graad 10-12 die leerders vir die assessering van globale vaardighede in die NSS-eindeksamenvraestel voorberei. Tabel 5.3 verskaf 'n uiteensetting van die hoeveelheid



© University of Pretoria

tekste wat vir lees en kyk-doeleindes aangewend word. Alhoewel daar ander tekste soos gedigte, kortverhale, dramas, spotprente en strokiesprente voorkom, word hierdie tekste slegs gebruik om woord- en taalstrukture te toets of vir klasgesprekke en kreatiewe skryfwerk. Hierdie tekste vorm dus nie deel van die steekproef vir hierdie navorsing nie.

Geletterdheid bly 'n fundamentele vaardigheid wat sterk met taal verband hou. Die vermoë om te lees, skryf, luister en praat is van kardinale belang in die globaal vaardige gemeenskap (*openlike onderrig* lei dus tot *veranderde werklikheid*). Denkvaardighede speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van geletterdheid. Deur kennis van leerders se sosiale en kulturele agtergrond en ervarings (*gesitueerde werklikheid*) te hê, kan geletterdheidsonderrig verder ontwikkel en verbeter word (Anstey & Bull 2018). Geletterdheidsonderrig behels nie net taalvaardighede nie, maar ook die begrip van hoe taal- en gedragskeuses deur die doel en konteks daarvan beïnvloed word. Toegang tot verskeie geletterdheidspraktyke bevorder bemagtiging en gelykheid (*veranderde werklikheid*). Luister en praat is integraal tot geletterdheid en die onderrig van denkvaardighede is noodsaaklik (Anstey & Bull 2018). Die vraag is of die handboekreeks die genoemde vaardighede ontwikkel.

**Tabel 5.3: Die voorkoms van verskillende tekssoorte in *ASG***

| ***ASG*** | **Leesbegrip** | **Grafika** | **Advertensie** | **Spotprente/ strokiesprente** | **Ander** |
|---|---|---|---|---|---|
| **12** | David Kramer, Merkwaardige honde<br>Warren Buffet<br>Werksonderhoud<br>Natuurwonder<br>Bome<br>Perde<br>Prins William<br>Ongesonde kinders | Kaart<br>Sirkeldiagram<br>Diagram<br>Grafiese inligting | Wegbreek-reis-*app*<br>Vuurwerke<br>Beurs | Renosters<br>Mama Taxi | Kennisgewing<br>Webblad: Helpende Honde<br>Resensie: Semi-soet |
| **11** | Name<br>Renosterstropery<br>Drink en bestuur<br>Rekspring<br>Kannaland, Reisplan<br>Koraalriwwe<br>Droom groot<br>Reuksintuig<br>Selfoonfoto's<br>Aanhouer met slee<br>E-boeke, Weerlig<br>Strandskoonmaak<br>Stryd om die slurp | Diagram | Netfiks<br>Selfoon<br>Superola<br>Le Creuset<br>Just Peachy<br>Afrikaanse boeke | Oorbevolking<br>Blackberry<br>Sosiale media | Voorblad<br>Webblad |



© University of Pretoria

| *ASG* | Leesbegrip | Grafika | Advertensie | Spotprente/ strokiesprente | Ander |
|---|---|---|---|---|---|
| 10 | Nuwe skool<br>Herwinning<br>Overtone<br>Freshly Ground<br>Balspel<br>'n Reisjoernaal<br>Strokies<br>Taxi-triomf<br>Joernalistiek<br>Anna-Mart<br>Pretty Yende | Kaarte x2 | bootreis<br>plastiekhoutprodukte | Strokiesprent<br>Meester<br>Skaapstad | Foto<br>CD-omslag<br>Tekens<br>Webblad<br>Spud-resensie |

Die antwoord vir hierdie vraag word hoofsaaklik gebaseer op die teenwoordigheid van 'n verskeidenheid lewensgetroue tekste oor relevante onderwerpe, wat vrae op verskillende denkvlakke stel sodat verskeie vaardighede ontwikkel en getoets kan word.

Die vyf semiotiese stelsels (linguisties, visueel, klank, gebare en ruimtelik) dra by tot die lees en skryf van toenemend komplekse en dinamiese tekste deur middel van lewendige, papier- en digitale tegnologieë. Sosiale, kulturele en tegnologiese ontwikkelinge lei steeds tot veranderende geletterdheidspraktyke rondom tekste en kommunikasie, wat 'n herbesinning van klaskamerpraktyke in die onderrig van geletterdheid vereis (Anstey & Bull 2018). Die leerder behoort krities op multimodale tekste te kan reageer deur vrae oor die doel van die teks, verwagtings, semiotiese stelsels, kodes en konvensies en enige ideologiese oortuigings, houdings of vooroordele wat teenwoordig kan wees, te beantwoord. Verder is dit belangrik om te bepaal wat met die teks moet gebeur om 'n spesifieke doel te bereik (Anstey & Bull 2018).

Gemeet aan Anstey en Bull (2018) se beskrywing is daar besliste tekortkominge in die leermateriaal. Dit bly belangrik om te besef dat leesbegriptekste en ander tekste wat spesifiek vir visuele geletterdheid aangewend word, nie die volle spektrum van globale vaardighede sal ontwikkel nie. Kreatiewe skryf, letterkunde en grammatika is ewe belangrik en die voorstelle wat gemaak word, kan net so goed in die onderrig en leer van hierdie aspekte toegepas word. Vanweë die ouderdom van die handboeke, is dit onwaarskynlik dat tekste toepaslik gebly het. Verouderde toepassings soos *MXit* en *BBM* is nie meer (of was nog nooit) deel van die leerder se leefwêreld nie. Verder is leerders



© University of Pretoria

op hoërskoolvlak nie gereelde gebruikers van *Twitter* en *Facebook* nie en die toepassings waarmee hulle wel vertroud is (*Instagram* en *TikTok)*, word nêrens genoem nie. Die selfoonadvertensies verwys na selfone en tegnologie wat óf verouderd, óf tans heelwat meer gevorderd is. Voorbeelde van webblaaie en advertensies is dikwels deur die skrywers self geskep en nie lewensgetrou nie. Die webblaaie lyk geensins soos die ware Jakob nie en is beslis nie iets wat die EAT-leerder sal interesseer of as lewensgetrou sal beskou nie. Alhoewel grafika, advertensies en spotprente deel van Teks B in die NSS-eindeksamenvraestelle vorm, word die manier waarop dit in vraestelle geassesseer word, nie voldoende in die handboekreeks aangespreek nie. Verder is die vrae dikwels ontoereikend en word daar nie genoeg aandag aan assessering en ontwikkeling van hoërorde-denke gegee nie.

Wat leesbegrip betref, word ’n verskeidenheid tekste gebruik en die onderwerpe is oor die algemeen lewensgetrou en sou relevant kon wees, indien die datums van die oorspronklike publikasies nie meer as tien jaar oud was en tegnologiese vooruitgang sedertdien so dramaties was nie. Leerders kan deesdae bekostig om meer kieskeurig te wees en tekste in Afrikaans is veronderstel om leerders se belangstelling te prikkel sodat dit tot verdere ontginning van die onderwerpe sal bydra. Dit is egter baie duidelik dat daar nie veel aandag aan grafika geskenk is nie. Die graad 12-handboek het ’n kaart, ’n sirkeldiagram en grafiese inligting oor ongesonde kinders, terwyl die graad 11-handboek slegs een diagram bevat en daar slegs twee kaarte in die graad 10-handboek voorkom. Dit verskaf beslis nie voldoende blootstelling aan hierdie tipe tekste waarmee die leerder feitlik daagliks op sosiale media, in koerante, op televisie en ander aanlynplatforms en toepassings gekonfronteer word nie. Grafika word deesdae algemeen gebruik om inligting soos aanwysings, die invloed van, en skedules vir beurtkrag, prysverhogings, veranderings in die weer en ander statistieke, visueel met die publiek te deel.

Daar is slegs drie advertensies in die graad 12-handboek. Die Wegbreek-reis-*app* kan beswaarlik met hedendaagse toepassing kompeteer en die tekortkominge in die advertensie oor vuurwerke en die beursaansoek word in meer detail in Hoofstuk 4 aangespreek. Die graad 11-handboek het drie lewensgetroue advertensies oor



© University of Pretoria

breekware, boeke en lyfroom, waar die vrae die leerder se aandag op belangrike terminologie soos die handelsnaam, teikengroep en die boodskap gevestig word. Die selfoonadvertensie is verouderd en die *Netfiks*-advertensie se taalgebruik is baie gedwonge en onnatuurlik, terwyl belangrike elemente van ’n suksesvolle advertensie ontbreek. In die graad 10-handboek het die bootreis (**Teks 69**) se pryse nie tred met inflasie gehou nie, terwyl die advertensie vir plastiekhoutmeubels die leerder wel die geleentheid bied om verbeteringe aan te bring. Die enigste spotprent wat visuele geletterdheid aanspreek, is die een oor die renoster. Daar is wel ander strokiesprente wat tot die ontwikkeling van visuele geletterdheid sou kon bydra, maar hierdie geleentheid is nie benut nie. In die graad 11-handboek is die spotprent oor oorbevolking baie relevant en die visuele beeld en personifikasie ondersteun die bedreiging wat dit vir die aarde inhou.

’n Handboek wat in 2013 gedruk is en steeds onveranderd herdruk word, kan onmoontlik voorsiening maak vir die dinamiese verwikkelinge van die 21ste eeu. Die graad 11-handboek het een diagram, vier advertensies, twee spotprente en slegs een strokiesprent. Verder is daar ’n voorbeeld van ’n webblad en ’n boek se voorblad. Die graad 10-handboek bevat twee advertensies, drie strokiesprente, ’n foto, cd-omslag, twee kaarte en ’n webbladsy. Afrikaans EAT-leerders kom uit uiteenlopende kulture en agtergronde en toegang tot tegnologie kan ook drasties van een gemeenskap na ’n ander verskil. Die aanname dat leerders kommentaar oor ’n gunsteling-reisbestemming kan lewer (**Teks 52**), sonder dat voldoende agtergrond gegee word, kan dus juis tot uitsluiting lei. Alhoewel daar na suksesverhale uit verskillende kulture verwys word, is ’n advertensie vir winterskool wat in Afrikaans (**Teks 11**) aangebied word nie juis sinvol nie, aangesien hierdie leerders, wat onderrig in Engels ontvang, dit nie sou bywoon nie. Ten einde globale vaardighede (Hava 2018) te ontwikkel, is dit nodig dat tekste relevante uitdagings aanspreek. Vraagstelling maak egter nie voldoende voorsiening vir die ontwikkeling van kreatiewe en kritiese denke nie.

Tekste verwys meestal na verouderde tegnologie en statistieke en is soms deur die outeurs geskep om spesifieke vaardighede te toets. Dit vergroot die uitdaging wat aan



© University of Pretoria

die EAT-onderwyser gestel word. Dit is moeilik om leerders in ’n era van voortdurende verandering, met verouderde inligting en opdragte gemotiveerd te hou, terwyl uitdagings soos kultuurverskille en verskillende vlakke van taalontwikkeling dit reeds bemoeilik.

## 5.3 AANBEVELINGS

Die KABV stel vereistes vir die ontwikkeling van vaardighede wat verband hou met vaardighede wat die leerder in die werkplek sal benodig en om ’n aktiewe deelnemer in die 21ste eeu te wees, terwyl skole ’n belangrike rol in die ontwikkeling van hierdie vaardighede speel. Daar is sekere benaderings en aktiwiteite wat meer effektief as ander gebruik kan word om hierdie vaardighede te ontwikkel. Alhoewel hierdie benaderings in spesifieke kategorieë bespreek word, mag daar elemente wees wat oorvleuel. Dit is beslis die moeite werd om ondersoek in te stel na die moontlikhede wat elkeen van die aanbevelings inhou.

### 5.3.1 Leerdergesentreerde aktiwiteite

Die ontwikkeling van multigeletterdheid behels ’n leerdergesentreerde benadering (Anstey & Bull 2018). Dit impliseer dat die leerders ’n groter betrokkenheid by die leerproses sal hê en dat die onderwyser hoofsaaklik as fasiliteerder sal optree. Leerders raak meer betrokke by die leerproses wanneer opdragte taakgerig is. ’n Leerdergesentreerde benadering kan bereik word deur te verseker dat opdragte taakgerig en lewensgetrou is. ’n Leerdergesentreerde, ervaringsgerigte opvoedkundige benadering is byvoorbeeld sedert 2010 in Nieu-Seeland regoor die kurrikulum aangemoedig en vir addisionele taal-programme is gedetailleerde en voorskriftelike kurrikulumriglyne, met 'n sterk grammatikale element wat voorgeskryf het wat, en wanneer dit onderrig moet word, amptelik teruggetrek. 'n Minder voorskrywende en generiese verklaring vereis nou drie integrale elemente: kommunikasie, taalkennis, en kulturele kennis. Kommunikasie vorm dus die basis sodat leerders leer om die taal te



© University of Pretoria

gebruik en te verstaan om effektiewe kommunikeerders te word (Baralt, Gilabert, & Robinson 2014) – iets wat in die Suid-Afrikaanse konteks oorweeg behoort te word.

**Taakgerigte opdragte**

’n Taak is ’n aktiwiteit wat ’n persoon uitvoer om ’n doel te bereik en waarvoor die gebruik van taal nodig is. Take kan die raamwerk bied wat nodig is om taalverwerwing, naamlik begrip, die vermoë om te kommunikeer en selfstandig te leer, te bevorder en effektiewe onderrig te fasiliteer (Faez & Tavakoli 2018). Die skrywers kom tot die gevolgtrekking dat take ’n geskikte konteks verskaf om leer te bevorder en vir betekenisvolle interaksie met ander. Dit bied die geleentheid vir leerders om hul kennis te toets en te bepaal wat nodig is om die taak te voltooi. Kennis word dus spontaan toegepas, terwyl die leerder ook kan sien hoe ander dieselfde taak aanpak. 'n Taalleertaak sal dus daarop gemik wees om taalvaardighede te ontwikkel, terwyl 'n doel bereik word. Baie leeraktiwiteite het ten doel om die taal te leer deur dit op 'n nie-kommunikatiewe manier te gebruik (Faez & Tavakoli 2018). Die voltooiing van handboekoefeninge waar leerders 'n werkwoord van die teenwoordige tyd na die verlede tyd moet verander, 'n sin van Engels na Afrikaans vertaal, of sinne na-aap wat deur die onderwyser uitgespreek word, se doel is om die taal akkuraat te gebruik en die suksesvolle uitkoms van die taalleeroefening word beoordeel op grond van hoe akkuraat die teikentaal gebruik is. Wat 'n taalleertaak van ander leeraktiwiteite onderskei, is die dubbele doel daarvan. Die eerste doel is om die kommunikatiewe uitkoms te bereik, terwyl dit tweedens poog om die leerder te help om die magdom inligting uit die omgewing te verstaan (Faez & Tavakoli 2018). Taakgerigte aktiwiteite lewer dus ’n sinvolle bydrae tot die ontwikkeling van globale vaardighede.

'n Belangrike vereiste vir take is dat dit eg of lewensgetrou moet wees. **Lewensgetrouheid** is die mate waarin 'n opdrag 'n werklike taak in die werklike wêreld reflekteer (Adendorff 2012; Faez & Tavakoli 2018). Indien daar byvoorbeeld van die leerder vereis word om 'n pizza telefonies te bestel, sal 'n suksesvolle uitkoms wees om ’n pizza by die klaskamer te laat aflewer. Om dit uit te voer is egter nie altyd prakties moontlik nie. Ellis en Shintani (2013) stel voor dat take slegs eg hoef te wees in hul vermoë om egte kommunikasie tussen die deelnemers te bevorder. Dit is egter belangrik



© University of Pretoria

dat die taak “taal” teweegbring wat gekontekstualiseerde voorbeelde skep. Leerders wat rolle as restaurantpersoneel speel, kan byvoorbeeld reageer op ander leerders wat op hul beurt die rolle van klante vertolk.

Die **skep van vrae** is 'n noodsaaklike vaardigheid in die ontwikkeling van lewenslange leerders. As leerders hulle eie vrae kan skep, sal hulle na antwoorde soek en ’n voortsetting van ondersoekgebaseerde leer kan waarskynlik gefasiliteer word (Manalo 2019). Indien leerders studiemateriaal lees en vrae bedink, en leerders die vrae met mekaar deel en bespreek, kan hul begrip van die materiaal verdiep. In die proses ontstaan nuwe vrae en ondersoekgebaseerde leer kan help om kennis te verdiep. Gebaseer op hul vrae, kommunikeer leerders met mekaar om vraagstukke saam aan te spreek, en sodoende hul kommunikasievaardighede te verbeter. Verder moet leerders krities na dinge kyk om vrae te kan skep; gevolglik kan hul kritiese denkvaardighede ook ontwikkel (Manalo 2019).

**Diagramme** werk effektief vir die bevordering van spontaneïteit en dit kan lei tot die bevordering van dieper leer, kommunikatiewe bevoegdheid en kritiese denke. Die konstruksie van diagramme fasiliteer drie meganismes wat noodsaaklik is vir betekenisvolle leer: abstrahering, skakeling, en verduideliking (Manalo 2019). Die fokus moet dus na **dieper leer** verskuif. Dieper leer verwys na 'n diepgaande begrip van kennis sodat die persoon wat leer nie net in staat is om te verstaan wat daardie kennis is nie, maar ook hoe, waarom en wanneer daardie kennis gebruik kan word. Dit stel die persoon in staat om te verstaan waaroor die diskoers gaan, eerder as net oppervlakkige leer, waar die persoon slegs kennis kan opnoem, onthou of weergee, maar nie baie daarvan verstaan of kan gebruik nie (Manalo 2019). Leerders sal hul vermoëns om krities te kan dink, probleme effektief op te los, duidelik te redeneer, konstruktief te luister, en oortuigend te praat en te skryf, moet kan demonstreer. Leerders sal moet wys dat hulle verstaan wat hulle geleer het en verduidelik hoe hulle probleme opgelos het sodat hulle dit in die toekoms weer kan doen. Inligting en idees moet nie net gememoriseer word nie, maar in en buite die klaskamer gebruik word. Leerders moet take nie net uitvoer nie, maar leer hoe om te leer (Yenawine 2013). Dit skakel dus met die vaardighede wat volgens



© University of Pretoria

Soland et al. (2013) in die 4IR verwag word en vereis dat leerders noukeurig sal waarneem, gesels oor wat hulle waarneem, hul idees met bewyse ondersteun, na ander se sienings sal luister en dit oorweeg, en die verskillende interpretasies kan bespreek (Yenawine 2013).

**Terugvoerstrokies** help leerders om krities oor inhoud te dink (Leigh 2012). Dit moedig beide die skaam en die spraaksame leerder aan om oor die inhoud na te dink. Dit kan verskeie formate aanneem. Dit kan ’n strokie papier wees waarop leerders reflekteer oor wat hulle weet en wat hulle geleer het. Leerders voltooi dit gewoonlik in die laaste paar minute van die les. Dit is moontlik om ook ’n aanlynweergawe te skep sodat die terugvoer elektronies kan plaasvind. Leigh (2012) beskryf dit as rituele vir denke. Indien dit gereeld gebruik word, kan dit van leerders aktiewe, kritiese luisteraars maak, en meer reflektiewe denkers tot gevolg hê.

### 5.3.2 Tegnologie

Multimodaliteit vereis dat leerders gereeld die geleentheid kry om tegnologie te gebruik. Leerders moet alledaagse take aanpak, soos om e-posse te stuur, blogs te skryf, aan aanlynkompetisies deel te neem en by inisiatiewe in die gemeenskap betrokke te raak. Die gebruik van digitale tegnologie as 'n onderrigmedium, om op te lei, te bevorder en in te lig, is relatief nuut in Suid-Afrika. Hierdie benadering kombineer vermaak en interaksie. Deur vermaak en leer te integreer, word iets geskep wat die leerder se aandag trek en behou. Die leerervaring is aangenaam en leerders is meer gewillig om tyd daaraan te bestee, eerder as om dit te probeer ontduik (Miller 2020).

Die gebruik van **sosiale media** kweek die gevoel dat die leerder deel van 'n netwerk is, waar sosiale aangeleenthede en akademie gekombineer word en hou verband met konstruktivistiese beginsels waar kennis gesamentlik in die onderskeie kontekste opgebou word. Leerders werk as ’n span deur hul eie foute te identifiseer en reg te stel. Leer, deur sosiale media te gebruik, is meer persoonlik omdat leerders volgens hul



© University of Pretoria

belangstelling en motivering by die groepe aansluit. Sosiale media dra dus by tot die skepping van nuwe kennis deur herwinning, meningsvorming en regverdiging van die bestaande materiaal (De Jager, Rwodzi, & Mpofu 2020). Op hierdie manier word nuwe vorme, patrone, strukture en genres van kennis geskep en tussen die groeplede gedeel (Ingre & Basil 2016). Sosiale media kan dus die onderrig van Afrikaans EAT ondersteun deur elektroniese skryfgeleenthede, die gebruik van simbole en beelde vir kommunikasie, wat multigeletterdheid en multimodaliteit verbeter. De Jager et al. (2020) stel voor dat die Departement van Basiese Onderwys professionele opleiding verskaf, oor die gebruik van sosiale media in die onderrig van EAT in skole met beperkte hulpbronne.

Digitale gereedskap bied toegang tot video's op *YouTube*, foto's, tekenfilms, tekste, diagramme, tabelle en grafieke, wat gesamentlik aan beide onderwysers en leerders inhoud vir verskillende vorme van kommunikasie verskaf. Kajee (2018) beskryf hoe die gebruik van geïntegreerde leeromgewings en sosiale- en werkverwante omgewings van digitale geletterdheid 'n sosio-kulturele praktyk maak. Dit interesseer leerders wanneer hulle werk, speel en leer, in een deurlopende proses kombineer. Multimodaliteite en multigeletterdheid skep geleenthede vir leerders om hul identiteit te ontwikkel deur sosiale media en om kulturele oortuigings en waardes oor etniese groepe heen, in 'n veeltalige en multikulturele Suid-Afrika, te deel (Lie 2017).

Skakels na video's en **QR-kodes** is 'n belangrike deel van ons lewens en word gesien in spyskaarte, produkverpakking, advertensieborde en oral waar ons gaan. Die QR-kodetegnologie is 'n praktiese en nuttige ontwikkeling in die sake- en bemarkingswêreld. Dinamiese QR-kodes word algemeen gebruik vir diensoutomatisering en vinnige inligtingsoordrag na slimfoontoestelle. Die doeltreffendheid van QR-kodes maak dit 'n integrale deel van verskeie velde (QR Tiger 2023). Dit kan 'n belangrike bydrae lewer tot die beskikbaarheid van die nuutste inligting en kan saam met die handboek gebruik word sodat leerders die skakel tussen die handboek en digitale tegnologie gereeld benut en as deelnemers in die gemeenskap, 'n begrip van die gebruik hiervan sal ontwikkel.



© University of Pretoria

**Digitale storievertelling** bied ’n sterk grondslag in verskeie tipes geletterdheid, insluitend inligtingsgeletterdheid, visuele geletterdheid, tegnologiese geletterdheid en mediageletterdheid. Hierdie veelvuldige vaardighede is belyn met tegnologie as 21ste eeuse geletterdheid en word beskryf as die kombinasie van digitale geletterdheid, globale geletterdheid, visuele geletterdheid, tegnologiese geletterdheid en inligtingsgeletterdheid (Pieterse & Quilling 2018; Hava 2021). Die inligtingsera vereis dat onderwysers hierop reageer deur tegnologie regdeur die kurrikulum te integreer (Hava 2021). Tradisionele geletterdheidsonderrig het die gebruik van handboeke, vaardigheidslesse, vaardigheidsgroepe, werkkaarte en werkboekbladsye, sowel as skryfwerk wat slegs deur die onderwyser gelees word, behels. In teenstelling daarmee vereis geletterdheid in die 21ste eeu dat leerders nie net met klasmaats kommunikeer nie, maar ook e-boeke lees, e-pos ontvang en stuur, inligting aanlyn vind en evalueer, verslae met doelgemaakte sagteware voorberei, dialoog met leerders in ander streke voer, en vir beide die plaaslike en wêreldwye gemeenskappe skryf. In Suid-Afrika is die digitale gaping - wat betref ervaring en toegang tot tegnologie - baie kompleks, met groot verskille in welvaart en toegang tot tegnologie, wat dikwels gepaard gaan met historiese verskille gebaseer op rasse-agtergronde (Hoadley, 2017).


**Spelifiëring** (Genis & Adendorff 2021) is ’n idee waaroor onderwysers, volgens die skrywers, nog onseker oor die gebruik en opvoedkundige waarde daarvan is. Tradisionele kontakonderrig word deesdae toenemend onder druk geplaas en daarom moet onderwysers alternatiewe moontlikhede ondersoek en oorweeg. **Toepassings** soos *ChatGPT, EdPuzzle, Quizlet, Kahoot, Edmodo, Mindonmap, Flipgrid, Kaizena, Crosswordlabs* en vele meer kan die onderwyser in staat stel om leerders aktief by die leerproses betrokke te kry, terwyl evaluering van die vaardighede tyd bespaar, en waardevolle terugvoer kan gee oor die mate waarin die vaardighede ontwikkel is.



© University of Pretoria

### 5.3.3 LEERMATERIAAL

Brumfit en Rossner se piramidemodel (Figuur 5.2), soos aangepas uit McGrath (2016), bevestig die belangrikheid van die onderwyser se betrokkenheid by die keuse van leermateriaal en die noodsaaklikheid daarvan dat hulle deur hoëvlakbesluitnemers geraadpleeg moet word. Dit impliseer dat onderwysers nie noodwendig die finale keuse uitoefen nie, maar insette in terme van die realistiese implementering van besluite in die klaskamer behoort te lewer. Hoe meer onderwysers weet, verstaan en kan doen, hoe bekwamer sal hulle sal wees om 'n bemiddelingsfunksie met betrekking tot materiaal-keuse uit te voer.




**Figuur 5.2: Die besluitnemingspiramide soos aangepas uit McGrath (2016)**

Dit beteken nie dat taalonderwysers toegepaste linguiste hoef te wees nie, maar dat hulle die selfvertroue en basiese vaardighede moet hê om ingeligte besluite oor die keuse en gebruik van materiaal te neem en om materiaal te vind, aan te pas en te ontwikkel wanneer bestaande materiaal ontoereikend is (McGrath 2016). Die studie van ACER (2013) bevestig dat die werkboeke wat op daardie stadium beskikbaar was, baie beter aan vereistes vir kwaliteit, as die handboeke, voldoen het. Die enigste kritiek was dat die afdelings in die werkboeke net gemiddelde aandag aan die verband tussen die afdelings in die boek en die leerdoelwitte gegee het. Wat handboeke betref, is die uiteensetting van die boek en inhoud, die kwaliteit van die skryfwerk, inagneming van leerders se leertempo, verskillende onderrigmetodes en die ontwikkeling van kritiese denke, slegs as gemiddeld beoordeel.'n Handboekreeks soos *ASG* het die potensiaal om die nodige globale vaardighede te ontwikkel, maar daar is nie aandag aan die opdatering van die



© University of Pretoria

inligting gegee nie. Die inhoud is verouderd en het nie tred gehou met die leefwêreld van die hedendaagse tiener nie. Die skrywers het natuurlik ook voordeel getrek uit die feit dat die laaste keuringsproses in 2013 uitgevoer is.

**Gereelde keuring**

Om die implementering van die KABV te ondersteun, is nasionale katalogusse van handboeke ontwikkel om onderwysers te help met die keuse van geskikte handboeke. Die katalogusse moes in die voorafgaande jaar in plek wees en nasionale katalogusse is onderskeidelik in 2011, 2012 en 2013 goedgekeur (DBO 2019c). Dit is egter belangrik om op te merk dat daar sedertdien geen hersiening van die katalogusse plaasgevind het nie. Daar was heelwat verwikkelinge sedert 2010 en ’n handboek soos *ASG* wat op daardie stadium volledig aan die vereistes van die KABV voldoen het, mag nou verouderd wees. ’n Moontlike oplossing vir hierdie probleem is om ’n dinamiese aanlynkatalogus te ontwikkel sodat handboekskrywers hul werk teen voorafbepaalde keerdatums vir keuring kan voorlê en dat die katalogus verkieslik jaarliks, maar beslis meer gereeld opgedateer word. Dit sal nuwe skrywers die geleentheid gee om hul werk voor te lê en bestaande skrywers noop om handboeke op te dateer om relevant en kompeterend te bly.

**Die potensiaal van leerderwerkboeke**

Handboeke soos *ASG* is nie noodwendig die enigste keuse vir leermateriaal nie. Die DBO het in ’n poging om leerders se geletterdheid en numeriese vaardighede te verbeter, werkboeke vir Suid-Afrikaanse skole ontwikkel om die prestasie van leerders van graad 1-9 te verbeter. Deur die befondsing van die Nasionale Tesourie, kon hierdie werkboeke kosteloos in alle amptelike tale beskikbaar gestel word. Die idee is dat die werkboeke onderwysers in hul alledaagse onderrig sal help en om te verseker dat leerders die kurrikulum dek (CAPS 123 15 Augustus 2021; ACER 2013). Elke leerder word dus van werkkaarte voorsien om die taal- en numeriese vaardighede wat in die klas geleer is, te oefen. Dit is ook bedoel om onderwysers te help om leerders se vordering dop te hou en, indien nodig, ekstra ondersteuning te bied. Dit is dus 'n eenvoudige manier om leeraktiwiteite vir leerders te struktureer. Hierdie werkboeke word die leerder se eiendom (ACER 2013). Dieselfde werkboeke kan leerders en onderwysers in die VOO-fase ook in



© University of Pretoria

staat stel om leer te bevorder. Teorie kan moontlik by die leerderwerkboek ingesluit word. Antwoorde vir aktiwiteite word dus in die boek voltooi. Die inhoud kan ingedeel word volgens die vraestelle waarin dit getoets word sodat alles wat vir ’n spesifieke vraestel voorberei moet word bymekaar is, en die leerder sekerheid het oor wat vir ’n spesifieke assessering voorberei moet word. Onderwysers kan ’n leerderwerkboek gebruik om leerders te help om die inhoud effektief te verstaan. Die leerderwerkboek fokus dus op die doeltreffendheid van die leerproses (Utami, Aminatun, & Fatriana 2020). 'n Leerderwerkboek se inhoud is meer bondig as dié van handboeke en bevat baie oefenvrae wat met die behandelde inhoud verband hou. Verder kan leerderwerkboeke suksesvolle leer verbeter, en leerders aktiewer en meer doeltreffend by die leerproses betrokke maak, terwyl kreatiewe denkvaardighede ontwikkel word (Bakırcı, Bilgin, & Simsek 2011; Megahati, Yanti, & Susanti 2018; Badriyah & Poedjiastoeti 2021) en leerders gehelp word om beter te verstaan. Hierbenewens moet hierdie medium nie net gesien word as 'n hulpmiddel vir onderwysers nie, maar ook as 'n boodskapper wat deur leerders gebruik word om die leerproses te ondersteun.

### 5.3.4 Onderwysersopleiding

Die meeste mense het ‘n implisiete teorie van leer omdat ons almal soveel jare op skool spandeer het (Fiorella & Mayer 2014). Tradisioneel is die meeste van ons gewoond daaraan dat dit beter is om te leer deur dinge self te doen eerder as om net instruksies uit te voer. Herhaling word beskou as 'n effektiewe manier om vaardighede aan te leer, deur reaksies keer op keer te oefen. Dit is waardevol om inligting aktief deur memorisering en herhaling in jou geheue op te neem, en leer is ook 'n sosiale proses, waar samewerking help om kennis te verdiep en van mekaar te leer. Fiorella en Mayer (2014) beskou leer egter eerder as iets wat gebeur wanneer jy probeer betekenis te gee aan die materiaal waarmee jy te doen kry en sodoende nuwe inligting met jou voorafgaande kennis verbind. Die rede hiervoor is dat leerders se kognitiewe verwerking ’n groot bydrae tot leer lewer. Onderwysers moet kennis dra van die maniere waarop leer plaasvind en daarvoor voorsiening maak. Onderwysers moet die werk wat in die klas of tuis gedoen



© University of Pretoria

word, in verband bring met die vaardighede wat leerders buite die klaskamer benodig. Dit behels ’n dieper betrokkenheid by die leerders se leefwêreld en die eise wat in die toekoms aan leerders gestel sal word.

Onderwysers sal minder handboekgebonde moet wees en artikels in die handboeke vervang met die nuutste beskikbare inligting uit koerante en ander relevante en vars bronne. Strokiesprente in die handboek kan meer doeltreffend aangewend word deur geïntegreerde oefeninge, waar die visuele aspekte van die strokiesprent en verskillende denkvlakke aangespreek word. Marin en Halpern (2011) verwys na navorsing wat drie kernbeginsels van kritiese denkonderrig identifiseer, wat die behoefte aan implisiete en eksplisiete strategieë om kritiese denke te ontwikkel, weerspieël. Dit bewys dat meer eksplisiete onderrig van denke ’n groter impak op leerders sal hê; dat klasse waar ’n atmosfeer van bewustheid heers, daartoe sal lei dat leerders goeie denke waardeer en dat die toenemende onderrig van denke tydens die onderrig van inhoud, leerders sal motiveer om na te dink oor wat hulle leer. Net soos met die vaardighede vir globale burgerskap, sal enige beduidende uitbreiding in die onderrig van STEM-dissiplines (die kombinasie van wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde) in ontwikkelende lande, 'n gelykwaardige uitbreiding in die aantal onderwysers en verbetering in die kwaliteit van hul onderrig vereis. Alhoewel STEM-vaardighede tans onderrig word, word die waarde daarvan vir die arbeidsmark, deur leerders en hul adviseurs onderskat. STEM-vaardighede is duurder om aan te leer as kuns- en sosiale wetenskapvakke en vereis ’n groter belegging (Dunbar 2016), maar dit sal leerders die waarde van die dele (verskillende vakke) en die bydrae van die dele tot die geheel (multigeletterdheid deur ’n heelskoolbenadering) laat insien. Sentraal tot hierdie proses, staan die aanleer van tale wat die kommunikasie en oordrag van hierdie vaardighede moontlik maak.

### 5.3.5 Navorsing

Navorsing oor die ontwikkeling van globale vaardighede behoort ’n deurlopende proses te wees. Die wêreld is dinamies en toepassing van die aanbevelings in verskillende




© University of Pretoria

skoolvakke kan bydra tot die effektiewe implementering daarvan. Onderwysers het dikwels nie die tyd om verskillende toepassings te toets en boonop te gebruik nie. Navorsing kan dus die mees effektiewe metodes identifiseer en onderwysers kan tydens indiensopleiding hieroor ingelig word. Alhoewel die ontwikkeling en oordrag van kritiese denkvaardighede as primêre doelwitte vir onderwys erken word, is daar min empiriese bewyse om opvoeders te help besluit hoe om op maniere te onderrig wat kritiese denke versterk. Marin en Halpern (2011) verwys na navorsing wat bewys dat onderrig wat kritiese denke ontwikkel, minder algemeen gebeur by leerders in hoërskole in benadeelde gebiede.

Handboeke speel ’n deurslaggewende rol in die onderrig en aanleer van tale en daar is voortdurend 'n behoefte aan navorsing om taalhandboeke as instrumente van die ideologiese praktyk van taalonderrig te ondersoek. In die diverse Suid-Afrikaanse konteks is dit belangrik om die uiteenlopende agtergronde en *gesitueerde werklikhede* in ag te neem wanneer leermateriaal oorweeg word.

Figuur 5.3 gee vervolgens ’n visuele oorsig oor die aspekte wat oorweeg moet word ten einde die ontwikkeling van globale vaardighede in ’n eerste addisionele taal te bevorder.




**Figuur 5.3: Aanbevelings vir die ontwikkeling van globale vaardighede**



© University of Pretoria

## 5.4 VOORSTELLE VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING

Die evaluering van handboeke behoort nie tot Afrikaans EAT beperk te word nie, maar kan ook in ander dissiplines van waarde wees. Die moontlikhede van 'n heelskool-benadering tot die ontwikkeling van globale vaardighede bied ook heelwat geleentheid vir ontginning. Ander benaderings tot die ontwikkeling van globale vaardighede en multigeletterdheid behoort ook ondersoek te word.

## 5.5 SAMEVATTING

Gegewe die vinnig veranderende inligtingsomgewing, behoort die inhoud van handboeke voortdurend aangepas te word om veranderende behoeftes aan te spreek. Multigeletterdheid vereis die gebruik van verskillende vorme van uitdrukking en kommunikasie, en dit is multimodaal eerder as taaldominant. Dit vereis verskeie vaardighede om in die moderne samelewing te oorleef, insluitend visuele, digitale, kritiese en ander vorme van geletterdheid. Multigeletterdheid ontwikkel voortdurend en pas by die veranderende samelewing, kultuur en tegnologie aan. Deur multigeletterdheid toe te pas, kan leerders verandering hanteer en volwaardig deelneem aan alle aspekte van die samelewing, wat die werksplek, vryetydsbesteding, sosiale en kulturele interaksies, sowel as die gemeenskap insluit. Die hedendaagse werkplek vereis spesifieke geletterdheid vir toenemende spanwerk - samewerking met diverse sosiale en kulturele groepe en die bewustelike gebruik van multimodale werkspraktyke. Effektiewe gesprekvoering, gebruik van tegnologie, en sosiale intelligensie is noodsaaklik. Werkers moet veranderings hanteer, aanpasbaar wees en die vermoë hê om saam te werk, te onderhandel, probleme op te los en hoërorde-denkvaardighede te gebruik. Die verdwyning van nywerhede en beroepe vereis ook die vermoë om nuwe vaardighede aan te leer en van beroep te verander.

Dit is daarom belangrik om leerders by werklike take te betrek waarin hulle saamwerk, geletterdheidspraktyke aanleer, probleemoplossingsvaardighede ontwikkel, en bewus



© University of Pretoria

raak van die veranderende aard van die werksomgewing en beroepe. Die rol wat ’n addisionele taal in die verwerwing van hierdie vaardighede kan speel, moet nooit onderskat word nie. In die Suid-Afrikaanse konteks, moet die gebrekkige toegang tot tegnologie in gedagte gehou word en daarom moet handboeke voorsiening maak vir die ontwikkeling van die vermoë om tegnologie te gebruik en te integreer. Die gebruiker van die handboeke moet ook voortdurend toegang tot die nuutste inligting hê. 'n Handboek wat byvoorbeeld meer as 'n dekade gelede aan die vereistes van sosiale transformasie, aktiewe en kritiese leer; hoë kennis en hoë vaardighede; geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid voldoen het, kan beswaarlik in sy oorspronklike formaat aan hierdie vereistes voldoen. Om onderwys te verskaf wat vergelykbaar is ten opsigte van kwaliteit, breedte en diepte, met dié van ander lande (DBO 2019b), sal vereis dat deurlopende navorsing gedoen word en dat dit in die tekste en aktiwiteite neerslag sal vind. Alhoewel leerders nie altyd toegang tot tegnologie het nie, kan hierdie vorm van geletterdheid nie geïgnoreer word nie. Die gebrek aan tegnologiese vaardighede kan dus 'n struikelblok in die bevordering van selfgerigte leer wees, in kontekste waar tegnologie gebruik moet word. Multigeletterdheid erken die toenemende diversiteit in kultuur en taal in die geglobaliseerde samelewing, sowel as die verskeidenheid tekssoorte wat deur kommunikasietegnologieë voortgebring word. In die veranderende geletterde en gediversifiseerde sosiale omgewing is daar 'n dringende behoefte aan nuwe vaardighede om suksesvol in die 21ste eeu te funksioneer.


My navorsing het begin met die idee dat leerders sekere vaardighede, bekend as globale vaardighede, moet baasraak en dat daar maniere moet wees hoe dit in die Afrikaans EAT-klas gedoen kan word. Die besluit om handboeke te bestudeer en hoe dit ’n bydrae tot hierdie proses kan lewer, het die vraag laat ontstaan of handboeke aan die vereistes van die KABV voldoen. Die KABV maak voorsiening vir die ontwikkeling van verskeie vaardighede, maar dit word nie spesifiek “globale vaardighede” genoem nie. Daar word ook nie na die begrip “multigeletterdheid” verwys nie, maar dit is duidelik dat leerders hierdie globale vaardighede met inagneming van die Suid-Afrikaanse omgewing behoort te ontwikkel sodat hulle nie net in hul eie omgewing ’n verskil kan maak nie, maar ook verder as die landsgrense. Die ontwikkeling van denkvaardighede op verskillende vlakke



© University of Pretoria

word wel deur die KABV vereis en aangemoedig en deur die gebruik van Bloom se hersiene taksonomie geassesseer. Daar is dus ’n duidelike verband tussen die verskillende benaderings en die doel van elkeen om geletterdheid en dieper denkvaardighede te ontwikkel.

Op hierdie stadium is die grootste probleem dus dat ’n handboekreeks soos *ASG* nie voldoende voorsiening vir die ontwikkeling van globale vaardighede maak nie omdat dit nie gereeld opgedateer word nie. Daar is ’n behoefte dat leermateriaal meer gereeld vir keuring voorgelê moet word. Die keuring van handboeke behoort ’n deurlopende proses te wees sodat nuwe navorsing en tendense bygewerk kan word en leermateriaal meer toepaslik en lewensgetrou kan wees. In ’n tyd waar daar soveel uitdagings is waarmee ons elke dag te doen het, kan ons nie bekostig om ons leerders te verveel en van geleenthede te ontneem nie. Dit is ons verantwoordelikheid om leerders vir die alledaagse uitdagings voor te berei. Hulle verdien dit!





© University of Pretoria

## Bibliografie

ACER. (2013). *Formative evaluation of workbooks and textbooks*. DBO. https://evaluations.dpme.gov.za/evaluations/421

Adendorff, E. (2012). Die omskakeling van werklikewêreld-take na pedagogiese take ten einde 'n taakgebaseerde sillabus te ontwerp: Geesteswetenskappe. *Litnet Akademies : 'n Joernaal vir die Geesteswetenskappe, Natuurwetenskappe, Regte en Godsdienswetenskappe*, *9*(3), 834-869. https://doi.org/doi:10.10520/EJC129811

ADvTECH. (2022). ADvTECH. https://www.advtech.co.za/schools-division

Akhtar, M. I. (2016). Research design. https://ssrn.com/abstract=2862445

Alonso, R. A. (2018). *Speaking in a second language*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company. http://ebookcentral.proquest.com/lib/pretoria-ebooks/detail.action?docID=5328455

Anderson, K. T. (2013). Contrasting systemic functional linguistic and situated literacies approaches to multimodality in literacy and writing studies. *Written Communication*, *30*(3), 276-299. https://doi.org/10.1177/0741088313488073

Anderson, R., Thier, M., & Pitts, C. (2017). Interpersonal and intrapersonal skill assessment alternatives: Self-reports, situational-judgment tests, and discrete-choice experiments. *Learning and Individual Differences*, *53*, 47-60.

Angermuller, J., Maingueneau, D., & Wodak, R. (2014). *The discourse studies reader : Main currents in theory and analysis*. Amsterdam, the Netherlands ;: John Benjamins Publishing. http://site.ebrary.com/id/10885590

Anker, A., & Cox, S. (2018). Die oordrag van leesbegripstrategieë op ander akademiese vakke op universiteitsvlak. *LitNet Akademies*, *15*(2).

Anstey, M. l., & Bull, G. (2018). *Foundations of multiliteracies : Reading, writing and talking in the 21st century*. Abingdon, Oxon: Routledge. https://doi.org/10.4324/9781315114194

Arrive Alive. (2023). *Minibus taxis and road safety*. https://www.arrivealive.mobi/minibus-taxis-and-road-safety#:~:text=Illegal%20operators%20in%20the%20industry,than%20all%20other%20passenger%20vehicles.

Asia Society, & OECD. (2018). *Teaching for global competence in a rapidly changing world*. New York: Paris/Asia Society. https://doi.org/doi:https://doi.org/10.1787/9789264289024-en

Atkins, L., Wallace, S., & British Educational Research, A. (2012). *Qualitative research in education*. Los Angeles: SAGE. http://site.ebrary.com/id/10870301

Badriyah, A., & Poedjiastoeti, S. (2021). Development of learning tools based on mind mapping worksheet for improving stundents’ creative thinking skills on cell material. *IJORER: International Journal of Recent Educational Research*, *2*(5), 165-579.

Bakırcı, H., Bilgin, A. K., & Simsek, A. (2011). The effects of simulation technique and worksheets on formal operational stage in science and technology lessons. *Procedia-social and behavioral sciences*, *15*, 1462-1469.

Baralt, M., Gilabert, R., & Robinson, P. J. (2014). *Task sequencing and instructed second language learning*. London: Bloomsbury Academic. http://site.ebrary.com/id/11033092

Best, J. (2017). *Colour design : Theories and applications* (Second edition. ed.). Duxford, United Kingdom: Elsevier Ltd.

Bickmore, L., & Christiansen, R. (2010). "Who will be the inventors? Why not us?" Multimodal compositions in the two-year college classroom. *Teaching English in the Two Year College, suppl. SPECIAL ISSUE: 21st Century Literacies*, *37*(3), 230-242.

Boche, B. (2014). Multiliteracies in the classroom: Emerging conceptions of first-year teachers. *Journal of Language and Literacy Education, 10*(1), 114-135.

Boix Mansilla, V., & Schleicher, A. (2022). *Big picture thinking: How to educate the whole person for an interconnected world*. OECD. https://issuu.com/oecd.publishing/docs/big-picture-thinking-educating-global-competence



© University of Pretoria

Borsheim, C., Merritt, K., & Reed, D. (2008). Beyond technology for technology's sake: Advancing multiliteracies in the twenty-first century. *Integrating Technology into the Classroom*, *82*(2), 87-90.

Brookhart, S. M. (2010). *How to assess higher-order thinking skills in your classroom*. Alexandria, Va.: ASCD.

Businesstech. (2016). *MXit is officially dead*. Businesstech. https://businesstech.co.za/news/mobile/139225/mxit-is-officially-dead/

Businesstech. (2020). *New language changes planned for South African schools*. Businesstech. https://businesstech.co.za/news/government/400673/new-language-changes-planned-for-south-african-schools/

Butler-Adam, J. (2018). The fourth industrial revolution and education. *South African Journal of Science*, *114*, 1-1. http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0038-23532018000300001&nrm=iso

CAPS 123. (2021). *Get the DBE workbooks for South African schools in 2021 now!* CAPS 123. https://caps123.co.za/dbe-workbooks-for-south-african-schools-in-2021/

Care, E., Anderson, K., & Kim, H. (2016). *Visualizing the breadth of skills movement across education systems*. Brookings Institution. https://www.voced.edu.au/content/ngv:77806

Care, E., Kim, H., Vista, A., & Anderson, K. (2018). Education system alignment for 21st century skills: Focus on assessment. *Center for Universal Education at The Brookings Institution*.

Cheng, K.-m. (2017). Advancing 21st century competencies in East Asian education systems. *Center for Global Education. Asia Society*, *2*, 26.

Choo, S. (2020). *Teaching English in an age of globalization: Developing critical, aesthetic and ethical capabilities for the future* The Eleventh Annual International Symposium of Foreign Language (11th AISOFOLL), Indonesië.

Churchill, D. (2009). *Literacy in the web 2.0 world (new literacy)*. Retrieved 2023/07-07 from http://wwww.slideshare.net/zvezdan/new-literacy-in-the-web-20-world

Cohen, L., Manion, L., & Morrison, K. (2018). *Research methods in education* (Eighth edition. ed.). London ;: Routledge.

Conklin, W. (2012). *Higher-order thinking skills to develop 21st century learners*: Shell Education Publishing, Inc.

Conolly, L., Lehtomaki, E., & Scheunpflug, A. (2019). *Measuring global competencies: A critical assessment*. ANGEL *Briefing Paper. Dublin: ANGEL*.

Cook, V. (2016). *Second language learning and language teaching* (5 ed.) New York: Routledge.

Cope, B., & Kalantzis, M. (2009). "Multiliteracies": New literacies, new learning. *Pedagogies: An International Journal*, *4*(3), 164-195. https://doi.org/10.1080/15544800903076044

Creswell, J. W., & Poth, C. N. (2018). *Qualitative inquiry & research design : Choosing among five approaches* (Fourth ed.). Los Angeles: SAGE.

Curwood, J. S. (2012). Cultural shifts, multimodal representations, and assessment practices: A case study. *E-Learning and Digital Media*, *9*(2), 232-244. https://doi.org/10.2304/elea.2012.9.2.232

Czerniewicz, L., & Brown, C. (2010). Born into the digital age in the south of Africa: The reconfiguration of the 'digital citizen'. https://www.academia.edu/2073905/Born_into_the_Digital_Age_in_the_south_of_Africa_the_reconfiguration_of_the_digital_citizen_

Darwazeh, A. N. (2017). A new revision of the [revised] Bloom's taxonomy. *Distance Learning*, *14*(3), 13-28.

DBME. (2017). *Implementation evaluation of the national curriculum statement grade r to 12 - focusing on the curriculum and assessment policy statements (CAPS)*. Department of Planning Monitoring and Evaluation. https://evaluations.dpme.gov.za/evaluations/601

DBO. (2001). *Education white paper 6: Special needs education, building an inclusive education and training system*. Pretoria: Government Printers

DBO. (2011). *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring graad 10-12 Afrikaans*. Pretoria: Departement van Basiese Onderwys.

DBO. (2022). Afrikaans Eerste Addisionele Taal: Vraestel 1. https://www.education.gov.za/Portals/0/CD/2022NovExams/Languages%20Nov%202022%20PDF/Afrikaans/FAL/Afrikaans%20FAL%20P1%20Nov%202022.pdf?ver=2022-11-02-141449-000



© University of Pretoria

DBO. (2021). Afrikaans Eerste Addisionele Taal: Vraestel 1. https://www.education.gov.za/Portals/0/CD/2021NovemberExamPapers/Languages%20Nov%202021%20PDF/Afrikaans/FAL/Afrikaans%20FAL%20P1%20Nov%202021.pdf?ver=2021-11-03-122004-000

DBO. (2020). Afrikaans Eerste Addisionele Taal: Vraestel 1. https://www.education.gov.za/Portals/0/CD/2020%20NSC%20Exam%20papers/Languages%20Nov%202020%20PDF/Afrikaans/FAL/Afrikaans%20FAL%20P1%20Nov%202020.pdf?ver=2020-11-06-120638-000

DBO. (2019). Afrikaans Eerste Addisionele Taal: Vraestel 1. https://www.education.gov.za/Portals/0/CD/2019%20November%20past%20papers/Languages%20Nov%202019%20PDF/Afrikaans/FAL/Afrikaans%20FAL%20P1%20Nov%202019.pdf?ver=2019-10-31-144139-000

DBO. (2018). Afrikaans Eerste Addisionele Taal: Vraestel 1. https://www.education.gov.za/Portals/0/CD/2018%20November%20Past%20Papers/Languages%20Nov%202018%20PDF/Afrikaans/Afrikaans%20FAL%20P1%20Nov%202018.pdf?ver=2019-01-07-140004-000

DBO. (2019b). *Minister Angie Motshekga launches the ministerial task team textbook evaluation report, 5 apr*. Departement van Basiese Onderwys. https://www.gov.za/speeches/minister-basic-education-angie-motshekga-launch-ministerial-task-team-textbook-evaluation

DBO. (2019c). *Textbook evaluation report of the ministerial task team*. Department of Basic Education. https://policycommons.net/artifacts/3700534/textbook-evaluation-report-of-the-ministerial-task-team-basic-education/4506310/

De Jager, L., Rwodzi, C., & Mpofu, N. (2020). The innovative use of social media for teaching english as a second language. *TD : The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa*, *16*(1), 1-7. https://doi.org/10.4102/td.v16i1.702

Deardorff, D. K. (2014). Some thoughts on assessing intercultural competence. https://illinois.edu/blog/view/915/113048

DHOO. (2019). *Post–school education and training monitor*. https://www.dhet.gov.za/SiteAssets/Post-School%20Education%20and%20Training%20Monitor%20Report_March%202019.pdf

DHOO. (2022). *Skills supply and demand in South Africa*. https://www.dhet.gov.za/Planning%20Monitoring%20and%20Evaluation%20Coordination/Report%20on%20Skills%20Supply%20and%20Demand%20in%20South%20Africa%20-%202022%20%281%29.pdf

DHOO. (2023). *Persons who are not in employment, education or training*. https://www.dhet.gov.za/Planning%20Monitoring%20and%20Evaluation%20Coordination/Fact%20Sheet%20-%20NEETs_%20March%202023.pdf

Diamantopoulos, A., Schlegelmilch, B. B., Halkias, G., & Edward Elgar, P. (2023). *Taking the fear out of data analysis : Completely revised, significantly extended and still fun*. Northampton: Edward Elgar Publishing. https://www.elgaronline.com/view/book/9781803929842/9781803929842.xml

Dreyer, L. M. (2017). Addressing barriers to learning in first additional language (second language). In M. D. Magano, S. Mohapi, & D. Robinson (Eds.), *Realigning teacher training in the 21st century*. United Kingdom: Cengage Learning EMEA.

Dunbar, M. (2016). *Skills and capacity: What does learning need to look like today to prepare the workforce of 2030?* https://www.heart-resources.org/assignment/skills-and-capacity-what-does-learning-need-to-look-like-today-to-prepare-the-workforce-of-2030/

Ellis, R., & Shintani, N. (2013). *Exploring language pedagogy through second language acquisition research*. London: Routledge.

Elola, I., & Oskoz, A. (2017). Writing with 21st century social tools in the l2 classroom: New literacies, genres, and writing practices. *Journal of Second Language Writing*, *36*, 52-60. https://doi.org/10.1016/j.jslw.2017.04.002

Engelbrecht, A., & Genis, G. (2019). *Multiliteracies in education : South African perspectives*. Pretoria, South Africa: Van Schaik.

Faez, F., & Tavakoli, P. (2018). *Task-based language teaching*. Chicago: TESOL Press. http://public.eblib.com/choice/PublicFullRecord.aspx?p=6447724

Fiorella, L., & Mayer, R. E. (2014). *Learning as a generative activity : Eight learning strategies that promote understanding*. New York: Cambridge University Press. https://doi.org/10.1017/CBO9781107707085



© University of Pretoria

Galal, S. (2022). *Distribution of languages spoken inside and outside of households South Africa 2018*. https://www.statista.com/statistics/1114302/distribution-of-languages-spoken-inside-and-outside-of-households-in-south-africa/

Garcia, A., Witte, S., & Dail, J. S. (2020). *Playing with teaching : Considerations for implementing gaming literacies in the classroom*. Leiden: Brill | Sense. https://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&scope=site&db=nlebk&db=nlabk&AN=2371881

Gardner, H. (2008). The five minds for the future. *Schools: Studies in Education*, *5*(1/2), 17-24. https://doi.org/10.1086/591814

Genis, P., & Adendorff, E. (2021). Die gebruik van spelifiëring ("gamification") as hulpmiddel vir woordeskatuitbreiding in'n taakgebaseerde onderrigprogram vir taalverwerwingstudente. *Litnet Akademies 18*(2). https://www.litnet.co.za/die-gebruik-van-spelifiering-gamification-as-hulpmiddel-vir-woordeskatuitbreiding-in-n-taakgebaseerde-onderrigprogram-vir-taalverwerwingstudente/

Given, L. M. (2012). *The SAGE encyclopedia of qualitative research methods*. Thousand Oaks: SAGE Publications, Inc.

Gouws, R., Gouws, S., Lätti, M., Grobler, I., Grobbelaar, K., Smit, M., Peacock, M., & Pretorius, S. (2013a). *Afrikaans sonder grense onderwysersgids graad 12* (1 ste uitg.). Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Gouws, R., Gouws, S., Lätti, M., Grobler, I., Grobbelaar, K., Smit, M., Peacock, M., & Pretorius, S. (2013b). *Afrikaans sonder grense. Graad 12, eerste addisionele taal, leerderboek* (1ste uitg.). Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Gray, A. (2016). *The 10 skills you need to thrive in the fourth industrial revolution*. World Economic Forum. https://www.weforum.org/agenda/2016/01/the-10-skills-you-need-to-thrive-in-the-fourth-industrial-revolution/

Gross, M., & Latham, D. (2017). The peritextual literacy framework: Using the functions of peritext to support critical thinking. *Library and Information Science Research*, *39*(2), 116-123. https://doi.org/10.1016/j.lisr.2017.03.006

Hava, E. V. (2018). *Multidimensional curriculum enhancing future thinking literacy : Teaching learners to take control of their future*. Leiden: Brill. https://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&db=nlebk&AN=1923909&site=ehost-live&scope=site

Hava, K. (2021). Exploring the role of digital storytelling in student motivation and satisfaction in efl education. *Computer Assisted Language Learning*, *34*(7), 958-978. https://doi.org/10.1080/09588221.2019.1650071

Hichilema, H. (2022). Zambia's success will be Africa's success. *Forsight Africa*. https://www.brookings.edu/blog/africa-in-focus/2022/01/21/zambias-success-will-be-africas-success/#:~:text=Zambia's%20transition%20is%20an%20example,party%20democracy%20three%20decades%20ago.

Hyland, K., & Paltridge, B. (2011). *Bloomsbury companion to discourse analysis*. London ;: Continuum International Publishing Group. http://public.ebookcentral.proquest.com/choice/publicfullrecord.aspx?p=661030

Ingre, D., & Basil, R. (2016). *Engineering communication: A practical guide to workplace communications for engineers*: Cengage Learning.

Jake, H. (2020). *Seeing sense : Visual literacy as a tool for libraries, learning and reader development*. London: Facet Publishing. https://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&db=nlebk&AN=2526568&site=ehost-live&scope=site

Joubert, I., Hartell, C., & Lombard, K. (2016). *Navorsing:'n Gids vir die beginnernavorser*: Van Schaik Uitgewers.

Kajee, L. (2018). Teacher education students engaging with digital identity narratives. *South African Journal of Education*, *38*(2), 1-9.

Kayes, N. M., Stavric, V., Channon, A. S., Kersten, P., McPherson, K., & Mudge, S. (2013). Living well with disability: Needs, values and competing factors. *International Journal of Behavioral Nutrition and Physical Activity*, *10*(1). https://www.researchgate.net/publication/256075522_Living_well_with_disability_Needs_values_and_competing_factors?enrichId=rgreq-9cf9693acecc34129417042955055b55-XXX&enrichSource=Y292ZXJQYWdlOzI1NjA3NTUyMjtBUzoxODc4NzAzNTQ2MTYzMjBAMTQyMTgwMzE5MTg5MA%3D%3D&el=1_x_2&_esc=publicationCoverPdf



© University of Pretoria

Kenworthy, L., & Kielstra, P. (2015). *Driving the skills agenda: Preparing students for the future.* https://www.eiuperspectives.economist.com/sites/default/files/Drivingtheskillsagenda.pdf

Khaldi, K. (2017). Quantitative, qualitative or mixed research: Which research paradigm to use? *Journal of Educational and Social Research*, *7*(2), 15-15.

Khosa, R. (2011). *Attuned leadership: African humanism as compass*. Johannesburg: Penguin.

Köksal, D., Ulum, Ö. G., & Yürük, N. (2023). Revised Bloom's taxonomy in reading texts in efl/esl settings. *Acta Educationis Generalis*, *13*(1), 133-146. https://doi.org/10.2478/atd-2023-0007

Krippendorff, K. (2019). *Content analysis: An introduction to its methodology* (Fourth Edition ed.). Thousand Oaks, https://doi.org/10.4135/9781071878781

Laabidi, H., & Nfissi, A. (2016). Fundamental criteria for effective textbook evaluation. *Efl Journal*, *1*(2), 141-159.

Lätti, M., Gouws, S., Gouws, R., Peacock, M., Pretorius, S., & Smit, M. (2011). *Afrikaans sonder grense. Graad 10, eerste addisionele taal. Leerderboek* (1ste uitg.). Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Lätti, M., Gouws, S., Gouws, R. P., M., Pretorius, S., Smit, M., Grobbelaar, K., & Grobler, I. (2012). *Afrikaans sonder grense. Graad 11, eerste addisionele taal, leerderboek* (1ste uitg.). Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Lätti, M., Gouws, S., & Smith, I. (1997). *Nuwe Afrikaans sonder grense standerd 6*. Kaapstad: MML.

Leavy, P. (2017). *Research design : Quantitative, qualitative, mixed methods, arts-based, and community-based participatory research approaches*. New York: Guilford Publications. http://ebookcentral.proquest.com/lib/pretoria-ebooks/detail.action?docID=4832778

Ledger, S., Thier, M., Bailey, L., & Pitts, C. (2019). OECD's approach to measuring global competency: Powerful voices shaping education. *Teachers College Record*, *121*(8), 1-40. https://doi.org/10.1177/016146811912100802

Leedy, P., & Ormrod, J. (2020). *Practical research: Planning and design, global edition*. Harlow, UNITED KINGDOM: Pearson Education, Limited. http://ebookcentral.proquest.com/lib/pretoria-ebooks/detail.action?docID=6142159

Leedy, P. D., Ormrod, J. E., & Johnson, L. R. (2021). *Practical research: Planning and design* (Twelfth edition, Global ed.). Harlow, England: Pearson.

Leigh, S. R. (2012). The classroom is alive with the sound of thinking: The power of the exit slip. *International Journal of Teaching and Learning in Higher Education*, *24*(2), 189-196.

Leland, C., & Kasten, W. C. (2002). Literacy education for the 21st century: It's time to close the factory. *Reading and writing quarterly*, *18*(1). https://www.tandfonline.com/doi/abs/10.1080/105735602753386315

Lewin, T., & Mawoyo, M. (2014). Issues and interventions in South African universities. *Inyathelo: The South African Institute for Advancement*.

Lie, A. (2017). English and identity in multicultural contexts: Issues, challenges, and opportunities. *Teflin Journal*, *28*(1), 71.

Lombard, K., & Grosser, M. (2008). Critical thinking : Are the ideals of obe failing us or are we failing the ideals of OBE? *South African Journal of Education*, *28*(4), 561-579.

Longview Foundation. (2008). *Teacher preparation for the global age: The imperative for change*. https://longviewfdn.org/index.php/download_file/force/10/Mahmood, K. (2011). Conformity to quality characteristics of textbooks: The illusion of textbook evaluation in pakistan. *Journal of research and Reflections in Education*, *5*(2), 170-190.

Mahmood, K., Iqbal, M. Z., & Saeed, M. (2009). Textbook evaluation through quality indicators: The case of Pakistan. *Bulletin of Education and Research*, *31*(2), 1-27.

Maley, A., & Tomlinson, B. (2017). *Authenticity in materials development for language learning*. Newcastle-upon-Tyne: Cambridge Scholars Publisher. http://ebookcentral.proquest.com/lib/pretoria-ebooks/detail.action?docID=5123746

Manalo, E. (2019). *Deeper learning, dialogic learning, and critical thinking: Research-based strategies for the classroom.* London&New York: Taylor & Francis. https://books.google.co.za/books?id=exmvDwAAQBAJ

Maree, K. (2020). *First steps in research* (Third edition). Hatfield, Pretoria: Van Schaik Publishers.

Mariaye, H., & Samuel, M. (2018). Education hubs and private higher education expansion in small island developing states contexts: The case of Mauritius. *Transformation in Higher Education*, *3*.



© University of Pretoria

Marin, L. M., & Halpern, D. F. (2011). Pedagogy for developing critical thinking in adolescents: Explicit instruction produces greatest gains. *Thinking Skills and Creativity*, *6*(1), 1-13. https://doi.org/https://doi.org/10.1016/j.tsc.2010.08.002

McDonough, J., Shaw, C., & Masuhara, H. (2013). *Materials and methods in ELT: A teacher's guide* (Vol. 2): John Wiley & Sons.

McGrath, I. (2016). *Materials evaluation and design for language teaching* (Second edition). Edinburgh: Edinburgh University Press. https://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&scope=site&db=nlebk&db=nlabk&AN=2423878

Megahati, R., Yanti, F., & Susanti, D. (2018). Effectiveness of students worksheet based on mastery learning in genetics subject. Journal of Physics: Conference Series,

Menke, M. R., & Paesani, K. (2019). Analysing foreign language instructional materials through the lens of the multiliteracies framework. *Language, Culture and Curriculum*, *32*(1), 34-49. https://doi.org/10.1080/07908318.2018.1461898

Michael, T., Ndijuye, L. G., & Ephrem, A. K. (2021). Synoptic scrutiny of pedagogical practices for developing five minds for the future in Tanzanian non-formal secondary schools. *Annals of the University of Craiova, Series Psychology, Pedagogy*, *43*(1), 177-192.

Miller, C. H. (2020). *Digital storytelling : A creator's guide to interactive entertainment* (Fourth edition. ed.). Boca Raton, FL: CRC Press. https://doi.org/10.1201/9780429440045

Muhammad Affan, R., Opik Dwi, I., & Suhardi, S. (2019). An evaluation of English language textbook: Interlanguage English for senior high school students. *2*(1).

Nayak, J. K., & Singh, P. (2015). *Fundamentals of research methodology problems and prospects*. New Delhi: SSDN Publishers & Distributors.

Ndung'u, N., & Signé, L. (2020). *The fourth industrial revolution and digitization will transform Africa into a global powerhouse*. https://www.brookings.edu/articles/the-fourth-industrial-revolution-and-digitization-will-transform-africa-into-a-global-powerhouse/

NLG. (1996). A pedagogy of multiliteracies: Designing social futures. *Harvard educational review*, *66*(1), 60-92.

NLG. (2000). A pedagogy of multiliteracies: Designing social futures. In *Multiliteracies: Literacy learning and the design of social futures* (pp. 9-36): Routledge 11 New Fetter Lane, London EC4P 4EE.

Oates, T. (2014). Why textbooks count. *A policy paper*, *10*. https://www.cambridgeassessment.org.uk/Images/181744-why-textbooks-count-tim-oates.pdf

OECD. (2018a). Global competency for an inclusive world. In OECD (Ed.). https://www.oecd.org/education/Global-competency-for-an-inclusive-world.pdf

OECD. (2018b). Preparing our youth for an inclusive and sustainable world. https://eric.ed.gov/?id=ED581688

OECD. (2021). *21st-century readers*. https://doi.org/doi:https://doi.org/10.1787/a83d84cb-en

OECD, & Asia Society. (2018). Teaching for global competence in a rapidly changing world. http://www.oecd.org/education/teaching-for-global-competence-in-a-rapidly-changing-world-9789264289024-en.htm

Omar, N., Haris, S. S., Hassan, R., Arshad, H., Rahmat, M., Zainal, N. F. A., & Zulkifli, R. (2012). Automated analysis of exam questions according to Bloom's taxonomy. *Procedia - Social and Behavioral Sciences*, *59*, 297-303. https://doi.org/https://doi.org/10.1016/j.sbspro.2012.09.278

Ontario Ministry of Education. (2019). *The Ontario curriculum grades 1-8: Health and physical education*. Ontario: Ontario Ministry of Education Retrieved from https://www.edu.gov.on.ca/eng/curriculum/elementary/2019-health-physical-education-grades-1to8.pdf

Phillips, M. (2018). The importance of language learning for education. https://blog.studica.com/?s=The+importance+of+language

Pieterse, G., & Quilling, R. (2018). To see someone else's perspective : A case for digital stories in schools. *The Independent Journal of Teaching and Learning*, *23*(1).

Press Association. (2019). *BBM officially shuts down today: Blackberry says goodbye to its classic messenger 14 years after launch*. Daily Mail. Retrieved 2023 from https://www.dailymail.co.uk/sciencetech/article-7091573/BBM-messaging-app-closes-down.html

Putman, S. M., & Byker, E. J. (2020). Global citizenship 1-2-3: Learn, think, and act. *Kappa Delta Pi Record*, *56*(1), 16-21. https://doi.org/10.1080/00228958.2020.1696088



© University of Pretoria

QR Tiger. (2023). *Hoe om 'n gratis dinamiese qr-kode in 5 stappe te genereer*. Retrieved 26 Junie 2023 from https://www.qrcode-tiger.com/af/free-dynamic-qr-code

Reimers, F. M. (2009). Global competency: Educating the world. *Harvard International Review*, (Winter 2009), 22-26.

Richards, J. C. (2014). The ELT textbook. In *International perspectives on materials in ELT* (pp. 19-36): London: Palgrave Macmillan. https://doi.org/10.1057/9781137023315_2

Ritchie, J., & Lewis, J. (2003). *Qualitative research practice: A guide for social science students and and researchers* (J. Ritchie & L. J., Eds.). London: Sage.

Rowsell, J., Kosnik, C., & Beck, C. (2008). Fostering multiliteracies pedagogy through preservice teacher education. *Teaching Education*, *19*(2), 109-122. https://doi.org/DOI: 10.1080/10476210802040799

Satista Research Department. (2023). *South Africa: Instagram users 2023, by age group*. Satista Research department. https://www.statista.com/statistics/1028334/south-africa-instagram-user-age-distribution/#:~:text=As%20of%20May%202023%2C%20there,Instagram's%20audience%20in%20the%20country.

Shenton, A. K. (2004). Strategies for ensuring trustworthiness in qualitative research projects. *Education for Information*, *22*(2), 63-75.

Sklad, M., Friedman, J., Park, E., & Oomen, B. (2016). 'Going glocal': A qualitative and quantitative analysis of global citizenship education at a Dutch liberal arts and sciences college. *Higher Education*, *72*, 323-340.

Soland, J., Hamilton, S. L., & Stecher, B. M. (2013). *Measuring 21st century competencies guidance for educators*. https://www.researchgate.net/publication/267269458_Measuring_21st-century_competencies_Guidance_for_educators

Statista Research Department. (2023a). *Distribution of Facebook users in South Africa as of March 2023, by age group*. Statista. https://www.statista.com/statistics/1028389/facebook-user-share-in-south-africa-by-age/#:~:text=As%20of%20May%202023%2C%20there,between%2055%20and%2064%20years.

Statista Research Department. (2023b). *Distribution of Twitter users in South Africa 2021, by age*. https://www.statista.com/statistics/1341547/distribution-of-twitter-users-in-south-africa-by-age/#:~:text=Most%20social%20media%20users%20using,were%20between%2025%20and%2034.

Strauss, C., Vos, E., & Van Oort, R. (2019). Riglyne om selfgerigte lees van intermediêrefaseleerders te ontwikkel met die koerant as multimodale hulpmiddel. *LitNet Akademies*, 18(3).

Sumar, W. W. T., Sumar, W. T., & Lamatenggo, N. (2019). The strategy of teachers in developing curriculum for learning process in facing challenges in era of industrial revolution 4.0. 5th International Conference on Education and Technology (ICET 2019),

Swenson, J., Young, C. A., McGrail, E., Rozema, R., & Whitin, P. (2006). Extending the conversation: New technologies, new literacies, and English education. *English Education*, *38*(4), 353.

Tarman, B., & Kuran, B. (2015). Examination of the cognitive level of questions in social tudies textbooks and the views of teachers based on Bloom taxonomy examination of the cognitive level of questions in social studies textbooks and the views of teachers based on Bloom taxonomy. *Educational Sciences: Theory and practice*, *15*(1). https://doi.org/https://doi.org/10.12738/estp.2015.1.2625

Taylor, S. (2013). *What is discourse analysis?* London: Bloomsbury Academic. http://www.dawsonera.com/depp/reader/protected/external/AbstractView/S9781849669054

Thompson, G. (2019). *End of an era as 'Mama Taxi' takes its last ride*. https://www.iol.co.za/capeargus/news/end-of-an-era-as-mama-taxi-takes-its-last-ride-18504629

Tomlinson, B. (2008). *English language learning materials : A critical review*. London ;: Continuum.

Towndrow, P. A., Nelson, M. E., & Yusuf, W. F. B. M. (2013). Squaring literacy assessment with multimodal design: An analytic case for semiotic awareness. *Journal of Literacy Research*, *45*(4), 327-355. https://doi.org/10.1177/1086296X13504155

Trading Economics. (2023, 4 March 2023). *South Africa indicators*. Retrieved 4 March 2023 from https://tradingeconomics.com/south-africa/indicators

Travaly, Y., & Muvunyi, K. (2020). *The future is intelligent: Harnessing the potential of artificial intelligence in Africa*. https://www.brookings.edu/articles/the-future-is-intelligent-harnessing-the-potential-of-artificial-intelligence-in-africa/africa.



© University of Pretoria

Uleanya, C., & Gamede, B. T. (2018). Correlates of pedagogic malpractices. *The Independent Journal of Teaching and Learning*, *13*(2), 36-52.

Uleanya, C., & Ke, Y. (2019). Review of preparedness of rural African communities nexus formal education in the fourth industrial revolution. *South African Review of Sociology*, *50*(3), 91-103. https://doi.org/10.1080/21528586.2019.1639074

UNESCO. (2014). *Global citizenship education: Preparing learners for the challenges of the 21st century*. https://unesdoc.unesco.org/ark:/48223/pf0000227729

UNESCO. (2015). *Framework for action*. https://uis.unesco.org/sites/default/files/documents/education-2030-incheon-framework-for-action-implementation-of-sdg4-2016-en_2.pdf

Utami, A. R., Aminatun, D., & Fatriana, N. (2020). Student workbook use: Does it still matter to the effectiveness of students'learning? *Journal of English Language Teaching and Learning*, *1*(1), 7-12.

Van der Berg, C., & Engelbrecht, A. (2023). Die ontwikkeling van globale vaardighede in 'n Afrikaans Eerste Addisionele Taal-handboek vir graad 12-leerders. *LitNet Akademies*, *20*(1). https://doi.org/https://doi.org/10.56273/1995-5928/2022/j20n1d2

Van Oort, R. (2018). Kurrikulumontwerpbenaderings van Suid-Afrikaanse skoolkurrikula: 'n kritiese perspektief op die kurrikula vir Afrikaans (huistaal). *LitNet Akademies*, *1*(15). https://www.litnet.co.za/kurrikulumontwerpbenaderings-van-suid-afrikaanse-skoolkurrikula-n-kritiese-perspektief-op-die-kurrikula-vir-afrikaans-huistaal/

VanPatten, B., & Benati, A. G. (2010). *Key terms in second language acquisition*. London: Bloomsbury Publishing Plc. http://ebookcentral.proquest.com/lib/pretoria-ebooks/detail.action?docID=601512

Walters, S., Yang, J., & Roslander, P. (2014). *Key issues and policy considerations in promoting lifelong learning in selected African countries: Ethiopia, Kenya, Namibia, Rwanda and Tanzania*. Germany: UNESCO Institute for Lifelong Learning.

Warner, C., & Dupuy, B. (2018). Moving toward multiliteracies in foreign language teaching: Past and present perspectives … and beyond. *Foreign Language Annals*, *51*(1), 116-128. https://doi.org/10.1111/flan.12316

WEF. (2020). *The future of jobs report*. https://www3.weforum.org/docs/WEF_Future_of_Jobs_2020.pdf

WEF. (2023). The future of jobs report. https://www.weforum.org/reports/the-future-of-jobs-report-2023/

Williams-Guarandi, D. (2015). Intercultural understanding: What are we looking for and how do we assess what we find? In. Italy: University of Bath. https://www.bath.ac.uk/publications/department-of-education-working-papers/attachments/intercultural-understanding-what-are-we-looking-for.pdf

Winthrop, R., & McGivney, E. (2017). Can we leapfrog? The potential of education innovations to rapidly accelerate progress. Skills for a changing world. *Center for Universal Education at The Brookings Institution*.

Wojcik, T. G., Pieski, M. K., & Espinetti, G. (2021). Reimagining teaching with a global mindset and intercultural competence. *Delta Kappa Gamma Bulletin*, *Vol. 87*(5). https://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&profile=ehost&scope=site&authtype=crawler&jrnl=00118044&AN=151392857&h=0SDEIr%2FLyrnf6HptRLB4qz54WtSyqENM8wkFmt6P18BWEQoQaFn3BKMKKBJXSchTcPRoH%2F%2FDtKroeM83I2C7pg%3D%3D&crl=c

Yenawine, P. (2013). *Visual thinking strategies using art to deepen learning across school disciplines*. Cambridge: Harvard Education Press.

Yu, M. H. (2018). Exploring the orientation and use of textbook lingua-cultural resources to teach and learn English for lingua franca communication. *The Asia-Pacific Education Researcher*, *27*(4), 257-266. https://doi.org/10.1007/s40299-018-0381-6

Yu, Y., & Duchin, F. (2022). Building a curriculum to foster global competence and promote the public interest: Social entrepreneurship and digital skills for American community college students. *Community College Journal of Research and Practice*, 1-11. https://doi.org/10.1080/10668926.2022.2064374

Zembylas, M. (2023). The affective ideology of the OECD global competence framework: Implications for intercultural communication education. *Pedagogy, Culture & Society*, *31*(2), 305-323. https://doi.org/10.1080/14681366.2022.2164336

Zotos, Y. C., Grau, S. L., & Taylor, C. R. (2020). *Current research on gender issues in advertising* (First ed.): Routledge. https://doi.org/10.4324/9781351213745



© University of Pretoria